# DIE VERBAND TUSSEN BEKERING EN VERBOND - 'n ondersoek na 'n dispuut in die NEDERDUITS GEREFORMEERDE KERK

DEUR

Philippus A. Venter

voorgelê luidens die vereistes vir die graad

DOCTOR THEOLOGIAE

in die vak Sistematiese Teologie

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID AFRIKA

Promotor: Prof. A. König

November 1994

## Opsomming.

Daar heers tans 'n verwarring in baie mense se gemoedere, teoloë sowel as ander gelowiges, aangaande die heilsweg. Aan die een kant is daar diè mense wat glo dat jy jou moet bekeer om in die verlossing te kan deel (die bekeringsteologie). Aan die ander kant is daar diegene wat glo dat die mens klaar gered is, en enige poging, hetsy deur geloof of bekering, van mensekant is sinergisme (verbondsteologie).

In ons soeke na 'n oplossing het ons na die verbond as moontlike vertrekpunt gaan kyk, en gevind dat die verbond inderdaad 'n oplossing bied. Die verbond het verskeie prinsipiële eienskappe, en die kern daarvan is dat dit 'n Godgegewe instelling is met duidelike inhoude. Onder andere het die verbond 'n monopleuriese instelling, maar ook 'n dupleuriese werking. Hieruit volg dat die verbond op die verantwoordelikheid van die mens appeleer.

Die appèl van die verbond kom tot uiting in die oproep om die verlossingsdade van Christus aan te gryp. Vervolgens is gekyk na die manier waardeur 'n mens sy verantwoordelikheid nakom.

In sowel die Ou as Nuwe Testament is dit duidelik dat die mens wat nie in 'n verbondsverhouding met die Here leef nie, gevaar loop om uit die verbond gesny te word. Die enigste manier om verseker dat 'n mens in die verbondsbeloftes deel, is deur bekering. Die Bybel maak nie 'n duidelike onderskeid tussen eerste en voortgaande bekering binne die verbond nie.

God gee die bekering, maar vereis dit ook.

<u>THE RELATION BETWEEN COVENANT AND CONVERSION: A RESEARCH REGARDING A DISPUTE IN THE DUTCH REFORMED CHURCH.</u>

<u>Summary</u>

There is presently a great deal of confusion in the minds of people, theologians as well as lay members, regarding the way of salvation.

On the one hand there are those who believe that one must be converted before one can share in salvation. It may be called a theology of conversion. On the other hand there are those who believe that the people of the covenant are already saved, and all endevours to claim the salvation by faith or repentance, are forms of synergism.

In our attempt to find a solution, we have taken the covenant as poin of departure. The covenant has many qualities, but the central aspect is the fact that the covenant is a God-given entity and therefore has certain specific characteristics like a monopleuric origin (in God) but a dupleuric working (divine and human responsibility).

According to the Old Testament as well as the New Testament, it is clear that those covenant people who do not commit themselves to the God of the covenant, and accept its demands, are in danger of being cut off from the covenant. The only way to restore the covenant relationship is by repentance and conversion. Concerning the covenant the Bible does not make any clear difference between a radical initial conversion and an ongoing one.
God gives conversion, but also demands it.

<u>Key terms:</u>

Dispute regarding conversion; Covenant; Sinergism; Monopleuric; Dupleuric; Responsibility; Abrahamitic covenant; New covenant; Conversion; Annulment of covenant; Conversion and grace.

# INHOUDSOPGAWE


1 Ontleding van standpunte en agtergronde.....................1
1.1 Inleiding.....................................1
1.2 Verskillende interpretasie.........................6
1.3 Die aard van die verskille.........................10
1.4 Eksponente.....................................11
1.5 Standpunte van die bekeringsteologie en die verbondsteologie.....................13
1.5.1 Inleiding.....................13
1.5.2 God se werk.....................14
1.5.2.1 Die verbond.....................14
1.5.2.2 Christus se werk.....................20
1.5.2.3 Die Heilige Gees se werk.....................23
1.5.3 Die mens se verantwoordelikheid.....................26
1.5.3.1 Inleiding.....................26
1.5.3.2 Bekering.....................26
1.5.3.3 Geloof.....................34
1.5.3.4 Goeie werke.....................39
1.5.4 Die verhouding: God se werk en die mens se verantwoordelikheid.....................41
1.5.5 Samevatting.....................43
1.6 Agtergronde van die verbondsteologie.....................44
1.6.1 Inleiding.....................44
1.6.2 Calvyn.....................45
1.6.3 H. Kohlbrugge.....................59
1.6.4 O. Noordmans.....................68
1.6.5 P.F. Theron.....................75
1.7 Agtergronde van die bekeringsteologie.....................79
1.7.1 Andrew Murray.....................79
1.7.2 Die Metodisme.....................82
1.7.3 Die Piëtisme.....................85
1.7.4 Die Hollandse Reveil.....................89
2. Die Verbondsteologie.....................95
2.1 Inleiding.....................95
2.2 Objektiewe geloofsaanvaarding.....................95
2.3 Kostelose vryspraak.....................97
2.4 Polarisasie: Genade vs. bekering.....................99
2.5 Bekering as net bekering uit dankbaarheid.....................101
2.6 Bekering as aanleidende faktor tot oordoop.....................102
2.7 Enkele konsekwensies rondom die verbondsteologie....102
2.8 Samevatting: die verbondsteologie.....................103
3 Die Bekeringsteologie.....................105
3.1 Inleiding.....................105
3.2 Verlossing is persoonlik.....................105
3.3 Verlossing is metodies.....................106
3.4 Bekering is nie noodwendig aan die verbond gekoppel nie.....................107
3.5 Enkele konsekwensies rondom die bekeringsteologie...107
3.6 Samevatting: Die bekeringsteologie.....................108
4 Die Verbond.....................109
4.1 Inleiding.....................109
4.2 Dogma-historiese agtergrond.....................113
4.2.2 Die reformasie.....................113
4.2.3 Die Infra- en supralapsarisme.....................118
4.2.4 Die verbondsteologie van Barth en H. Berkhof.122
4.2.5 Die rol van die verbond in die N.G.Kerk......126

4.3 Aspekte van die verbond............................138
4.3.1 Inleiding....................................138
4.3.2 Die monopleuriese oorsprong van die verbond..139
4.3.3 Die dupleuriese karakter van die verbond.....142
4.3.4 Die Ou Verbond en die Nuwe Verbond...........155
4.3.5 Die Middelaar van die verbond................171
4.3.6 Die belofte en die appèl van die verbond.....175
4.3.7 Die oordeel van die verbond..................182
4.3.8 Die troos van die verbond....................185
4.3.9 Die teken van die verbond....................187
5 Die Verhouding: verbond en bekering......................198
5.1 Inleiding...........................................198
5.2 Verskillende bekeringsvorme.........................203
5.3 Bekering in die Ou Testament........................212
5.4 Bekering in die Nuwe Testament......................226
5.4.1 Inleiding....................................226
5.4.2 Vergelykende gedagtes oor bekering in die Ou Testament en in die Nuwe Testament...........227
5.4.3 Enkele gedeeltes wat handel oor bekering.....232
5.4.4 Samevatting:.................................240
5.4.5 Konklusie....................................251
Bibliografie................................................257

Opsomming.

Daar heers tans 'n verwarring in baie mense se gemoedere, teoloë sowel as ander gelowiges, aangaande die heilsweg. Aan die een kant is daar diè mense wat glo dat jy jou moet bekeer om in die verlossing te kan deel (die bekeringsteologie). Aan die ander kant is daar diegene wat glo dat die mens klaar gered is, en enige poging, hetsy deur geloof of bekering, van mensekant is sinergisme (verbondsteologie).

In ons soeke na 'n oplossing het ons na die verbond as moontlike vertrekpunt gaan kyk, en gevind dat die verbond inderdaad 'n oplossing bied. Die verbond het verskeie prinsipiële eienskappe, en die kern daarvan is dat dit 'n Godgegewe instelling is met duidelike inhoude. Onder andere het die verbond 'n monopleuriese instelling, maar ook 'n dupleuriese werking. Hieruit volg dat die verbond op die verantwoordelikheid van die mens appeleer.

Die appèl van die verbond kom tot uiting in die oproep om die verlossingsdade van Christus aan te gryp. Vervolgens is gekyk na die manier waardeur 'n mens sy verantwoordelikheid nakom.

In sowel die Ou as Nuwe Testament is dit duidelik dat die mens wat nie in 'n verbondsverhouding met die Here leef nie, gevaar loop om uit die verbond gesny te word. Die enigste manier om verseker dat 'n mens in die verbondsbeloftes deel, is deur bekering. Die Bybel maak nie 'n duidelike onderskeid tussen eerste en voortgaande bekering binne die verbond nie.

God gee die bekering, maar vereis dit ook.

Summary

There is presently a great deal of confusion in the minds of people, theologians as well as lay members, regarding the way of salvation.

On the one hand there are those who believe that one must be converted before one can share in salvation. It may be called a theology of conversion. On the other hand there are those who believe that the people of the covenant are already saved, and all endevours to claim the salvation by faith or repentance, are forms of synergism.

In our attempt to find a solution, we have taken the covenant as poin of departure. The covenant has many qualities, but the central aspect is the fact that the covenant is a God-given entity and therefore has certain specific characteristics like a monopleuric origin (in God) but a dupleuric working (divine and human responsibility).

According to the Old Testament as well as the New Testament, it is clear that those covenant people who do not commit themselves to the God of the covenant, and accept its demands, are in danger of being cut off from the covenant. The only way to restore the covenant relationship is by repentance and conversion. Concerning the covenant the Bible does not make any clear difference between a radical initial conversion and an ongoing one.

God gives conversion, but also demands it.

# 1 Ontleding van standpunte en agtergronde.

## 1.1 Inleiding.

Die verantwoordelike predikant of teoloog of selfs lidmaat van die
N.G. Kerk is al geruime tyd bewus dat daar wyd uiteenlopende opvattings is oor die mees basiese beginsels van die heilsweg. Dit is nie 'n nuwe verskynsel nie, dit was tog een van die groot oorsake van die Hervorming.

Etlike persone skryf in die Kerkbode vanaf Mei 1932 tot Februarie 1934 van 'n "kruipende Dopperisme in die N.G.Kerk". Gedurende dieselfde tydperk beleef ons egter ook kritiek teen die bekeringsteologie van mense soos Andrew Murray.

Sestig jaar later is hierdie stryd nog geensins uitgewoed nie, soos blyk uit 'n artikel in die Kerkbode van 12 Augustus 1994 onder die opskrif "God eis bekering van almal", deur Ds Mike Smuts, Sr.

Hierdie vraag na die regte verstaan van die heilsweg het ook reeds by sinodes sy verskyning gemaak, soos blyk uit die bespreking van die referaat gelewer deur Dr. P.W.Marais by die buitengewone sinode van Noord-Transvaal, September 1988, en die opdrag aan SKLAS (Sinodale Kommissie vir Leer en Aktuele Sake) sowel as die broederlike onderhoud by die sinode van Suid-

Transvaal, Oktober 1991. By lg. sinodesitting is daar as uitvloeisel van die onderhoud die volgende mosie aanvaar:

"Die sinode keur goed dat 'n SKLAS-studiestuk oor verbond, geloof en bekering vroeg in 1990 aan Ringe gestuur word vir behandeling deur predikante op ringsvlak. Na ontvangs van kommentaar, dien die studiestuk dan voor die sinode vir aanvaarding as beleidstuk en deursending na die Algemene Sinode " (Acta 1989 :A21.2,368).

Die Ring van Louis Trichardt ondervind dat die twee strominge dispuut voortbring. Daarom is die volgende aanbeveling aanvaar:

"Die Ring van Louis Trichardt versoek die sinode om 'n beskrywingspunt na AKLAS te stuur waar duidelikheid gevra word rakende die standpunt van die kerk oor die verantwoordelikheid van die mens in die verlossingsgebeure.

Die een standpunt word as volg saamgevat:

*Die verbond geld vandag nog.

*Die Abrahamsverbond is dus die geldende in die O.T. en die N.T.

*Die genade-aspek van die verbond negeer nie die mens se verantwoordelikheid nie.

*Die Here het sy aandeel vervul in Christus.

*Die mens moet sy aandeel aan die verbond vervul deur dit te aanvaar.

*Hierdie aanvaarding geskied deur geloof en bekering.

*Glo en bekeer is nie dieselfde nie.

*Wie hom dus nie bekeer nie, word nie gered nie.

*Hierdie standpunt word in die Kerk se amptelike leerstukke - Kategeseboeke gebruik; Vgl diagram op bl. 189 van Ken en Vertrou - Leerboek vir Katkisante in St 5.

Die tweede standpunt kan as volg saamgevat word:

*Die Skrif en die Belydenisskrifte van die Ned. Geref. Kerk maak 'n duidelike onderskeid tussen die Evangelie en die wet se werking.

*Deur die Evangelie ontvang en besit die lidmaat alle weldade wat daar in Christus is.

*Nie een van die weldade in die verbond kom die mens toe deur middel van die wet nie.

*Die wet is die riglyn vir hoe die goeie werke moet wees van die mens wat alle weldade deur die evangelie alleen ontvang het. (Gal.2: 15&16 Fil. 3:7-9)

*Die geloof en bekering is nie twee kante of aksente van dieselfde saak nie.

*Ten opsigte van deelkry aan die verlossing, is bekering sonder waarde. (Rom. 10:4 en Rom. 3:21 - 31).

*Die bekering soos die kerk dit leer in HK vraag 86 is sonder enige waarde in die aanneem van en die deelwees van die volle saligheid in Christus.

*Redding is alleen deur die Evangelie en die geloof in Christus.

*Bekering en gehoorsaamheid is alleen tot eer van God.

*Dit is 'n dwaling om aan bekering die waarde te gee dat dit ook nodig sou wees om 'n kind van God te word.

*Geloof in Christus is nie die een kant van die saak en

bekering die ander kant wat nodig is vir die saligheid nie. *Voorstanders van hierdie standpunt is van mening dat daar tans in die Ned. Ger. Kerk afgewyk word van hierdie standpunt en dat daar 'n dwaling in die evangeliese literatuur van Bybelkor en die Kategeseboek voorkom. Vgl. Diagram op bl 189 van Ken en Vertrou - Leerboek vir Katkisante in St 5 soos hierbo afgedruk" (Agenda van die Ring van Louis Trichardt 1992 :9,10).

Selfs in die V.S.A. kom hierdie probleem voor:

"Genoeg is genoeg. Dit het tyd geword om standpunt in te neem oor tradisionele Christelike moraliteit en te bevestig dat 'n besluit om die Here Jesus as persoonlike Verlosser aan te neem onontbeerlik is vir verlossing. Dit is die boodskap wat 'n groep prominente geestelikes van die United Methodist Church (VSA) aan hul leiers wil oordra getiteld: 'The Memphis Declaration' " (Kerkbode 10 Julie 1992 :3).

Die probleem word so vroeg as 1937 aangepreek:

"The doctrine of repentance is the missing note in many otherwise orthodox and fundamentally sound circles today" (Ironside 1937 :7).

Ook persone vanuit die Baptiste kerk in Amerika beskryf die probleem:

"I have not sought to label anyone or attack any individual in a personal way. A great many of the men with whom I disagree here are my friends. I have quoted a good deal

> from Zane Hodges' works. That is because he is the most vocal of the recent authors who have attacked the traditional salvation" (Mc. Arthur 1987 :XV).

Ons vind egter dat hierdie verskil in teologiese opvattings in sekere dele van die N.G.Kerk tans kritieke afmetings aanneem, omdat dit die dood van die kerk soos ons dit ken, kan beteken. In plaas daarvan dat die predikante en teoloë konsensus bereik oor die evangelieboodskap, word lidmate oor en weer verwar en die lidmaat, eerder as om kant te kies tussen uiterstes, wend hom tot ander (en in meeste gevalle charismatiese) (1) kerke. In ander gevalle word medeleraars gepolariseer en gemeentes word onderling verdeel, namate die lidmate hulle vereenselwig met die teologie van een van hul betrokke leraars.

Hierdie situasie het heeltemal onhoudbaar geword. Daarom moet die verskillende standpunte behoorlik aan die Bybel gemeet word. In hierdie studie sal ons na albei standpunte kyk en so objektief en krities as moontlik die waarheid soek.

Wat die benaming van die verskillende teologieë aangaan, is dit werklik moeilik om beskrywende name te vind. Na oorweging lyk dit die sinvolste om te praat van die <u>bekeringsteologie</u> en die <u>verbondsteologie.</u> Hierdie benaminge het nog gebreke. So is daar ook ander vorme van verbondsteologie (soos Eichrodt, Barth, H. Berkhof, König) wat nie geïdentifiseer kan word met wat in hierdie studie "verbondsteologie" genoem word nie. Eintlik moes "verbondsteologie" deurgaans in aanhalingstekens geskryf gewees

het. Selfs bekeringsteologie sluit nie die verbond uit, of omseil dit nie, dit steun juis daarop. Nogtans verwys die verbondsteologie op 'n heel besondere wyse na die verbond en veral na die verhouding tussen verbond en bekering. Die bekeringsteologie, aan die ander kant, maak grootliks van die woord "bekering" gebruik. Hierdie begrip is by uitstek beskrywend van hul teologie.

## 1.2 Verskillende interpretasie.

Dit is uiteraard so dat beide die strominge hulle sterk op die Bybel beroep. Dit is egter verby die stadium van een Bybelteks teen 'n ander. Geeneen van die sterkere eksponente van enige kant baseer hul teologie op enkele uitsprake nie. Die teendeel is eerder waar: albei teologiese rigtings het sterk Skrifgesteunde onderbou. Daarby maak beide sin. Tog is dit in sekere gevalle so uiteenlopend dat dit dikwels onversoenbaar lyk.

'n Baie duidelike voorbeeld van verskillende Skrifinterpretasie vind ons in die hantering van die bekende 11 Kor. 5:20 : "...Ons smeek julle namens Christus : Aanvaar die versoening met God wat Hy bewerk het". Die bekeringsteologie interpreteer die "aanvaar" as bekering. Die verbondsteologie interpreteer dit so dat God klaar die mens met Hom versoen het, en dat die mens net moet aanvaar dat dit so is, soos blyk uit die volgende aanhaling van Manie Malan:

> "Indikatief beteken om aan en uit te wys, to indicate, om te sê, mee te deel. Jy sê iets vir mense wat hulle nie sou

geweet het as jy dit nie gesê het nie. Imperatief beteken om aan te sê; jy doen 'n beroep op mense, gee hulle selfs 'n opdrag...

'Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens'- die indikatief, 'n mededeling. Jy kan nie iemand aan die bors gryp daaroor nie.

'Die oue is verby, die nuwe het gekom.' Dis 'n mededeling.

'Dit alles is die werk van God.' Jy sien, ek sê mos. As dit alles God se werk is, hoe kan jy nou op die mense daaroor skree?

'Hy het ons deur Christus met Homself versoen...' Indikatief! Heerlike mededeling. Die onus het op ons gerus, maar toe doen Hy dit.

Dieselfde geld die res van vers 18 en 19.

Maar nou kom ons by die imperatief in vers 20: '...dit is God wat deur ons 'n beroep op julle doen' 'n Beroep, dis imperatief. Maar wat is die beroep? ' Ons smeek julle namens Christus: Aanvaar die versoening met God wat Hy bewerk het!' Byna was die Nuwe Vertaling verkeerd. Die proefvertaling van 1979 het hierdie imperatief van passief na aktief verander. 'Versoen julle met God!' Gelukkig is dit gekeer. Want om te glo, dit is al wat ons kan doen, is

> om te ontvang. Die imperatief roep ons dus op om te glo dat God alles gedoen het" (SOW Sept. 1986 : 3).

Uit hierdie aanhalings kan ons sien dat die Bybel op verskillende maniere gebruik word, met verskillende gevolgtrekkings. Net soos met die Bybel, steun die bekeringsteologie net soos die verbondsteologie op die belydenisskrifte. Dit is ook net so waar dat beide rigtings die belydenisskrifte op hul eie manier interpreteer.

Volgens Malan steun die belydenisskrifte die eensydigheid van die verlossing:

> "God het geen daad, selfs nie die geloof of geloofsgehoorsaamheid as voorwaarde vir die saligheid gestel nie. Diè wat wel hierdie voorwaardes stel, vernietig die vryheid van God en die verdienste van Christus...
>
> Ek het gewys op die unieke aard van die Dortse (sic) Leerreëls wat nie in die eerste plaas probeer om 'n omvattende geloofsleer op te stel nie, maar wat een saak buite alle twyfel wil stel: Dat ons volstrek eensydig deur God gered word, sonder dat ons 'n strooitjie versit. Wat ons doen, is vrugte dra nadat God die dooie boom weer laat herlewe het. Die MAAR-struktuur is hier, in die Dortse (sic) Leerreëls, dus heel van balans af gestoot, maar hy is daar" (SOW Jan. 1987 :31).

Waar die verbondsteologie die redding van die mens volgens die belydenisskrifte uiters eensydig stel, is die bekeringsteologie van mening dat die belydenisskrifte die mens maan om hom te bekeer om gered te word:

> " Kragtens die uitverkiesing skenk God aan ons in die Tyd (sic) (Dort. 3 en 4 par 10) geloof (Hand 13:48) en bekering (Hand 5:31) sodat ons die verlossing wat daar in Christus Jesus is, en die ewige heerlikheid in ons eie tyd kan ontvang (2 Tim 2:10). So maak God die tyd aan die ewigheid diensbaar en openbaar Hy Hom as die Een wat vir ewig Koning is (1 Tim 1:17).
>
> So staan daar geskrywe: ' Hy sê: Op die regte tyd het Ek jou gebede verhoor, op die dag van redding het Ek jou gehelp. Kyk, nou is die regte tyd, nou is die dag van redding (2 Kor 6:2). Ons geregverdiging (sic) vind dus geheel in die tyd plaas op die oomblik wanneer ons deur die geloof geregverdig word (Rom 4:25 - 5:1); op dieselfde oomblik gaan ons onherroepelik oor uit die dood na die lewe (Joh 5:24). Op die oomblik wanneer ons Christus Jesus deur 'n opregte geloof as ons Saligmaker aanneem, gebeur dit. Op daardie selfde oomblik ontvang ons die reg om kinders van God te word (Joh 1:12; Dort 1.4)" (Marais 1988 :47). (Vgl. ook aanhaling van Marais onder paragraaf 1.5.2.2)

Dit is hieruit duidelik dat die belydenisskrifte verskillend deur die verskillende rigtings verklaar word.

## 1.3 Die aard van die verskille.

Die teologiese verskille tussen hierdie twee strominge kan ons in die volgende saamvat:

1 Wanneer word 'n mens gered?

2 Is 'n kind van God altyd kind van God?

3 Red die doop?

4 Het die mens 'n verantwoordelikheid?

'n Mens kan nog dieper op hierdie verskille ingaan:

1. Verskille t.o.v. die tyd:

-Wanneer word die mens weergebore?

-Wanneer vind regverdiging plaas?

-Wanneer het die mens geloofsekerheid, of: Wanneer behoort hy dit te hê?

2. Verskille t.o.v. kindskap:

-Kan 'n verbondskind verlore gaan?

-Op watter stadium is ek kind van God?

-Kan ek my status as verbondskind verloor?

3. Verskille t.o.v die doop:

-Is 'n verbondskind ook kind van God?

-Is die doop meer as 'n belofte?

-Wat van die saligheid van klein kindertjies wat sterf?

-Het 'n gedoopte kind ander voorregte as 'n ongedoopte?

-Kan 'n gedoopte kind verlore gaan?

-Moet 'n gedoopte mens tot bekering kom?

4. Verskille t.o.v. verantwoordelikheid.

-Sinergisme.

-Arminianisme.

-Semi-pelagianisme.

-Is daar 'n verskil tussen glo en geloof?

-Is daar 'n verskil tussen geloof en bekering?

-Is daar meer as een vorm van bekering?

-Wie se verantwoordelikheid is bekering?

-Wat behels bekering?

Om die probleem te bemoeilik, is daar nie volle eenstemmigheid onder die eksponente van die verbondsteologie en diè van die bekeringsteologie nie, en dus moet die probleem dikwels veralgemeen word.

Ons kry ook graadverskille in beide die groepe. Party voorstaanders van die een of die ander teologie is meer radikaal in hulle sieninge as ander.

Die probleem word nog ingewikkelder wat die beskikbare geskrifte van die verbondsteoloë betref want daar is werklik min bruikbare geskrifte. Aan die ander kant is die materiaal van die bekeringsteoloë so baie dat daar gesif moet word.

## 1.4 Eksponente.

Die bekenste eksponent van die verbondsteologie is dr. J.H. (Manie) Malan, terwyl die bekendste aan die bekeringsteologie

sekerlik dr. P.W.(Willie) Marais en Radio Kansel, Campus Crusade en die ACSV is.

Manie Malan het baie mense aan die dink gesit met sy boekie Die Trojaanse Perd. 'n Tydskrif met 'n kort leeftyd, Swart op Wit, waarvan hy redakteur en grootste bydraer was, sien ook die lig vanaf 1985 tot en met die afsterwe van Manie Malan in 1988. Hierin vind ons van die duidelikste uiteensettings van die verbondsteologie.

Willie Marais het meer boeke geskryf, maar ek oordeel dat sy aandeel aan die bekeringsteologie die beste verwoord word in die boeke Moet elkeen 'n datum hê, Hy wat siele win is wys, en die referaat gelewer by die spesiale sinodesitting van die Sinode van Noord Transvaal, September 1989, sowel as 'n bepaalde preek gelewer oor die uitverkiesing.

Die A.C.S.V (Afrikaanse Christen Studentevereniging), ook afgekort: CSV, steun baie op die werk van Andrew Murray, wat hulle in versamelde werke uitgee.

Campus Crusade for Christ (voortaan afgekort CCC) gee veral die boeke uit van William Bright. Aangesien hierdie beweging grootliks op Bright se teologie steun, sal dit as bron dien.

Radio Kansel het uiteraard minder geskrifte, maar speel sò 'n groot rol in die geestelike lewe van duisende mense, dat hulle ook as eksponent beskou moet word.

Radio Kansel het tog 'n definitiewe beleidskrif waarin die fasette van hul belydenis uitgespel word:

> "-Ons glo dat die mens van nature sondig is, en sonder die wedergeboorte en bekering God nie sal sien nie.
>
> -Ons glo dat God die wedergeboorte bewerk. Die middel waardeur ons dit wat God aan ons skenk, vir onsself toe-eien, is geloof in Jesus Christus as Saligmaker en Verlosser. Selfs die geloof is 'n gawe uit sy hand.
>
> -Ons glo dat God diè wat in Jesus Christus glo die ewige lewe skenk en dat diè wat nie glo nie die ewige verderf sal ingaan" (Amptelike brosjure van Radio Kansel, 1991 :3).

## 1.5 Standpunte van die bekeringsteologie en die verbondsteologie.

### 1.5.1 Inleiding.

In die volgende bladsye sal ons 'n kort uiteensetting gee van die standpunte van die bekeringsteologie en die verbondsteologie. Die duidelikste aspekte van die verskille oor bepaalde sentrale teologiese temas kom tot uiting in die hantering van die werk van God Drie-enig, en die verantwoordelikheid van die mens.

## 1.5.2 God se werk.

### 1.5.2.1 Die verbond.

Soos uit die benaming afgelei, speel die verbond 'n groot rol in die verbondsteologie. In hul siening van die verbond is die genade-aspek kardinaal. Dit bring mee dat God die verbond nie slegs inisieer nie, maar totaal en al daaraan gestalte gee en implimenteer sonder enige aandeel van mensekant.

> "En as die ou verbond 'n eensydige karakter gedra het, die verbond in die Nuwe Bedeling nog veel meer. Want Jesus het die skuld van mense gedra en betaal, eens en vir altyd, al die skuld, tot die dag van hul dood. Elkeen aan wie dit verkondig word, mag dit glo, ook van sy kindertjies. Hoe is dit dan moontlik dat daar 'n verbondsgedagte kon ontstaan - in ons kerk - wat 'n verbond wil handhaaf sonder genade? Hoe is dit moontlik dat mense, leraars, kan verkondig dat Jesus, 'n kind nie kan red voor hy nie met die sonde in sy hart afgereken het nie?" (SOW Julie 1987 : 7).

Die verbondsteologie veronderstel dat alle bondelinge, d.w.s gedooptes, ook geredde mense is. Kriel vergelyk die Gemeenteboureeks van die NG Kerk met soortgelyke literatuur van CCC, die Baptiste, die A.G.S, ea. Hy maak o.a. die volgende stellinge:

> "Wat van die Baptiste waar is, is net so waar van die Ned. Geref. kerk se literatuur soos voorgelê. Wie nie die

finale stap, naas bekering al die ander neem nie, d.i. om Jesus in te nooi en in te laat kom nie, is nie 'n kind van God nie. Indien dit wel so kan wees, verval die hele inhoud en bediening na sy doel en betekenis" (Amptelike Stuk van die NG Gemeente Levubu, 3, :27).

Die inhoud van die doel en betekenis van die bediening is opgeneem in die verbond:

"In die proefuitgawe (van die Gemeenteboureeks - P.A.V.) word enige moontlike verbondsinhoude dat die een wat Jesus moet innooi gedoop is, aangeneem is en 'n getroue lidmaat is, eenvoudig verswyg. Hierdie eis - as jy nie die uitnodiging gemaak het is jy nie waarlik 'n kind van die Here - word eenvoudig op almal van toepassing gemaak. Indien mens in ag neem dat die meeste van die 220 000 kinders wat die besluit geneem het reeds N.G.lidmate was, word die aggressie sigbaar: hulle het geen verbondsbelofte of inhoud gedeel voor hierdie inhoud nie. Om te sou beweer dat 'n mens aan God se verbond kan deel - sonder om aan die belofte (Jesus sal inkom) te deel, is sinlose en deursigtige retoriek" (Ibid :27).

Hy stel by implikasie die doop as die moment wanneer die gedoopte gered word:

"Verder, in die finale uitgawe van die A.J.K. word alles (nadat jy kind van God geword het; nadat Jesus sy belofte nagekom het a.g.v. - jou gehoorsaamheid (sic)) dit kortliks gestel: 'Immers God het reeds sy verbindtenis met u in die

doop verseël'. Dat hierdie sin die verbond sou handhaaf is van alle waarheid ontbloot. Al wat hierdie 'verbintenis met God' kan inhou is dat hy sal 'inkom' eendag as jy Hom 'uitnooi'. Dat Jesus reeds 'in die kind' by die doop is, is teen die hele inhoud van die Baptistiese verbondsleer soos hier gehuldig. Die verwysing na die doop hier is nie 'n erkenning, maar miskenning en ontsegging van die verbondsinhoud...Die Ned. Geref kerk deel die vyandigheid en venyn teen enige verbondsinhoude anders as 'Jesus beloof Hy sal inkom.' Voor die stap is jy nie kind van God nie en nie deel van sy verbond nie" (Ibid :27).

Die verbondsteologie maak 'n duidelike onderskeid tussen die ou en die nuwe verbond.

"Die ou verbond het 'n nuwe verbond geword - nie omdat die ou verbond nie goed was nie, maar omdat die mense dit onleesbaar met hulle voete vertrap het" (SOW Julie 1987 :7).

Hierdie onderskeiding is nodig, aangesien die nuwe verbond 'n eensydige karakter sou hê, meer as die ou verbond. As daar in die ou verbond nog sprake was van 'n oproep tot verbondsonderhouding deur mense, verval dit totaal in die nuwe:

"En as die verbond in die ou bedeling 'n eensydige karakter gedra het, die verbond in die nuwe bedeling nog veel meer. Hoe is dit dan moontlik dat daar 'n *verbonds*gedagte kon ontstaan - in ons kerk - wat 'n *verbond* wil handhaaf sonder die genade...Hoe is dit moontlik dat God met die doop swart

> op wit kan sertifiseer dat 'n kind sy kind is en dat 'n beduidende aantal leraars die stuipe kry as iemand sê: Ons leer nie die kinders in die kategese hoe om kinders van God te word nie, maar hoe dit gekom het dat hulle kinders van die Here is? Of glo die kerk nie meer sy belydenis en sy formuliere en verklarings daarin nie? Het die sinergisme die soveelste keer in die geskiedenis sy tol geëis onder die vroomste voorwendsels, soos altyd? En met 'n heilige verontwaardige onverdraagsame verwaandheid? Heilige onnoselheid, noem Noordmans hierdie verskynsel. Wat dreig om oor te gaan in 'n onheilige moedswilligheid" (SOW Julie 1987 :7).

Die verbond word as 'n antitese vir die bekeringsteologie beskou.

> "Gangbaar word as alternatief vir die arminiaanse metodisme die verbond as uitgangpunt geneem. Die werker het dan nie met ongereddenes te doen nie, maar met verbondskinders" (SOW Januarie 1987 :12).

By die <u>bekeringsteologie</u> vind ons dat die verbond nie altyd so sterk na vore kom nie. Dit is nie te sê dat die verbond verontagsaam word nie. Maar daar word meer klem gelê op die dialektiese karakter van die Bybel. Dit bepaal dat God beloftes gee, maar met voorwaardes, nl. dat Hy verlossing aanbied, maar dit moet aanvaar word.

Een van die grootste probleme wat die N.G. Kerk met CCC het, is

juis hul verbondsbeskouing:

"... dat, benewens die leervryheid (verdraagsaamheid) wat (by) Campus Crusade for Christ aangetref word, bepaalde aspekte van ons Kerk se leer in die grondslag van Campus Crusade for Christ ontbreek, byvoorbeeld die verbond- en doopbeskouing, uitverkiesing, pneumatologie en ekklesiologie" (Kerkorde N.Tvl 1991 :146).

Andrew Murray blyk nie 'n uitgewerkte verbondsleer te hê nie. As hy na die verbond verwys is dit positief, maar amper toevallig.

Die bekeringsteoloë is ook van mening dat daar mense is (verbondsteoloë) wat die verbond as verskoning gebruik om nie tot bekering te kom nie.

"Dit is nogal opvallend hoe dikwels die verbond as verskoning aangebied word wanneer iemand dink dat hy nie nodig het om tot bekering te kom nie..... Dit is dus logies dat iemand wat uit gelowige ouers gebore is, en van hierdie ryke verbondsinhoud bewus is, kan reken dat hy kragtens hierdie situasie reeds 'n kind van God is en dus nie nodig het om tot bekering te kom nie...Die verbond bied dus geen verskoning om nie tot bekering te kom nie" (Marais s.j. 2 : 128, 129).

Die bekeringsteologie vertrek dikwels uit die verbond om aan te toon dat 'n mens jou moet bekeer om gered te word.

"Wanneer Petrus die volk toeroep: 'Bekeer julle en kom tot

inkeer, sodat julle sondes uitgewis kan word' (Hand. 3:19), doen hy dit deur hulle daaraan te herinner dat hulle verbondskinders is: 'En julle is kinders van die profete en van die verbond wat God met ons vaders gesluit het toe Hy vir Abraham gesê het" 'En in jou saad sal al die geslagte van die aarde geseën word. God het, nadat Hy sy kind Jesus opgewek het, Hom eers vir julle gestuur om julle te seën deur elkeen van sy booshede te bekeer.' (Hand. 3:25,26) Met die verbond as vertrekpunt word hulle tot geloof en bekering opgeroep.

...Dit beteken dat ons verbondskinders is. Hierdie verbond is 'n geestelike verbond want dit is tevore deur God in Christus bekragtig. Dit is gesluit met Abraham en sy saad, dit is Christus (Gal. 3:16,17).

...Uit die Skrif is dit egter duidelik dat die verbondskinders, al is hulle dit vanaf hulle geboorte, nie noodwendig vanaf hulle geboorte die vrug van die verbond geniet nie. (Rom. 2:28,29) Al leef hulle steeds onder die belofte van die verbond (Rom. 3:1-4), kan die vervulling van die belofte eers jare later in hul lewe 'n werklikheid word.

...Dit is dus korrek dat die bondeling vanuit die verbond tot geloof en bekering opgeroep moet word, presies soos wat Petrus in Handelinge 3 met die ongelowige Jode gedoen het" (Marais s.j. 2 :130).

Die betekenis van die verbond vir die bekeringsteologie lê dus grotendeels in die appelerende aspek daarvan.

1.5.2.2 Christus se werk.

Vir die verbondsteologie is Christus se werk afgehandel en finaal. In Christus is die mens sonder enige aandeel van sy kant geregverdig. Hierdie finaliteit is geleë in die werk van Christus aan die kruis sodat dit nie nodig is om dit jou eie te maak nie:

> "Dit is nie 'n werk waarin God met ons saamwerk nie. Hierdie opvatting is die welomskrewe opvatting van die sinergisme - samewerking, koöperasie. God doen die heilswerk alleen. Ons 'werk' is om maar net dankie daarvoor te sê.
>
> Met geloofsekerheid.
>
> Dis eintlik baie eenvoudig.
> God sê: Ek het jou by jou naam geroep, jy is myne. Hy sê dit die helderste met die kruis - wat Hy met die doop en die nagmaal staaf. En die mens hoor en glo dit. En die oomblik as hy dit hoor, het hy sekerheid. Glo beteken om sekerheid te hê. Per definisie. Dit is weet dat wat God sê waar is. Dit is om wat God sê, vir waar te hou. Glo is om God te glo.
>
> Maar jy het nie sekerheid omdat jy glo nie. Glo en seker

wees is dieselfde ding. Jy het sekerheid omdat God sê. Geloof, glo, is om te sê dat God jou sekerheid gegee het. Jy het verlore gevoel, sonder hoop, en sonder God in die wêreld. En toe sê God: Ek het jou skuld op Golgota betaal" (SOW Julie 1987 :19).

Die stelling dat die mens met Christus *verenig* word, is ook 'n dwaling.

> "Die 'saam met Christus' en 'in Christus' dui op ons verbondenheid met Jesus na sy mensheid. Jesus is vandag nog mens en God. As mens, gewone mens, is Hy vandag in die Hemel by God en ons word met Hom vandag na sy mensheid (wat God met Hom as mens gedoen het en wat Hy as mens voor God is) verenig." (Amptelike stuk van N.G. Kerk Levubu, opgestel deur P.J.Kriel, 1 :6).

Die bepaalde rede dat hulle die oproep van Op. 3:20 anders interpreteer, kom vanuit hul christologie:

> "Jesus wat ten volle mens is na liggaam en siel kan tog nie die 'ek' van alle mense oorneem nie" (Amptelike stuk van die N.G Kerk Levubu, opgestel deur P.J. Kriel, 3 :62).

Die <u>bekeringsteologie</u> vind ook die heil van die mens in Christus. Christus het vir alle mense gesterf, maar dit is nie al die mense wat deel in die verlossing in Christus nie. Net die wat dit hul eie maak, die mense wat Christus aanneem. Hulle sien dit nie as sinergisme nie, aangesien Christus die verlossingswerk doen. Die mens moet bloot die verlossing aanvaar.

"Hier word gepraat van hulle wat Hom aangeneem het, maar ook van hulle wat Hom nie aangeneem het nie. Die een begrip veronderstel die ander. Dit is dus duidelik dat almal nie gered word nie, maar alleen hulle wat deur 'n opregte geloof in Christus ingelyf word en Hom met al sy weldade aanneem. Hy wat gered wil word, moet Christus Jesus as sy Verlosser aanneem" (Marais s.j, 2 :112).

" 'Onthou en bekeer jou' is 'n woord wat uit sy hart kom, en is die liefdestem wat elke afgedwaalde terugroep.

My leser, Jesus roep u. Ander het met u gespreek. Leraars, ouers, vriende het u gevra waarom u nie terugkeer nie. Maar dit het nie gehelp nie. Vandag roep Jesus u... Hy het 'n onversadigbare begeerte na liefde. Om my liefde het Hy Sy (sic) bloed gegee. Om my liefde te win roep Hy my vandag weer agterna" (Murray 1944 :19,20).

Bill Bright beskryf die aanneming van Christus so:

"During the next hour she lovingly proceeded to explain to me who Christ is and how I could know Him personally. 'Dr. Mears', I said, 'if Christ is that way, then how do I meet Him?' Dr. Mears responded, 'In Revelation 3:20, Christ says, 'Behold I stand at the door, and knock: if any man hear my voice, and open the door, I will come in to him, and will sup with him, and he with Me.' Receiving Christ is simply a matter of turning your life - your will, your emotions, your intellect - completely over to Him...I bowed

my head and prayed. I asked Christ to come into my life" (1970 :38).

1.5.2.3 Die Heilige Gees se werk.

Volgens die verbondsteologie is die werk van die Heilige Gees om die mens te wederbaar, hom te oortuig dat hy reeds gered is, hierdie geloof voortdurend te versterk, en hom so te lei dat hy dankbaar sal wees. Die mens kan ook nie na sy regverdiging verder vorder in heiligmaking nie. Dit het reeds ten volle met die mens gebeur.

> "Heiliging? Jy glo dat jy op Golgota geheilig is; geheilig en gereinig. Al sê jou gewete nog jy is onrein, die Heilige Gees (die Trooster, wat God se troetelwoordjies met jou praat) sê jy is heilig. Jou sonde wat skarlaken- en purperrooi was, is weg, en jy is nou rein en wit soos sneeu" (SOW 1985,2 :10).

Daar kan geen appèl tot heiligmaking wees nie. Dan sou die mens besig wees met heiligheidswerke.

> " 'Heiligmaking as appèl'. Dat 'n mens 'n appèl kan maak tot geloof en bekering - wat keersye van dieselfde saak is - kan ek verstaan maar ek verstaan moeilik hoe 'n mens 'n appèl tot die mens kan rig om die Heilige Gees hom heilig te laat maak. Ons word heilig gespreek. Waarskynlik bedoel prof. König die oproep tot dankbaarheidswerke, maar subjektiwiste is baie huiwerig om toe te gee dat dit doemwaardig is" (SOW Oktober 1987 :8).

> "Nog 'n kenmerk van die tipiese wêreldse godsdiens is dat volgens hulle die Evangelie ons nie kan verander en diensbaar maak aan God se wil nie. So 'n dwaling word verkondig deur die sogenaamde 'vervulling met die Gees'. Volgens die dwaling is daar Christene wat die Evangelie glo - maar aanhou om in sonde te leef (nog ou mense is) . Om uit die mag van sonde te breek is geloof in die Evangelie nie genoeg maar moet jy eers nog die 'krag van die Gees kry'. Die krag van die Gees bestaan daarin dat God self met sy Godheid die lewe en persoon van die mens vervang. Van so iets is daar in die Woord van die Here en die Evangelie geen sprake nie" (Amptelike stuk van N.G.Kerk Levubu, 1 :13).

Die bekeringsteologie sê dat die Gees met die mens werk van sy geboorte af om hom van sonde en verlorenheid te oortuig. Die Gees sal die geloof in hom wek en hom lei om sondebelydenis te doen. Hy sal die mens bring tot by die bekering en hom die weergeboorte skenk. Die Heilige Gees bekragtig dan die bekering.

> "Jy is nie in staat om die nuwe lewe in eie krag te bewandel nie. Jesus het dit vooraf geweet. Daarom belowe Hy, in Hand. 1:8, dat die Heilige Gees oor sy volgelinge sal kom en dat hulle dan krag sal ontvang om die nuwe lewe te lei. Ook in Lukas maan Jesus sy dissipels om eers te wag op die belofte van die Vader (die Heilige Gees) voordat hulle die evangelie begin verkondig. Wie Christus in sy lewe ontvang het, ontvang ook die Heilige Gees (Rom. 8:9)" (ACSV s.j. :6).

Die inwonende Gees sal die Christen lei in 'n dankbaarheids-lewe en hom help om te vorder op die pad van heiligmaking.

Die Gees gee aan elke Christen gawes en die Geesvervulde Christen dra die vrug van die Gees.

> "Die leiding van die Heilige Gees is nie iets wat deur alle mense verstaan word nie, en iets wat alleen deur die kinders van die koninkryk van God ondervind word. Die Bybel sê dat elkeen wat hom deur die Gees laat lei 'n kind van God is...Wie steeds deur die Gees vervul word en deur die geloof in die volheid van hierdie krag lewe, word deur die Gees in staat gestel om vir die koninkryk van God veel vrug te dra" (Marais :40,45).

Die Heilige Gees se werk word ook in twee dele verdeel:

> "Dit leer ons dat daar twee maniere is waarop die Heilige Gees in ons werk. Die eerste is deur die voorbereidingswerk, wanneer Hy ons tot bekering en geloof bring en ons aanspoor tot alles wat goed en heilig is. Die tweede is die hoër en meer gevorderde wyse waarop ons Hom ontvang, as 'n blywende gawe, as 'n inwonende Persoon van wie ons weet dat Hy ons hele innerlike bestaan vir sy rekening neem en met sy lewe vervul. Dit is die ware, volle Christelike lewe" (Murray 1895 :4).

'n Baie belangrike aspek van die werk van die Heilige Gees in die bekeringsteologie is die klem wat gelê word op die krag van die Gees om die Evangelie te verkondig aan ander en die oortuiging

van die Gees aan die hoorder:

> "From the very beginning of Campus Crusade for Christ, we have strongly emphasized the importance of the Holy Spirit - how to appropriate by faith His power for a holy life and fruitful witness" (Bright 1970 :32,33).

Die werk van die Heilige Gees word dus vanuit twee verskillende hoeke gesien. Die verbondsteologie lê klem op die geloofgewende werk van die Gees en die bekeringsteologie op die oortuiging tot geloof en heiligmaking.

1.5.3 Die mens se verantwoordelikheid.

1.5.3.1 Inleiding.

Net soos daar verskil in interpretasie is van die werk van die Here, so verskil die bekeringsteologie van die verbondsteologie oor die werk en die verantwoordelikheid van die mens. Die terreine waarop die twee van mekaar verskil kom tot uiting in die siening van bekering, geloof en goeie werke.

1.5.3.2 Bekering.

Die verbondsteologie ontken nie bekering nie. "Natuurlik glo ek in bekering. Die hele Bybel is vol van die bekering" (P.F.Theron in gesprek). Die probleem lê in die betekenis van die woord. Ons vind hier drie sieninge:

- By van die meer ekstreme verbondsteoloë word die bekering slegs beperk tot die *conversio continua*. Die verbondsmens is reeds gered, en daarom is hy nie verplig om hom te bekeer om te kan deel in die heil nie. Hy kan, omdat hy reeds verlos is, uit dankbaarheid hom voortdurend tot God wend. En dit is die enigste vorm van bekering. Die conversio actualis verval dus:

> "Dit bring ons by die regte plek van bekering en berou oor die sonde in die Kerk. As die straf deur Jesus weggeneem is en ons seker is deur die geloof wat Hy in die hof en teregstelling vir ons verdien het, kan ons nie anders as om Hom te dien en te dank nie. Dit doen ons dan deur te erken dat ons dade nie reg is en strafwaardig is, dat ons berou het oor ons dade, dat ons wegbreek van die sonde en die wil van God sal soek" (Amptelike stuk van N.G.Kerk Levubu, opgestel deur P.J.Kriel, 2 :6).

'n Bepaalde soort bekering word deur hierdie kerkraad as 'n "pinksterdwaling" beskryf:

> "In die loop van 1984 het die kerkraad beslissend opgetree teen die charismatiese- en pinksterdwaling wat op die hart van die gemeente wou beslag lê. Die beslissende ontmaskering van diè aanslag op die kerk was toe die tipiese pinksterbekering as weg tot saligheid as vals en 'n misleiding van die kerk in sy geloof in Jesus Christus uitgewys is" (Amtelike stuk van die N.G.Kerk Levubu, opgestel deur P.J.Kriel, 3 :2).

- *Geloof omvat bekering* . As ek dus glo, impliseer dit

bekering, maar ek hoef dit nie te doen nie:

"<u>'n Valse en sektariese alternatief.</u>

Die wêreld haat die vryheid wat die Evangelie aan die Kerk gee en wil die gelowiges hulle erfenisse ontneem en verslaaf aan afgode en wettiese godsdienstige reëls: Kol. 2:16-23. Hierdie gebooie van mense en leerstellings met 'n skyn van wysheid wil die wet en ander reëls dieselfde krag gee as die Evangelie.

Om deel te hê aan die weldade, die seëninge en die beloftes van die Evangelie word die volgende eise gestel:

1) Jy moet jou hart vir die Here gee.
2) Jy moet jou lewe aan God gee.
3) Jy moet God in jou lewe innooi.
4) Jy moet die beheer van jou lewe vir God gee.
5) Jy moet die beheer van jou lewe prysgee.
6) Jy moet berou hê oor jou sondes.
7) Jy moet jou sondes bely.
8) Jy moet breek met die sonde.
9) Jy moet kies om vir God te lewe.
10) Jy moet omkeer.
11) Jy moet jou bekeer van jou sondes.
12) Jy moet besluit om God lief te hê,

en nog honderde sulke geestelike wette" (Amptelike stuk van N.G.Kerk Levubu, opgestel deur P.J.Kriel, 1 :12).

- Die mens is *tweeduisend jaar gelede op Golgota bekeer.*

"Die doop red nie; die doop is die waarborg wat God gee dat Hy jou tweeduisend jaar gelede op Golgota gered het" (SOW Julie 1988 :12).

Die <u>bekeringsteologie</u>, daarenteen, stel die bekering as 'n vereiste. 'n Mens kan nie deel in die weldade van Christus voor jy jou bekeer het nie.
Bekering hou die volgende in:

- Daar is 'n eerste en voortgaande bekering (Murray 1944: 21) .
- Daar is twee modelle van eerste bekering : die Pauliniese en die Timoteus-tipe (Marais 1978 :43).
- Bekering (eerste sowel as voortgaande) beteken die afsterwe van die ou mens en die opstanding van die nuwe (Marais s.j. 21).
- Oor die algemeen hou bekering ook die volgende in: "Kragtens die uitverkiesing (Hand. 13:48) en kragtens die verbond (Luk. 19:9) en kragtens die weergeboorte (Joh. 1:11-13) skenk Hy aan ons die geloof (Joh. 6:29) en die bekering (Hand. 5:31) en word ons in die tyd kragtelik (sic) geroep en uit die mag van Satan (Hand 26:18) oorgebring in die ryk van Christus (Dort.3 en 4 par. 10,12). Dit gebeur wanneer ons deur 'n ware geloof in Christus ingelyf word en al sy weldade aanneem (Heid. Kat. 20,30,53,60,61,63,84). Deur die geloof maak Christus woning in ons hart (Ef.3:17; Joh.14:17,23).

Dit is egter nie ons geloof en ons bekering wat aan die

verbond sy inhoud skenk nie, maar God. As vrug van die verbond word die genadedaad van geloof (Joh. 6:29) en bekering (Hand. 5:31) geskenk. Dit is altyd omdat.....daarom. (vgl. Deut.27:9,10) So word 'deur die genade alleen' (Rom. 5:10) en 'deur die geloof alleen' (Ef. 2:8,9) beide gehandhaaf. Hierdie geloof is niks meer nie, as 'n leë hand wat ontvang wat hom aangebied word. Niks meer nie, niks minder nie.

Die verbond is eensydig van oorsprong, maar tweesydig na sy bestemming. Op die Goddelike toesegging: Jy is my kind (Rom. 9:4), moet die noodwendige antwoord volg: U is my Vader (Rom. 8:15). Die vrymag van God sluit die verantwoordelikheid van die mens nie uit nie...ook vir die dopeling moet daar 'n oomblik aanbreek waarop hy 'n besliste keuse doen. Dit is ons eerste prinsipiële bekering. Op hierdie eerste ware bekering, volg die voortgesette bekering wat ons heiligmaking noem.

...Maar hoe gebeur dit? Daar bestaan geen vaste resep nie. Gewoonlik werk dit so: Ons ontdek ons verlore toestand voor God (Joh. 3:6) en dat daar hoop (Luk. 19:10) en verlossing in Christus Jesus die Here is (I Joh.5:12).

Ons erken dat ons verlore is, bely ons sondes voor die Here, beroep ons op die genade van God en word onmiddelik verlos....Restitusie red ons nie...In restitusie lê ons die werke van ons vorige lewenswandel af...Dit is 'n aanneming

tot kinders in gebedsvorm (Rom. 8:15)...ons ontvang dus die reg om kinders van God te word as ons Hom deur die geloof aanneem...dit is nie net 'n instemming van die verstand nie, maar 'n definitiewe wilsbeslissing waardeur die Here aangeneem word" (Marais : s.j, 1 :6).

"Die kerk moet onwrikbaar aan onder andere die volgende vyf waarhede vashou:

1. Aan die soewereine genade van God (Heid Kat 60,61). Ons is deur die dood van sy Seun met God versoen toe ons nog vyande was (Rom 5:10).

2. Die ware geloof word in die mens voortgebring deur die hoor van die Woord van God en die werking van die Heilige Gees (Ned Gel Bel 24).

3. Die geloof self is nie 'n bykomende faktor wat die verlossing konstitueer nie. Die geloof self maak ons nie regverdig nie. Dit is slegs die middel waardeur ons Christus, ons Geregtigheid, omhels (Ned Gel Bel 22).

4. Slegs deur 'n ware geloof in Jesus Christus is ons voor God regverdig (Heid Kat 60).

5. Die eis tot geloof en bekering, waardeur ons geregverdig word, mag nie in die kerk verwaarloos word nie (Dort 2:5,8)" (Marais 1988 :46).

Bekering is 'n innerlike sowel as uiterlike verandering.

> "Die woorde wat in die Griekse taal gebruik word vir *bekering* beteken aan die een kant 'n totale innerlike ommekeer en aan die ander kant 'n totale uiterlike ommeswaai van ons lewe.
>
> Innerlike: nie meer geneig tot die sonde nie, maar 'n verlange na God en sy wil.
>
> Uiterlik: 'n nuwe lewe wat van die wêreld weggedraai het en na God en sy wil gekeer is.
>
> Ons kan sê dit is 'n terugdraai na God toe. Of anders kan ons dit tot jouself (ontdek van jou sonde) noem, 'n wegkeer van die sondige wêreld en 'n toekeer tot God" (ACSV s.j. :3,4).

CCC maak ook gebruik van "geestelike wette" in die bekering:

> "As the name suggests, there are four basic truths to the Four Spiritual Laws: (1) God *loves* you and has a wonderful *plan* for your life. (2) Man is *sinful* and *seperated* from God, thus he cannot know and experience God's love and plan for your life. (3) Jesus Christ is God's *only* provision for man's sin. Through Him you can know and experience God's love and plan for your life. (4) We must individually *receive* Jesus Christ as Saviour and Lord; then we can know and experience God's love and plan for our lives" (Bright 1970 :46).

Die ACSV verduidelik bekering aan die hand van dertien woorde:

" 'n Mens kan bekering beskryf met dertien woorde wat almal met 'n B begin, net soos die woord *bekering* self.

Die eerste vier woorde: die aflê van die ou lewe.
Bewus van jou sonde.
Berou oor jou sonde.
Bely jou sonde.
Begrawe die ou lewe.

Die tweede groep woorde: die opneem van die nuwe mens en lewe.
Bewoon deur Jesus.
Bereid vir 'n nuwe lewe.
Bekragtig deur die Heilige Gees.
Bestem vir die hemel.

Die derde groep: bekering is 'n besluit.
'n Bewuste besluit.
'n Berekende besluit.
'n Bepaalde besluit.
'n Besliste besluit.
'n Bedoelde besluit.
'n Besluit" (ACSV s.j. :4-7).

Uit hierdie 13 woorde is die bekering duidelik 'n handeling wat die mens verrig, d.w.s 'n wilsbesluit.

"Bekering gebeur nie vanself nie; dit is 'n definitiewe

wilsbesluit.

Daar is ongelukkig oppervlakkige bekerings en valse bekerings, maar elkeen wat hom eerlik en ernstig tot God bekeer, is en bly kind van God tot in ewigheid (Joh.10:28).

Bekering is dus 'n bewuste, berekende, bepaalde, besliste, bedoelde besluit" (Ibid :7,8).

1.5.3.3 Geloof

Die verbondsteologie sien geloof nie as 'n voorwaarde vir verlossing nie. Geloof is om te glo dat jy reeds verlos is. Waar geloof wel ter sprake kom, is dit 'n aanvaarding van die heilsfeite, en om dan daarop te vertrou. M.a.w. ek vertrou die inhoud van my geloof.

> "Dit is die plek van Geloof (sic) in die lewe van die Kerk (sic). Dit vertrou op die plan wat die Regter vir ons gemaak het" (Amptelike stuk van die N.G.Kerk Levubu, opgestel deur P.J.Kriel, 2 :6).

Manie Malan skryf:

> "Geloof? Dit is om die evangelie te glo. Die Evangelie (sic) dat Jesus alles vir my gedoen het (dat ek dit dus nie eers my eie moet maak nie), dat Hy my regverdig gemaak het, en dat Hy daarom die weg is" (SOW 1/4 1985 :10).

Die term: "om die evangelie te glo", is 'n term wat duidelik die

geloof as 'n objektiewe kennisaanvaarding van die feite van die evangelie aandui.

Ook die volgende aanhaling steun hierdie gevolgtrekking:

> "Die imperatief (van die oproep tot geloof) roep ons dus op om te glo dat God *alles* gedoen het" (SOW September 1986 :3).

Dit kom ook voor asof die geloof geen verlossingswaarde het nie:

> "God sê: Niemand sal julle uit My hand ruk nie, en ons mag dit glo" (SOW Januarie 1987 :7).

Hierdie standpunt word in die naasvolgende uitgawe van Swart op Wit weer gemaak:

> "Terwyl sommige teoloë en predikante hul lewe daaraan wy aan die moeilike taak om die kerk te bekeer...bly ek...sukkel met die regverdigmaking op die kruis wat ons mag glo. Niks meer as net glo nie, sola fide, en dan is die geloof ook nie 'n voorwaarde nie. Ons redding is absoluut onvoorwaardelik. Dit is die wonderlike evangelie wat ons verkondig om geglo te word" (SOW Julie 1987 :10).

Die appèl van die doop tot geloof word skynbaar ook nie as absoluut noodsaaklik gesien nie:

> "Ek het nie besware dat daar weer na die doop oor geloof gepraat word nie, maar dan moet dit die ware geloof wees wat lèèg is...maar dit is verkeerd om te dink en om aan kinders te leer dat ons hemel toe gaan omdat ons glo. Ons

glo dat God red, nie dat God ons sal red as ons glo nie" (SOW Mei 1987 :11).

"'n Mens glo dat God jou gered het. 'n Mens glo nie dat God jou sal red as jy glo nie" (SOW 1/4 1985 :16).

Kan ons anders as om uit hierdie aanhalings af te lei dat die geloof geen waarde het in die toe-eiening van die verbondsbeloftes nie?

As 'n mens geloof 'n vereiste maak is die resultaat volgens Theron:

"Jy kan nou nie meer direk jou sekerheid in Christus vind nie, want voordat jy kan aanvaar dat Christus jou Verlosser is, moet jy eers glo. Wat jy presies glo, is nie duidelik nie, want geloof beteken tog juis dat jy glo in Christus as jou Verlosser. Dat 'n foutiewe interpretasie van die uitverkiesing hierby 'n groot rol gespeel het, laat die tyd my ongelukkig nie toe om nader uit te spel nie. Die resultaat is egter dat baie van Arminius se teenstanders, net soos hy, in die praktyk, nie meer hul sekerheid vind in Christus nie, maar in hulle geloof" (1983 :53).

Waar geloof wel as 'n vereiste vir verlossing gestel word, word dit teenoor bekering gestel:

"Geloof word onder die tweede deel ingedeel - die evangelie. Bekering word onder die derde deel ingedeel - die wet.

Om bekering en geloof aan mekaar gelyk te stel beteken dat 'n mens die evangelie en die wet aan mekaar gelyk stel - en so die Evangelie vernietig as middel tot redding alleen" (Kriel 1991 :4).

Die <u>bekeringsteologie</u>, daarenteen, glo dat geloof nie alleen nodig is nie, maar dat dit nie net 'n objektiewe aanvaarding van die feite in die Bybel is nie.

> "Dan weer is daar diegene wat reken dat hulle gered is omdat hulle in die bestaan van God glo. Maar ook dit is nie voldoende nie, want ons lees byvoorbeeld in Jakobus 2:19: 'Jy glo dat God een is. Jy doen goed; die duiwels glo dit ook, en hulle sidder'. Uit Titus 1:16 blyk dit dat dit nie eers help om te bely dat jy God ken as jy Hom deur jou werke verloën nie" (Marais s.j, 2 :131).

Geloof is om die weldade van Christus jou eie te maak. Geloof moet ook uitloop op die bekering, anders is dit slegs verstandswete. Geloof is kennis en vertroue, waar die vertroue 'n kardinale deel van die geloof is. Geloof is dus 'n kennis wat oorgaan in 'n onvoorwaardelike vertroue, wat op sy beurt weer lei tot bekering.

> "Hier word gepraat van hulle wat Hom aangeneem het, maar ook van hulle wat Hom nie aangeneem het nie. Aan die wat Hom aangeneem het, word mag gegee om kinders van God te word; nie aan die ander nie. Die een begrip veronderstel die ander. Dit is dus duidelik dat nie almal gered word nie, maar alleen hulle wat deur 'n opregte geloof in Christus ingelyf word en Hom met al sy weldade aanneem

(Joh. 1:12). Hy wat gered wil word (vgl. Openb. 22:17), moet Jesus Christus as sy Verlosser aanneem" (Marais s.j, 2 :112).

Dit is saligmakende geloof.

"Baie glo vas dat hulle gered is, omdat hulle glo. Dit maak van geloof 'n werk in plaas van 'n gawe van God (Joh. 6:29). Om in die huwelik te glo, beteken nie noodwendig om getroud te wees nie. Selfs 'n eerlike mening is geen waarborg dat ons gelyk het nie. As 'n mens op 'n verkeerde trein reis, kan jy glo net so vas as wat jy wil, en jy sal nog steeds op 'n verkeerde plek uitkom" (Marais s.j, 2 :131).

"It offers false security to people who revel in the sins of the flesh and spurn the way of holiness. By seperating faith from faithfulness, it leaves the impression that intellectual assent is as valid as wholehearted obedience to the truth. Thus the good news of Christ has given way to the bad news of an insidious easy-believism that makes no moral demands on the lives of sinners. It is not the same message Jesus proclaimed" (Mc. Arthur 1987 :16).

Anderssen meen dat Andrew Murray ook hierdie standpunt huldig:

"Ons kry meermale by Murray die indruk dat die eenheid tussen Christus en die gelowige eers deur die geloof tot stand kom. As dit so is, is diè eenheid 'n ervaringseenheid, 'n subjektiewe ervaring wat plaasvind

wanneer ons Christus in die geloof aanneem" (1979 :164).

### 1.5.3.4 Goeie werke.

Hierdie is een van die aspekte waar die bekeringsteologie en die verbondsteologie grotendeels met mekaar ooreenstem. Albei aanvaar dat die mens goeie werke moet doen uit dankbaarheid dat hy gered is. Goeie werke kan hom nie red nie. Dit is die vrug van die Heilige Gees.

> "Mense is dikwels bang dat hulle oor hulle sonde met die hel gestraf sal word; oor hulle wan- en misdade. In werklikheid het die Here nie eens nodig om ons oor ons sonde te verdoem nie, Hy kan sommer ons 'goeie' werke daarvoor gebruik, ons bestes - aldus art. 24 van die N.G.B. Wie wil roem, moet maar eerder in die Here roem" (SOW Januarie 1987 :4).

> "Maar die Drie Formuliere praat tog ook oor goeie werke? Dit is waar, dit is hier waar die leser van ons belydenisskat die tendens en die struktuur moet raaksien...As alles genade is, en voor ons geboorte al afgehandel, dan kan ons maar onverskillig lewe? Die uitslag kan ons mos nie meer beinvloed nie? Daarom lê die Belydenisskrifte klem op goeie werke. Hulle verweer hulle teen die klag van antinomianisme (wetsveragting), maar daar volg altyd 'n MAAR op die verweer...Goeie werke doen ons, MAAR dit dra nie by tot ons redding nie, dis die gevolg daarvan, sê die Drie Formuliere van Enigheid. Dis

dankbaarheidswerke en dankbaarheid volg op 'n afgehandelde reddingsdaad" (SOW Januarie 1987 :25).

- Die bekeringsteologie sal sekerlik met die laaste twee sinne volmondig saamstem-:

"Ons word uit genade gered, (Rom. 3:22-24), nie uit goeie werke nie. (Gal.2:16)" (Marais s.j, 1 :4).

Die verbondsteologie maak 'n onversoenbare onderskeid (selfs skeiding) tussen wet en evangelie. Die wet is dit wat verbygegaan het, en daarom is alle aspekte rondom die wet slegs riglyne vir die Christen se lewe. Die evangelie bring verlossing, en dit behels dat die mens uit vrye genade gered is, sonder enige aandeel van sy kant. Hierdie vrye genade hou in dat die mens hom moet weerhou van enige sinergisme. Die rede daarvoor is dat bekering, net soos berou, liefde teenoor God en liefde teenoor die naaste, onder die wet val. Daarom is al hierdie dinge deel van goeie werke en nie van die evangelie nie. Hulle beroep hulle in die besonder op Skrifgedeeltes soos Rom. 8:1-5 (Kriel by Broederkring, Ring van Louis Trichardt 1992).

Waar geloof wel deur die verbondsteologie as imperatief verstaan word, gaan dit nie om redding nie, maar as deel van dankbaarheid:

"Hy dwing jou om te glo, en dan moet jy. Maar dat dit 'n voorwaarde is - dat jy moet glo en die vrug dra of anders...Dit is om die evangelie grondig mis te verstaan en met die wet te verwar" (SOW Januarie 1987 :4).

### 1.5.4 Die verhouding: God se werk en die mens se verantwoordelikheid.

Die verbondsteologie glo dat die mens geen verantwoordelikheid in die verlossingsgebeure het nie. Hy *word* gered.

> "Maar dit is nie 'n kwessie van aandele nie. Dit is nie 'n onderneming met 'n Besturende Direkteur en 'n menigte aandeelhouers nie. Dit is nie 'n werk waar ons met God saamwerk nie. Hierdie opvatting is die welomskrewe dwaling van die sinergisme - samewerking, koöperasie. God doen die heilswerk alleen. Ons 'werk' is om net dankie daarvoor te sê" (SOW Julie 1987 :19).

Malan maak 'n stelling wat lyk asof die redding aan sekere mense onvoorwaardelik gegee word:

> "Dat God in sy ewigheid 'n plan gemaak het om ons te red, word nie aan ons geopenbaar om ons te fassineer nie, maar om ons te troos. Hy het 'n plan gemaak - toe ons nog reddeloos en planloos van Hom af geval het hel toe. Hy sal ons red - nie omdat ons glo, of tot bekering gekom het of gaan kom of sy wette gaan gehoorsaam nie, maar omdat dit sy plan was, en omdat Hy toe sy woord en sy Woord daarvoor gegee het. Ons word gered omdat God nooit sy woord ontrou word nie" (SOW Maart 1987 :26).

Die verbondsteoloë veronderstel dat die verbondsmens in elk geval aan die kruis gered is en daarom is hierdie bondeling

vrygespreek. Alles wat bygevoeg word, is onskriftuurlik.

> "Wat ons belydenisskrifte betref, moet ons altyd onthou dat hulle geskryf is in en teen die wêreld van die Rooms-Katolieke en Wederdoperse idees van 'heilige werke'. Een van die belangrikste sleutels om die Reformatoriese belydenisskrifte te verstaan, is dat die reformatore gesê het ons redding is afgehandel, dit is op die kruis volbring, ons is gered toe ons nog sondaars was, God het die goddeloses regverdig verklaar" (SOW Januarie 1987 :25).

Verder word gesê:

> "Die wonder van die evangelie is dat daar aan 'n mens verkondig word dat die redding nie uit homself kom nie; dat hy buite homself gered is en dat hy dit *mag* glo. Dit is die diepste troos van die evangelie, en hoe dit, hierdie helder, eenvoudige siening mense kan verwar, gaan my verstand te bowe. Al wat ek kan dink is dat dit so eenvoudig is dat mense en ook hul leraars dink dis te goed om waar te wees en dan in die dubbelsinnigheid van die sinergisme gaan skuil, om dalk nie skuldig te wees aan die feit dat hulle vir iemand gesê het dat hy 'n kind van God is en dat hy hulle dalk kan glo, en dan is hy dalk nie, en dan het hulle hom mislei. Maar hierdie stuk vrees is uit die verwarring gebore waarmee Swart Op Wit niks te doen wil hê nie. Die Bybel sê dit is baie eenvoudig. Dit het God behaag om diè wat glo te red. Deur <u>wat</u> hulle glo, nie deur <u>dat</u> hulle glo nie" (SOW Julie 1986 :2).

Hieruit lyk dit asof geloof dus wel vir die verbondsteologie belangrik is, maar as 'n vertroosting, dat die mens gered *is*, en nou mag hy dit glo.

Die <u>bekeringsteologie</u> daarenteen, glo dat alhoewel die Here die verlossingswerk volbring het met die soenverdienste van Christus, die mens nog steeds op grond van hierdie indikatief opgeroep word (imperatief), nie om die werk van Christus aan te vul nie, maar om dit in ontvangs te neem. Anders word dit nie joune nie.

> "Hoe ontstellend is dit nie vir enige sielewenner om te besef hoe baie mense daar is wat glo dat hulle die bekering nie nodig het nie...Hierdie bekering is egter 'n wilshandeling van die mens. Daarom roep Petrus dieselfde mense op en sê: 'Kom dan tot inkeer en bekeer julle, sodat julle sondes uitgewis kan word' (Hand. 3:19). En aan hierdie opdrag mag niemand ongehoorsaam wees nie" (Marais s.j, 2 :125).

Die mens werk nie saam met God aan sy verlossing nie. Tog roep die verbond jou op om in verbondenheid met Christus te lewe.

<u>1.5.5 Samevatting.</u>

Samevattend kan ons die volgende verskille noem:
-Die verbondsteologie stel die verbond uiters eensydig. Die verbond is net monopleuries. God gee dit gestalte, onderhou dit en voer dit end-uit deur, sonder enige vereistes van mensekant.

Tog erken hulle dat die mens die verbond uit dankbaarheid moet nakom. Die bekeringsteologie, aan die ander kant, sien die mens se aandeel aan die verbond as imperatief vir sy redding.

-Die verbondsteologie sê Christus het op Golgota nie net sy werk volbring nie, maar die mens vir altyd gered, sonder dat die mens hierdie weldade eers moet toe-eien. Die bekeringsteologie glo dat hierdie weldade van Christus nutteloos is vir daardie mens wat dit nie sy eie maak deur geloof en bekering nie.

Volgens die verbondsteologie is die mens se verantwoordelikheid daarin geleë dat hy net moet aanvaar dat hy gered is, en geloof en bekering is werke wat voort vloei uit dankbaarheid. Die bekeringsteologie glo dat die mens deur geloof en bekering die weldade moet toe-eien. Dit is die mens se verantwoordelikheid in die heilsgebeure.

Ons vind dus twee ekstreme standpunte: die verbondsteologie stel die mens vry van enige verantwoordelikheid, terwyl die bekeringsteologie die mens mede-verantwoordelik maak.

## 1.6 Agtergronde van die verbondsteologie.

### 1.6.1 Inleiding.

Die verbondsteologie haal by voorkeur die werk van 'n paar teoloë aan. In hierdie aanhaling lyk dit op die oog af of hulle meen dat daardie teoloë hul standpunt onvoorwaardelik steun. In

die volgende paragrawe gaan ons poog om vas te stel in hoeverre die verbondsteologie hierdie persone reg interpreteer.

1.6.2 Calvyn.

Omdat Calvyn baie skerp was teen menslike roem, sou dit onvanpas wees om 'n kerk na hom te vernoem. 'n Mens kon egter die Nederduitse Gereformeerde Kerk net sowel die Calvynse Kerk noem - na analogie van bv. die Lutherse of Wesliaanse Kerke, as 'n mens sien hoe belangrik dit vir sommige is om hulle altyd juis op Calvyn te beroep. Die verbondsteoloë is by uitstek sulke teoloë.

Eerstens haal hulle Calvyn aan m.b.t. die bekering. Hiervolgens is die bekering suiwer God se werk.

> "Miskien sal sommige mense toegee dat die mens se bose hart en wil slegs deur God bekeer kan word, maar dit dan ook op so 'n manier opvat dat die mens daarna ook sy kant moet bring. Hulle sal sê dis wat Augustinus gesê het toe hy gesê het: die genade gaan aan elke werk vooraf - by wyse van spreke: die mens se wil kom nie voor as leier nie, maar loop agterna as die dienskneg...
>
> Maar uit die Bybel is twee dinge duidelik: Die Here korrigeer ons bose wil, ons begeertes wat net kwaad wil doen (selfs met ons vroomste bedoelings - M.M.), of liewer: Hy vernietig die slegte wil; en, tweedens vervang Hy dit met 'n goeie een wat Hy self skenk... Tot soverre Calvyn

(Inst. II,3,7) maar deur my geparafraseer, want Calvyn praat in woorde en begrippe wat vandag nie maklik verstaan word nie. Een ding is baie duidelik: Daar is by Calvyn geen sprake van 'n onbegrepe dubbelsinnigheid oor die mens en God se "aandeel" wat op die een of ander wyse gebalanseer moet word nie" (SOW Maart 1987 :1).

Die volgende aanhaling gaan oor werke.

"Wie anders sal so 'n geweldige stryd in homself voer as 'n man wat, herskep deur die Gees van God, die oorblyfsels van die vlees saam met hom dra? (Inst. 2.3.27). En Luther: Net 'n geestelike mens kan sê 'Ek ellendige mens...' Maar Arminius sê ' Die man oor wie die apostel handel in hierdie gedeelte, is 'n onwedergebore mens, nie onder die genade nie, maar onder die wet'. Die beste gedeelte van almal om die regverdigmaking te staaf, is 2 Kor. 5:18-20 waar die apostel sê die essensie van die evangelieboodskap is om ons, danksy Christus, in genade aan te neem, en ons sonde nie meer teen ons te hou nie. (Inst.3.11.4)" (SOW Maart 1988 :9).

Die eensydigheid van die toerekening van Christus se weldade word beklemtoon:

"Osiander lag vir diegene wat leer dat 'om geregverdig te word' 'n regsterm is; want ons moet regtig, eg regverdig, (dit is goeie mense) wees, aldus Osiander. Verder is daar niks wat hy mèèr verag as die opvatting dat ons geregverdig word deur die eensydige en onverdiende toerekening van

Christus se geregtigheid nie. Wel, as God ons nie in die gelyk stel deur ons vry te spreek en te verskoon nie, wat bedoel Paulus dan as hy sê: 'God het in Christus die wêreld met homself versoen, deur die mense hulle oortredinge nie meer toe te reken nie'? (2 Kor. 5:19) (Inst. 3,11,11)" (SOW Julie 1987 :10).

Uit hierdie en nog vele ander aanhalings is dit baie duidelik dat die verbondsteoloë hulle besonder op Calvyn beroep. Tog is dit 'n gevolg van 'n baie eensydige sienig van Calvyn deur die verbondsteologie. Uit bg. aanhalings kon dit voorkom asof Calvyn die volgende bedoel:

-Daar is geen sprake van die mens se verantwoordelikheid by die verkryging van die heil nie.
-Bekering is nie die mens se werk nie, maar God s'n.
-Bekering het geen waarde in die verlossingsgebeure nie.

Indien 'n mens die teologie van Calvyn sou beoordeel, moet 'n mens die agtergrond waaruit hy geskryf het, in gedagte hou. Hy het geskryf in die kinderdae van die hervorming en dit beteken dat hy nog hoofsaaklik 'n stryd voer teen die teologie van die Rooms-Katolieke Kerk. Ons vind egter ook in hierdie tyd dat ander, nuwe vorme van dwaling voorkom. Daarom val hy Pelagius en die wederdopers met dieselfde intensiteit aan as die Rooms-Katolieke Kerk. Hy moes dus sorg dat gewaak word teen die dwaling na beide kante toe: teen die werkheiligheid van die Rooms-Katolieke Kerk, sowel as teen Pelagius se siening dat die

mens nie absoluut verdorwe is nie, teen die wanopvattinge met betrekking tot die doop, en ook die "lewelose" geloof.

Dit is te verstane dat Calvyn teen die werkheiligheid kapsie maak. Nie alleen kom dit by Rome in die ergste vorm voor nie, maar op 'n verskuilde manier ook by Pelagius en Lombardus. Pelagius het geleer dat die mens nie absoluut verdorwe is nie. Dit volg daaruit dat hy die leer van die erfsonde verwerp het en volgehou het dat die mens in dieselfde posisie gebore word as Adam voor die sondeval, met dieselfde wil en keuse.

> "Dat daar in die praktyk van die algemene sondigheid van die mensdom gepraat word, moet nie aan die verdorwenheid van die menslike natuur toegeskryf word nie, maar aan die slegte invloed wat die geslagte op mekaar het. Indien iemand wil, kan hy hom egter daaruit losmaak en homself daarvan vry hou" (Jonker 1989 :23).

Calvyn het egter nie met Pelagius saamgestem nie, aangesien hy, net soos Augustinus (vir wie hy dikwels aanhaal), volgehou het dat die mens absoluut verdorwe is. Hy is uit sy eie tot niks goeds in staat nie.

Calvyn se siening van die weergeboorte sluit juis hierby aan. Omdat die mens tot niks goeds in staat is nie, moet hy weergebore word:

> "Christus zegt anders, namelijk, de mensch moet wedergeboren worden, omdat hy vleesch is. Hij leert niet een wedergeboorte naar het lichaam, maar naar de ziel. De

ziel nu is geheel gedompeld in den poel des doods en beroofd van alle geestelijk goed" (Wielenga 1934 : 2,III,1).

Slegs in die weergebore mens is enige goed:

> "It always follows, that nothing good can proceed from our will until it can be formed again, and that after it is formed again, in so far as it is good, it is of God, and not of us" (Calvyn Inst. 3, III, 10).

Iemand wat weergebore is, is nog nie vry van die stryd teen die sonde nie, want:

> "But it ought to be remembered, as I already observed, that the gift of justification is not separated from regeneration, although the two things are distinct" (Ibid : 3, XI, 2).

Ook in sy hoofstuk oor die regverdigmaking uit die geloof, leun hy swaar op die weergeboorte.

> "Maar de genade van de rechtvaardigmaking mag niet gescheiden worden van de wedergeboorte. Hoewel deze twee zaken onderscheiden moeten worden, mogen wij ze niet scheiden. De vernieuwing neemt haar voortgang in de uitverkorenen gedurende den ganschen loop van het leven, waarin de overblijfselen der zonde nog altijd aankleven, zoodat zij altijd aan Zijn rechterstoel onderworpen blijven" (Wielenga 1934 : 3, XI, 11).

Selfs in sy uitspraak oor die geloof maak Calvyn nie die geloof los van die weergeboorte nie.

> "And again, their not being regenerated proves their want of God" (Calvyn Inst. : 3, XIV, 7).

Calvyn maak die verlossing dus op die een of ander manier vas aan die weergeboorte. Dit is essensieel om te kan deel in die verlossing.

Aangesien die weergeboorte God se werk is, hoe verkry die mens die weergeboorte? Geloof is die middel waardeur die mens die weldade van Christus sy eie maak:

> "For we are said to be justified through faith, not in the sense, however, that we receive in us any righteousness, but because the righteousness of Christ is credited to us, entirely as if it were really ours, while our iniquity is not charged to us, so that one can truly call this righteousness simply the remission of sins"
> (Fuhrman 1949 :40).

Fuhrman interpreteer die geloof by Calvyn so:

> "One must not imagine that the Christian faith is a bare and mere knowledge of God or an understanding of the Scripture which flutters in the brain without touching the heart, as it is usually the case with things which are confirmed by the probable reason. But faith is a firm and solid confidence of the heart, by means of which we rest surely in the mercy of God which is promised us through the

Gospel" (Ibid :38).

Waar pas die verantwoordelikheid van die mens in? Weergeboorte en bekering gaan saam. In die tweede boek, hfst. III, paragraaf 1 gaan dit oor die weergeboorte. In paragraaf 5 oor die bekering:

> "When the will is enchained as the slave of sin, it cannot make a movement towards goodness, far less steadily pursue it. Every such movement is the first step in that conversion to God, which in Scripture is entirely ascribed to divine grace" (Calvyn : Inst. 2, III, 5).

> "It is easy to reply, that although David had already in some measure repented, he was here contrasting the sad fall which he had experienced with his former fate. Therefore, speaking in the person of a man alienated from God, he properly prays for the blessing which God bestows upon his elect in regeneration" (Ibid : 2, III, 9).

Die mens is op die een of ander wyse aktief betrokke by die weergeboorte:

> "For as truly as we participate in His death, our old man is crucified by His power and the body of sin dies, so that the corruption of our first nature ceases to operate. In proportion as we participate in His resurrection we are awakened by it to newness of life corresponding to the

righteousness of God. Hence I sum up the act of penitance by the one word: rebirth" (Niesel 1980 :127).

Battles meen dat die bekering dieselfde as weergeboorte is:

" Rebirth in Christ!

a. as our mortification is participation in Christ's death, so our vivification is participation in Christ's resurrection.

b. thus repentance is regeneration: the restoration of the disfigured image of God in us.

c. but the restoration of this image is a growing process throughout life" ( 1980 :178).

Bekering kan nie van geloof en weergeboorte geskei word nie:

"It is now easy from this to understand why repentance is always joined with the faith in Christ, and why the Lord affirms (John 3:3) that no one can enter the kingdom of heaven except he who has been regenerated. *For repentance means conversion, turning over to, whereby having left the perversity of this world, we return to and in the way of the Lord*" (Fuhrman 1949 :43).

Bekering is 'n natuurlike uitvloeisel van ware geloof. Bekering is die gevolg van geloof.

"1. Repentance as a consequence of faith.

a. since the sum of the gospel consists in repentance and forgiveness of sins, any discussion of faith that left out these effects thereof would be incomplete.

b. repentance is born of faith, all opponents to the contrary notwithstanding.

2. Repentance has its foundations in the gospel, which faith embraces" (Battles 1980 :176).

Die bekering by Calvyn het ook die inhoud van "boetvaar-digheid".

> "Deze onderscheiding is juist, maar toch moet het woord boetvaardigheid nog anders verstaan worden. De boetvaardigheid is de ware bekeering van ons leven tot God, voortkomend uit de oprechte vreeze Gods en zich openbarend in de dooding van ons vleesch en in de levendmaking des geestes... Ten eerste is de genoemde bekeering des levens niet een verandering in de werken, maar in de ziel zelf, want alleen wanneer de ziel het oude afgelegd heeft kan zij de vruchten der vernieuwing voortbrengen" (Ibid : 3, III, 5,6).

Uit hierdie aanhaling moet 'n mens noodwendig aflei dat die bekering nie 'n objektiewe feit is nie, maar dat die mens aktief daarby betrokke is deurdat hy berou oor sondes moet toon. Hierdie berou hou boetedoening in.

Volgens Fuhrman is die uiteinde van die bekering afhanklik van die mate van opregtheid daarvan:

> "The effect of repentance depends upon our regeneration, which has two aspects, that is to say: the mortification of our flesh, that is, a killing of our inborn corruption; and

> the spiritual vivification through which man's nature is restored to integrity. We must, therefore, meditate during all our life on the fact that, being dead unto sin and unto our former selves, we may live unto Christ and his righteousness" (1949 :43)

Die bekering is nie net eenmalig nie, dit is ook voortdurend, en nodig vir die res van die christen se lewe:

> "And since this regeneration is never accomplished as long as we are in the prison of this mortal body, it is necessary that the cure of repentance continues until we die" (Ibid :43).

> "At this point we must recall the eschatological character of Calvin's whole teaching about communion with Christ. Just as certainly as Jesus Christ alone will bring about the consummation, so certainly the change which He effects in our lives does not take place in a moment...It is rather that throughout our whole lives we must practice penitance. We must ever anew make the decision to turn away from ourselves to God" (Niesel 1980 :128).

Uit die <u>Institusie</u> is dit duidelik dat Calvyn wel deeglik met die weergeboorte, boetvaardigheid en bekering rekening hou. As dit egter gaan om menslike prestasie, het hy skerp kritiek daarteen. Calvyn verskil grotendeels van die verbondsteologie in sy aanvaarding van die verantwoordelikheid van die mens in die verlossingsgebeure. Hy verskil ook in die manier waarop hy die

bekering en weergeboorte in verband bring. Die ver-bondsteologie skei die bekering en weergeboorte. Aangesien die bekering vir hulle net voortgaande bekering uit dankbaar-heid is, omdat die mens reeds vroeër by die weergeboorte verlos is, het dit geen funksie in die verlossingsgebeure nie. Calvyn skei egter nie die bekering en weergeboorte nie. Hy sien voortdurend die verband tussen hierdie twee sake raak.

'n Ander geskrif van Calvyn (kommentaar op Esegiël) maak dit ook baie duidelik hoeveel waarde hy aan bekering heg. In sy kommentaar op die profeet Esegiël stel hy die saak onomwonde:

> "*Wanneer de goddeloze zich bekeert, hij zal gewisselijk leven*. Nu blijft er geen verontschuldiging over, als zulk eene noodiging ons niet beweegt. Maar God eisen ook hier waarachtig berouw" ( Lugtigheid 1973 :518).

Oor die verantwoordelikheid van die mens ten opsigte van die appèl van die doop sê Calvyn:

> "That which God instituted continues firm, and retains its nature, however men may vary; but since it is one thing to offer, and another to receive, there is nothing to prevent a symbol, consecrated by the word of the Lord, from being truly what it is said to be, and preserving its power, though it may at the same time confer to benefit on the wicked and ungodly. This question is well solved by Augustine in a few words: 'If you receive carnally, it ceases not to be spritual, but it is not spiritual to you'" (Beveridge 1962 :502 ;Inst 4, XIV, 16).

Hieruit lei ons af dat die doop sy gestalte en waarde behou, ten spyte van die mens, maar dat dit vir die mens wat dit bloot vleeslik aanvaar, geen geestelike waarde het nie. Hier vind ons dan sekerlik die uitvloeisel van sy siening van die mens se verantwoordelikheid in die verbond:

> "Ook Calvyn erken die mens se verantwoordelikheid binne die verbond en die handeling van die uitverkiesing in die Pneumatologie is 'n bewys daarvan dat dit nie sy bedoeling is om dit op 'n abstrakte wyse te hanteer nie" (Jonker 1989 :90).

Ook Niesel meen dat die doop slegs waarde het vir daardie mense wat die beloftes van die sakrament hul eie maak:

> "Here we come to the heart of the Calvinistic doctrine of the sacraments, and are faced by the question whether the sacraments really convey a gift to us or whether they merely exercise an effect upon our faith - as has mostly been supposed. Anyone who has the remotest idea of Calvin's teaching about our appropriation of salvation must know straight away how he answers this question: 'In proportion as by the ministry of the sacraments the true knowledge of Christ is implanted, strengthened, and increased in us, and in proportion as we attain perfect fellowship with Himself and enjoy the benefits of His gifts, so is their effects upon us'" (1980 :219).

Die doop is slegs geldig indien die mens die beloftes van die sakrament deur bekering aangryp:

"b. Reply: we indeed, being blind and unbelieving, for a long time did not grasp the promise that has been given us in baptism; yet that promise, since it was from God, ever remained fixed and trustworthy.

c. For this reason, when the Lord invites the Jewish people to repentance, he enjoins no second circumsision upon those who were circumcised by an impious and sacriligious hand " (Battles 1980 :364).

Ook die nagmaal is van geen betekenis vir hulle wat die Here Jesus nie in die geloof omhels en aanneem nie (Niesel 1980 :226)

'n Mens moet in die studie van die teologie van Calvyn waak om nie eensydig te kyk nie. Dit is wel waar dat hy die mens waarsku om nie verwaand te wees en te dink hy werk saam met die Here aan sy verlossing nie. Dit is ook waar dat die geloof by hom slegs leeg is om te ontvang wat die Gees bied. Aan die ander kant is die appèl tot geloof, bekering en boetedoening net so sterk aan die ander kant aanwesig.

Ek sou daarom huiwer om Calvyn sonder meer as eksponent van die verbondsteologie te beskryf. Hy word aangehaal asof hy 'n eensydige verbond- en uitverkiesingsleer huldig. Die teendeel is eerder waar: Calvyn maak heelwat van die mens se verantwoordelikheid wat tot uiting kom in geloof en bekering. Wat egter duidelik is, is dat hy waarsku teen enige menslike roem

of gewaande prestasie.

Kruger som die verhouding tussen die uitverkiesing en die bekering by Calvyn so op:

> "Voordat die verhouding tussen uitverkiesing en bekering gestel kan word, moet ons eers daarop wys dat die gevalle mens by Calvyn totaal onbekwaam is tot enige goed...Die menslike wil is net vry om die kwade te doen, maar heeltemal onmagtig om die goeie te doen wat kan bydra tot sy saligheid...die verdienste van Jesus Christus is, volgens Calvyn, absoluut eksklusief. Daar is drie oorsake van die mens se saligheid. Die eerste is die werkende oorsaak. Dit is die barmhartigheid en die onverdiende liefde wat voorkom uit die wil en welbehae van die hemelse Vader. Dan is daar die materiële oorsaak en dit is Christus en sy gehoorsaamheid tot die dood aan die kruis. Derdens is daar die formele instrumentele oorsaak 'waardoor wij verkregene zaligheid aangrijpen' en dit is die geloof. Aangesien ook die geloof 'n gawe van God is, bly daar niks meer oor vir die mens om op te roem nie...Indien God dan deur die Heilige Gees en Jesus Christus eksklusief alles tot saligheid werk, waarom stel die Skrif dit dan so asof dit die mens self is en waarom die dringende en soms dreigende oproepe tot bekering asof alles nou maar net van die mens afhang?...God het die mens herskep uit die gevalle stof en die Heilige Gees het die mens wederbaar. So het die mens hom dan bekeer. Die eerste stap tot bekering is die eerste lewenskreet van die wedergeborene en dit bly die

> wedergeborene se eie kreet met sy eie organe, alhoewel dit moontlik gemaak is deur God. En alle ander aktiwiteite vanaf daardie eerste bekeringskreet, om dit so te noem, is die bekeerde se eie bydrae tot die uiteindelike voltooiing van die saligheid. Tog is al hierdie eie nooit afgedag van die voortdurende werking van Gods Gees nie, aangesien God dit nie net moontlik gemaak het nie, maar ook voortdurend in stand hou" (1981 :100, 101).

Die vraag onstaan nou of 'n mens nie eerder vir Calvyn by die bekeringsteologie moet stel as eksponent nie. Ek sou ook huiwer om dit te doen, aangesien, soos reeds gemeld, hy te veel waarsku teen enige sinergistiese siening van die heil.

1.6.3 H. Kohlbrugge.

Die rede waarom Kohlbrugge behandel word, is die besondere wyse waarop hy deur sommige verbondsteoloë aangehaal word. Dit lyk asof hulle partymaal swaar op sy teologie steun.

Kohlbrugge se teologie sluit in essensie baie aspekte van die verbondsteologie in. Daarom word hy ook bestudeer en aangehaal deur die verbondsteologie. Hy word ook verdedig.

> "...en 'n moderator het 'n predikantskonferensie dieselfde week sò gewaarsku dat Kohlbrugge uit die graf opgestaan het dat verskeie ingeligtes sterk vermoed het hy praat oor Swart op Wit" (SOW 1/4 1985 :13).

"Ewe skielik is die naam Kohlbrugge in die nuus.

'n Heftige stryd het rondom die figuur van Kohlbrugge gewoed. Veral hy het sy lewe lank sy besorgdheid laat blyk dat een of ander vorm van werkheiligheid die gemeente van sy diepste troos beroof. Hy het fel geprotesteer teen allerlei moralistiese tendense van sy tyd en hy wou die mense weer teruglei na die evangeliese boodskap van die radikale regverdiging deur die geloof alleen.

Een van die beskuldigings wat teen Kohlbrugge ingebring is, was antinomianisme... Toe Kohlbrugge die kritiek hoor, was hy diep verontwaardig...Hy wys hoeseer juis die leerstuk van dankbaarheid by hom tot sy reg kom...Ook vir Kohlbrugge is die najaging van die heiligmaking die wil van God, maar hy onthou dat die heiligmaking as 'n aparte stuk na die regverdigmaking op 'n ander manier gestel kan word.

In hierdie proses teen wettiese heiliging het Kohlbrugge die veelbesproke woorde gebruik dat die wet 'n lyk is, wat ons begrawe het, soos dit hoort.

Heiliging is nie 'n proses nie, sekerlik nie 'n morele proses nie. Dit is die heilig-wees in Christus en die deel hê aan die geloof van die heil (verlossing).

Maar Kohlbrugge se teenstanders het nie altyd genoeg insig gehad vir die felle reaksie-moment in sy optrede nie, en

het nie genoegsaam gesien dat hy allereers wou waarsku teen wettiese werksheiliging nie...Hy wou die band tussen heiliging en regverdiging suiwer hou.

Kohlbrugge verdien ongetwyfeld 'n plek onder die klassieke teoloë in die kerk... Op hierdie punt het hy die onmiskenbare gesag, wat die onderwysing van die Heilige Gees uit die Skrifte aan hom verleen het, laat geld. In hierdie lyn, wat van Paulus na Augustinus en van hom na Calvyn loop, die leer van die vrye genade, staan Kohlbrugge soos 'n herout van Christus...

Kohlbrugge was die eerste Gereformeerde teoloog wat die futiele teenstelling tussen subjektiwisme en objektiwisme deursien en oorwin het" (SOW 1/4 1985 :13).

Uit die voorafgaande aanhalings sou 'n mens min fout met die teologie van Kohlbrugge vind. Dit is inderdaad so dat die reformasie hom verset het teen werkheiligheid. Dit is ook waar dat werkheiligheid die evangelie verskraal tot moralisme.
Ook met die opmerking dat heiliging nagestreef moet word as die wil van God, sou selfs die bekeringsteologie kon saamstem, asook die feit dat dit 'n aparte stuk is, los van die regverdiging.

Hoekom is Kohlbrugge dan hierdie "herout van Christus" vir die verbondsteologie? Is dit as gevolg van die duidelikheid van sy teologie? Is dit omdat hy enigsins nuwe gedagtes aangaande die verlossingsleer die lig laat sien het? Is dit omdat hy as

evangeliebedienaar uit sy moederkerk geskors is, en alhoewel hy reeds op twee en twintigjarige ouderdom sy teologiese studies voltooi het eers op drie en veertig in 'n gemeente bevestig is? Is hy 'n herout vir die verbondsteologie of 'n martelaar? Op hierdie vraag is sekerlik nie 'n eenvoudige antwoord te gee nie. Die feit is egter dat daar sekere aspekte van sy teologie is wat met ope arms deur die verbondsteologie aangegryp word. nl:

-Die regverdiging uit geloof alleen. In hierdie regverdiging uit die geloof alleen, word Kohlbrugge gesien as 'n man wat alle vorme van bekering as verlossingsmiddel aan die kaak gestel het.

-Die feit dat heiligmaking los van regverdiging is, word geïnterpreteer asof die heiligmaking bekering inhou en die regverdiging geloof alleen.

-Heiliging is nie 'n proses nie, die mens word heilig verklaar.

-Die onderskeid wat hy maak tussen wet en evangelie. Veral in sy behandeling van hoofstuk sewe van die Romeinebrief vind ons deurgaans hierdie radikale teenstelling van die regverdigmaking uit geloof alleen teenoor die wet en die werke (Kohlbrugge 1840 :34). Hierdie selfde beginsel vind ons by die verbondsteologie en in die besonder by Kriel (vgl. Amptelike stuk van NG Kerk Levubu 2).

In die geheel gesien lyk dit dus asof 'n mens Kolbrugge kon sien as 'n teoloog wat die regverdiging van die mens as 'n eensydige gawe van God beskou, sonder dat hy enigiets daaraan kan doen. Die heiliging is nie 'n proses nie, maar 'n verklaring. Hierin vind die mens dan troos.

Hy self sit die verlossingsgebeure so uiteen:

"*Waarmede* word wij verlost? Volgens het Nieuwe Testament: Christus doet het door zichself in onze plaats te stellen - dus ala Borg - met Zijn bloed, Zijn Ziel, Zijn leven, Zichself.

Volgens de Oude Testament: door Zijn arm, Zijn liefde, genade, goedertierenheid, door Zijn Naam.

*Hoe?* Door genoegdoening en verzoening. Als Middelaar; door Zijn leven als schuldoffer te stellen, in onze plaats; door voor ons te worden zonde en vloek. Dus: als Middelaar en als onze Hoogepriester.

*Beweegredenen;* Gods eeuwig raadsbesluit, de rijkdom Zijner goedertierenheid, Zijn genade, eeuwige liefde, vrije ontferming. De liefde Gods en de vrijwillige liefde van Christus tot ons en Zijn volkomen gehoorzaamheid aan de wil des Vaders.

*Aard der verlossing:* geheel en volkomen; eeuwig geldend en altijd durend.

*Voortzetting der verlossing*: geschied door Christus, als Leeraar en Profeet, als Herder en Koning, als Voorspraak.

*Toeëigening der verlossing:* Geschied doordat de verkorenen door het ware geloof in Christus worden ingeplant en zij door de Geest des geloofs al Zijn weldaden aannemen"

(Kohlbrugge s.j. :99).

Met bogenoemde aanhaling kan ek nie ernstig fout vind nie. Ons word inderdaad verlos deur Christus as Middelaar, omdat God liefdevol en genadig is. Hierdie verlossing word deur ons toegeeien d.m.v. ware geloof in Christus.(2) Tog is dit nie duidelik hoe die toe-eiening plaasvind nie. Dit kan nog steeds op 'n objektiewe kennisaanvaarding van die heilsfeite wees.

Jonker meen dat Kohlbrugge se uitverkiesingsleer hom daartoe verleen dat hy die objektiwisme sou steun:

> "Kohlbrugge het met oortuiging die gereformeerde leer van die uitverkiesing onderskryf, omdat sy oorgang vanuit die Lutherse na die gereformeerde belydenis onder meer daar-mee in verband gestaan het. Tog het dit nie beteken dat hy die uitverkiesingsleer van die gereformeerde ortodok-sie kritiekloos aanvaar het nie. Inteendeel, hy bring die belydenis van die uitverkiesing direk in verband met die belydenis van die regverdiging deur die geloof alleen. Daarmee keer hy terug na die posisie van die Reformasie voor die toespitsing wat in Calvyn se latere diskussies oor die uitverkiesing, maar veral by Beza en die ortodoksie ingetree het. Volgens hom lê ook Dordt in die verlengde van daardie verkeerde ontwikkeling. Daarom kritiseer hy Dordt daaroor dat dit nie die Remonstrante aangepak het op die punt waaroor dit werklik gegaan het nie (dit is die regverdiging deur geloof alleen), maar in werklikheid 'n uitverkiesingsleer ontwikkel het wat 'n fondament moes bied

vir die leer van die wedergeboorte en die heiliging waarin die hart van die subjektiwisme en die gereformeerde piëtisme geklop het" (Jonker 1989 :69, 70).

Kohlbrugge beskuldig dus Dordt daarvan dat hy 'n kruipende subjektivering van die geloof op dreef laat kom het, "wat die leer van die Reformasie in sy hart aangetas het" (Ibid :112).

Hierdie siening van Jonkere strook met dit wat ons uit die teologie van Kohlbrugge kry. Hy vermy die terme "subjektiwisme" en "objektiwisme" (soos tereg deur Malan aangetoon) maar verval steeds in 'n objektiwistiese siening van die heil en die geloof.

> "God intusschen verdoemt niet, gelijk wij menschen gewoon zijn onzen naaste te verdoemen; maar de hooge God ontfermt Zich, over wien Hij Zich ontfermt, en is genadig, wien Hij genadig is. Hij laat Zich niet weêrhouden door der menschen ongerechtigheid, door zonde, dan door het geweld Zijner liefde, door het bloed Jesu Christi" (Kohlbrugge 1896:3).

By geleentheid word Kohlbrugge deur mense in Boheme aangekla dat hy die nagmaal bedien aan onweergebore mense. Hy skryf in reaksie hierop 'n stuk getiteld "*De bekering tot God en het geloof in onzen Heere Jezus Christus*" (Aalders 1976 :257). Hierin val sy siening rondom bekering en weergeboorte uiteen.

-Eerstens gee hy toe dat die nagmaal slegs vir die weergebore mens is. Hy meen egter dat al die ander gawes van Christus ook

net vir die weergebore of gelowige mens is:

> "Maar nu willen wij toch eens vragen: Is dan niet al het andere ook alleen voor de wedergeborenen? Dan moet men immers antwoorden: Ja, zeker, niet alleen het Avondmaal, maar ook de Doop, ook de prediking, het Woord, is in de grond der zaak alleen voor de wedergeborenen" (Ibid :258).

Nou vra hy homself die vraag af: wanneer begin die weergeboorte? Hy meen van die geboorte van die kind af.

> "Maar nu een vraag: Wanneer begint dan de wedergeboorte? Dan zal misschien de wedergeborene mij antwoorden: Van de dag en het ogenblik af aan, waarop de troost van de vergeving der zonden voor de eerste keer in mijn hart binnenkwam, onmiddelijk van God, door Zijn Woord... Maar nu dit ène: Waar moeten wij dan met de jonge kinderen blijven?...Hier heb je een boom, en hier toon ik je een zaadkorrel -, is deze dan niet een boom? zal deze niet een boom worden? is de boom ook niet eerst een zaadkorreltje geweest? een klein plantje? Als ik lees, dat Johannes de Doper als nog niet geboren kindeke opsprong onder het moederlijk hart, toen de moeder van den Heere Jezus tot zijn moeder kwam (Luk 1:41), dan mag ik niet zeggen: Wat God aan Johannes gedaan heeft, dat is iets buitengewoons geweest, dat doen Hij aan andere kinderen niet" (Ibid :258, 259).

Hieruit sien ons dat, volgens Kohlbrugge, die verbondskind as baba alreeds weergebore is. *Die weergeboorte het dus niks met*

*bekering te doen nie. Hierdie twee sake staan los van mekaar.* Hierdie weergebore mens word egter a.g.v. die weergeboorte nie van die erfsonde onthef nie. Dit is nog blywend in hom. Die erfsonde bepaal dat die mens voortdurend sonde doen. Daarom moet hy hom bekeer. Hierdie bekering is egter niks anders as 'n voortdurende stryd teen die sonde nie. Hy interpreteer die H.K. vr. 86 - 89 in hierdie lig (Ibid :261, 262). Bekering is dus uit en uit voortgaande bekering. Ook hier vind ons 'n duidelike raakpunt met die verbondsteologie. Kriel meen ook dat omdat die H.K. in slegs die derde deel, d.w.s by dankbaarheid, van die bekering praat, dit 'n bewys is dat hier slegs sprake van die voortgaande stryd teen die sonde is (vgl. Amptelike stuk van die NG Kerk Levubu, 2).

In sy behandeling van Handelinge 3:19, meen hy dat die onbekeerde mens slegs 'n leemte ervaar en nie 'n verdoemenis nie. Sò 'n onbekeerde mens bly net kreupel, nie onverlos nie (Kohlbrugge 1896 :31,32). In Handelinge 9, oor die bekering van Paulus het hy 'n soortgelyke siening: Paulus se bekering is slegs 'n lig wat vir hom opgaan dat hy nie uit die werke van die wet geregverdig word nie, maar uit genade.

> "...en hij tot den Heere roept, en van den Heere ten antwoord krijgt: 'Mijne genade is u genoeg', dan zij hij evenals de Apostel Paulus met Zijne genade tevreden en zegge: 'Heere, zijt Gij mij genadig, zoo zijt Gij mij genadig! ik, de armste van allen, heb aan Uwe genade genoeg en wil daaraan genoeg hebben! Gij maakt mij zalig zonder mijn toedoen, gelijk Gij mij zonder mijn toedoen hebt doen

geboren worden! ik kan de genade niet vasthouden, maar Gij kunt genadig zijn, dat hebt Gij beloofd!" (Ibid :161).

Opsommend kan ons dus die volgende feite rakende die teologie van Kohlbrugge noem:

-Alhoewel hy die stryd tussen subjektiwisme en objektiwisme verdoem, verval hy in 'n duidelike objektiwistiese siening van die heil.

-Die verbondsmens word as baba reeds weergebore en het daarom deel aan die heil.

-Hy is egter nog nie verlos van hetsy die erfsonde of menslike sondige natuur nie, en daarom moet hy voortdurend stry teen die sonde.

-Hierdie stryd teen die sonde is die bekering.

-Bekering is dus nie nodig vir verlossing nie.

-Die najaging van die heiligmaking is juis hierdie stryd teen die sonde.

-God se genade negeer die mens se verantwoordelikheid t.o.v. verlossing.

Hierdie siening strook volkome met die verbondsteologie.

1.6.4 O. Noordmans.

Noordmans is ook een van die teoloë wat heelwat deur die verbondsteoloë aangehaal word. Daarom moet ons ook kortliks bepaal of hy met reg as eksponent van die verbondsteologie beskou kan word.

Noordmans is in sekere opsigte baie belangrik. Hy word selfs as die vernaamste Nederlandse teoloog van hierdie eeu gesien (Jonker 1989 :109).

Manie Malan maak geen geheim van die feit dat hy en vele ander die teologie van Noordmans hoog aanslaan nie:

> "Oepke Noordmans het al meer as een geheim vir my ontrafel...beste, lyk dit vir my, om die wonder van Noordmans met ander te deel, is om hom nie net te vertaal nie" (SOW Oktober 1987 :18).

> "Swart op Wit het blykbaar daarin geslaag om belangstelling te wek in die teologie van dr. O. Noordmans" (SOW Januarie 1988 :5).

> "Ek hoor enkele wyse geeste lag vir my, en vra die studente om dit ook te doen, omdat ek by Noordmans vasgesteek het. Sou dit beteken dat hulle al by hom verby is? Waarom sien 'n mens dit nie in hulle bronnelyste nie? Hulle is seker nou al by Andrew Murray" (SOW Maart 1987 :26).

Hy haal Noordmans breedvoerig aan:

> "Dit wil sê dat aan ons toegereken word wat ons danksy Christus is; dat dit nie deur weergeboorte 'n kwaliteit van ons lewe geword het nie, nie deur bekering 'n daad van ons nie, en nie deur askese (selfverloëning of selftug) of 'n Christelike lewe 'n verdienste van ons nie. Net so min deur liefde as 'n vorm van geloof. Die vorm van ons

geloof tel nie. Die Bybel vertel van rare gelowiges. Hulle het op elke moontlike manier so goed of sleg geglo as wat hulle kon. Hulle geloof het geen gedaante of heerlikheid gehad dat ons dit sou begeer nie. Hulle het geglo nie om te glo nie, maar omdat God gepraat het. En hulle geloof is 'n gesindheid om, kos wat dit wil, en hoe ook al, daaraan vas te bly hou. (Noordmans Herschepping, 160/1) " (SOW Maart 1987 :5).

Streng gesproke kan bogenoemde aanhaling waardevol wees. Wat in Christus geskenk is, word nie 'n kwaliteit van ons lewe nie. Die bekering maak dit ook nie ons daad nie. Dit is egter nie duidelik of bekering onnodig is nie.

"Die skepping mag dalk 'n formidabele deel uitmaak van 'n vierde handboek vir die Gereformeerde Dogmatiek. 'n Mens kan daar uitwei oor dinge en geeste, engele en mense en die hele natuur- en kultuurwetenskap ter sprake bring. Maar in die Kerk en die preek kan dit eenvoudig nie gebeur nie. As ons daar begin om in die gebed God aan te roep as Skepper van die Hemel en die aarde, dan wei ons nie uit oor alles wat God geskape het nie. Ons haas ons na die skuldbelydenis en in plaas van 'n natuurkundige en kulturele betoog, stuit ons op die sonde, terwyl daarna alles in die preek sò gerangskik word dat ons van die skepping na die verlossing, van Adam na Christus haas en gedryf word. Dit is die gang van sake in die Bybel, wat een groot preek is. En van die Heidelbergse Kategismus wat

'n troosboek is, van begin tot end. (Noordmans, in 'Een Theologie in Discussie'. 1970 saamgestel deur G. Puchinger bl. 40)" (SOW Maart 1987 :27).

Hy haal verder aan:

"Dit is 'n feit soos geen ander nie. 'Wij zijn door Jezus' geboorte aan de natuur onttogen, zoals het kindeke Mozes aan de krokodillen in de Nijl; en wij zijn aan de Geest en aan de historie overhandigd zoals Mozes dat werd aan zijn zuster Mirjam.

Wanneer de moderne mens niet zo star en strak te kijken stond als de ezel bij de kribbe, dan zou hij merken, dat juist hij in een storm des Geestes staat en dat Gods wonder het elementen zijns levens is.' (Noordmans VW, 240/1) " (SOW November 1986 :8).

Ook P.F. Theron het hoë agting vir hom:

"Om 'n greep te probeer kry op hierdie dorpsdominee wat nooit 'n teologiese leerstoel beklee het nie, maar deesdae deur sommige beskou word as die geniaalste reformatoriese teoloog van Nederland, is nogal 'n riskante onderneming" (1990 :568).

Wanneer 'n mens die teologie van Noordmans ondersoek, kom die volgende elemente na vore:

Noormans se teologie staan op twee pilare: die regverdiging uit

geloof alleen, en die predestinasie. Hierdie twee vorm vir hom 'n geheel van die verlossing. Hy gryp inderwaarheid terug na die "oer-motiewe" van die hervorming. Die predestinasie staan vir hom voorop:

> " Hy beklemtoon die beheersende plek wat die predestinasie in die Bybelse verkondiging inneem, en wys daarop dat dit nie maar net ter sprake kom in die klassieke plekke wat altyd weer daarvoor aangevoer word nie, maar dat dit veral ook aanwesig is in die Evangelies wat staan en 'vibreer' soos dit met name ook daaruit blyk uit die gelykenisse van Jesus" (Jonker 1989 :109).

Die predestinasie is die volle magsbeskikking van God wat nie afhanklik is van enige poging van mensekant nie.

> "Die heilsorde verstaan Noordmans as aspekte van die predestinerende werk van die Gees. In die werk van die Gees gaan God verkiesend teen die noodlot van die sonde en die dood in en haal sommige daaruit (Ibid :110).

Feitlik heel aan die begin maak hy heelwat van die term "belofte":

> "De waarheden van het Evangelie zijn beloften...Het is goed om de woord 'belofte' in gedachten te houden. Het woord 'waarheid' kan zoo streng klinken...In het woord 'belofte' zit alles in...God is een fontein van beloften...hij is de God der beloften " (Noordmans 1934 :13,14).

Hy sê nêrens of hierdie beloftes deur die mens toege-eien moet word nie.

Met die volgende aanhaling kan ons kwalik saamstem:

> "De 'rechtvaardiging door het geloof' is een uitdrukking van Paulus (Rom.5:1) en beteekent dat de zondige mensch een kind van God wordt, niet doordat hij dien titel eerst verdient door zijn gehoorzaamheid en hem dan krijgt, maar zòò, *dat hij eerst als kind wordt aangenomen en dan, omdat hij een kind Gods is, natuurlik ook iets van gehoorzaamheid leert*" (1934 :40).

Hieruit lei ons af dat Noordmans meen dat 'n mens word, sonder dat hy enige verantwoordelikheid daaraan het, kind van God. Omdat hy nou kind van God is, leer hy gehoorsaamheid.

Soos reeds genoem, speel die term "belofte" 'n baie groot rol in die teologie van Noordmans. Hierdie belofte kom weer voor in sy behandeling van die weergeboorte en bekering. Vir hom is die weergeboorte 'n eskatologiese begrip wat daarop dui dat dit 'n belofte is wat in die toekoms vergestalting sal vind:

> "Wedergeboorte is in de prediking een eschatologisch begrip. Als zoodanig echter wel een hoofdbegrip in de dogmatiek. Zij omvat de heele vernieuwing der wereld; het koninkrijk en de krag en de heerlijkheid. Deze cosmische beteekenis der wedergeboorte mogen wij niet uit het oog verliezen, als het over haar beteekenis voor het persoonlijk geloofsleven gaat" (1934 :162,3).

Uit hierdie siening van die weergeboorte spruit sy miskenning van bekering:

> "De bekeering komt niet uit de wedergeboorte voort als een

plant uit de kiem...Een eindeloos aansporen tot bekeering zal dan in de prediking ook weinig vruchtbaar zijn. Dat verschilt niet veel van moraalprediking. Het vermoeid menschen en drukt hen neer. Het maakt niet levend. Wel moet de Wet tegenover het Evangelie in de prediking een plaats houden" (1934 :166).

Noordmans se teologie val duidelik onder die verbondsteologie.

'n Groot element van Noordmans se denke word dan ook vergestalt in die denke van die verbondsteologie.

"Dat ons geregverdig word deur die geloof, beteken nie dat, anders as in die Triniteitsleer en die predestinasie, daar in die regverdigingsleer nou skielik ruimte is vir die mens op sigself nie. Wie so dink, weet nie wat geloof is nie. In die prediking moet juis duidelik word dat nie die wedergeborene of die bekeerde of selfs die gelowige nie, maar wel die sondaar geregverdig word. Jy vind rare gelowiges in die Bybel. Hul geloof het geen gedaante of heerlikheid nie. Hulle glo nie om te glo nie, maar alleen omdat God spreek. 'Geloof alleen' beteken eintlik slegs geloof en die 'slegs' kan ons nie dik genoeg onderstreep nie. Geloof is die grens (limiet) waar alle werke ophou. In verge-lyking met Franciskus van Assisie (sic) is Luther 'n bedelaar, want hy het nie eers armoede nie. 'Geloof alleen' beteken 'God alleen', die 'Heilige Gees alleen' " (N.G.T.T. 4 Desember 1990 :576).

Ons sal later sien hoedat hierdie denke sterk funksioneer by die verbondsteologie.

1.6.5 P.F. Theron.

Theron stel sy denke oor bekering en geloof aan die orde in die artikel: Verbond, geloofsekerheid en belydenisaflegging.
Hy oordeel self dat hy in hierdie artikel sy teologie saamvat.

> "Die N.T. gebruik verskillende woorde om die veelkleurige werk van die Heilige Gees in die lewe van die gelowiges te beskryf. Metodistiese en piëtistiese strominge het 'n besondere voorliefde vir die begrip 'bekering'...In die teologie van die Reformatore neem die regverdiging deur die geloof ongetwyfeld die sentrale posisie in. Dit is die waarheid waarmee die kerk staan of val. Met hierdie klem op die **sola fide** word natuurlik nie die noodsaaklikheid van die wedergeboorte en bekering ontken nie, maar alleen vanuit die **sola fide** kan bekering en wedergeboorte reg verstaan word...Bekeer en glo die evangelie is nie twee verkillende dinge wat die mens moet doen nie. Nee, jy bekeer jou juis deur die evangelie te glo.

Indien Theron hier sou bedoel dat ware geloof bekering inhou, sou ek kon saamstem. Indien hy egter (en dit is nie duidelik nie) bedoel dat geloof bekering negeer, kan ek nie saamstem nie.

Hy gaan voort:

> "Indien die eenheid van die bekering en die geloof nie

> raakgesien word nie, word bekering maklik nomisties verkeerd verstaan. Dit kan gebeur dat jy sekerheid soek in jou bekering i.p.v. die evangelie (blye boodskap) te glo. Sodoende verstaan jy egter bekering verkeerd. Wie sy sekerheid probeer bou op sy bekering moet juis tot bekering kom en die evangelie glo...Daarom... mag jy nou die evangelie glo. Wie die evangelie glo, spreek juis 'n doodsvonnis oor homself uit, en soek die heil buite homself in Christus. 'n Ander woord daarvoor is die 'wedergeboorte'.

Hiermee verstaan ons dat hy bekommerd is oor die valse vertroue wat in bekering gestel kan word en daarmee het hy gelyk. Tog lyk dit asof die uitspraak "daarom mag jy nou die evangelie glo" objektief gekleurd is. Indien hy bedoel dat die "glo" 'n vorm van passiewe bekering is, kan ek kwalik daarmee saamstem.

> "Let wel: Geloof is nie maar net 'n sekere kennis dat God welwillend is nie, maar spesifiek in sy welwillendheid jeens ons. Ook die H.K. onderstreep die **pro me** karakter van die geloof wanneer dit beskryf word as 'n vaste vertroue wat die Heilige Gees in my hart werk, naamlik dat God nie net aan ander nie, maar ook aan my uit louter genade, slegs op grond van die verdienste van Christus, vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid geskenk het. Die **pro me** behoort tot die wese van die evangelie. Jy moet nie eers tot bekering kom voordat jy kan glo dat God se genade ook vir jou genoeg is nie. Nee, jy kom juis tot bekering deur dit te glo."

Selfs die sg. *pro me* waaroor hy praat ontneem nie die "glo" van 'n objektiewe karakter nie. Dit gee ook nie die bekering inhoud nie, behalwe dat die "glo" dit vervat.

Oor die verbond skryf hy in dieselfde artikel:

> "Die sakramente as verbondseëls sou ons 'n wonderlike vastrapplek kon bied om uit hierdie dryfsand van eie innerlikheid te ontsnap en ons geloof te vestig op ons Verlosser. Ongelukkig is in reaksie op Rooms-Katolieke objektivisme groot dele van die Protestantisme so besmet met subjektivisme dat die sakramente dikwels maar bloedweinig funksioneer as hulpmiddels vir ons geloofsekerheid.
>
> 'n Ou kwessie is die vraag of die verbond as monopleuries of dupleuries verstaan moet word. Eersgenoemde beklem-toon die genadekarakter van die verbond; laasgenoemde onderstreep die noodsaaklikheid van die geloof. Verstaan jy egter die eenheid van die reformatoriese **sola gratia** en die **sola fide**, begryp jy terselfdetyd die eenheid van die monopleuriese en die dupleuriese gesigspunte...'n Tweede mistasting wat die besvestigende funksie van die sakramente bedreig, is die opvatting van voorwaardelike verbondsbeloftes. Hiervolgens kry die verbond 'n sterk juridiese karakter. Met die dupleuriese karakter van die verbond word nou alle erns gemaak, maar die eenheid van die monopleuriese en die dupleuriese perspektiewe, m.a.w. van die **sola gratia** en die **sola fide**, word nie meer gehandhaaf

nie.

Dit kom daarop neer dat hoewel jy nog mag volhou dat alleen die uitverkorenes waarlik tot geloof kom, jy in die praktyk 'n Arminiaanse geloofbeskouing handhaaf. Al sê jy ook dat geloof net maar die leë hand is wat jy uitsteek, maak dit jou nie minder arminiaans nie (4)." (N.G.T.T. Julie 1985 : 299-310).

Hierdie verbondsiening het inherent nie enige verskil van die gereformeerde siening nie. Wat die doop egter betref, kan beswaarlik waar wees. Die doop kan nie 'n onvoorwaardelike inhoud hê nie. Daarvoor is die inhoudelike appèl te sterk.

Theron kan ook uit hierdie aangehaalde stuk as 'n verbondsteoloog geïdentifiseer word. Tog kan 'n mens uit hierdie sowel as sy ander werke agterkom dat hy nie so radikaal soos byvoorbeeld O.Noordmans of J.H.Malan is in sy uitsprake nie:

"Geloof *is* iets wat jy moet doen. Die drenkeling in die see wat meegesleur word deur die stroom, moet ook iets doen. Wanneer die lewensredder by hom kom, is daar iets dringend wat hy moet doen. Maar dit is uiters belangrik om die aard te verstaan van hierdie daad wat die drenkeling moet doen. Wat moet hy doen? Hy moet *ophou* om iets te probeer doen - dit is wat hy moet doen. Hy moet ophou spartel en spook en die lewensredder vertrou" (1983 :30).

## 1.7 Agtergronde van die bekeringsteologie.

### 1.7.1 Andrew Murray.

Andrew Murray kan met reg 'n "kerkvader" van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in S.A. genoem word. Dit is onmoontlik om die invloed van Murray op die Suid Afrikaanse teologie enigsins na waarde te skat. 'n Mens kan geredelik sê dat die teologie in die N.G. Kerk deurspek is met sy denke. Tog is dit moeilik om te sê of dit die gevolg is van goeie teologie van sy kant af, en of dit nie eerder aan sy persoon gekoppel kan word nie. Anders gestel: is dit *wat* hy gesê het belangrik of die feit dat *hy* dit gesê het.

Murray het sy groot invloed te danke ook aan die feit dat hy in die kinderdae van die N.G. Kerk aan die Kaap sy bediening gehad het. Dit was 'n tyd van onrustigheid en woelinge. Die Groot Trek was nog vars in die geheue van die land. Daar was 'n skaarste aan predikante. Hierdie jong Skotse predikant sou soveel diep spore in die kerk trap, en in die harte van so baie mense, dat hy as 'n ware Godsman in meeste mense se denke vasgestaan het.

> "So was dit dan ook op aandrang van die 1849-deputasie, dat 'n jong leraar, wat pas sy teologiese studies voltooi het, hom in die Vrystaat gaan vestig het, waar hy baanbrekerswerk sou verrig in die uitbou van die kerk, nie alleen in die Oranje-Vrystaat nie, maar in heel Suid-Afrika. Hy was Andrew Murray... 'n Geweldige taak sou op

> Murray se skouers rus...En tog, dit alles ten spyt, het ds. Murray die reusetaak op sy skouers aanvaar en so die fondament help lê waarop die gebou van die Nederduitse Gereformeerde Kerk ook op Vrystaatse bodem sou verrys" (Van der Watt P.B. 1977 :44,45).

Hy het ook heelparty geskrifte die lig laat sien wat later in versamelings weer opgeteken is. Tog was hierdie geskrifte nie akademies-teologies nie. Dit was eerder pastorale geskrifte, gerig op die gewone kerkmens. Daarom is dit nie altyd moontlik om sy gedagtegang oor teologiese onderwerpe vas te vang nie.

Een feit, egter, is dat die bekering baie sterk in Murray se denke voorkom. Hy aanvaar geredelik dat die bekering die begin van enige Christen se vereniging met Christus is.

> "Daarom is daar vir 'n leraar geen gewigtiger vraag as hierdie: Wat kan gedoen word om die jongbekeerdes in die eerste liefde te bewaar of as hulle dit verlaat het, hulle weer daartoe terug te bring?...Onder die jong bekeerdes is daar baie by wie daar geen diepte van aarde is, wat in hulleself geen wortel het nie" (1946 :3).

Hy leer ook aan die jong Christen wat by sy bekering gebeur het:

> "Laat my u herinner aan wat by u bekering gebeur het. U weet nog goed, nie waar nie, watter moeite u eers gedoen het om 'n verandering in u te kry. U wou voel dat u beter was; u het na 'n lig in u hart verlang, maar alles het net so sondig en donker gebly. Dit is aan u gesê dat al u

> geprobeer en veg nie sou help nie; dat u u slegs in u sondigheid voor die Here moes neerwerp en op Hom vertrou; dit sou hulp bring. U het dit gedoen. U het op Hom vertrou. U het in Jesus geglo en u hart het rus en blydskap gevind" (1946 :20).

Dit is ook treffend dat die uitverkiesing vir hom nie 'n probleem was nie. Die bekering het nie teenoor die uitverkiesing gestaan nie.

> "As Hy ons nie uitverkies het nie, sou ons Hom nooit gekies het nie. Dat Hy ons gekies het, was omdat Hy ons uitverkies het en van ons besit geneem het. Uit die aard van die saak is dit die voorreg van die wynstok om sy eie loot te kies en te voorskyn te bring. Ons dank alles wat ons is aan die 'uitverkiesing van die genade'" (1946 :118).

'n Verdere aspek rondom die bekering is die vervulling met die Heilige Gees. Vir Murray gaan hierdie twee begrippe hand aan hand.

> "Was dit nie die werk van Paulus (sic) op die Pinksterdag toe hy die verslaenes van hart opgeroep het om hulle te bekeer en tot vergewing van sondes te laat doop, en aan hulle gesê het dat hulle daarna die Heilige Gees sou ontvang nie? Die evangeliedienaar moet nie net van tyd tot tyd nie, of dikwels, oor die Heilige Gees preek nie; sy hele strewe moet wees om die gemeente te leer dat daar geen ware godsdiens kan wees sonder die inwoning en die magtige

werking van die Heilige Gees nie" (1895 :5).

Uit bogenoemde aanhalings is dit duidelik dat Andrew Murray sekerlik die bekeringsteoloog by uitnemendheid genoem kan word.

Anderssen som die teologie van Murray so op:

"Met die oog op die feit dat die werk van Christus aan die kruis net die aanloop is tot sy lewende invloed vanuit die hemel, is dit vanselfsprekend dat Murray se hart nie in die regverdiging as juridiese daad van God geklop het nie. Ons het gesien dat hy nietemin by die behandeling van die kategismus aandag aan die onderwerp gegee het. Soos ons egter te wagte kon wees, het hy dit moeilik gevind om die reformatoriese forensiese tipe van regverdiging te handhaaf. Murray se probleem is altyd dat regverdiging so maklik en so dikwels voorgestel is asof dit bloot 'n regterlike uitspraak oor die sondaar is wat hom net so kan laat as wat hy was. As ons hom sien teen die agtergrond van sy tyd is dit verstaanbaar. Daarom het hy ongetwyfeld oorgeleun na die voorstelling van die regverdiging wat die gelowige se geloof self en sy aangryping van Christus altans gedeeltelik die grond van sy regverdiging gemaak het" (1979 :234).

### 1.7.2 Die Metodisme.

Die invloed van John Wesley op die teologie in Suid Afrika is in

sekere geledere baie sterk. Daarom is dit belangrik dat ons sy teologiese aanslag sal bekyk, ten einde te bepaal of dit wesenlike invloed op die bekeringsdenke van die N.G. Kerk het. Anders as Murray, wat in die 19e eeu sy stempel op S.A. plaas, is die denke van Wesley reeds gedurende sy kort leeftyd (1746 - 1787) die wêreld ingestuur. Dit bereik S.A. uiteraard baie vroeg in die geskiedenis van die N.G. Kerk.

Dit is belangrik om te let dat, net soos in die geval van Andrew Murray, die teologie van Wesley grotendeels in sy preke vervat is en nie in 'n uitgewerkte dogmatiese verhandeling nie.

Die eerste punt wat onder ons aandag kom is dat Wesley kapsie teen goeie werke as heilsmiddel maak:

> "Wherewithall then shall a sinful man atone for any the least of his sins? With his own works? No. Were they ever so many or holy, they are not his own, but God's. But indeed they are all unholy and sinful themselves, so that everyone of them needs a fresh atonement. Only corrupt fruit grows on a corrupt tree" (1984: 118).

Tweedens erken hy dat die mens uit genade gered word:

> "If then sinful man finds favour with God, it is 'grace upon grace'...Grace is the source, faith the condition of salvation" (1984 :118).

Die verlossing is uit geloof:

> "This then is the salvation which is through faith, even in

the present world: a salvation from sin and the consequences of sin, both often expressed in the word'justification, which, taken in the largest sense, implies a deliverance from guilt and punishment" (1984 :124).

Die verkryging van die velossing is deur bekering as uitvloeisel van geloof:

"And this is undoubtly true, that there is a repentance and a faith which are more especially necessary at the beginning: a repentance which is a conviction of our utter sinfulness and guiltiness and helplessness, and which precedes our receiving that kingdom of God which our Lord observes is within us, and a faith whereby we receive that kingdom, even 'righteousness, and peace, and joy in the Holy Ghost' " (1984 :335,6).

Wesley was sterk onder die invloed van die Arminianisme.

"Die bekendste voorbeeld is hier die *Metodisme*, waaraan veral die name van John Wesley, en George Whitefield verbonde is" (Jonker 1989 :34).

Jonker meen dat Wesley slegs die standpunte van Arminius vernuwe het:

"In werklikheid is daar in die standpunte van Wesley niks nuuts nie. Hy volg Arminius in sy beskuldiging dat die Calvinstiese uitverkiesingsleer deterministies is, en sy oortuiging aangaande die universele heilswil van God, sy

afwysing van die leer van die onweerstaanbaarheid van die genade, sy handhawing van die vrye wil, sy oortuiging dat die uitverkiesing op die vooruitgesiende geloof gebaseer is, sy afwysing van die leer van die volharding van die gelowiges, en sy ontkenning van die moontlikheid van heilsekerheid. Ook hy praat van die algemene genade of *prevenient grace* wat aan alle mense gegee word en hulle in staat stel om Christus deur die geloof aan te neem, wat by diegene wat uitverkies is, opgevolg word deur *convincing grace* en *saving grace*. Net soos Arminius, aanvaar ook Wesley dat God niks doen sonder die mens en buite sy wil om nie, en dat dit daarom ook Gods wil is dat die heil van die mens tot stand moet kom deur die samewerking van die mens met die genade van God" (Ibid :34).

Hierdie sieninge van Wesley is inderdaad sterk aanwesig in die een of ander vorm in die bekeringsteologie.

1.7.3 Die Piëtisme.

Die piëtisme het, moontlik meer as enige ander beweging, die bekeringsteologie sterk beïnvloed. Daarom is dit nodig dat ons ook hierdie stroming sal ondersoek.

Die piëtsme was 'n verskynsel wat in die tweede helfte van die sestiende eeu gemanifesteer het. Die piëtisme het nie net by die gereformeerde teologie nie, maar ook by die Lutherane, die wederdopers, die remonstrante en selfs die Rooms-Katolieke kerk

voorgekom (Op't Hof 1987 :23). By die gereformeerde piëtisme vind ons egter 'n besondere aard en karakter.

W.J. op 't Hof beskryf die piëtisme so:

"Het piëtisme was de stroming binnen het gereformeerde Protestantismen die, zich tegen algemeen verbreide wantoestanden en misvattingen kerend, met profetische bezieling zowel aandrong op de innerlike beleving van de gereformeerde leer en de persoonlike levensheiliging als - harmonisch hiermee verbonden - ijverde voor de radicale heiliging van alle levensgebieden" (1987 :24).

Die piëtiste het die gereformeerde kerke daarvan beskuldig dat die reformasie gròtendeels 'n uiterlike gevolg gehad het. Die innerlike ervaring met Jesus Christus en die daaropvolg-ende ware geloof is nie by die meeste gereformeerde lidmate te speur nie. Hulle het dus 'n felle kritiek teen die vormgods-diens van die kerke gehad. Hulle maak beswaar dat die gere-formeerde kerke net in naam van die Rooms Katolieke Kerk verskil. Die ironie van die saak is dat hulle soveel klem op bekering en boetedoening gelê het, dat hulle op hul beurt weer van die kant van die gereformeerdes van Roomse werkheiligheid en remonstrantisme beskuldig is.

Op 't Hof meen dat die kernbeginsels van hierdie beweging die beste verwoord word in die teologie van <u>Perkins</u>. Dit sou die volgende wees:

"Perkins onderscheid twee soorten bekering: de eerste en

de tweede, ook wel de lijdelijke en de dadelijke. De eerste of lijdelijke bekering is die waarmee een mens door God tot God wordt bekeerd. Deze wordt in de Bijbel 'wedergeboorte' genoemd. In de tweede of dadelijke bekering bekeert een mens zich op grond van de eerste bekering zelf. Dit is de boetvaardigheid, waarvan de goede werken de vruchten zijn. Bij de eerste bekering is alles genade; bij de tweede bekering is het een combinatie van genade en eigen wil, met dien verstanden dat de eigen wil hierbij niet anders is dan een instrument van de genade. Perkins maakt onderscheid tussen gewone en buitengewone boetvaardigheid. Van de laatstgenoemde is sprake na een grove zonde. De gewone boetvaardigheid behoort ieder christen elke dag in het werk te stellen. De beoefening van de boetvaardigheid behelst vier plichten: 1. zelfonderzoek aan de hand van de wet naar de zonden; 2. belijdenis van de zonden voor God; 3. gebed om vergeving der zonden; 4. gebed om genade en sterkte ten einde in nieuwheid van leven de wandelen. Perkins tolt zo zwaar aan de boetvaardigheid dat zij voor hem een criterium van het ware is" (1987 :342).

Die piëtisme maak ook 'n duidelike onderskeid tussen wet en evangelie. Die wet is die hamer wat die hart stukkend slaan en die evangelie dit wat as gevolg daarvan geglo word.(5)

'n Verdere element van die piëtisme is die innerlike belewing. Die naam-christendom kom onder die soeklig en word geroep om

selfondersoek. Is die geloof eg of nie? Die meeste sg. christene is volgens hulle net besig met selfbedrog. Hierdie innerlike belewing is die uitwerking van die Bybel. Die Woord bestaan uit die wet en die evangelie. Die eerste is die voorbereiding vir die tweede. Hierdie orde is belangrik, want hier is sprake van 'n heilsorde: die Heilige Gees werk vanuit die wet om die sonde aan die mens te openbaar - aan die hand van selfondersoek deur die tien gebooie - verslaenheid van hart, sodat wanhoop ontstaan. Dan kom die evangelie, waar die Heilige Gees die sondaar tot bekering roep.

Na die innerlike belewing kom die persoonlike lewensheiliging.

> "Het accent op de innerlike beleving en de hemelsgezindheid verhinderen niet dat een heilige levenswandel een tweede kenmerk van het echte geloof is. Nimmer aflatend klinkt de oproep tot bekering. Hier wordt aan toegevoegd dat deze geen uitstel kan lijden" (Op 't Hof 1987 :27).

Hierdie persoonlike heiliging kom tot verwerkliking in die onthouding van sekere middele en 'n voortdurende toekeer tot die goeie. Sabbatsonderhouding speel 'n uiters groot rol. Die middele waardeur dit makliker word, is die sakramente. Die piëtisme word in hierdie verband ook besonder gekenmerk deur maatskaplike sorg. Nadruk is veral op armsorg en liefdadigheid gelê.

'n Mens kan die invloed van die piëtisme vanuit Amerika ook nie verontagsaam nie. Lovelace oordeel dat die invloed wat die 18e eeuse piëtis, Cotton Mather op die bekeringsteoloë soos Charles Finney, D.L.Moody, Billy Sunday en Billy Graham gehad het, nie

onderskat moet word nie (1979 :73). Op hul beurt het hierdie predikers - en veral Graham in S.A. - hul invloed in die hedendaagse bekeringsteologie laat voel.

Mather se teologie word eerstens gekenmerk deur die indringende manier waarop hy telkens teruggekom het na die bekeringsgebeure:

> "This is why Cotton Mather, standing at the end of the Puritan movement, in its theocratic phase, returned to the theme of conversion with hypnotic regularity, making it the first and principal application of nearly all his sermons" (Ibid :74).

'n Tweede kenmerk is sy uiterse oproep tot "Reformed orthodox ascetism". Die derde kenmerk is, net soos by die Europeërs, die sosiale goeddoen. Armsorg, versorging van weeskinders en sabbatsheiliging is die hoogtepunte.

Ons vind dus dat die piëtisme 'n besondere uitwerking op die bekeringsteologie het. Veral die bekering, innerlike belewing daarvan en die heiligmakingsproses is kenmerke wat vandag nog sy merk gelaat het.

<u>1.7.4 Die Hollandse Reveil.</u>

Die N.G. Kerk neem reeds vroeg kennis van die Reveil, en in 'n groot mate ook van die eksponente daarvan. Dit is egter 'n ope vraag of dit 'n noemenswaardige invloed op die Suid-Afrikaanse teologie gehad het. Tog moet ons daarvan kennis neem, ook omdat die Reveil tot in die Kaapse sinode 'n draai gemaak het, al is

dit net by wyse van 'n brosjure oor die liberalisme.

"Van die vrysinnige beweging oorsee was die kerk hier te lande terdeë bewus en kerklike leidsmanne het sterk daarteen opgesien om langer die leraars van hulle kerk te laat oplei aan liberale oorsese fakulteite. Hierin is hulle gesterk deur onder meer 'n brosjure van die bekeerde Joodse christen, Isac de Costa: *Wat er door de Theologische Faculteit te Leyden al zoo Geleerd en Geleverd wordt,* wat in 1857 in Amsterdam verskyn en nog dieselfde jaar in die Kaapse sinode naklank gevind het" (Van der Watt P.B. 1980 :67).

Die Reveil se hoogbloei vind ons in die eerste helfte van die negentiende eeu. Hierdie beweging kom vanuit die Hollandse Hervormde Kerk en was in wese 'n poging om die teologie te suiwer van verskeie dwalings in die kerk. So vind ons heelwat beswaarskrifte, redeneringsgeskrifte en selfs klagskrifte wat oor en weer gestuur word. Name soos Prof. P. Hofstede de Groot, Koenen, De Clercq en Da Costa staan voorop.

Ons vind dat die kwessie van subjektivisme en objektivisme dikwels vooraan staan:

"Van de kant van het Reveil beschoude men de mystische factor in de Groninger theologie als bodemlose sujectivisme...Maar voor de Groningers was de objectieve waarheid geconsentreerd in de persoon van Christus als 'het eenige middel' om de mens met God te verenigen" (Van den Berg 1980 :32).

In hierdie stryd tussen veral die eksponente van die Reveil en die sg. "Groningen"-teologie vind ons egter een vasstaande ooreenkoms: beide rigtings heg groot waarde aan bekering en weergeboorte.

> "Tegen de achtergrond van dit alles konden de Groningers spreken over de noodzaak van de wedergeboorte en de eis tot bekering - elementen waaraan ook in de kring van het Reveil zo groot waarde werd gehecht" (Ibid :33).

Dit blyk, volgens Van den Berg, dat die Reveil vanuit die sg. "biedermeier" ontstaan het. Hierdie biedermeier was 'n slapte in die tydsgees in Nederland gedurende die eerste jare van die negentiende eeu. Hierdie oorgerustheid en selfvoldaanheid het gepaard gegaan met menslike roem en het in die kerk ingekruip. Die Reveil was 'n beweging wat hierdie neiging wou teengaan. Die gevolg was dat die eksponente van die Reveil 'n amper mistieke belewenis van die eenheid met Christus voorgestaan het. 'n Christen moes die godsdiens innerlik belewe. (Ibid :54).

Die Reveil het ook 'n sterk sosiale inslag gehad. Hierdie neiging het as die "eties-ireniese" bekend gestaan. So was die Reveil-beweging 'n groot voorstaander en pleitbesorger vir die afskaffing van slawerny.

Of hierdie teologie van die Reveil 'n ernstige invloed in die denke van die N.G. Kerk in S.A. gehad het, is 'n ope vraag. Wat wel moontlik is, is dat die besondere klem op die sang (Ibid :106) 'n inwerking op die kerklied in S.A. gehad het. Vanuit die

Reveil kom die Evangeliese Gesange, waarteen die Gereformeerde Kerk vasgeskop het (Van der Watt P.B. 1977: 78).

Eindnotas:

1. Ek sou eerder die term "charismatistiese" wou gebruik in hierdie konteks. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk beskou homself ook as 'n "charismatiese" kerk. Trouens, elke kerk behoort 'n charismatiese kerk te wees. Die charismata is immers die gawes wat die Here deur sy Gees aan die kerk gee om hom op te bou. Die term "charismatisties" sou dan verwys na daardie kerke wat die charismata oorbeklemtoon.

2. Wat Kohlbrugge presies as 'n "ware geloof" beskou is nie baie duidelik nie. Of hierdie geloof moet uitloop op bekering is baie moeilik om te sê. Hy begin met die behandeling van vraag en antwoord 1, en gaan dan redelik numeries voort om meeste van die H.K. te behandel, maar as 'n mens afwagtend sou blaai na die behandeling van vrae 20 en 87,88, vind ons dat dit nie behandel word nie. Van vraag 81 is daar meteens 'n sprong na vraag 104. Hoe die vraag van kennis en vertroue m.b.t. die geloof of die waarde van bekering sou wees, is nie duidelik nie.

3. A.C. Honders meen dat Kohlbrugge nie direk met die Hollandse Reveil as sodanig gekoppel kan word wat sy teologie aangaan nie, maar wel in sy bydrae t.o.v. die kerklied. Hier het hy nie net inset gelewer nie, maar ook baie klem op die musiek as belewenis van die godsdiens gelê:

> "Er werd in de kerkdiensten gezongen uit het gezangboek van de 'Reformierte Kirche' van Cleve, Julich, Berg en Mark. Daarin stonden de honderdvijftig psalmen, met daaraan toegevoegd 374 gezangen...Soms stuit men op diensten waarin allèèn gezangen voorkwamen" (Van den Berg 1980 :120).

4. 'n Baie interesante vraag is of Theron sy medewerker aan 'n boek by implikasie 'n arminiaan noem. In Vreemde Geregtigheid maak Jonker die volgende stelling: "Die geloof is die leë hand wat aanneem wat God gee" (Jonker en Theron 1983 :36).

5. 'n Verdere ironie is een wat hom op 'n ander gebied afspeel, nl. die ooreenkoms van die hantering van die verskil tussen wet en evangelie by die piëtisme en die verbondsteologie.

> "Veel belangriker dan de overeenkomst zijn de verschillen. Er zijn er zes: 1. de wet is natuurlik, het evangelie niet; de grond van de wet is het beeld Gods, de grond van de evangelie is Jezus Christus; 2. de wet eist een doen, de evangelie eist het geloof in Christus; 3. de wet dient de onboetvaardige, het evangelie is er om het geloof voort te brengen en te vermeerderen; 4. de wet toont de zonde, beschuldigt en wijst zonder barmhartigheid op de gerchtigheid, maar het evangelie bedekt de zonde; 5. de wet leerde welke goede werken er moeten worden gedaan, het evangelie leerde hoe de mens moeten geloof; 6. de wet is de bediening van de dood en alleen het evangelie werkt de genade" (Op't Hof 1987 : 347).

Kriel maak 'n soortgelyke onderskeid tussen wet en evangelie:

> "Die onderskeid WET (sic) en Evangelie is 'n onderskeid wat

die Bybel ons leer. Dit gaan oor twee wyses waarop God besig is om op te tree. Dit is 'n onderskeid wat God maak in die manier waarop Hy met sy skepping besig is...Wat in die 4 Evangelies van God, die Waarheid en genade genoem word noem Paulus deurgans (sic) DIE (sic) Evangelie Wat (sic) God van ons in die Evangelie vra - is net geloof, niks anders nie. Die WET (sic) vra gehoorsaamheid. Die Evangelie is ALLES wat die Vader met sy Seun doen en deur die Heilige Gees ons by insluit. Die àlles is alles wat ons in die twaalf artikels bely...Dit waarvoor God ons vertrou is evangelie, wat ons doen is wet. Liefde is die gehoorsaamheid aan die WET" (Amptelike stuk van die N.G.Kerk Levubu ,1).

Hy omskryf die verskil ook sò:

"Die verhouding tussen wet en evangelie.

1. Die evangelie is die einde van die wet as dit gaan oor hoe kry ek deel aan die redding.

2. Die evangelie vervang die sereminiele (sic) wet.

3. Die evangelie is die krag tot 'n nuwe gehoorsaamheid aan die wet.

Dat die evangelie die einde van die wet as middel tot redding is - en die krag is tot 'n nuwe toewyding aan die wet van God - maak nie dat geloof en bekering twee kante van dieselfde saak is nie" (1991 :3).

# 2. Die Verbondsteologie.

## 2.1 Inleiding.

In hierdie hoofstuk wil ons na 'n paar van die mees prominente apekte van die verbondsteologie kyk. Daar is sekere terme en begrippe wat meer aandag in hierdie teologie geniet. Ander terme kry 'n ander inherente betekenis.

## 2.2 Objektiewe geloofsaanvaarding.

Hierdie term is alreeds terloops genoem. Alhoewel dit nie 'n term is wat deur die voorstaanders van die verbondsteologie gebruik word nie, en in meeste gevalle deur hulle ontken word, speel dit ooglopend in hul teologie 'n sleutelrol.

Wat beteken dit egter? Die term "objektiewe geloof" is baie moeilik definieerbaar, aangesien dit nêrens deur die aanhangers daarvan erken word, laat staan nog uiteengesit word. Daarom moet 'n mens hul teologie noukeurig ontleed en kyk wat hierdie term beteken.

Die belangrikste getuienis kry 'n mens in die manier waarop die geloof en regverdigmaking met mekaar in verband gebring word. Die uitgangspunt is dat die mens reeds op Golgota geregverdig is, dat jou heil buite jouself vir jou verwerf en gerealiseer is.

> "Dit is dat God die sondaars geregverdig het sonder enige aandeel van hulle kant" (SOW 1985 :10).

Hierdie regverdiging van die mens op Golgota is natuurlik 'n algemeen-aanvaarde begrip. Die vraag is of hierdie waarheid vir elke mens in sy lewe realiseer sonder enige verantwoordelikheid van sy kant.

Manie Malan skryf:

> "Geloof? Dit is om die evangelie te glo. Die Evangelie dat Jesus alles vir my gedoen het (dat ek dit dus nie eers my eie moet maak nie), dat Hy my regverdig gemaak het, en dat Hy daarom die weg is" (SOW 1/3 1985 :10).

Hierdie stelling hou inderdaad in dat die mens sonder enige verantwoordelikheid gelaat word wat die regverdiging betref. Jesus het alles gedoen. Ek hoef dit nie eers my eie te maak nie. Waar pas die geloof in? Is die geloof imperatief of nie?

> "God sê: Niemand sal julle uit My hand ruk nie, en ons <u>mag</u> dit glo" (SOW Januarie 87 :7).

Die opsionele karakter van die "mag dit glo" dui op 'n objektiewe houding wat die mens inneem teenoor die evangelie. Hy sê dat die mens dit *mag* glo, nie dat hy dit *moet* glo nie.

Die manier waarop die uitdrukking *sola fide* deur die meeste verbondsteoloë gebruik word, lyk asof hierdie "slegs geloof" 'n objektiewe geloofsaanvaarding van heilsfeite is.

## 2.3 Kostelose vryspraak.

Die term "kostelose vryspraak" kom sporadies in die kerk voor. Dit kan beteken dat die vryspraak die mens niks kos nie, of dit kan beteken dat God dit kosteloos aanbied. Daar is 'n baie fyn onderskeiding tussen hierdie twee aspekte: die koste-loosheid van die vryspraak van God se kant af beklemtoon die *sola gratia* van die evangelie. Vanuit die gesigspunt van die Here is dit net volkome genade. Aan die ander kant lyk dit asof die mens van sy kant af net moet stilsit en die genade ontvang, sonder enige appelerende inhoud. Vir ons doel konsentreer ons daarop dat die vryspraak die mens niks kos nie.

Uiteraard kan 'n mens nie anders as om saam te stem dat die mens nie enigiets kan byvoeg by die genadewerk van die Here nie. God het alles gedoen en al wat die mens moet doen is om te ontvang. Tog moet enige verantwoordelike prediker nie die gevaar van geestelike passivisme misken nie.

> "The cheap grace and easy faith of a distorted gospel are ruining the purity of the church" (Mc. Arthur 1987 :37).

Die verbondsteoloë veronderstel dat die dopeling in elk geval aan die kruis gered word en daarom is hy vrygespreek. Alles wat bygevoeg word, is onskriftuurlik.

> "Wat ons belydenisskrifte betref, moet ons altyd onthou dat hulle geskryf is in en teen die wêreld van die Rooms-Katolieke en Wederdoperse idees van 'heilige werke'. Een van die belangrikste sleutels om die Reformatoriese

belydenisskrifte te verstaan, is dat die reformatore gesê het ons redding is afgehandel, dit is op die kruis volbring, ons is gered toe ons nog sondaars was, God het die goddeloses regverdig verklaar" (SOW Januarie 1987 :25).

Natuurlik is dit waar. Die Here het die goddelose aan die kruis geregverdig. Daardie Goddelike ingryping is die grond van ons redding. Of alle bondelinge egter op Golgota gered is, is nie so 'n uitgemaakte saak nie.

Verder word gesê:

"Die wonder van die evangelie is dat daar aan 'n mens verkondig word dat die redding nie uit homself kom nie; dat hy buite homself gered is en dat hy dit **mag** glo. Dit is die diepste troos van die evangelie, en hoe dit, hierdie helder, eenvoudige siening mense kan verwar, gaan my verstand te bowe. Al wat ek kan dink is dat dit so eenvoudig is dat mense en ook hul leraars dink dis te goed om waar te wees en dan in die dubbelsinnigheid van die sinergisme gaan skuil, om dalk nie skuldig te wees aan die feit dat hulle vir iemand gesê het dat hy 'n kind van God is en dat hy hulle dalk kan glo, en dan is hy dalk nie, en dan het hulle hom mislei. Maar hierdie stuk vrees is uit verwarring gebore waarmee Swart Op Wit niks te doen wil hê nie. Die Bybel sê dit is baie eenvoudig. Dit het God behaag om die wat glo te red. Deur **wat** hulle glo, nie deur **dat** hulle glo nie" (SOW Julie 1986 :2).

Mc. Arthur beskryf hierdie siening as 'n paradoks:

> "Misunderstanding on that key point is at the heart of the error of those who rejects lordship salvation. They assume that because Scripture contrasts faith and good works, faith may be devoid of works. They set up a concept of faith that eliminates submission, yieldedness, or turning from sin, and they categorize all the practical elements of salvation as human works. They stumble over the twin truths that salvation is a gift, yet it costs nothing. Those ideas are paradoxical, but they are not mutually exclusive" (1987 :163).

Uit hierdie aangehaalde stukke kan die volgende vrae ontstaan:
-Omvat kostelose vryspraak ook menslike passivisme?
-Wat is die inhoud van geloof?
-*Moet* 'n mens glo om gered te word, of *mag* hy glo dat hy gered *is*?

Later in die stuk sal hierdie vrae in behandeling geneem word.

## 2.4 Polarisasie: Genade vs. bekering.

In die verbondsteologie vind ons die tendens dat genade en bekering teenoor mekaar gestel word: teenoor die bekeringsteologie wat klem op die persoonlike bekering lê (met hierdie bekering bedoel ons die radikale besluit om die verlossingswerk van Christus jou eie te maak), stel die verbondsteologie dat jy in elk geval 'n kind van God is, en

daarom is die bekering onnodig.

Ons moet daarop let dat geeneen van die aanhangers van die verbondsteologie bekering ontken of die waarde daarvan nie, maar die bekering wat hulle bedoel is die voortgaande bekering (Conversio Continua), en dit het geen heilsbetekenis nie.

> "In die prediking moet dit baie duidelik uitkom dat die sondaar geregverdig word, gered word. Nie die weergebore of die bekeerde of selfs die gelowige nie.
> Die genadewerk wat die Heilige Gees verrig, is die toekenning van totaal nuwe eienskappe. Daarom is daar nie 'n pad na Jesus uit te wys nie, Christus is die Weg. Joh. 14:16" (SOW Maart 1987 :5).

> "By hierdie punt aanvaar ek nie meer verantwoordelikheid vir myself nie, maar... Ek vind dan die vastigheid nie meer in myself nie, ja, ook nie in my godsdiens, my bekering, my wedergeboorte, my berou, my geloof, my vertroue nie, maar buite myself, in my Verlosser, Jesus Christus" (Theron 1983 :20).

> "Met die woorde *geloof alleen* het die reformasie niks anders bedoel nie as *genade alleen* " (Ibid :44).

> "Jy kan nie jou sondes bely, jou hart vir God gee, jou toewei (sic) aan 'n nuwe lewe volgens die wil van God, jou bekeer van sonde, God in jou lewe innooi om daardeur te kry aan vergifnis, redding wedergeboorte, lidmaatskap aan die

kerk, die ewige lewe of die vryheid van die mag van Satan nie. Hierdie gawes word ontvang en ten volle deel van die mens alleen deur genade" (Kriel 1991 :3).

Uit hierdie en ander aanhalings lyk dit asof daar 'n breuk tussen genade en bekering heers. Die genade en die bekering word gepolariseer. Dis of 'n onderskeid gemaak word tussen mense wat glo hulle is uit genade gered en ander wat glo hulle is gered a.g.v. hul bekering. Die vraag is dan nou of die bekering kan plaasvind sonder genade en of die genade onweerstaanbaar is. M.a.w. kan ons vra of daardie mense wat klem op bekering lê die genade verwerp of op 'n sekere punt uitsluit?

Hulle sê self dat daar twee groepe in die Kerk is:

> "Totdat die teendeel bewys word, sal ek glo dat die sg. twee standpunte in die N.G.Kerk 'n Arminianistiese en Gereformeerde standpunt is" (SOW Januarie 1988 :5).

<u>2.5 Bekering as net bekering uit dankbaarheid.</u>

Hiermee word bedoel dat die H.K. die bekering onder die derde deel, nl. die dankbaarheid indeel. Die geloof en die regverdigmaking is in die tweede deel. Die kennis van die sonde en die ellende van die mens is in die eerste deel.
Die verlossing word in die tweede deel van die kategismus behandel en bekering in die derde deel. Daarom is die bekering daardie aksie wat die mens uitvoer omdat hy reeds verlos is, nie om verlos te word nie.

Die vraag ontstaan nou of die opstellers van die H.K. dit so bedoel het, want Vr. en antw. 87 stel dit duidelik dat geen mens verlos sal word as hy hom nie bekeer nie.

## 2.6 Bekering as aanleidende faktor tot oordoop.

'n Verdere verwyt wat die verbondsteologie teen die bekeringsteologie het, is die feit dat die bekering 'n groot aanleidende faktor is om die mense te oortuig om hulle te laat oordoop. Die feit dat die bekeerdes sou sê dat hul redding a.g.v. hul bekering is, en nie a.g.v. die genade of die verlossingswerk van Christus nie, word spottend gekarakteriseer in die strokieskarikatuur "Froom Faan". Hy sê:

> "Ek het gedans, gevloek, gerook...toe los ek dit en maak die dinge tussen my en Hom reg so...ek is met God versoen, ek het dit self gedoen" (SOW Januarie 1987 :32).

Hierdie "self gedoen" kom dan grootliks tot uiting in die drang om oorgedoop te word. Aldus die verbondsteologie.

## 2.7 Enkele konsekwensies rondom die verbondsteologie.

As ons van die veronderstelling uitgaan dat alle mense wat gedoop is, kinders van God is, moet ons ook die volgende aspekte daarvan aanvaar:

1) Dat die Here aan hierdie mense die ewige lewe gee.
2) Dat elkeen wat gedoop is, daarom nie verlore kan gaan nie.
3) Dat elke gedoopte mens weergebore is.
4) Dat die verbond dus uiters eensydig is: God gee alles en die

mens het geen aandeel tot sy verlossing nie.
5) Dit sou beteken dat alle vorme van bekering slegs die bekering uit dankbaarheid is.
6) Die conversio actualis verval dus heeltemal.
7) Die mens is gered, hy hoef dit nie eers te aanvaar nie.
8) 'n Persoon wat later toon dat hy die Here nie ken nie, is nog steeds gered.
9) Indien ons egter sou vind dat so 'n persoon, ten spyte van sy doop nie 'n aandeel het in die verlossing nie, beteken dit dat 'n mens 'n kind van God kan wees en later nie.
10) Ons vind ook 'n element van universalisme in die stelling dat Christus dan vir alle mense gesterf het en dat hulle daardeur gered is. Dit stel die mens dus vry van enige verantwoordelikheid.

## 2.8 Samevatting: die verbondsteologie.

Die verbondsteologie het 'n uiters eensydige siening van die verbond. In hierdie siening gaan hulle van die standpunt uit dat die verbond slegs monopleuries van oorsprong, wese en karakter is, en daarom gee God nie net gestalte daaraan nie, Hy onderhou dit en maak dit waar ten spyte van die sonde van die mens.

Hieruit volg dat die mens wat gedoop is, deur God gered *is*, en dat hy daarom nie moet probeer om mee te werk aan sy redding nie. Bekering as 'n voorwaarde om gered te word is dus onnodig, en bring net verwarring mee. Die enigste vorm van bekering wat aanvaarbaar is, is die voortgaande bekering, wat ook die bekering

uit dankbaarheid is.

'n Mens kry ook die indruk dat die geloof by sommige eksponente van die verbondsteologie opsioneel geword het. Al voordeel wat die geloof inhou is 'n troosgedagte. Jy *mag* dit glo as jy wil.

'n Mens mag jou ook afvra of hierdie teologie nie 'n geestelike ongeërgdheid mag voorbring nie.

# 3 Die Bekeringsteologie.

## 3.1 Inleiding.

Die bekeringsteologie is baie meer uiteenlopend as die verbondsteologie. Daarom is die verskillende aspekte daarvan meer uitgebrei. Ons kan ook nie al die verskillende rigtings in die bekeringsteologie in behandeling neem nie. Ons kan uiters na die mees algemene tendense kyk.

## 3.2 Verlossing is persoonlik.

Die bekeringsteologie maak baie van die persoonlike aspek van die verlossing. Die sinsnede: "God het geen kleinkinders nie", is tiperend daarvan. Die verlossing is dus 'n saak wat bloot tussen God en die mens persoonlik is. Daar word dus uiteraard minder van die verbond gemaak as in die verbondsteologie.

Die Ring van Hartbeesspruit bevind in 'n ondersoek die volgende rakende Campus Crusade for Christ (CCC) en die verbond:

> "In die afgelope tyd betrek CCC al meer lidmate van die Ned Geref Kerk en wil daarop aanspraak maak dat hulle as 'n 'hulparm vir die Kerk' optree. Daarom is dit soveel te meer noodsaaklik om vas te stel presies waar staan CCC ten opsigte van die verbond en die doop. Die bepalende vraag is: Word die verbond stilswyend aanvaar of stilswyend verwerp? Bloot na aanleiding van hulle 'Belydenisstandpunt' is dit nie moontlik om vas te stel

waar staan CCC met betrekking tot die saak nie. Ander literatuur sal moet aandui watter een van die twee hulle gekies het en wat hulle ware identiteit is wat teenoor hulle potensiële ondesteuners verswyg word...Hieruit blyk dat die verswyging van die verbond in die 'Belydenisstandpunt' nie 'n neutrale standpunt is nie" (Ring van Hartbeesspruit 1984 :7,8).

3.3 Verlossing is metodies.

Hiermee bedoel ons nie net dat dit gekoppel moet word aan die Metodiste Kerk nie, maar dat die verlossingsgebeure dikwels aan 'n formule gekoppel word. Dit veroorsaak dat die mens op 'n sekere manier by God moet uitkom, d.w.s. met-'n-pad. 'n Mens vind dit veral in die verskeie gespreksboekies van die bekeringsgroepe. Hierdie metodisme kom nie net by die groepe soos C.C.C. voor nie, maar ook in die Jeug-Tot-Jeugaksie en die Dinamiese Gemeentebou van die N.G.Kerk:

"Jy kan byvoorbeeld sê:

Dankie Here dat U ook vir my liefhet. Ek het U nodig. Ek erken dat ek 'n sondaar is en myself nie kan red nie. Dankie dat Jesus Christus in my plek gesterf het. Ek bring nou my sondeskuld na U toe; vergewe my. Ek vertrou U nou en ek wil U elke dag met my hele lewe volg. Kom woon in my en neem my lewe oor soos U belowe het.

Bid dan nou so 'n gebed van oorgawe en Hy sal inkom soos Hy belowe het" (Dinamiese Gemeentebou Boek 1 :12).

Tog is dit gevaarlik om te veralgemeen.

> "Daar bestaan nie 'n vasstaande resep waarvolgens alle mense gered moet word nie. God werk nie met alle mense presies eenders nie, want geen twee mense is presies eenders nie" (Marais s.j, 2 :68).

3.4 Bekering is nie noodwendig aan die verbond gekoppel nie.

Alhoewel baie bekeringsteoloë heelwat van die verbond maak (bv. P.W. Marais), is daar net so baie wat nie veel aandag aan die verbond gee nie. Dit kon amper voorkom asof die verbond nie vir hulle baie saak maak nie. Hierdie verbondsiening gaan ook gewoonlik gepaard met die feit dat hulle die Ou Testament in totaliteit aan die ou verbond gelykstel. Daarom aanvaar hulle dat al die verbonde van die Ou Testament as sodanig vervang is met die nuwe verbond, wat totaal ander inhoude het as die ou verbond en daarom heeltemal van die ou verbond losstaan.

3.5 Enkele konsekwensies rondom die bekeringsteologie.

Ons vind, net soos by die verbondsteologie, dat die bekeringsteologie sekere konsekwensies inhou:

-Indien 'n mens aanvaar dat die bekering die Heilige Gees die "reg" gee om die mens te wederbaar, is ons besig om op eie prestasie staat te maak en nie op die genade van die Here nie.

-As bekering 'n suiwer menslike aangeleentheid is, waar die Here geen betrokkenheid het nie, is ons weereens op ons eie aangewese.

-Indien daar te veel klem gelê word op die menslike prestasie,

vind ons maklik 'n vorm van geestelike hoogmoedigheid.

-Wanneer die bekering oorbeklemtoon word, en nie in die regte perspektief geplaas word nie, kan dit aanleiding gee tot die behoefte om jou te laat doop, d.w.s. oordoop. Hierdie doop is dan 'n teken wat die bekeerling vir God gee, en nie 'n verbondsteken nie.

3.6 Samevatting: Die bekeringsteologie.

Die bekeringsteologie is amper die antitese van die verbondsteologie, wat die mens se aandeel betref. Waar die verbondsteologie sou sê dat die verlossing van die mens totaal in God se hande is, neig die bekeringsteologie meer na die verantwoordelikheid van die mens.

# 4 Die Verbond.

## 4.1 Inleiding.

In die voorafgaande hoofstukke het ons die probleem gestel: in die N.G. Kerk is daar tans twee uiteenlopende, 'n mens kan amper sê teenoorgestelde, standpunte aangaande die verkryging van die heil. Die versoeking is nou om 'n goue middeweg tussen die twee uiterstes te soek. Die geskiedenis het egter geleer dat die pad tussen twee uiterstes nie noodwendig by die regte bestemming uitkom nie. Daarom wil ons vanuit 'n sekere gesigspunt na die oplossing soek. Hierdie vertrekpunt of gesigspunt is die verbond.

Hoekom moet ons die verbond as vertrekpunt gebruik in die soeke na die waarheid in verband met die verlossing? Is die verbond, soos sommige kerke beweer, dan nie iets van die verlede nie?

> "Die miskenning van die verbond kom haas by alle groepe in die Christenheid voor, behalwe by die Gereformeerdes. Hierdie miskenning is egter nêrens so uitgesproke as in die Anabaptiste of Radikale Reformasie wat in die 16de eeu as die sg. linkervleuel van die Reformasie na vore gekom het nie. Kenmerkend daarvoor is 'n radikale teenstelling tussen die Ou en die Nuwe Testament. Die verbond met Israel word as 'n aardse en tydelike belofte verstaan, wat vernaamlik die land Kanaän tot inhoud het. In die Nuwe Verbond gaan dit egter om 'n geestelike verbond wat met die ewige heil te make het. Dit word met individue afsonderlik

gesluit wanneer hulle hulself bekeer" (Jonker 1991 :4).

Leef ons dan nie nou in die tydperk van die nuwe verbond nie? Sou die nuwe verbond nie inhou dat ons al die verbondstipes in die Ou Testament moet agterlaat en plek maak vir 'n ander God-mens beskouing nie? Ons kan ook vir onsself afvra of daar nie 'n beter hermeneutiese sleutel is as juis die verbond nie. Is die koninkryksgedagte (1) nie dalk meer sinvol nie, of miskien die uitverkiesing?

Die volgende redes vir die behandeling van die verbond as moontlike oplossing vir die probleem of bekering nodig is om gered te word lyk vir my deurslaggewend te wees:
Ons kan in die geskiedenis van die reformasie maar gaan kyk hoe groot die rol van die verbond is.
Calvyn (2) maak sy teologie stewig vas aan die verbond.

> "Uit het voorgaande is duidelijk, dat de Vader eertijds door hetzelfde Wet en door den band derzelfde leer met Zijn volk verbonden geweest is, als heden met ons. Ons vaderen des Ouden Verbonds waren dezelfde erfenis deelachtig en hadden door de genade van denzelfden Middelaar hun hoop op de zaligheid...Ten tweede steunde het Verbond, waarin zij met God verzoend worden, niet op eenige verdienste hunnerzijds, maar alleen op de barmhartigheid Gods" (Calvyn Ins. 2, X 1,2).

In die Nagmaalsformulier en Doopformulier word die verbond

deurgaans gebruik.

> " Die nagmaal is in sy wese 'n verbondsmaaltyd, waar die verbinding tussen Christus en sy gemeente telkens vernuut word. As verbondsmaaltyd het dit die volgende betekenisse...dat Hy aan die einde met sy dood en bloedstorting die nuwe en ewige testament, die verbond van genade en versoening, bevestig het toe Hy gesê het: 'Dit is volbring' " (Algemene Sinode van die N.G. Kerk 1988 :81).

Veral die kinderdoop steun ten volle op die verbond.

> "Omdat die besnydenis 'n inlywing in hierdie verbond was, is gelowiges en hul kinders besny, want die oomblik as God die gelowiges begin seën, deel hulle kinders daarin. En omdat die doop ook in die genadeverbond inlyf, moet gelowiges se kinders gedoop word as inlywing in hierdie liggaam of gemeenskap van mense wat deur God geseën word en waarvan gelowiges se kinders self 'n deel vorm" (König 1986 :122).

In die doopformulier self word die verbond as grond vir die doop duidelik gestel:

> "Ons word gedoop omdat die Here 'n verbond van genade met ons en ons kinders gesluit het. Reeds vir Abraham, die vader van alle gelowiges (Gal 3:29; Rom 4:11,16), het die Here gesê: 'Ek bring 'n verbond tot stand tussen My en jou en jou nageslag na jou en al hulle nageslagte. Dit is 'n blywende verbond: Ek sal jou God wees en ook die God van jou nageslag' (Gen 17:7)" (Algemene Sinode van die NG Kerk

1988 :68).

In die verbond gaan dit om 'n verhouding tussen God en die mensdom:

> "Die verbond is die liefdesharmonie tussen God en die mense, en die koninkryk is die heerskappy van God oor sy hele skepping. In die verbond vervul God sy grootste belofte: 'Ek sal vir jou 'n God wees en jy sal vir My 'n volk wees" (König 1983 :40).

Om hierdie verhouding reg te verstaan, is dit nodig om die verbond te verstaan. Met ander woorde: indien ons wil soek na die regte verhouding tussen God en mens, moet ons dit in die verbond gaan soek.

Laastens is dit 'n gedagte wat deur die hele Bybel voorkom. In die Ou Testament alleen kom die woord of begrip verbond ten minste 290 keer voor. In die Nuwe Testament word dit wel minder genoem (ongeveer 33 maal), maar vorm steeds 'n kerngedagte.

Die verbondsteologie gebruik ook die verbond as uitgangspunt, soos reeds aangedui in hoofstuk 1. In hierdie studie van die verbond sal ons dus ook andag gee aan die manier waarop die verbondsteologie die verbond gebruik om hul konklusies te bereik. In die besonder sal ons poog om te kyk of die verbondsteologie hulle kan beroep op die verbond soos dit in die Gereformeerde tradisie ontwikkel het.

Daarom lyk dit asof die verbond 'n baie sinvolle vertrekpunt sou wees om die waarde en plek van bekering in die lewe van die gelowige en die kerk te bepaal.

## 4.2 Dogma-historiese agtergrond.

### 4.2.1 Inleiding.

Die verbond speel 'n merkwaardige rol in die teologie van baie teoloë dwarsdeur die geskiedenis van die kerk. In hierdie geskiedkundige verloop van die teologie vind ons uiteraard verskeie sieninge oor die verbond. Sekere aspekte van die verbond word deur die onderskeie teoloë uitgesonder of beklemtoon. So kleur die geskiedenis die verbondsgedagte in verskillende gestaltes in.

Omdat dit in hierdie studie gaan oor die waarde van bekering in die lig van die verbond is dit noodsaaklik dat ons na van die mees prominente figure vanaf die reformasie, tot op hede gaan kyk.

### 4.2.2 Die reformasie.

#### -Calvyn.

Calvyn het nie 'n uitgebreide verbondsleer nie. Dit beteken egter nie dat hy die verbond minag of as minderwaardig beskou nie. Inteendeel, die verbondsgedagte kom voortdurend in sy denke

voor. Die plek waar die verbond egter die beste na vore kom is by sy onderskeiding tussen wet en evangelie en die onderskeid tussen die Ou Testament en die Nuwe Testament (Inst. 2, X, 1-23). Hierin wys Calvyn daarop dat die groot ooreenkoms tussen Ou en Nuwe Testament die verbond is (Inst. 2, X 1).

Osterhaven wys daarop dat die verbond meer in die latere werke van Calvyn voorkom as in die vroeëre werke.

> "While the doctrine of the covenant does not receive treatment in Calvin's earliest writings, the second edition of the *Institutes of the Christian Religion,* published in 1539, devotes a chapter to the relation of the old and new covenants; the *Commentary on the Epistle to the Romans,* published the same year, makes numerous references to the covenant in the exposition of the ninth chapter..." (1984: 89,90).

Vir Calvyn is die verbond 'n *genadeverbond* (2, VI, 3; 2, X, 5), 'n verbond wat steun op die genade van God (2, X, 5), en waardeur die Jode sowel as ons die hoop op die ewige lewe het (2, X, 2). Die verbond is ook simbolies van die ware verbond in die hemel (2, X, 17).

Calvyn beskou die geldende en blywende verbond in Ou- en Nuwe Testament as die verbond van die Here met Abraham (2, X, 4).

-Arminius.

Arminius het 'n intense belangstelling in die uitverkiesingsleer getoon. Toe hy betrek word by die geskil tussen twee Delftse predikante, tw. Dontelock en Van der Linden, en die uitverkiesingsleer ondersoek, vind hy dat hy hom nie kan vereenselwig met die Gereformeerde standpunt nie (Graafland 1987 :86).

Hy kom tot die volgende konklusie:

> "... dat het hier niet gaat om een individuele verkiezing, maar om een algemene verkiezing en verwerping, die wel voorafgaat, maar zo, dat zij rust op de voorwetenschap van God van wat later zal gebeuren: het geloof of het ongeloof der menschen. De eene klasse van mensen, (Ezau) wordt gevormd door menschen, die door de wet trachten gerechtvaardigd te worden. De tweede, (Jacob) zoekt dat door het geloof. God neemt de tweede aan, maar wijst de eerste af" (Ibid :88).

Hieruit volg sy verbondsleer. Hy aanvaar die tweeledigheid van die verbond, maar sien die aandeel van die mens en God in die verbond as gelyk:

> "Belofte en eis stelt hij aan elkaar gelijk, in die zin, dat de belofte even algemeen is als de eis om de belofte te geloven" (Ibid :105).

Hier het die grootste verskil tussen Arminius en die

gereformeerde leer na vore gekom. Hy verskraal die genade van God tot dit min of meer gelyk is met die keuse-vryheid van die mens (Ibid :106). Die uitverkiesing word net 'n voorwetenskap van God oor wie hom gaan bekeer en wie nie. Die verbond word 'n gelyke kontrak tussen God en mens. Die mens moet die verlossing in Christus vir homself verwerf:

> " Die vindt namelijk plaats doordat God hem die genade aanbiedt in de middelen, met name de prediking van het evangelie, die gepaard gaat met de genoegzame werking van de Heilige Gees (zie boven), maar waarop die mens in zijn vrijheid kan antwoorden, zowel positief als negatief (Ibid :116).

Steele som Arminianisme sò op:

> "(1.) Man is never so completely corrupted by sin that he cannot savingly believe the gospel when it is put before him, nor (2.) is he ever so completely controlled by God that he cannot reject it. (3.) God's election of those who shall be saved is prompted by His foreseeing that they will of their own accord believe. (4.) Christ's death did not ensure the salvation of anyone, for it did not secure the gift of faith to anyone (there is no such gift); what it did was rather to create a possibility of salvation for everyone if they believe. (5.) It rests with believers to keep themselves in a state of grace by keeping up their faith; those who fail here fall away and are lost. Thus, Arminianism made man's salvation depend ultimately on man himself, saving faith being viewed througout as man's own

work and, because his own, not God's in him" (1963 :14).

Dit is dus duidelik dat Arminius, alhoewel hy die genade en werk van God erken, en die geregtigheid in Christus aanvaar, die regverdiging sien as iets wat die mens kan kies om te aanvaar of te verwerp (Graafland 1987 :116).
Dit is geen wonder dat die sinode van Dordt hom ernstig hieroor uitspreek nie.(3)

Dit is belangrik dat ons hier daarop sal let dat daar reeds ernstig gewys is op die verskille tussen Calvinisme en Arminianisme.

" The difference between them is not primarily one of emphasis, but one of content. One proclaims a God Who saves; the other speaks of a God Who enables man to save himself. One view (Calvinism) presents the three great acts of the Holy Trinity for the recovering of the lost mankind - election by the Father, redemption by the Son, calling by the Spirit - as directed towards the same persons, and as securing their salvation infallibly. The other view (Arminianism) gives each act a different reference (the objects of redemption being all mankind, of calling, those who hear the gospel, and of election, those hearers who respond), and denies that any man's salvation is secured by any of them. The two theologies thus conceive the plan of salvation in quite different terms. One makes salvation depend on the work of God, the other on the work of a man; one regards faith as part of God's gift

of salvation, the other as man's contribution to salvation; one gives all the glory of saving sinners to God, the other devides the praise between God, Who, so to speak, built the machinery of salvation, and man, who by believing operated it" (Packer 1959 :4,5).

Hierdie verskille is uiters belangrik, want ons sal mettertyd moet duidelikheid verkry of die kritiek van die verbondsteologie, dat die N.G.Kerk hom verlaat op Arminianisme, geregverdig is of nie.

4.2.3 Die Infra- en supralapsarisme.

Die hele kwessie van die infra- en supralapsarisme was (is) nie 'n eenvoudige twis oor nietighede nie. Dit het ingrypende gevolge vir die teologie sowel as die praktiese implimentering daarvan gehad (Jonker 1989 :64).

Die supralapsariste het die monopleuriese karakter van die verbond oorbeklemtoon. Die verbond is soos 'n testament gesien. Al die beloftes van die verbond word sonder enige medewerking van die mens gegee, sonder voorbehoud. Die verbond word van Bo (Supra) ingegiet. Die verbond word onderhewig aan die uiverkiesing gestel. Wie uitverkies is word in die verbond geheilig. Hier is geen tweeledigheid van enige aard nie. Die mees uitgesproke supralapsariste is T. Beza en J de Labadie (Graafland 1987 :47-71).

Die infralapsariste het onderskeid tussen die verbond en die uitverkiesing gemaak. Na analogie van die uitsprake van Calvyn is die verbond breër as die uitverkiesing. Daarom is almal wat in die verbond is, nie uitverkies nie. Om in die regte van die verbond te deel, moet die verbondseise nagekom word. Hier vind ons dus 'n dupleuriese voorstelling van die verbond.

-A. Kuyper.

Kuyper word beskou as iemand wat die "klassiek-orthodoxe" leer voorgestaan het (Graafland 1987 :298).
Vir hom is die verbond van allergrootste belang. Sy uitverkiesingsleer steun sterk op die verbond. Vir hom gaan dit in die eerste plek oor 'n gemeenskaplike uitverkiesing. Daaruit volg dat die uitverkorene in die breë gemeenskap van die bondelinge ingesluit is

> "Dat ligt daaraan, dat ik niet alleen bondgenoot van God ben, maar met andere saam, en als zoodanig ben ik met die anderen verbonden buiten mijn keuze om" (Kuyper 1910 : 79).

Hierdie verbondsgemeenskap is die sg. mistieke liggaam van Christus.

Ten spyte daarvan (dat hy die gemeenskaplike aspek van die uitverkiesing beklemtoon), kom die verbond in sy wese ter sprake in die handeling van God met die individu (en nie met die gemeente nie).

> "De religieuse gemeenschap berust op het persoonsbegrip. Het onderstelt tweeërlei ik, en eischt, dat deze twee zich

> op bewuste wijze tot innige gemeenschap verbonden" (Ibid :69).

Kuyper is 'n voorstaander van die sg. "tweeverbondeleer":

> "Daarin vallen het verbond der verlossing (pactum salutis, vredesraad) en het genadeverbond in principe met elkaar samen. Het genadeverbond zelf wordt dan ook gezien als een eeuwig verbond. Christus is daarin het Hoofd, in wie de uitverkorenen, als Hem toebehorend, liggen besloten. De laatste aanduiding geeft tegelijk aan, dat alleen de verkorenen in dit verbond zijn opgenomen en in die zin valt het genadeverbond ook samen met de eeuwige verkiezing. Deze tweeverbondenleer werd aangehangen door A. Kuyper, maar ook door G.H. Kersten, zoals wij reeds zagen" (Ibid :315).

-K. Schilder.

Schilder beklemtoon die monopleuriese sowel as die dupleuriese karakter van die verbond. Hy lê aan die begin soveel klem op die monopleuriese karakter, dat dit amper voorkom asof die verantwoordelikheid van die mens totaal en al ontbreek.

> "De eerste benadering komt ten diepste voort uit een supralapsarisch standpunt, waardoor de verkiezing zo overheersend aan alles voorafgaat, dat er voor de geschiedenis en dus het verbond en de eisen en beloften van het verbond en de verantwoordelijkheid van de mens geen werkelijke ruimte overblijft" (Graafland 1987 :312).

Tog lê hy weer aan die ander kant baie klem op die verantwoordelikheid van die mens as hy by die dupleuriese karakter van die verbond kom:

> "Religie kan bij den mensch niet opgaan in een bloot passief of receptief opgenomen zijn in een staat van vrede. Want het verbond brengt de activiteit mee, als conditio sine qua non voor het verbondsverkeer...Want het verbond maakt de reciprociteit factor in de religie. God komt tot ons en geeft aan ons, wij kommen tot Hom en geven Hom weder" (Ibid :314).

Volgens Strauss is die belangrikste bydrae van Schilder m.b.t. die verbond geleë in die kontinuïteit tussen ou en nuwe verbond, die kontinuïteit tussen werk- en genadeverbond, en die soewereiniteit van God en die mens se verantwoordelikheid (1986 : 201, 208, 217).

Hierdie verantwoordelikheid van die mens in die verbond kom tot uiting in sy predestinasieleer:

> "Dat komt vooral echter daardoor, dat Schilder binnen zijn predestinatie-denken ruimte heeft gelaten voor een verbondsbeschouing, die juist zover mogelijk gaat in het beklemtonen van de eigen verantwoordelijkheid van de mens in zijn beslissingen, die hij neemt ten opzichte van het hem verkondigde heil" (Graafland 1987 :311).

In teenstelling met die tweeverbondeleer van Kuyper, stel Schilder die "drieverbondeleer". Hy onderskei tussen die

werkverbond, die genadeverbond en die vredeverbond of vredesraad (*pactum salutis*). In hierdie verbondsleer word die genadeverbond in die tyd, dit is die geskiedenis, gestel. Die fondament daarvan is in die ewigheid, maar die verlossing word in die tyd voltrek. Hierdie is 'n reële verbond, waarvan die mens en God vennote is. Alhoewel die verbond eensydig in sy oorsprong is, kry dit sy konstitusie in die wederkerigheid tussen God en mens. (Strauss 1986 :123).

By hom is daar kontinuïteit tussen die werkverbond voor die val van die mens en die genadeverbond daarna. Die kinders word in hierdie genadeverbond gedoop. Indien die kind die eise van die verbond nie verantwoord nie, is hy slegs deel van hierdie *breër* verbond. Sodra die kind geantwoord het op die beloftes van die verbond in die doop, word hy in 'n *enger* verbond, d.i. die *pactum salutis,* ingesluit (Ibid :322).

### <u>4.2.4 Die verbondsteologie van Barth en H. Berkhof.</u>

Veral twee name is in hierdie teologie van uitstaande belang: K. Barth en H. Berkhof.(4) Hierdie twee teoloë se sieninge is baie belangrik, nie net as gevolg van die helderheid van hul denke nie, maar ook as gevolg van die feit dat beide groot aanhang geniet, nie net in Europa en die V.S.A. nie, maar ook in S.A. Ons moet daarop let dat alhoewel Berkhof nie 'n Duitser is nie (hy is Hollands), sy teologie nou aansluit met diè van Barth en andere in die Duitse verbondsteologie.

<u>- K. Barth.</u>

Barth se werk op die Romeinebrief is seker van een van die belangrikste bydraes wat hy tot die teologie gemaak het, tesame met die "Kirchliche Dogmatik".

Alhoewel die verbond nie vir hom die hart van die teologie is nie, en hy eerder die uitverkiesing as uitgangspunt gebruik, het hy tog 'n redelike uitgebreide verbondsiening. Hierdie verbondsleer is egter nou gekoppel aan sy uitverkiesingsleer. In sy uitverkiesingsleer is Christus die sentrale uitverkorene:

> "In other words, He is the God who elects Himself for sinful man and sinful man for Himself" (Barth 1969 :484)

Jesus is die Objek van die uitverkiesing, maar ook die Subjek; Hy word deur die Vader uitverkies, as prinsipiële uitverkorene, maar self kies Hy die mens uit (Ibid :511).

Uit hierdie siening blyk dat die verbond altyd vir Barth 'n Christosentriese dimensie bevat. Die hele verbond in die Ou Testament word dus 'n model of voorbeeld van die universele heil in Jesus Christus.(5) Die mens word nie net in Christus uitverkies nie, maar ook in Hom verlos.

In die Nuwe Testament word die ou verbond nie opgehef nie, maar uitgebou. Tog is die verbond en uitverkiesing nie los van mekaar nie. Die mens word by die uitverkiesing in die verbond ingesluit. Indien hy egter nie die verbondsvoorwaardes nakom nie, word hy van die verbond losgemaak.(6)

> "No Christian environment, however genuine or sincere, can transfer this life to those who are in this environment. For those too, the Christian life will and can only on the basis of their own liberation by God, their own decision" (Ibid :184).

Die manier waarop die mens die verbond hou is die nakoming van die wet (le Roux 1991 :70).

As 'n mens dus in gedagte hou dat die nuwe verbond vir Barth die ware verbond is, waarvan die ou verbond slegs 'n voorbeeld was, kan 'n mens verstaan dat hy nie die doop aan die besnydenis wil koppel nie. Daarom is die kinderdoop nie vir hom aanvaarbaar nie. Almal is by die verbond ingesluit, en daarom word die teken van die doop as verbondsteken afgewys.(7)

Die doop is dus 'n uitvloeisel van die mens se bekering:

> "Christian baptism is the first form of the human decision which in the foundation of Christian life corresponds to the divine choice" (Barth 1969 :44).

-H. Berkhof.

Alhoewel Berkhof nie 'n uitgebreide verbondsleer as sodanig aan ons voorhou nie, is sy hele teologie gebou op die verbond, anders as by Barth wat sy teologie rondom die uitverkiesingsleer bou. 'n Mens sou kon sê hy sien die hele Ou- en Nuwe Testament deur die bril van die verbond.

Een van die belangrikste bydraes wat Berkhof tot die verbondsleer maak is die hele kwessie van die verhouding Ou Testament - Nuwe Testament. By hom is die Ou Testament nie noodwendig ou verbond en die Nuwe Testament nuwe verbond nie. Die ou verbond is die verbond met Israel (1985 :234). (8)

'n Tweede aspek van die verbond is die feit dat hy die eensydigheid sowel as die tweesydigheid daarvan erken:

> "Het verbond is èèn-zijdig van oorsprong, maar twee-zijdig van strekking" (Berkhof 1985 :231).

By Israel het hierdie tweesydigheid tot uiting gekom in die onderhouding van die wet van God. Hy sien die koning in die Ou Testament as die verbondsmiddelaar (Ibid :234). Omdat die volk

Israel nie die verbondseise nagekom het nie, is die "verbondsexperiment" met hulle as mislukking gedoem (Ibid :237).

In die Nuwe Testament is Jesus die volbrenger van die verbond. Hy is die uitnemende "geliefde verbondspartner" (Ibid :280). Hy word ook die een wat die verbond tussen God en mens vervul, in diè sin dat Hy God en mens aan mekaar verbind (Ibid :285).

In die nuwe volk van God vind ons, net soos by die ou volk (Israel), dat die verhouding tussen verlostes 'n verbondsverhouding is (Ibid :380).

Daar is bykans geen teologiese vraagstuk wat Berkhof nie in die lig van die verbond aanspreek nie. Dit is vir hom die vertrekpunt, vanaf die skepping, met die verbond tussen God en skepping of skepsels, dwarsdeur die verhaal van Israel as verbondsvolk, tot by Jesus Christus as "verbondspartner" by uitnemendheid en die nuwe verlostes in Christus as verbondsgemeenskap.

Dit is ook baie duidelik dat hy deurgaans die antwoord van die mens in die verbond as voorwaarde vir die geldigheid daarvan veronderstel. Hy gaan selfs sover as om die openbaring van God aan die mens afhanklik te maak van die mens se antwoord daarop (Ibid :61).

<u>4.2.5 Die rol van die verbond in die N.G.Kerk.</u>

Op hierdie stadium is dit baie belangrik dat ons kortliks sal kyk na die plek van die verbond in die N.G.Kerk. Hieruit sal ons in 'n mate ook kan aflei of die verbondsiening enige invloed het op die verskillende interpretasies van kontensieuse sake.

<u>-Teoloë.</u>

Ons kan die volgende persone as verteenwoordigende teoloë van die NG Kerk beskou: A.Murray, J.A.Heyns, W.D.Jonker, A.König.

Kortliks kan ons hulle teologie m.b.t. die verbond so opsom.

<u>-A. Murray.</u>

Soos reeds genoem in 'n vorige hoofstuk, het Murray nie 'n volledig-uitgewerkte verbondsleer nie. Tog is die verbond vir hom belangrik. Dikwels kom 'n mens onder die indruk dat hy die verbond as vanselfsprekend aanvaar. In sy werk oor die vereniging van die gelowige met Christus is die verbond vir hom voorop. In die boek: "*Die verborgenheid van die Ware Wynstok*" is hy, alhoewel hy die woord "verbond" selde gebruik, voortdurend besig met die verbond. So wys hy bv. op die beloftes van God in die verbond en die mens se aanvaarding daarvan (1897: 88 ev.).

God se doel met die verbond is om die mens te laat glo in Hom.

Daar is twee verbonde, nl. die oue en die nuwe. Die ou verbond is die mens se verbond en is tekenend van die onvermoë van die mens om homself te red. Die mens kom d.m.v. die "second blessing" in die nuwe verbond. Net soos daar twee verbonde is, net so is daar twee soorte christene, nl. die vleeslike en die geestelike (1991 :84). Die vleeslike Christene is daardie mense wat wel tot bekering gekom het, maar nie 'n algehele oorgawe aan Christus beleef het nie. Hulle is wel verlosde mense, maar smaak nog nie die volkome vrug van die Heilige Gees nie, tot hulle hul alles aan Hom oorgegee het:

> " 'Ek wil my hele hart oorgee om vol te word van U liefde'.
>
> Maar wanneer u u hart gegee het, dan is daar nog wat u moet gee. Daar is die hoof - die brein met sy gedagtes...daar is my verhouding teenoor die gemeenskap, my posisie onder die mense, my omgang in my eie huis, my vriende en familie; daar is my geld, my tyd, my besigheid; al hierdie dinge moet in die hande van Jesus gegee word" (1900 :272).

Die vervulling met die Heilige Gees geskied dan ook verbondsmatig, in diè sin dat dit 'n belofte is wat toege-eien moet word. (Ibid :294).

Waar Murray dus wel nie die woord "verbond" veel gebruik nie, is hy voortdurend besig met die begrip. Omdat hy in die vroeëre geskiedenis van die N.G Kerk in Suid Afrika soveel invloed uitgeoefen het, is dit vanselfsprekend dat hierdie gedagtes inslag in die kerk gevind het.

-JA Heyns.

Dit is belangrik dat ons die teologie van Heyns m.b.t die verbond sal ondersoek. Hy word nie slegs hoog aangeskryf vir die waardige en inspirerende manier waarop hy sy amp as professor aan een van die grootste teologiese fakulteite van die N.G. Kerk beklee nie, maar ook as vorige moderator van die Algemene Sinode van die N.G. Kerk. Daarom moet ons nie slegs aanvaar dat hy deur sy teologie vele studente gevorm het nie, maar dat hy ook namens die N.G. Kerk sekere uitsprake gemaak het.
Heyns maak nie noodwendig baie van die verbond nie. Vir hom is die sentrale begrip in die Bybel die *koninkryk van God*. (9)

> "Die sentrale plek wat die koninkryk in die geheel van die Skrif inneem, en met name in die prediking van Jesus, hoef hier nie weer beredeneer te word nie. Ewe min sal herhaal word wat reeds oor die koninkryk gesê is" (Heyns 1978 :352).

Heyns gebruik nie die verbondsbegrip baie nie. Hy maak 'n volledige uiteensetting van die verbond in *Dogmatiek,* en verwys weer daarna met redelike nadruk in *Die nuwe mens onderweg*.

Le Roux merk op dat alhoewel Heyns nie besig is met die woord "verbond" as sodanig nie, hy tog inherent met die begrip werk (1991 :86).
Ook die koninkryksgedagte van Heyns sien hy as 'n ander kant van die verbond (Ibid :86).

Alhoewel hy dus nie die verbond as sentrale begrip in sy Skrifbeskouing opneem nie, is die verbond vir hom belangrik. Hy meen selfs dat God op geen ander manier as die verbond met die mens werk nie.

> "Die verbond is inklusief, dit wil sê, ongeveer alle aspekte van Gods handelinge met die mens, kom in mindere of meerdere mate, op die een of ander wyse, binne die gesigseinder wanneer die verbond behandel word. Die verbond gee die matelose dimensies aan van die diepte van Gods wysheid, die breedte van sy liefde, en die lengte van sy lankmoedigheid en trou. Die ganse openbaring immers, word deur die verbond bepaal, sodat elke tema of locus in die dogmatiek, 'n verbondsperspektief vertoon (Heyns 1978 :200).

Hy verstaan onder die verbond die werksverbond wat verskillende gestaltes aanneem (Ibid :208). In hierdie werksverbond maak God bemoeienis met die mens. Dit gaan voort deur al die verskillende manifestasies van die genadeverbond, tot en met die nuwe verbond. Christus vervul die genadeverbond, en maak dit daardeur nuut. Hy is die Middelaar van die verbond (Ibid :210-215).

Heyns verwys duidelik na die monopleuriese oorsprong van die verbond, waar God die Inisiator van die verbond is. Hierdie monopleuriese oorsprong van die verbond dui onvervreembaar op die werking van God alleen. Tog hou sy verbondsiening nie hier op nie. Die verbond het ook 'n dupleuriese karakter.

> "Na sy wese is die verbond 'n gemeenskapliksverhouding

waarin die element van die wederkerigheid van wesenlike betekenis is. Grondslag hiervoor word gevind in die feit dat die mens na Gods beeld geskape is. En natuurlik ook omgekeerd: in die verbondshandelinge van God met die mens en sy eie, daarop reagerende en daaruit voortvloeiende handelinge, blyk *dat* die mens, en *wat* dit beteken dat die mens, Gods beeld is. Anders as die res van die skepping is die mens 'n aangesproke èn 'n antwoordende wese, waaruit tegelyk sy *selfstandigheid* maar ook sy *relatiewe selfstandigheid* blyk...Op die dupleuriese aspek van die verbondstrekking sal dus eweneens volle aksent gelê moet word - daarmee is immers niks minder nie as die menswees van die mens op die spel" (Ibid :216, 217).

Hierin verskil Heyns dus van die verbondsteologie. Hy aanvaar dat die mens 'n verantwoordelikheid in die verbond het. Indien iemand die verbondseise nie nakom nie, word die verbond, met al sy beloftes, nie gerealiseer nie (Ibid :219).
Selfs die verbondskinders, wat die teken van die verbond ontvang het, moet die verbondseise nakom om die verbond in hul lewens te realiseer.

"Die appèl van die verbond word dus *na binne* gerig: nie almal wat in die verbond is, is gelowiges of lewe as gelowiges nie. Maar die appèl word ook *na buite* gerig: van hulle wat tans buite is, is bestem vir die verbond. 'n Verbond sonder 'n appellerende verbondsprediking, is gevolglik nie die Bybelse verbond nie" (Ibid :220).

Opsommend kan dus gesê word dat Heyns, alhoewel hy nie die verbond as sentrale begrip in die Bybel hanteer nie, hy tog die waarde daarvan in die openbaring erken. Sy verbondsbegrip is monopleuries sowel as dupleuries van aard. God inisieer die verbond, maar appelleer op die mens om ook sy kant te verantwoord, anders is die verbond ongeldig.

-WD Jonker.

Net soos Heyns, is Jonker 'n gewaardeerde professor aan 'n teologiese fakulteit van die N.G.Kerk. As 'n openbare figuur in die kerk is sy teologiese sieninge uiters belangrik.

Jonker het vier uigangspunte t.o.v. die verbond: die verhouding uitverkiesing en verbond, die wet en die evangelie, God en die mens as bondgenote, en Israel en die kerk (Le Roux 1991 :86).

Die uitverkiesing en die verbond is onlosmaaklik aan mekaar verbonde. Tog is hulle onderskei, want die uitverkiesing val in die geskiedenis en die verbond is gestalte. Verbond en uitverkiesing kwalifiseer mekaar. (Ibid :88).

Hy sien ook net een verbond, nl. die genadeverbond met die mens van die begin af (Ibid :89).

Hierdie verbond bespreek hy in 'n broederlike onderhoud met die Sinode van Suid-Transvaal gedurende Oktober 1991. Ons vind die volgende sieninge hieroor:

Hy onderstreep die monopleuriese karakter van die verbond heel aan die begin van die referaat.

> " Om te verstaan wat ons met *verbondperspektief* bedoel, is dit nodig om eers te vra wat die verbond konkreet en prakties vir ons beteken. Ons kan dit saamvat deur te sê dat die verbond volgens die Bybel die vrye en genadige selfbeskikking en selfverpligting van God is waardeur Hy Homself verbind om in liefde vir sy volk 'n God te wees, en sy volk innerlik deur sy Woord en Gees te verander om in wederliefde vir Hom 'n volk te wees" (Jonker 1991:1).

Alhoewel hy die vrye selfbeskikking en selfverpligting van God as oorsprongsrede vir die verbond aanvoer, lê hy eweneens klem op die dupleuriese sy van die verbond.

> "Let daarop dat ons hier twee elemente met mekaar verbind: (a) Gods *selfverpligting*, sy *inisiatief*, sy *vrye liefde en genade* aan die een kant, en (b) sy wil dat die mens van sy kant in *vryheid* en *dankbaarheid*, in *wederliefde* daarop moet reageer. Dit is wat ons bedoel as ons sê dat Gods verbond met sy volk tegelyk *monopleuries* en *dupleuries* is: dit gaan heeltemal van Hom uit en is die vrug van sy onverdiende vrye guns, maar dit is terselfdertyd bestem om in die vorm van 'n wedersydse persoonsverhouding te bestaan waarin die mens deur geloof en bekering in vryheid met God wandel" (Ibid :1).

Net soos Heyns, wys hy op die appèl wat die doop op die bondeling maak om die beloftes van die verbond deur geloof en bekering toe

te eien. Indien dit nie gebeur nie, het die verbond geen waarde vir die bondeling nie.

> "Selfs die verbondskind is in sonde ontvang en gebore en vanweë die geheimenis van die kwaad is dit nie net waar dat elke mens 'n sondaar is en van nature 'n vyand van God nie, maar ook dat sy of haar lewe vol weerstand teen die genade is en dat daarom talle uit die verbondskring vir ewig verlore gaan. Die verbondsbeloftes werk nie outomaties nie. Geloof en bekering dra werklik 'n beslissende karakter met betrekking tot die heil. Die appèl om tot die geloof te kom en die beloftes van die heil te omhels, is vir elke verbondskind net so noodsaaklik as vir diegene buite die verbondskring" (Ibid :3).

Die verbond is dus vir Jonker ook 'n Goddelike instelling met wedersydse verantwoordelikheid. Indien die mens sy kant van die verbond nie verantwoord nie, is hy verlore.

-A König.

Net soos die twee voorafgenoemde teoloë, is die invloed van König in die N.G.Kerk in Suid-Afrika baie sterk. Hy is egter, in teenstelling met Jonker en Heyns, nie verbonde aan 'n teologiese fakulteit wat aan 'n kerklike denominasie gebonde is nie. Juis vanuit hierdie interkerklike fakulteit is sy invloed dus nie net beperk tot die N.G.Kerk nie, maar is veel breër. Aan die ander kant is daar minder N.G.Kerk-predikante wat onder hom gestudeer het.

Kônig se hele teologiese uitgangspunt maak hy vas aan die verbond. Dit is vir hom die sentrale tema in die Bybel.
"Kônig kies die verbond as uitgangspunt in sy teologie" (Le Roux :91). (10)

Le Roux wys op die volgende rakende die verbondsiening van Kônig:
- In sy teologie is hy voortdurend met die verbond besig. In hierdie siening is die verbond in die ganse kosmos teenwoordig. Hierdie verhouding van God met die mens en die skepping is 'n verantwoordelike verhouding.

- God gaan verbondsmatig met die skepping om. Hy gee ruimte vir die mens in die gang van die geskiedenis, maar gryp self ook daadwerklik in. Die mens as bondgenoot van God kan en moet vrylik antwoord op God se spreke en handelinge.

- Die nuwe verbond kry gestalte in die persoon van Jesus Christus. Hy is die eerste en die laaste en daarom is Hy die beliggaming van die Abrahamverbond (Ibid :92).

> "So word die mens die (toegerekende) troue bondgenoot van God (1980:76)... Toe Christus die eertse keer gekom het is die verbond *vir* ons vervul, en toe hy deur die Heilige Gees gekom het is die verbond *in* ons vervul. Lg. is egter 'n proses wat voortduur totdat Hy die verbond *met* ons vervul het" (Ibid: 93).

Hierdie siening van Le Roux, rakende die teologie van Kônig strook ook met my siening. Ek wil egter die tweeledige karakter

van die verbond, (d.w.s die monopleuriese- en dupleuriese karakter daarvan) meer uitlig en beklemtoon, aangesien dit vir hierdie studie belangrik is.

Hy maak sy verbondsiening in 'n groot mate aan die Duitse verbondsteologie vas. Veral H.Berkhof is vir hom belangrik. Vir Berkhof (soos reeds genoem) is die verbond nie slegs die sentrale tema in die Bybel nie, maar ook speel dit feitlik sonder uitsondering vir hom die bepalende faktor in enige teologiese saak. Ons vind dit ook by König. Daarom is die verbond by hom bepalend in sake soos die doop, nagmaal, en natuurlik geloof en bekering.

Hy maak nie die verbond en die koninkryk van mekaar los nie. In die Ou Testament is die bepalende saak die verbond. In die Nuwe Testament eerder die koninkryk. Tog kom die verbond ook in die Nuwe Testament voor (1983 :40). Die doel van die verbond is vrede. Vrede tussen God en mens en natuurlik as uitvloeisel, vrede tussen mens en mens (Ibid :44).

König onderstreep die monopleuriese oorsprong van die verbond.

> "Verder is nie net die einddoel van beide verbonde dieselfde nie (die ewige lewe) maar beide het ook net èèn Middelaar, Jesus Christus, en ook èèn geloof, èèn hoop, èèn liefde. Beide verbonde is ook monopleuries en beide het sakramente" (1980 :67).

Waar hy in die voorafgaande aanhaling melding van twee verbonde

maak, gaan dit oor die werkverbond en die genadeverbond. Hy meen nie dat daar 'n onderskeid hoef te wees nie. Vir hom is daar egter die onderskeid tussen die ou verbond en die nuwe verbond. Die ou verbond word vergestalt in die Sinaïverbond. Hierdie verbond het verbygegaan, en die Abrahamverbond word in Christus herbevestig as die genadeverbond. (11)

> "Dit beteken dat ons sedert Christus in die herbevestigde Abrahamverbond leef en dat hierdie verbond die evangelie is. Hierdie verbond is nooit afgeskaf nie, maar toe die Sinaïwetgewing wat later bygevoeg is, dit prakties verdring het in die tyd van Jesus, en die Jode hulle geregtigheid by God deur die wet (die ou verbond) gesoek het, en nie deur die geloof (die Abrahamverbond) nie, is die ou verbond afgeskaf en die enigste geldige verbond herbevestig" (1980 :72). (12)

Hierdie siening van König, nl. dat die genadeverbond die Abrahamverbond is, wat in die Ou-, sowel as Nuwe Testament voorkom, is deurslaggewend vir sy siening dat die verbond nie net monopleuries van aard is nie, maar ook dupleuries. (13)

> "'*En julle sal vir My 'n volk wees*' is die tweede deel van die verbond. Dit is die mens se deel. Dit is die mens se verantwoordelikheid in die verbond. Die verbond verplig die mens - as bondgenoot van God - nèt tot dankbaarheid - maar verplig hom *werklik* tot dankbaarheid. Niks meer nie, want in Jesus het God alles gedoen, deur Jesus *is* die wêreld met God versoen en reken God hulle hul misdade *nie toe nie* (2 Kor.5:18,19). Maar ook niks minder nie, want

as God nie anders God wil wees as God-met-ons nie, as God in die ewigheid eens en finaal van alle neutraliteit afgesien het en die mens gemaak het om hom te begenadig, staan dit ook vir eens en vir altyd vas dat die mens nie anders mag wees as God se bondgenoot nie; dat ook hy van meet af aan uit alle neutraliteit moet uittree, God se kind moet wees en in afhanklikheid van Hom en dankbaarheid teenoor Hom leef" (1980 :75).

König stel dit dus duidelik dat die verbond twee kante het. Dit is nie net monopleuries van aard nie, maar ook dupleuries. Die dupleuriese aard veronderstel dat die mens 'n verantwoordelikheid in die verbond het. Indien hierdie verantwoordelikheid nie nagekom word nie, word die verbond ongeldig.

-Die verbond in die praktyk in die NG Kerk.

Soos reeds opgemerk, speel die verbond 'n groot rol in die siening van die nagmaal, die doop, die belydenisaflegging ens. Hierdie verbondsbewustheid in die amptelike liturgie kom m.i. egter nie tot sy volle reg in die prediking en die algemene praktyk in die NG Kerk nie. (14) Le Roux maak tereg die volgende stelling:

"Die kerke word dus nie (tegnies) met die 'verbondsteologie' bedien nie, alhoewel toegegee moet word dat die verbond as integreringsbeginsel wyd aanvaar en in die teologie toegepas word "(Ibid :96).

Hy meen ook dat baie min aandag aan die verbond gegee word in die

kategese, omdat die kategese grootliks op die H.K steun. Ook in die bedieningspraktyk is die verbond net in naam aanwesig (Ibid :97).

Ek glo dat hierdie siening van die huidige implementering en rol van die verbond in die lewe van die kerk korrek is. Miskien is dit juis daarom dat daar by vele lidmate 'n ongeërgdheid is oor die belang van die sakramente en die meelewing in die kerk. Hulle hoor van die verbond, maar dit hang dikwels in die lug en het vir die gewone lidmaat nie veel waarde nie.

## 4.3 Aspekte van die verbond.

### 4.3.1 Inleiding.

Alhoewel 'n mens heelwat aspekte van die verbond kan onderskei, is dit vir ons studie belangrik om te let op daardie aspekte van die verbond wat sou kon bepaal of die verbondsteoloë die verbond op 'n aanvaarbare manier gebruik. Indien ons sou vind dat die verbond net 'n eensydige karakter dra - dit kan sekerlik ook 'n supralapsariese of eensydig-monopleuriese aard genoem word - dan sal 'n mens die verbondsteologie gelyk moet gee. Aan die ander kant, as dit sou blyk dat die verbond ook 'n dupleuriese aard openbaar, wat ook in 'n groot mate ooreenstem met wat ons die infralapsariese karakter kon noem (alhoewel hierdie twee terme nie dieselfde is nie, is daar raakpunte wat die verantwoordelikheid van die mens betref), moet ons bepaal hoedanig die verantwoordelikheid van die mens sou wees. Ons sal

ook moet bepaal wat hierdie verantwoordelikheid behels. In hierdie hoofstuk wil ons grotendeels bepaal of die mens 'n verantwoordelikheid in die verbond het. Indien ons dit wel kan bepaal, sal ons in 'n later hoofstuk probeer vasstel wat hierdie verantwoordelikheid behels.

4.3.2 Die monopleuriese oorsprong van die verbond.

Onder die monopleuriese aard of karakter van die verbond verstaan ons daardie deel van die verbondsiening waarvolgens die verbond suiwer 'n Godsgeïnisieerde instelling is. Dit is nie deur die mens uitgedink of bepaal nie. God alleen gee daaraan sy waarde en plek in die heilsweg. (15)

Indien bogenoemde stelling korrek is, hoe bring 'n mens dit dan in verband met die siening dat die mens 'n verantwoordelikheid in die verbond het? Dit lyk eerder asof dit die teendeel sou wees. Dit is egter nie so nie. Die monopleuriese aard van die verbond is bepalend van die *oorsprong* daarvan en moet nie sondermeer op die werking van die verbond toegepas word nie.

Waarin bestaan die monopleuriese karakter van die verbond? Dit kom tot verwerkliking in die genadewerk van God met die gevalle mensdom. Dit is nie die aard van die mens om na God te soek nie. Die mens is eerder van nature geneig om God te haat. Daarom is dit ook ondenkbaar dat die mens uit sy eie met 'n verbondsvoorstel na die Here sou gaan. Die vrye inisiatief ten opsigte van die verbond het uitsluitlik van God af gekom. Die

manier waarop die Here met die mens omgaan, is deur die verbond. In hierdie verbond is die partye egter nie gelyk nie.

> "Die verbond tussen God en die mens lyk egter anders. Daar is wel nog twee partye betrokke, God en mens, en verder het albei verpligtinge: ('Ek sal vir julle 'n God wees en julle sal vir My 'n volk wees'), maar hierbenewens is daar groot verskille met 'n gewone verbond. Hier is geen sprake van deeglike onderhandelinge deur min of meer gelyke partye waarna uiteindelik gesamentlik besluit word op elkeen se bydrae nie, maar 'n instelling van die verbond waarin God alleen die inisiatief neem" (König 1986 :106).

Heyns sien die monopleuriese karakter van die verbond in dieselfde lig: (16)

> "Die verbond tussen God en mense, vertoon allerlei ooreenstemminge, maar ook fundamentele verskille, met 'n verbond tussen mense onderling. Hier is, uiteraard, van gelykwaardigheid tussen die (P)partye geen sprake nie. God is die Skepper van die mens, en tree met die mens in 'n verbondsverhouding. Laasgenoemde is dus nie 'n natuurlike situasie waarin die mens hom as't ware outomaties bevind nie, maar is 'n besondere gemeenskapsverband wat deur die inisiatief van God met die mens aangegaan is, en deur Homself van inhoud voorsien is" (1978 :202).

Die goedheid van die mens is nie die rede hoekom die Here met die mense 'n verbond gesluit het nie. Die rede is die vrye genade en liefde van die Here vir 'n verdorwe en verloregaande mensdom.

Die Here het die mens, ten spyte van sy sonde, nog steeds lief. Omdat die Here hierdie onverklaarbare liefde vir die mens het, sluit Hy 'n verbond met die aartsvaders.

> "Allereers lê die nadruk op dit wat *die Here* doen. Hy regverdig of red 'n mens. Aan sy inisiatief het ons alles te danke. Dis alles net genade. Dit is trouens hoe dit ook in die heilsgeskiedenis gaan. *God* het geskep. *Hy* het Abraham geroep. *Hy* het Israel uitgelei. *Hy* het die volk male sonder tal na Hom teruggeroep. *Hy* het hulle uit ballingskap teruggebring. *Hy* het sy Seun as Verlosser gestuur. *Hy* het die Gees gestuur, die kerk gestig, die evangelie wêreldwyd laat verkondig. Die ganse verbondsgeskiedenis het dus hierdie struktuur: dis wel 'n verbond tussen twee partye, maar die inisiatief gaan altyd van *God* uit" (König 1983 :104)

Wanneer die Here op enige manier met die mens te doen het, is dit nie met 'n gelyke nie, maar met 'n mindere. God buig dus neer om die mens se hand te vat. Hierdie neerbuiging noem Berkhof die *condescendentie* van die Here (1985 :154). Die neerbuiging van God vind nie net gestalte in die skepping nie, maar op elke manier wat die Here met die mens werk.

Ook in die wyse waarop die Bybel na die verbond verwys, vind ons hierdie eensydigheid:

> "Hierdie eensydige struktuur van die verbondsluiting word ook weerspieël in die wyse waarop daar na die verbond verwys word. Dit is nie die verbond van *Abraham* met die

Here nie, selfs nie die verbond *tussen* die Here en Abraham nie, maar die *Here se verbond* met Abraham en die verbond wat *die Here* met Abraham sluit" (König 1986 :108).

In die lig van hierdie feite kan ons nie anders as om die verbond te sien as monopleuries van oorsprong nie. Twee partye, mens en God, het nie saam besluit om 'n verbond aan te gaan met gelyke verpligtinge nie. Dit kom uitsluitlik van God af: *Hy* stel die verbond uit *genade* en *liefde* in.

Indien die monopleuriese karakter van die verbond egter ten koste van die dupleuriese uitgesonder word, vind 'n mens in hierdie wanbalans dat die verantwoordelikheid van die mens in die verbond negeer word. Dan kan ons eerder van 'n "belofte" as 'n "verbond" praat. Ons het vantevore aangehaal dat die verbondsteologie die genade van die verbond as plaasvervangend vir die mens se verantwoordelikheid aanvaar. Die mens word, volgens hulle siening, onvoorwaardelik gered. Hulle meen dat as 'n mens die verantwoordelikheid van die mens in die verbond aanvaar, jy dit nie meer 'n *genade*verbond kan noem nie (SOW Julie 1987 :7).

<u>4.3.3 Die dupleuriese karakter van die verbond.</u>

Indien die verbond egter in sy werking ook net 'n monopleuriese karakter openbaar, en nie 'n dupleuriese nie, sou ons moes aanvaar dat die mens geen verantwoordelikheid in die verlossing het nie. Dan moet ons die verbondsteologie gelyk gee. Daarom is die vraag of daar 'n dupleuriese werking aan die verbond is,

een van die spilpunte van hierdie hele studie.

Alhoewel 'n mens nie die monopleuriese *oorsprong* van die verbond genoeg kan onderstreep nie, vind ons in die *werking* van die verbond egter 'n dupleurisiteit. Hierdie eienskap van die verbond doen op geen wyse skade aan die genade-aspek van die verbond nie. In die geskiedenis van die reformasie kry ons vroeg reeds die siening dat die verbond die onvoorwaardelike genadebeskikking van God oor sy uitverkorenes is, teenoor die siening wat die klem daarop laat val dat God aan sy volk die verbondsbeloftes gee met die eis dat hulle dit moet glo en daaruit moet lewe (Jonker 1989 :91). In die geval waar die verbond se dupleuriese karakter afgewys is, is die verbond 'n blote uitvloeisel van die uitverkiesing, en in dié sin is "die verbond van genade in wese niks anders nie, as die uitwerking in die tyd van die ewige uitverkiesing" (Ibid :92). Hierteenoor is Calvyn se siening:

> "Calvyn onderskei tussen 'n algemene en besondere verkiesing. Laasgenoemde val by hom saam met die verbond. 'n Deel van diegene wat by die verbond ingesluit is, gaan deur hulle ongeloof verlore, omdat hulle nie deel het aan die besondere uitverkiesing nie. Maar dit wil nie sê dat hulle nie aan die verbond met sy belofte en eis deelgehad het nie. Calvyn ken nie die onderskeid tussen 'n inwendige en uitwendige verbond nie, maar hy onderskei tussen tweërlei kinders van die verbond, die gehoorsames en die ongehoorsames" (Ibid :97).

Hierdie onderskeiding in die uitverkiesingsleer van Calvyn bring

'n sekere mate van spanning mee (Ibid :88). Tog is dit duidelik dat Calvyn nie die verantwoordelikheid van die mens in die verbond negeer nie (soos reeds uitgewys in die vorige hoofstuk). Die feit dat hy praat van die "gehoorsame" en "ongehoorsame" kinders van die *verbond,* impliseer 'n verantwoordelikheid van mensekant. Die ongehoorsames kom nie hul verantwoordelikheid na nie, terwyl die gehoorsame kinders dit wel doen. Hiermee veronderstel Calvyn dus 'n dupleuriese werking van die verbond.

Die dupleuriese karakter is dus daarin geleë dat die verbond nie eensydig werk nie, maar dat dit 'n verantwoordelikheid van beide partye eis.

> "Die Griekse woord *suntheke* is doelbewus vermy, omdat hierin die gelykwaardigheid van die partye aanwesig is, en dit dus nie 'n testament nie, maar 'n kontrak aandui. En tog is die verbond baie beslis ook *twee*-sydig. Nie alleen word die verbond met die mens, as die tweede party, opgerig nie, aan hom word ook sekere beloftes gemaak, en sekere verpligtinge opgedra. Daarom is die verbond *monopleuries* na sy oorsprong en *dupleuries* na sy bestemming. Die mens is in die verbondsverhouding nie passief nie, maar in die hoogste mate aktief. Hy moet Gods beloftes aanvaar en Gods bevele gehoorsaam" (Heyns 1978 :202).

Hierdie aanhaling is in ooreenstemming met dit wat ons leer uit die verbondsformule. Die Abrahamitiese verbondsformule lui nie net: "Ek sal vir julle 'n God wees" nie, maar ook "en julle sal vir My 'n volk wees" (Gen. 17:7, Eks. 6:6, Jer. 31:1, 31:33,

Hos. 1:9, 2:22, 2 Kor. 6:16, Heb. 8:10, Op. 21:3 en nog vele ander plekke). Hierdie woorde het sterk inhoudelike betekenis. Ons moet let op die tweeledigheid van die verbond: in die eerste plek die Here se verantwoordelikheid: "Ek sal vir julle (hulle) 'n God wees..." Daarmee word bedoel dat die Here die volk se God is. Dit hou die volgende in:

- Dat die Here hulle sal seën. Seëning deur God hou in: Die Here sal red, Hy sal genadig wees, Hy sal hul gebede verhoor, en vrede gee (Num. 6:24, 25, 26).

- Dat Hy hulle voorspoedig sal maak. (17) As ons let op die uitverkorenes van veral die vroeëre tyd in die Ou Testament is dit treffend dat baie van hulle voorspoedig was. So vind ons die ryk Abraham, Dawid, Salomo, en die ander konings wat die Here opreg gedien het. Selfs die vrome Job het, ten spyte van die beproewing, voor en na die beproewing die seëninge van die Here gesmaak. Hierdie materiële voorspoed sien die Satan dan juis as die rede vir die vroomheid van Job. Later vind ons egter dat die regverdiges wel kla oor die voorspoed van die òngelowiges. Ons kry dit byvoorbeeld in Ps. 73, waar Asaf kla oor die voorspoed van die "hooghartige goddeloses". Tog, ten spyte hiervan, kry ons die tendens dat die volk, in tye van opregte diens aan God, voorspoed ervaar het, in teenstelling met die teenspoed in tye van goddeloosheid.

-Dat Hy hulle sal verlos. Hierdie verlossing is nie net uit die hand van hul vyande op aarde nie, maar is uiteindelik die verlossing van sonde, die dood en die Satan. Hierdie ewige

oorwinning is die groot geskenk wat die Here aan sy kinders gee.

-In Jesus word die eerste deel van die verbondsformule op 'n besondere manier vervul:

> " 'Ek sal vir julle 'n God wees' is die eerste deel van die verbond. Dit is God se deel. Dit is God se verantwoordelikheid in die verbond. In Jesus word nou bevestig wat ons dwarsdeur die O.T. hoor en sien dat God in hierdie verbondsverhouding werklik *vir* die mense is. Hy is nie sy skepping vyandig nie. Hy is ook nie neutraal teenoor sy skepping nie, Hy is *vir* sy skepping. 'So lief het God die wêreld gehad' - en 'wêreld' is by Johannes die sondige mensdom! Dit word in Jesus finaal en volmaak geopenbaar. Sò is God, want Jesus is die openbaring van God en Hy is sò. Jesus was (en is!) vír die mense. Die ganse geskiedenis wat Hy op aarde gemaak het, was 'n openbaring van sy betrokkenheid by die nood van mense - juis dié soort mense wat nie met reg aanspraak op sy aandag kon maak nie. As die doel van die geskiedenis van Israel, is Hy self die vervuller en die vervulling van die verbond van God met Israel - én die openbaring en openbaarder dat die verbond met Israel gerig was op en bedoel was vir alle mense" (Kõnig 1980 :74).

Die verbond het egter ook 'n tweede deel, wat dui op die verantwoordelikheid van die mens en dit is juis hierdie aspek van die verbond wat in hierdie studie van beslissende betekenis is. Hierdie verantwoordelikheid is vervat in die tweede deel van die

verbondsformule, nl. "en hulle sal My volk wees". Om volk van God te wees, beteken dat die volk God met oorgawe sal dien, eer en vrees. Ons kan van die veronderstelling uitgaan dat die uitdrukking: "volk van God wees" inhou dat die mens sy kant van die verbond moet nakom uit dankbaarheid dat God sy kant aan die mens gee. M.a.w. omdat God my verlos, dien ek Hom. Omdat Hy my onderhou, bring ek my offers. Omdat Hy my eerste liefgehad het, het ek Hom ook lief. Die rede vir die onderhouding van die verbond is nie om die verhouding met God te inisieer nie (want God is die Inisieerder van die verbond), maar eerder om uit dankbaarheid God te verheerlik.

> "*En julle sal vir My 'n volk wees*" is die tweede deel van die verbond. Dit is die mens se deel. Dit is die mens se verantwoordelikheid in die verbond. Die verbond verplig die mens - as bondegenoot van God - nèt tot dankbaarheid - maar verplig hom *werklik* tot dankbaarheid. Niks meer nie, want in Jesus het God alles gedoen, deur Jesus *is* die wêreld met God versoen en reken God hulle hul misdade *nie toe nie* (2 Kor. 5:18,19). Maar ook niks minder nie, want as God nie anders God wil wees as God-met-ons-nie, as God in die ewigheid eens en finaal van alle neutraliteit afgesien het en die mens gemaak het om hom te begenadig, staan dit ook vir eens en vir altyd vas dat die mens nie anders mens mag wees as God se bondgenoot nie; dat hy ook van meet af aan uit alle neutraliteit moet uittree, God se kind moet wees en in afhanklikheid van Hom en dankbaarheid teenoor Hom leef" (König 1980 :75).

Hierdie gevolgtrekkings sou sekerlik die heelhartige goedkeuring van die verbondsteologie dra. Ook hulle sal sê dat die verbond 'n mens tot dankbaarheid oproep. Hulle meen egter dat die dankbaarheid by die mens aanwesig behoort te wees nie net omdat God die verbond inisieer en daaraan gestalte gee nie, maar ook omdat Hy dit sonder enige verantwoordeikheid van die mens se kant verwerklik. Ons vind egter dat ons hier by een van die kernvraagstukke van die verbond kom: bly die verbond geldig as die mens nie ook sy kant bring nie? Anders gestel, deel die mens nog in die heil as die mens God ignoreer? Onderhou God albei kante van die verbond en die mens moet net passief wag dat die vervulde verbond soos 'n heerlike reën oor hom uitgestort word? Die hele inhoud van die Bybel dui daarop dat die antwoord 'n emfatiese "nee" is! Juis hierom het die ou verbond misluk: Israel het steeds die afgode gedien en hul hart was ver van God af. Daarom wil God telkens met hulle die verbond verbreek. "Die Here het gesê: Noem hom Nie-my-volk-nie want julle is nie my volk nie, en Ek is nie (meer) julle God nie" (Hos. 1:9). Dit is uiters belangrik om in hierdie aanhaling daarop te let dat die normale volgorde van die frases in die verbondsformule omgeruil word. Gewoonlik is dit andersom, nl. dat daar eers gesê word "Ek sal vir julle 'n God wees", en daarna "En julle sal vir My 'n volk wees". Wolff (1965 :22) skryf hierdie omruiling en die feit dat die mens se afvalligheid eerste genoem word aan die mens se verbreking van die verbond toe. Die mens versuim om sy kant van die verbond na te kom, en veroorsaak dat God Hom aan die volk onttrek. Volgens Vosloo is die boek Hosea nie chronologies saamgestel nie. Die eerste twee hoofstukke is in werklikheid die

konklusie van die boek. Daarmee meen hy dat die genade-aanbod aan die einde van die boek nie van die eerste hoofstukke 'n ydele dreigement maak nie. Die Here verbreek inderdaad en finaal die verbond met die volk in Hos. 1:9. (18) Hierdie gedagte dat die volk die verbond kan verbreek en dan buite die verbond val, kom ook by die ander profete voor.

Paulus huldig ook hierdie gedagte in Romeine 11. Hier gaan dit oor Israel wat die heidene moes lok sodat hulle hul na God sou wend. As gevolg van hulle volhardende ongeloof (vers 20) word Israel egter uitgekap en die heidene as gevolg van hul geloof in die boom ingeënt. Gevolglik word die teendeel waar: die heidene moet Israel nou jaloers maak op hul eie Messias (vers 12). Die feit dat daar 'n ommeswaai plaasgevind het, is nie as gevolg van een of ander swakheid in die verbond nie, maar as gevolg van die ongeloof van die Jode. Paulus sluit hierdie gedeelte af met 'n indirekte, dog dringende oproep tot gehoorsaamheid aan die ongehoorsame Jode. Indien hulle gehoorsaam word, sal God Hom oor hulle ontferm (vers 30 - 32). Maar as hulle in hulle ongeloof volhard,sal hulle verlore gaan - hulle wat die verbondsvolk was.

Hierdie verantwoordelikheid van die mens om gered te word, kom ook in 2 Kor. 5: 11 - 6:1 voor. Hier maak hy heelwat gebruik van die term "versoening". Die monopleuriese oorsprong van die heil in Christus word beklemtoon daarin dat God die mens, deur Christus, met Hom versoen het (vers 16 - 19, 21). Tog kom die dringende oproep van die boodskap van die versoening na vore in die pleitrede van Paulus: "Ons smeek julle namens Christus: aanvaar die versoening met God wat Hy bewerk het!" (vers 20).

Die oorspronklike sou 'n mens eerder letterlik kon vertaal: "versoen julle met God!". Hierdie smeking word herhaal in hoofstuk 6:1: "As medewerkers van God doen ons 'n beroep op julle om te sorg dat julle die genade van God nie tevergeefs ontvang het nie." Waar die versoening in die indikatief die monopleuriese oorsprong sou aandui, wys die imperatief op die dupleuriese werking.

Dit gaan dus om God se inisiatief en die mens se verantwoordelikheid. Alhoewel God die verbond uit genade van sy kant af gee, en die verbond inhoudelik baie meer aan die mens bied as wat hy ooit kan teruggee, is die voortgang van die verbond daarin geleë dat die mens positief reageer. God is getrou, daarom is sy kant van die verbond volmaak, maar dit gee nog nie die mens die reg om *onwillig* te wees om die verbond na te kom nie. Waar hy in menslike swakheid faal aanvaar die Here ook sy poging in liefde. Maar die onvermoë van die mens is nie 'n verskoning om onwillig te wees om sy verbondsverpligting na te kom nie. Al voorsien die Here ook vir die onvermoë van die mens, voorsien Hy nie vir die onverskilligheid van die mens nie.

> "A third and final characteristic of the covenant of grace goes paired with the second, namely, that it realizes itself in a way which fully honors man's rational and moral nature. It is based on the council of God, yes, but nothing may be subtracted from that fact. Behind the covenant of grace lies the sovereign and omnipotent will of God, which is penetrated by Divine energy, and which

> therefore guarantees the triumph of the Kingdom of God over the whole power of sin. But that will is not a necessity, a destiny, which imposes itself on man from without, but is, rather, the will of the Creator of heaven and earth. Further, that will is the will of a merciful and kind Father, who never forces things with brute violence" (Bavinck 1956 :278).

Ons kan dus soos volg saamvat: *Alhoewel dit 'n genadeverbond is, en die Here die verbond inisieer, kan die Here die verbond beëindig as die mens nie sy verantwoordelikheid nakom nie.*

Die vraag wat die verantwoordelikheid van die mens behels, sal in 'n latere hoofstuk bespreek word.

Ons moet egter daarop let dat die genade-aspek van die verbond nie verwaarloos moet word nie. Ons moet steeds besef dat ons met 'n genadeverbond te doen het. Die genade lê egter nie daarin dat God die verantwoordelikheid van die mens uitskakel neem nie. Dit lê eerder daarin dat God uit sy heerlike magsposisie na die mens kom en hom kindskap aanbied. Uit genade soek en vind God die verlore en afgedwaalde skape. Aan die ander kant mag die mens hom nooit aanmatig en dink God is hom iets verskuldig nie. God se hele bemoeienis met die mens is die uitwerking van die liefde van die Here.

> "One segment of evangelism has begun to propound the doctrine that conversion to Christ involves 'no spiritual commitment whatsoever'. Those who hold this view of the

gospel teach that Scripture promises salvation to anyone who simply believes the facts about Christ and claims eternal life. There need be no turning from sin, no resulting change in lifestyle, no commitment - not even a <u>willingness</u> to yield to Christ's lordship. Those things, they say, amount to human works, which corrupt grace and have nothing to do with faith" (Mc. Arthur 1988 :22).

As die genade van die Here dan so groot is, hoekom verwag die Here dan iets van die mens? Sou dit dan nie beter gewees het as die mens geen verantwoordelikheid sou hê nie? Die verbondsteologie maak die volgende stelling wat ons weereens aanhaal:

> "Maar dan is daar die 'verbondspredikante' wat weet van 'n verbond wat nie 'n genadeverbond genoem kan word nie. Dis 'n verbond sonder genade - al word die woord genade ook in die verband gebruik, selfs kwistig soos by Rome. Dit is diegene wat sê God sê Hy sal ons God wees, maar dan moet ons sy volk wees, en hulle dan haas om die verbondseise te stipuleer.
>
> Dit kan tog nie 'n genadeverbond wees nie. Dit is 'n voorwaardelike verbond. 'n Ooreenkoms wat jou sekere voordele laat toekom mits jy sekere voorwaardes nakom. Dit is 'n voorwaardelike verbond en dit is absurd. 'n Genadeverbond, daarenteen, is onvoorwaardelik. 'n Belofte sonder teen-prestasie. Dit kan sonder meer geglo word" (SOW Julie 1987 :5).

Is die genade-aspek van die genadeverbond daarin geleë dat God geen eis stel en niks van die mens verwag om gered te word nie? Die feit dat dit 'n genadeverbond is, gee tog nie die mens die reg om op te tree soos hy goed dink nie. Genade negeer nie die mens se verantwoordelikheid nie (soos vroeër aangetoon by bv. Kohlbrugge). Die verbond het ook 'n dringende oproep wat tot die mens gerig is:

> "...moet ons goed onthou dat die verhouding tussen die Here en sy volk 'n verbondsverhouding is. Dit is 'n heerlike waarheid, want dit beteken dat die Here sy volk liefhet en wonderlike beloftes aan hulle maak. Maar terselfdetyd is dit ook 'n ernstige waarheid, want dit beteken dat die Here die reg het om eise aan sy volk te stel. Die verbond is nie net 'n liefdesverhouding nie, maar ook 'n regsverhouding...Die Here se aanklag spruit daaruit dat dit lyk asof sy volk moeg geword het vir hulle (verbonds-) verhouding met Hom" (Strauss 1983 :36).

Aangaande die doop sê hy:

> "Die doopformulier sê 'elke verbond het twee kante'. Daarmee word bedoel dat die Here in sy verbond met ons nie net *beloftes* maak nie, maar ook aan ons *eise* stel. Wie die verbond in die beloftes alleen wil laat opgaan, verwater die kragtige betekenis daarvan. Dwarsdeur die geskiedenis handhaaf God die verantwoordelikheid wat die mens moet nakom" (Ibid :33).

Waarin vind ons dan nou die genade? Juis in die feit dat God

vanuit 'n hemelse magsposisie moeite maak met die verlore en verdorwe sondaar. Ook dat Hy die verbond inisieer. Ons vind dit ook in die feit dat Hy die mens se sondes vergewe en hom telkens weer die geleentheid gee om die verbond na te kom.
Ons kan in ons verbondsbeskouing met redelike sekerheid aanvaar dat die verbond twee kante het en dat die mens wat nie sy kant verantwoord nie, uiteindelik buite die verbond val.

> "Dit gaan om twee S(s)ubjekte waarvan die een die inisiatief neem en die ander hierop in vryheid beslis" (Heyns 1978 :202).

Hierdie kort aanhaling is m.i. baie belangrik, aangesien die hele saak van vryheid van keuse veronderstel word. Die mens word in die kinderdoop sonder sy medewete in die verbond ingesluit. Wanneer hy sy verstand kry, vind hy dat God klaar die inisiatief in sy lewe geneem het om hom te laat deel in die weldade van Christus. God gryp inderdaad op 'n dinamiese wyse in die lewe van 'n bondeling in. Tog word die verbondsbeloftes nie enduit sondermeer gerealiseer in die lewe van hierdie mens nie. Nee, hy moet in vryheid antwoord op die roepstem van God. Antwoord hy nie, loop hy die gevaar om uit die verbond uitgesluit te word.

Die verbond is dus inderdaad monopleuries van oorsprong. God het uit vrye genade die verbond ingestel, Hy hou uit genade die verbond in stand, Hy vervul al die beloftes van die verbond. Tog is die verbond in sy werking en aard dupleuries. In hierdie dupleuriese karakter van die verbond moet 'n mens daarteen waak

om die werking van God en mens gelyk te stel, of om die werk van die mens as aanvulling by die werk van God te sien. Die "werk" van die mens is net om te glo, om te neem, om te aanvaar. Hy moet slegs die weldade wat God bewerk het, toe-eien. God gee immers die vermoë om op sy eis tot nakoming van die verbond te kan antwoord. Hy vra nie van die mens iets wat die mens nie kan gee nie.

> "Die Reformasie sê saam met Augustinus dat God moet gee wat Hy vra, en dat Hy dan van die mens kan vra wat Hy wil" (Jonker 1988 :89).

Dit sou inderdaad onredelik van die Here wees om van die mens iets te eis wat hy nie in staat is om te gee nie. Daarom gee God dit wat Hy vra.

### 4.3.4 Die Ou Verbond en die Nuwe Verbond.

In die voorafgaande paragrawe het ons gelet op die oorsprong en die werking van die verbond. Nou kom ons voor die vraag van die nuwe verbond te staan. Al die voorafgaande insigte oor die verbond kon grotendeels uit die Ou Testament ontwikkel gewees het. Die uitsonderings is gedagtes rondom kindskap, ewige lewe, ens. (19)

In hierdie paragraaf wil ons bepaal of die dupleuriese karakter en die gepaardgaande appèl tot die mens ook van die nuwe verbond waar is. Is hierdie elemente van die verbond nie net van toepassing op die ou verbond nie? Nee, in werklikheid is die teendeel waar: as die ou verbond 'n duidelike appèl tot die mens

rig, word dit nie in die lewe en sterwe van Christus opgehef nie, maar bevestig. Daarom is dit nodig dat ons na die volgende aspekte van die verbond gaan kyk: 1) die voorkoms van die verbond in die Ou Testament, 2) die voorkoms van die verbond in die Nuwe Testament, 3) die verhouding Ou Testament-nuwe verbond; Nuwe Testament-ou verbond, 4) indien die nuwe verbond ook elemente van die ou verbond bevat, sluit dit ook 'n appèl in?

In die eerste plek vind ons dat die verbond in die Ou Testament 'n ingrypende rol speel. Die Here sluit nie net verbonde met Adam, Noag, Abraham, Moses en Dawid nie, maar dit is die manier waarop God met die mens te werk gaan. Ons vind ook dat die term "verbond" ten minste 290 keer in die Ou Testament voorkom.

Dit blyk dat een verbond in die Ou Testament sentraal staan, naamlik die Abrahamverbond (vgl König 1986 : 60-95). Hierdie verbond is belangrik omdat:

1) Dit die verbond met die vader van al die gelowiges is (Rom. 4:12), 2) dit 'n blywende verbond is (Gen. 17:7), 3) daar voortdurend deur die profete daarna verwys word, 4) die verbondsformule vir die eerste keer in hierdie verbond voorkom, en dit voortdurend in hierdie verband aangehaal word, en 5) dit is die verbond waarna verwys word in Heb. 8:10, as die nuwe verbond.

Indien ons dus sou aanvaar dat die Abrahamverbond die sentrale verbond van die Ou Testament is, is dit voor die hand liggend dat ons, wat hierdie studie betref, op die volgende aspekte van die

Abrahamverbond sal ag slaan:

-Die verbond is monopleuries na sy oorsprong. God het immers vir Abraham geroep en die verbond met hom aangegaan sonder inisiële teenprestasie deur Abraham.

-Die verbond is dupleuries na sy werking. Hy eis van Abraham dat hy en sy nageslag die verbond sal nakom (Gen. 17:9), en waarsku selfs teen verbondsverbreking (Gen. 17:14).

-Die verbond eis dat die bondeling 'n teken van die verbond moet ontvang, in hierdie geval die besnydenis.

-Indien die bondeling die verbondseise nie nakom nie, word hy uit die verbond uitgesny (Gen. 17:14).

Tweedens wil ons bepaal of en hoe die verbond in die Nuwe Testament voorkom. Speel die verbond ook hier 'n belangrike rol? As ons aanvaar dat die Abrahamverbond 'n duidelike appelerende dimense bevat het, kan ons dit ook van die nuwe verbond sê? Kan ons dus ook uiteindelik aan die hand van die verbond in die Nuwe Testament bepaal of die mens 'n verantwoordelikheid in die verbond het?

Anders as in die Ou Testament, kom die woord of begrip "verbond" slegs drie en dertig keer in die Nuwe Testament voor. Hiervan kom dit sewentien keer in die Hebreërbrief voor. Van hierdie getal is vier direkte aanhalings uit die Ou Testament (Jeremia).(20)

Ons sien dus dat die Nuwe Testament, alhoewel dit uiteraard 'n baie korter inhoud het, die begrip "verbond" baie minder kere

gebruik. Juis daarom is daar heelwat teoloë wat die verbondsgedagte nie so hoog aanslaan as bv. die koninkryksgedagte nie (vgl. o.a. J.A. Heyns 1976 :93). Tog is die verbond net so belangrik vir die Nuwe Testament as vir die Ou Testament. Die eerste loflied in die Nuwe Testament, nl. die loflied van Maria maak melding van die vervulling van die beloftes van die Abrahamverbond. Sy sing:

"Sy dienaar Israel het Hy
te hulp gekom
deur te dink aan sy beloftes
van ontferming
soos Hy dit toegesê het
aan ons voorvaders,
aan Abraham en sy nageslag
tot in ewigheid" (Luk. 54,55).

Hierin vind ons melding van die beloftes van ontferming aan Israel en Abraham en sy nageslag. In Jesus word hierdie beloftes vervul. Net so besing Sagaria die vervulling van die Dawidverbond (Luk. 1:69) en die verwerkliking van die verlossing wat in die Abrahamverbond belowe is (Luk. 1:72, 73). In Matteus vind ons talle verwysings na die "Seun van Dawid", wat dui op die vervulling van die Dawidverbond in die Persoon van Christus.

Paulus is dikwels met die verbond besig. Veral in Rom. 2 tot 11, 2 Kor. 3, 2 Kor. 6:14-7:1 en Gal. 3,4 vind ons duidelike verwysing na die verbond. In die Hebreërbrief kry ons nie minder as sewentien direkte verwysings na die verbond nie. In die algemene epistels vind ons veral die verwysing na die verbond in

Jak. 2:14-26. Op. 21:3 gebruik die verbondsformule om die verhouding tussen God en die volke op die nuwe aarde te beskryf.

Dit is dus duidelik dat die verbond inherent deel van die Nuwe Testament is. Ons moet nou tweedens bepaal of daar 'n ooreenkoms tussen die Abrahamverbond en die nuwe verbond is. Indien dit wel so is, openbaar die nuwe verbond ook, net soos die Abrahamverbond, 'n monopleuriese sowel as dupleuriese karakter? Vrywaar die nuwe verbond nie die mens van enige verantwoordelikheid nie? Dit lyk vir my asof die derde vraag, nl. die verhouding tussen Abrahamverbond en nuwe verbond, hiermee verband hou. Indien daar 'n verband tussen Abrahamverbond en nuwe verbond is, sal die beloftes sowel as die eise geld. By Paulus vind ons die volgende:

-Rom. 4: Alhoewel hy nie die woord "verbond" hier noem nie, is Paulus indringend besig om die verbond hier uiteen te sit. Hy verwys in vers 3 na Abraham se geloof in God (Gen. 15:6). Emerton wys daarop dat Paulus met 'n sekere doel voor oē na Dawid verwys in v.6, nl. om ook die Dawidverbond ter sprake te bring (1975 :246). Paulus verwys in v.9-12 na die besnydenis as teken van die verbond. In die volgende perikoop verwys hy na die "belofte". Hierdie belofte is duidelik die landsbelofte en die nageslagsbelofte (Rom. 4:13, Gen.17:1-9). Tog wys König daarop dat die term "belofte" in hierdie verband verwys na die verbond.

> "In Rom 4:13-22 is 'die belofte' die sentrale begrip om die verbond van God met Abraham te verduidelik. Dit kom sewe keer in nege verse voor! Ons lees hier dat Abraham deur

die geloof (en nie deur wetsonderhouding) die *belofte* van God ontvang het en dat hy en sy nageslag die wêreld as besitting sou ontvan (v. 13). Die belofte verwys dus na die verbond. 'Daarom het die belofte deur die geloof en dus uit genade, tot Abraham gekom sodat dit van krag bly vir sy hele nageslag' (v. 16). Let op hoedat belofte nogeens na die verbond met Abraham verwys wat hiervolgens 'n *genade*verbond is. Let verder daarop dat dit juis elemente van die sg. 'nasionale of natuurlike verbond' met Abraham insluit (dat hy die wêreld sou erf, v. 13, dat hy 'n vader van baie nasies sal wees, v. 17, dat sy nageslag groot sal wees, v. 18) sodat dit onmoontlik word om tussen 'n genadeverbond en 'n nasionale verbond met Abraham te onderskei. 'Die belofte' verwys in 'n omvattende sin na die verbond met Abraham" (1986 :39).

Geloof is die wyse waarop die beloftes en die verbond ontvang en vervul word.

> "Daarom het die belofte deur die geloof, en dus uit genade, tot Abraham gekom sodat dit van krag sou bly vir sy hele nageslag." (Rom. 4:16)

Geloof in plaas van wetsonderhouding is die manier waarop die verbond vir die bondeling verwerklik word. Dit is wel waar dat geloof ook 'n gawe van God is, maar tog word die geloof hier as 'n menslike handeling beskou.

> "God has made his plan of salvation to depend, on man's side, not on fulfillment of the law, but solely on faith"

(Emerton 1975 :242).

In verse 23-25 verwys Paulus nou na Jesus met dieselfde voorwaarde, nl. die geloof.

> "Dat hy vrygespreek is omdat hy geglo het, is nie net ter wille van hom opgeteken nie, maar ook ter wille van ons wat vrygespreek sal word, ons wat in God glo wat vir Jesus, ons Here, uit die dood opgewek het. Hy is vanweë ons oortredings oorgelewer en Hy is opgewek sodat ons vrygespreek kan word."

Uit hierdie gedeelte kan ons dus o.a. die volgende aflei:

-Paulus noem Abraham die vader van die gelowiges.

-Abraham het nie net die beloftes van God geglo nie, maar hy het in God geglo.

-Hierdie geloof in God was die wyse waarop die verbond vir die mens tot vervulling kom (al was dit 'n genadeverbond).

-Ons word in die verbond ook vrygespreek as ons glo, nie net in die belofte van verlossing nie, maar in God.

(In Rom. 5:1 stel Paulus dit duidelik: "God het ons dan nou vrygespreek omdat ons glo.")

-Rom. 11. In hierdie hoofstuk kry ons te doen met een van die belangrikste uitsprake van Paulus t.o.v. die posisie van die ou verbondsvolk in die nuwe verbond. Lohfink meen m.i. tereg dat dit een van die kerngedeeltes in die Nuwe Testament is om die verhouding van die ou verbond en die nuwe verbond te verstaan. Israel is volgens hom mettertyd uit die verbond uitgesluit omdat

hulle nie in God geglo het nie. Tog is hier in werklikheid nie sprake van twee verbonde nie, maar slegs die blywende verbond met Abraham. Hy onderskei twee basiese verskille tussen die ou verbond en die nuwe verbond:

-In die ou verbond is dit in werklikheid slegs 'n verbond tussen die Here en Israel. In die nuwe verbond is die twee partye die Christene en die Here.

-Die ou verbond is afgesluit, maar die nuwe verbond is blywend. Christus het met sy sterwe die ou verbond afgesluit en 'n genadiger genadeverbond opgerig.

Hy noem egter dat die ooreenkomste net so belangrik is, nl. dat die ou verbond sowel as die nuwe verbond die mens tot geloof oproep, anders verval alle aansprake wat die bondeling op verlossing het (1991 :58-74). Lohfink onderskei nie hier tussen die Abrahamverbond en die ou verbond (Sinaïverbond) nie. Hy meen dat die Abrahamverbond, in sy vervulling en voortgang as nuwe verbond, slegs meer genadig is en dat wetsonderhouding onnodig geword het vir verbondsvervulling.

Alhoewel ek in 'n groot mate met Lohfink saamstem, verskil ek egter in sy onderskeiding tussen die ou en nuwe verbond. Hy meen die Abrahamverbond en die Sinaïverbond in wese dieselfde is. Hierdie verbond word vernuwe in Christus, en is die nuwe verbond. Ek meen dat die Abrahamverbond en die ou verbond (Sinaïverbond) wel oorspronklik bedoel was om dieselfde te wees, maar deur die Jode na die ballingskap uitmekaar geskeur is. Daarom word die Sinaïverbond word deur God nietig verklaar, maar die Abrahamverbond word vernuwe.

-Gal. 3. In hoofsaak kom dit wat Paulus hier sê, neer op dieselfde wat hy vir die Romeine sê. Hy wys daarop dat die Galasiërs hulle nie moet laat mislei deur te dink hulle kan die verlossing kry deur wetsonderhouding nie, maar deur geloof. (Verse 1 tot 5).

In vers 6 herhaal hy :

> "Hy het in God geglo, en daarom het God hom vrygespreek".

In vers 7 sê hy:

> "Julle sien dus dat die wat glo, kinders van Abraham is. Die Skrif het vooruit geweet dat God ook mense wat nie Jode is nie, sou vryspreek as hulle glo. Daarom het die Skrif al voorheen die goeie nuus vir Abraham gebring: 'In jou sal al die nasies geseën word'. Dit is dus die wat glo wat saam met die gelowige Abraham geseën word."

En in vers 14:

> "Daardeur kan ook hulle wat nie Jode is nie, deur Christus Jesus deel kry aan die seën wat God aan Abraham toegesê het. So het ons dan deur die geloof die Gees ontvang wat God beloof het."

In die volgende perikoop noem Paulus die verbond by name (Gal. 3:17). Hy maak 'n onderskeid tussen die verbond en die wet:

> "Hiermee wil ek dit sê: God het 'n verbond met Abraham gesluit en dit toe al geldig gemaak. Die wet, wat eers vier honderd en dertig jaar later gekom het, kan nie hierdie verbond ongeldig maak sodat God se belofte aan Abraham nie meer sou geld nie."

Maar nog meer as dit, koppel hy die verbond se vervulling aan

Christus, die Nakomeling van Abraham (3:16).

In hierdie gedeelte is die verbond dus nie afhanklik van die nakoming van die wet nie. Tog word die mens opgeroep tot geloof as antwoord op die verbondseis. Al is God getrou, is die verbond ongeldig sonder geloof. Die vryspraak word slegs aan die gelowiges gegee (3:7).

Wright meen (anders as Lohfink) dat hierdie gedeelte in Gal. 3 die kerngedeelte is om te bewys dat die ou verbond nie verval nie, maar tot sy reg kom in die sterwe van Christus, en dat die nuwe verbond 'n voortsetting van die Abrahamverbond is.

> "The thought which drives Paul into this paragraph, then, has to do with the question of what happens to the promises to Abraham...The thought is as follows: God promised Abraham a worldwide family, characterized by faith. The promises were entrusted to Israel, the people whose life was lived *upo nomon*...How could the promises, the blessings promised to Abraham, now reach their intended destination? The Torah looks as though it might render the promise to Abraham, and to his worldwide family, null and void. Paul is here concerned to show that this conclusion does not in fact follow" (1991 :142, 143).

König meen dat sowel Rom. 4 as Gal. 3 daarop wys dat die gelowiges van die nuwe verbond kinders van Abraham is, en daarom is hulle *"saam met Abraham geseën"* (1986 :85,86).

-2 Kor. 3:6 e.v. König meen dat hierdie gedeelte een van die belangrikste tekste in die Nuwe Testament is met betrekking tot die verskil tussen die ou en die nuwe verbond (1986 :92). Sowel Lohfink as Wright gebruik hierdie gedeelte om die verhouding van die twee verbonde aan te wys.

> "The idea 'old covenant' does not occur at all in the Hebrew Bible. It occurs once only in the New Testament in 2 Cor 3:14 (sic). No opposition between the two 'covenants' is set up there, nor is there an end to the 'old' when the 'new' comes. The thought pattern is that of unveiling and excelling. In a certain sense there is but a single covenant" (Lohfink 1991 :35).

Alhoewel ek met die strekking van die argument saamstem, is dit tog waar, dat alhoewel die *woord* "Ou Testament" of "ou verbond" nie elders voorkom in die Nuwe Testament nie, is die *idee* tog sekerlik duidelik in Hebr. 8:9 en 13.

Volgens Wright is die grootste waarde van hierdie gedeelte geleë in die feit dat die mense van die nuwe verbond se harte "onverhard" is, in teenstelling met die mense van die ou verbond. Tog deel hulle, as gevolg van hul geloof, ook in die beloftes van die ou verbond. Die oproep tot geloof is kardinaal in beide verbonde (1991 :184).

Samevatting van die verbond by Paulus:

Ons sien dus dat die verbond by Paulus 'n belangrike saak is. Dit is nie 'n totaal nuwe verbond nie, maar 'n voortsetting van

die Abrahamverbond. Indien ons ons op die belofte van redding uit die Abrahamverbond beroep, moet ons egter ook die eise in ag neem. Ons het nog steeds te doen met 'n genadeverbond. Uit genade kom God steeds na die mens toe en sê:

"Ek sal vir jou 'n God wees",

en Hy vereis nog steeds :

"En jy sal My volk wees."

Paulus roep die mense op tot geloof in Christus in ten minste twee van die bogenoemde gevalle (Gal. 3:9, 2 Kor 6:17). Soos reeds vermeld, is geloof 'n gawe van God, en tog is dit ook die verantwoordelikheid van die mens. God gee geloof, maar vra dit ook. Ons wil nie hier 'n saak maak oor die verskil of ooreenkoms tussen geloof en bekering nie. Ons wil ook nie hier probeer aandui dat geloof bekering impliseer nie. Al wat ons wil beklemtoon is dat die verbond in die Pauliniese geskrifte 'n appèl tot die mens rig, net soos wat die geval in die Ou Testament is. Noodwendig moet ons dus aanvaar dat die nuwe verbond, wat Paulus betref, net soos die Abrahamverbond, 'n dupleuriese werking het. Abraham moes glo, en ook die nuwe bondelinge, om die weldade van die verbond toe te eien. Dit is ook treffend dat Paulus (volgens Wright en Lohfink) in hierdie gedeeltes nie slegs die appelerende dimensie van die verbond stel nie, maar ook die feit dat die Abrahamverbond en die nuwe verbond wesenlik dieselfde is.

Die Hebreërbrief is, soos reeds vermeld, een van die boeke waarin die verbond sterk funksioneer. (21)

"Die brief aan die Hebreërs is die boek in die Nuwe Testament waarin die begrip 'verbond' die meeste voorkom. Hierdie brief waarsku die vroeë Christene om nie weer in die Joodse godsdiens terug te val nie" (Strauss 1983 :26).

Ons wil ook, net soos in die geval van die briewe van Paulus, en die Evangelies, aantoon dat die verbond 'n appèl tot die mens rig om sy verantwoordelikheid ten opsigte daarvan na te kom. Sonder die nakoming hiervan is die verbond nie geldig nie.

"Die verbond plaas in die eerste plek 'n godsdienstige appèl op die gelowige om te volhard in die geloof in God (3:12) en ook om te volhard in die navolging van Jesus (12:1 ; 3:1). Hierdie appèl blyk duidelik in 10:29 waar die gelowiges daarop gewys word dat: 'die bloed van die verbond waardeur hulle geheilig is, geminag kan word'! God se oordeel op hierdie daad volg in 10:31: 'Die Here sal oor sy volk oordeel. 'Dit is verskriklik om in die hande van die lewende God te val'.

Dieselfde appèl kom ook voor in 6:4-6: 'wanneer mense eenmaal deur God verlig is en dan nogtans afvallig geword het, is dit onmoontlik om hulle weer tot bekering te bring'.

Uit hierdie tekste spreek dit duidelik dat die nuwe verbond nie *ex opere operato* vir die gelowige geld nie, maar dat hy die saligheid selfs kan verbeur indien hy nie erns maak met die godsdienstige appèl van die verbond nie" (De Vos 1991 :5).

Wat is die verhouding tussen die ou en nuwe verbond? Kan ons met reg sê dat die Hebreërskrywer, net soos Paulus, nie 'n volkome nuwe verbond onderskryf nie, maar 'n vervulling van die Abrahamverbond? (22)

> "Dit is nie korrek dat die ou verbond sondermeer die Ou Testament is nie. Die ou verbond is slegs die Sinaïverbond en nie die Abrahamverbond nie" (Strauss 1983 :92).

König meen ook dat die Hebreërbrief baie belangrik vir die verstaan van die verhouding tussen ou en nuwe verbond is.

> " Die Hebreërskrywer het egter 'n verdere siening (as Paulus - P.A.V.) van die saak. Die ou verbond en die nuwe verbond is 'n sentrale tema in Hebreërs. Die brief word heel waarskynlik geskryf aan die Jode wat tot geloof in Jesus Christus gekom het en nou neig om Christus weer prys te gee ter wille van die Joodse kultus (d.i. hul offergebruike ens.)...Die Hebreërskrywer sien dus in die lig van Christus se volmaakte offer 'n wesenlike gebrek in die ou verbond en daarom moes dit afgeskaf word en kan die Joodse gelowiges onmoontlik weer terugkeer na die Joodse offerdiens. Christus is oneindig meer. Sy offer is genoeg. Hy is die Middelaar van 'n beter verbond - die nuwe verbond" (1986 :94,95).

-Heb. 8:6-13. Hierdie gedeelte handel oor Christus as die Hoëpriester van die "nuwe en beter verbond". (23) Hierdie gedeelte is baie belangrik. Daar word nêrens in die Nuwe Testament so duidelik onderskeid gemaak tussen die ou- en nuwe

verbonde nie. By implikasie word hier ook na die Abrahamverbond as die nuwe verbond verwys, na aanleiding van die Abrahamitiese verbondsformule in vers 10. In verse 1 tot 6 vind ons die agtergrond, wat inligting bevat oor die ou priesterdiens. Vers 7 stel dit duidelik dat die ou verbond gebreke gehad het. Daarom is die nuwe verbond nodig, 'n verbond met 'n beter grondslag, en uitnemender beloftes (vers 6). Die gebrek het grotendeels by die mens gelê, omdat hy nie die verbond nagekom het nie (vers 9), maar ook by die verbond self (10:4, 11). Daarom het Christus gekom en die wet vervul, asof die mens dit self gedoen het. Nou volg 'n direkte aanhaling uit Jer. 31:31. In hierdie aanhaling gaan dit oor die belofte van die nuwe verbond, en die afskaffing van die ou verbond. Tog vind ons weereens dat hierdie "nuwe verbond" die verbondsformule van die Abrahamverbond het:

> "Dit is nou die verbond wat Ek met Israel in daardie dae sal sluit, sê die Here: Ek sal hulle my wette in die verstand gee, op hulle harte sal Ek dit skrywe; Ek sal hulle God wees en hulle sal my volk wees" (vers 10).

Wanneer die skrywer van die Hebreërbrief uit Jeremia aanhaal, haal hy die belangrike woorde van Jer. 31:32 woordeliks aan:

> "Die verbond sal nie wees soos diè wat Ek met hulle voorvaders gemaak het op die dag toe Ek hulle aan die hand gevat het om hulle uit Egipte te lei nie, want hulle het nie my verbond gehou nie, en Ek het hulle verwerp, sê die Here" (Heb. 8:9).

Die verbond waarvan hier gepraat word, is tog duidelik diè een

wat gekoppel word aan die uittog. Dit wil sê, die Sinaïverbond. Die Abrahamverbond verval dus nie, maar die Sinaïverbond wel. Die nuwe verbond is dus die Abrahamverbond wat voortgaan.

> "Die ou verbond is nie die Ou Testament as geheel nie. Die ou verbond word uitdruklik met die Sinaïverbond gelykgestel. En tog kan 'n mens ook nie sondermeer sê dat die Sinaïverbond afgeskaf is nie. 'n Mens sal ook hier moet onderskei: die wet-as-heilsweg is afgeskaf (omdat die Sinaïwetgewing nooit as heilsweg bedoel is nie), maar die wet-as-lewensreël-vir-die gelowiges het van krag gebly" (König 1986 :95).

Ook buite die Pauliniese teologie vind ons nou dat die Abrahamverbond geld. Dit is 'n koppeling tussen die Ou en die Nuwe Testament. Daarmee geld die beloftes, maar ook die eise van die verbond.

Uit die Ou Testament en Nuwe Testament is dit dus duidelik dat die verbond soos aan Abraham gegee, sy beloftes en eise stel. Die beloftes word in geheel vervat in die sinsnede: "Ek sal vir jou 'n God wees" en al die eise word vervat in: "julle sal vir My 'n volk wees".

Kan 'n mens dan met reg van 'n "nuwe verbond" praat? Hierop is die antwoord "ja" en "nee".

> "Die nuwe verbond is die verbond waarvan Christus die Middelaar is. Dit is die groot boodskap van Hebreërs. Volgens Paulus lyf Christus ons deur die geloof en die doop

> in die Abrahamverbond in. Die Abrahamverbond is die verbond waarin Abraham en almal na hom ingelyf is as hulle in die Here glo. Daarom is die nuwe verbond die Abrahamverbond. Waarom is dit dan 'n nuwe verbond genoem? Waarskynlik omdat die Sinaïverbond tydens en na Jeremia se tyd die situasie so oorheers het dat die Abrahamverbond (geloof in die Here) so op die agtergrond geraak het dat dit opnuut na vore gebring moes word as die wyse waarop God met mense omgaan uit genade, deur geloof" (Ibid :96).

Ons sien dus dat die nuwe verbond nie 'n totaal nuwe verbond is nie, maar die Abrahamverbond, vervul en vernuwe deur Christus. Indien die Abrahamverbond in die Ou Testament 'n appél tot die mens gerig het, hoekom sou dit verval in die Nuwe Testament? Dit kan uiteraard nie die geval wees nie. Dan het ons met twee afsonderlike verbonde te doen wat geensins met mekaar verband hou nie.

4.3.5 Die Middelaar van die verbond.

In hierdie paragraaf wil ons aandui dat Jesus as Middelaar nie die mens se verantwoordelikheid vervang in die verbond nie, alhoewel Hy die verbond vervul en vernuwe. In die nuwe verbond is Hy nie slegs die Middelaar nie, maar Hy *is* die verbond. Tog roep Hy ook die mens op om die verbondseise na te kom. (24)

Omdat die ou (Sinaï) verbond misluk het, het die Here die nuwe verbond ingestel. Alhoewel die mens nie die verbondseise nagekom

het nie, gee God nie op met die mens nie. Hy wil steeds die beloftes aan Abraham en Dawid vervul. Voordat die nuwe verbond tot verwesenliking kon kom, moes die ou verbond eers afgesluit word. Hierna kon die nuwe verbond ingestel word. (25)

> "Daarom het Hy dan ook - voortspruitende uit sy eiendom - allereers na sy eiendom gekom maar sy eiendom het hom nie aangeneem nie (Joh. 1:11; vgl. Hand. 2:28; Matt. 10:6; Hand. 13:26). Tog gaan God voort met sy verbond en Jesus verkondig nie alleen die seëninge van die verbond nie, Hy verwerf dit ook deur sy gehoorsaamheid tot die dood. Salig word gespreek nie die vleeslike kinders van Israel nie, maar die armes van gees, die treurendes, die sagmoediges, die hongeriges (Matt.5) - wat die vleeslike kinders van Israel natuurlik nie uitsluit nie, maar die beslissende faktor en die sleutel vir die koninkryk is dit nie" (Heyns 1978 :214).

Die Middelaarswerk van Jesus is om daardie deel van die verbond na te kom wat die mens in sy sondigheid nie in staat was om te hou nie. As daar in die ou verbond 'n streep getrek kon word tussen die verantwoordelikheid van God in die verbond en die verantwoordelikheid van die mens, tree die Here in die nuwe verbond oor die streep om dit vir die mens makliker te maak.

> "Dit is die eis waaronder God - as ons God - ons stel: 'en julle sal vir My 'n volk wees.' Dit is die eis waaraan ons egter *nie* voldoen het nie, en waaraan Jesus Christus as diè mens (1 Tim.2:5) kan voldoen. Hy is diè mens wat van die

begin af volkome gehoorsaam is aan God. Hy laat hom doop om *alle* geregtigheid te vervul (Matt.3:15). Hy weet dat die mens nie van brood alleen kan lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van die Vader uitgaan (Matt. 4:4). Daarom is dit sy voedsel om die wil van sy Vader te doen en sy werk te volbring (Joh. 4:34). Ja, die Vader is met Hom en het Hom nie alleen gelaat nie omdat Hy *altyd* die wil van sy Vader doen (Joh. 8:29). En daarom kan Hy - maar ook in die ganse wêreldgeskiedenis nèt Hy! - sê: 'Dit is volbring' (Joh. 19:30)" (Kōnig 1980 :75, 76).

Jesus is nou die Middelaar van die nuwe verbond (vgl. Hebr. 8:6, 9:15, 12 :24). (26) In hierdie verbond staan Jesus nie net sentraal nie, Hy gee die verbond 'n ander gestalte. Die verbond is nou nie meer net die insluiting van die gelowige in die verbondsvolk nie, maar ook insluiting in die kerk as liggaam van Christus.

In die verbond vervul Jesus ook beide God en mens se kant van die verbond:

"O. Weber verklaar: Jesus Christus is die mens in Wie God se verbond sy werklike bondgenoot vind, en Hy is tegelyk die Een in Wie hierdie verbond self vervul word... Dat Jesus Christus die inhoud van die verbond is, beteken egter nie dat Hy God of mens vervang nie, maar dat Hy werklik God en mens *is*. D.w.s. die feit dat Hy die verbond vervul, beteken nie dat Hy die mens oorbodig maak nie, maar juis dat Hy die doel wat God met die mens het, *vir, in en met*

die mens bereik" (König 1980 :76,77).

Ons sien dus dat Jesus beide die mens en God se kant van die verbond vervul. Tog, ten spyte hiervan, negeer die verlossingswerk van Christus nie die mens se verantwoordelikheid nie. Juis hier lê een van die groot klemtekens van die verbond. Die mens is deel van die verbond. Hy staan nie neutraal en aanskou net die verbondsvervulling in Christus nie: hy is *in* die verbond.

Die eise van die verbond is nie nèt dankbaarheid nie. Die verbond stel ook die eis tot gehoorsaamheid, geloof en bekering, waarsonder die verbond nie tot verwerkliking (vir die mens) kan kom nie. Wanneer Jesus self die verlossing aankondig, roep Hy ook die mens op tot bekering (Mat. 4:17, Mark 1 :15). Heyns stel dit sò sterk dat dit amper grens aan Arminianisme:

> "Die gehoorsame mens is medewerker van God omdat hy bondgenoot van God is. Dit beteken dat die mens met God saamwerk in die uitvoering van Sy plan. God het die verhouding tussen Hom en die mens in die intieme vorm van die verbond geplaas wat vir die mens bepaalde verpligtinge, maar ook sekere voorregte inhou: op die weg van die gehoorsaamheid ontvang hy die beloofde heil. Die verbond maak die mens nie passief nie, maar juis aktief, want in die daad van sy gehoorsaamheid realiseer hy die moontlikhede van die woord van God vir 'n bepaalde tyd en maak hy in hierdie wêreld plek vir wat nog nie plek en ruimte het nie - vir wat daar nog nie is nie, maar wat daar

moet wees. En *in* die gerealiseerde moontlikhede hoor ons die oorspronklike woord saam klink. Met ander woorde, hy laat ons Gods woord ook hoor en sien. In hom en deur hom word Gods spreke op indirekte wyse in die wêreld voortgesit" (1972 :99).

### 4.3.6 Die belofte en die appèl van die verbond.

Hiermee word bedoel dat die Here deur die verbond sekere beloftes aan die mens gee. Tog moet ons ook vasstel of die verbond net beloftes inhou, en of die verbond nie tot niet verklaar word vir dié wat nie antwoord op die appél van die verbond nie.

Die menigte beloftes in die Ou Testament word in wese saamgevat in die woorde: "Ek sal vir jou 'n God wees". In die nuwe verbond kry hierdie woorde egter ook 'n nuwe betekenis. Jeremias wys daarop dat ons tevergeefs in die Ou Testament na die aanspreekvorm van God as "Vader" gaan soek. Dit sou in daardie tyd as lasterlik opgeneem word. Tog noem Jesus die Here deurgaans "Vader". In al die Evangelies kom hierdie aanspreekvorm voor. Dit is uniek aan die Nuwe Testament (Jeremias 1971 :61-69). Daarom kry dit in hierdie verband nuwe betekenis as die apostel Johannes uitroep:

> "Kyk watter groot liefde die Vader aan ons bewys het: Hy noem ons kinders van God, en ons is dit ook" (I Joh. 3:1).

Hierdie kindskap, waarvan Paulus ook in II Kor. 7 praat, gee 'n heeltemal nuwe perspektief op die beloftes van die verbond.

Hierin word vervat dat die Here ons nie net as kinders aansien nie, Hy gee ook aan die gelowige al die voorregte wat 'n kind van 'n vader sou geniet. Dit sluit onder andere in dat die Here sy kind die ewige lewe gee en dat hy in ewigheid nie verlore sal gaan nie (Joh. 10:28), dat Hy sy gebede verhoor as hy glo (Mat 21:22), dat Hy altyd met hom sal wees deur die Heilige Gees (Joh 16 :7), dat Hy vir hom vrede as erfenis gee (Joh. 14 :29), en nog vele meer.

Hierdie beloftes word deur God in sy Woord gewaarborg, ook deur die Heilige Gees, in die doop, en die herinnering deur die Nagmaal. Daarom kan hierdie beloftes van God geglo word: dit is gevestig op God self.

Die dupleuriese karakter van die verbond bepaal egter dat God nie net belowe om sy kant van die verbond te hou nie, maar dat die verbond ook 'n appelerende funksie het.

> "Die Bybel waarsku teen die vleeslike werklikheid van veragting van Gods genade wat, gegewe die verbondsbeloftes, tog eintlik 'n onmoontlikheid moes gewees het. Seker, ons weet dat dit alles nie buite Gods raad omgaan nie. Die soewereine genade van God hef nie die mens se verantwoordelikheid op of skakel die erns van sy geloofskeuse uit nie, maar omvat dit. God roep deur sy belofte 'n keuse by die mens op wat op geen manier sy sedelike karakter ophef nie, maar wat tog op 'n volmaakte wyse gesinkroniseer is met en geïntegreer is in Gods raad" (Jonker 1988 :185).

Ons het daarop gelet dat die verbond nie net die werk van God is nie, maar dat die mens ook van sy kant af moet antwoord op God se verbondswerk. Om die verbond in sy volle implikasie te aanvaar moes die mens in sy aandeel aan die verbond die volgende doen.

- Godsdiens:

Hierdie begrip hou presies in wat die woord impliseer, nl. diens aan God. God gee nie aan Abraham die volle detail van hoe Hy van hom verwag om te lewe in sy verbondsverhouding met die Here nie. Abraham het so na aan die Here gelewe dat hy selfs 'n vriend van God genoem is (Jes.41:8). Die optrede van die volk het egter getoon dat hulle nie meer weet hoe om God reg te dien nie. Veral gedurende die woestyntog is dit helder. Dit het moontlik gebeur dat die volk sekere van die heidense invloede van die Egiptenaars oorgeneem het en daarom was die kennis van die wil van God in hul lewe verduister. Hoe dit ookal sy, die Here spel die vorm wat hul godsdiens moet aanneem baie duidelik uit by Sinai. Nie net die dekaloog nie, maar die vele ander wette oor die God-mens verhouding en mens-mens verhouding kry duidelik hier gestalte.

Hierdie diens aan God het die Jode losgemaak van die res van die mensdom. Hulle moes hierin wys dat hulle die ware God ken en nie sommer net nog 'n God nie.

In die Sinaïtradisie kry ons dus die duidelikste uitspelling van die riglyne waarvolgens sy verbondskinders moet lewe. In die bestudering van die Rabbynse geskrifte aangaande die wette en die

verordeninge, maar ook in die profetiese geskiedenis (vgl. die waarskuwings en dreigemente in Hosea, Esegiël en Jeremia), vind ons egter dat die Jode die wet verabsoluteer het. Sò roep Hosea bv. die volk op om die Here eerder te gehoorsaam en lief te hê, in plaas van om offers te bring (Hos. 6:6). Juis daarom het ook hierdie (die Sinaï-) verbond nie die volle heilsame uitwerking op die volk en ook die res van die mensdom gehad nie. Wetsonderhouding het 'n menslike prestasie geword om by God uit te kom.

> "Spoedig tree egter 'n gruwelike misverstand by die Jode in, ten opsigte van die wet. Al meer en meer is die wet van God losgemaak en as geïsoleerde grootheid met 'n selfstandige funksie tussen God en mens ingeskuiwe. Die wet is foutiewelik verstaan as **voorwaarde** vir die ontvangs van die verbondsweldade; van die wet en met name 'n wetsgehoorsame lewe was opname in die verbond en mitsdien ook die verkiesing self afhanklik. Kortom: die wet het 'n nuwe heilsweg geword. Maar daarmee is ook die verhouding tussen God en mens fundamenteel verander. Nie meer Gods soewereine verkiesende liefde nie, maar die prestasie van die menslike gehoorsaamheid het die basis geword van die verhouding tussen God en mens. In die verbondoprigting neem God welliswaar die inisiatief, maar die motivering daarvoor is nie in Homself, in sy eie vrye Goddelike welbehae geleë nie, dog in 'n buite-Goddelike faktor, nl die kwaliteit van die mens se vermeende gehoorsaamheid. Langs die weg van die "werke van die wet" (Rom. 3:20, 9:32) wou die Jood sy eie geregtigheid voor God verdien. Daarmee

gee Israel uitdrukking aan die tipiese struktuur van Godsdiens: om 'n weg te vind van 'n mens na God. Dit is immers 'n mens wat meen dat hy na God wou opklim" (Heyns s.j. :5).

Ons durf nie die fout maak om te dink dat die Jode, en later veral die Fariseërs, God nie gedien het nie, of aan Hom geglo het nie. Hulle dwaling het daarin bestaan dat hulle hul redding wou gaan soek in die wetsonderhouding en nie by die God van die wette nie. Hier vind ons dus 'n goeie voorbeeld van die menslike prestasie en die eie roem (Rom.2:17-24).

Ten spyte hiervan mag ons nooit die belangrikheid van die wet onderskat nie. Dit het die spilpunt van die Israelitiese diens-aan-God geword. Jesus self sê:

> "Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete ongeldig te maak nie. Ek het nie gekom om hulle ongeldig te maak nie, maar om hulle hulle volle betekenis te laat kry. Dit verseker Ek julle: Die hemel en die aarde sal eerder vergaan as dat een letter of letterstrepie van die wet sal wegval voordat alles voleindig is" (Mat.5 :17,18).

Diens aan God was egter veel meer as wat die Jode daarvan gemaak het. Die wetsonderhouding moes 'n uiterlike teken wees van dit wat in die harte van die mens moes gebeur. Die mens moet vir God liefhê met sy "hele hart en sy hele siel en met sy hele verstand" en sy "naaste soos homself" (Mat. 22:37).

Die feit dat die Sinaïverbond misluk het, was nie as gevolg daarvan dat daar iets met die verbond geskort het nie, maar omdat die mense die wet geneem het en iets daarvan gemaak het wat dit nie was nie. Die wet was nie deur God bedoel as 'n middel tot heil nie, maar 'n middel om dankbaarheid te bewys omdat God hulle red.

Die wette van God is noukeurig onderhou en selfs uitgebrei en beskerm, maar die God van die wette is vergeet.

Hierdie wetsonderhouding van die Jode moes egter deel van hul *verbonds*verpligting gewees het. In die uitvoering hiervan het hulle egter misluk. Die wet het teenoor die verbond te staan gekom en die verbond het skade gely. Hulle Godsdiens het eerder 'n wetsdiens geword en later 'n selfdiens.

Op die ou end is die verbond dus nie nagekom nie. Uiterlike wetsonderhouding was nie wat God van die volk verwag het nie. Hy wou gehad het dat hulle Hom van *harte* sou dien, dat hulle Hom sou liefhê, aanbid en eer. Omdat hulle met hierdie uiterlike wetsonderhouding slegs 'n skyn van godsdiens gehad het, kom hulle nie die eise van die verbond na nie. Daarom roep die profete gedurig die volk op tot bekering. Wanneer hulle nie ag hierop slaan nie, word hulle uiteindelik uit die verbond uitgesny (Rom. 11).

-Israel: Die lig van die wêreld.

Israel moes deur sy voorbeeld van diens aan die enigste ware God

en sy intieme belewenis van God se voorsienig aan die wêreld toon dat redding van God af kom (Sag. 8:23). Die wêreld sou dan 'n begeerte hê om ook hierdie God te ken.

> "Hy het gesê: Dit is nie genoeg dat jy my dienaar is om die stamme van Jakob te herstel en om die Israeliete wat gered is, terug te bring nie; Ek maak jou 'n lig vir die nasies sodat die redding wat Ek bewerk, die uithoeke van die aarde sal bereik" (Jesaja 49:6).

Tog faal Israel jammerlik in hierdie opdrag. Hy dien eerder die afgode. Daarom is die appèl wat tot Israel in die verbond gerig is, nie nagekom nie.

In die nuwe verbond is dit nou nie meer die Israeliete van ouds wat die lig moet wees nie, maar die hele Christendom.
Die nuwe verbond rig weereens hierdie appél tot die mens. Die mens moet, omdat hy in die verbond is, in die Here glo. Hierdie geloof, waardeur ons met Christus verenig word, bring dankbaarheid voort. Daarom onderhou die bondeling die wet van die Here - nie om in die verbond ingesluit te word, of gered te word nie, maar om dankie te sê.

Deel van die dankbaarheid is ook om ander van die Here te vertel. So dink ons byvoorbeeld aan die sendingopdrag van Mat. 28:19. In hierdie opdrag om die evangelie te gaan verkondig vind die appèl nie net na binne plaas nie maar ook na buite:

> "Die appèl van die verbond word dus na *binne* gerig: nie almal wat in die verbond is, is gelowiges of lewe as

gelowiges nie. Maar die appèl word ook *na buite* gerig: van hulle wat tans buite is, is bestem vir die verbond. 'n Verbond sonder 'n appelerende verbondsprediking, is gevolglik nie die Bybelse verbond nie" (Heyns 1978 :220).

Berkhof verstaan onder die appèl van die verbond die persoonlike toe-eiening van die beloftes van God:

> "Maar de ervaringen op de verbondsweg opgedaan worden in de persoonlijke geloofsdeelname toegeëigend: confrontatie met de roeping van God, weigering om te gehoorzamen, toorn en vergeving, sterven en opstaan. In geloof, berouw en bereidheid tot nieuwe gehoorzaamheid vindt deze toeëigening plaats. Wat zij voor de mens betekent, kan met allerlei namen worden aangeduid: bekering, verlichting, wedergeboorte, vernieuwing. Het gaat om de consequentie van het verbondsgebeuren voor de mens als persoon. En deze consequentie is tegelijk het doel van dit gebeuren: de mens als kind en partner van God" (1985 :418).

### 4.3.7 Die oordeel van die verbond.

Hier wil ek aantoon dat die verbond nie net 'n belofte en troos bevat nie, maar dat die blote feit van die geweldige oordeel van die verbond juis die verantwoordelikheid van die mens beklemtoon.

Indien daar versuim van enige party is om die verbond na te kom, kan die verbond opgehef word:

> "The idea of a covenant relationship based on a single free

act of divine grace, and bound up with certain conditions, already implies the *possibility of annulment*; and this possibility is something of which men become more and more conscious as greater and greater emphasis is placed on the covenant demands" (Eichrodt 1961 :457).

Met verbondsverbreking rus daar 'n vloek op die skuldige party:

"Just as it is impossible in the case of a covenant between human beings to dismiss the thought of *'ala*, the covenant curse on the breaker of the contract, so in the case of the *berit* at Sinai such a curse is found both as a menacing coda (sic) to the collection of laws, and in the cultic proclamation of God's covenant stipulations" (Ibid :457).

In die Nuwe Testament het hierdie veroordeling van die Jode tot uiting gekom. Paulus verduidelik die evangelie aan die Jode in Korinte. Wanneer die Jode egter nie glo nie, sê hy: "As julle verlore gaan is dit julle eie skuld. Ek aanvaar nie die verantwoordelikheid daarvoor nie" (Hand. 18:6b). Hiermee plaas hy die onus vir die aanvaarding van die verlossing op die Jode, wat uiteraard nog in die verbond is. Omdat hulle die verbond verbreek, gaan hulle verlore.

Indien die verbondsappèl nie nagekom word nie moet die bondeling selfs sterwe:

"Duidelik het reeds in die verbond met Abraham die oordeelskarakter van die verbond na vore getree.

Ongehoorsaamheid aan Gods woord en met name aan sy opdrag tot besnydenis, is as verbondsbreuk beskou, en diè siel moet uit sy volksgenote uitgeroei word (Gen. 17:14). Wie die verbondseise nie nakom nie, mag dus nie lewe nie, maar moet sterwe. Trouens, wie nie, as gevolg van die verbondsbreuk, aan die belofte van God, deel het nie, kàn nie lewe nie, want geen mens en geen volk kan sonder God, die Bron van alles, lewe nie" (Heyns 1978 :219).

Die volk Israel het hulle op die verbond beroep as kinders van Abraham (Joh. 8:39). Tog noem Jesus hulle kinders van die duiwel (:44) en met die kwalifikasie:

> "Julle is kinders van die duiwel; hy is julle vader, en julle wil doen wat julle vader wil hê julle moet doen...(:47) Wie 'n kind van God is, luister na die woorde van God. Juis daarom luister julle nie, omdat julle nie kinders van God is nie. " (27)

Hierdie oordeel word deur die profete deurgaans aangekondig oor die verbondsontrouheid van Israel. Hieroor word hulle in ballingskap weggestuur vir sewentig jaàr:

> "Daar sal 'n oorblyfsel terugkom na die Almagtige toe, die oorblyfsel van Jakob. Al sou jou mense, Israel, so baie wees soos die sand van die see, net 'n oorblyfsel sal na die land toe terugkom. Maar die verdelging staan vas, die verdelging kom aan soos 'n vloed: Die Here ons God, die Almagtige, het vas besluit om die hele land te verdelg" (Jes. 10:21-23).

Hierdie verbondsverontagsaming is nie net uiterlik nie. Die Israeliete het ook innerlik die verbond verontagsaam.

> "Maar nie net openlike afval van en verset teen God is veroordeel nie, ook vormgodsdiens en skynheiligheid, met alleen 'n uitwendige gehoorsaamheid aan die letter van die wet, sonder die toewyding van die hart, is as ver-breking van die verbond veroordeel (Vgl Jer. 7:21 e.v. ; Jes. 1:11 e.v.)" (Heyns 1978 :219).

> "Israël leerde God kennen als de genadige stichter en trouwe partner van het verbond. Maar we hebben gezien hoe dit verbond vastliep in eindeloze conflictsituasies tussen God en zijn ontrouwe volk. Daarin kon de liefde van God zich alleen uiten door zijn schijnbare tegendeel. De mens in zijn zonde dwingt God om als zijn tegen-stander op te treden. God veroordeelt de mens" (Berkhof 1985 : 420).

Die verbond is dus nie net 'n eensydige toesegging van beloftes van God se kant nie, dit is ook 'n oordeel vir hulle wat die verbondseise nie nakom nie. Vir hulle is die verbond nie meer 'n troos nie: dit word 'n vervloeking.

<u>4.3.8 Die troos van die verbond.</u>

'n Mens sou maklik die fout kon maak om verbond en saligheid aan mekaar gelyk te stel. Daarom is dit belangrik dat ons sal bepaal of die troos wat in die doop, en daarom in die verbond, opgesluit is, nie verkeerdelik eensydig geïnterpreteer word nie. D.w.s,

is die troos van die verbond sodanig van aard dat dit onteenseglik aan alle dopelinge toegesê kan word, sonder dat hulle daarop hoef te reageer met dit wat die verbond van die mens vereis? Is die troos dus eensydig?

> "Dit is duidelik dat die troos van die verbond nie geleë is in die outomatiese en probleemlose vereenselwiging van verbond en saligheid nie" (Heyns 1978 :220).

Dit kom veral by die doopsiening van sommige predikante voor, dat hulle aan die ouer by die doop die versekering gee dat hul kindjie in die verbond ingesluit is en dat hy dààrom (al antwoord hy nooit op die appèl van die doop nie) nooit verlore sal gaan nie. God sal sy verbond hou, en die beloftes sonder voorwaarde vervul, al verwaarloos die mens dit. In hierdie siening word die dupleuriese sy van die verbond verwaarloos, en die monopleuriese sy verabsoluteer.

Die troos van die verbond lê eerder op twee ander vlakke:
In die eerste plek gaan dit om die onveranderlike trou van die Here. Toe Adam oortree het, het God nie met die mensdom moed opgegee nie. Hy het inteendeel voortgegaan om Hom uit liefde te bemoei met die hardkoppige en sondige mens. In hierdie onbegryplike liefde het God selfs sy Seun gestuur om die verbond nie net na te kom nie, maar in die plek van die mens te sterwe. Daarmee het Hy die verbond soveel kragtiger gemaak. Op hierdie ewige trou van God kan die bondeling ten volle vertrou. Hy hoef nie op sy eie werk staat te maak nie, sy sekerheid te berus op gevoelens of stemminge nie, omdat hy weet hy is geborge in die

trou van die Here.

In die tweede plek het die verbondmens ook die troos van die ander bondelinge in die gemeenskap van die heiliges. Die christen hoef nie alleen in die wêreld te stry om sy geloof tot uiting te bring nie, want daar is in die verbond baie ander wat saam deel in die stryd, maar ook in die heerlike sekerheid van die redding in Christus. Daarom is die bondelinge ook tot troos en bemoediging vir mekaar. Maar in die gemeenskap van die heilige bondelinge is ook die tughandeling van uiterste belang. Die Christene moet mekaar nie net aanspoor nie, maar mekaar ook in die Naam van die Here vermaan en bestraf, indien nodig.

### 4.3.9 Die teken van die verbond.

Die teken van die verbond spreek van die dupleuriese karakter daarvan.

In die Ou Testament is die teken van die verbond die besnydenis. Deur die ontvang van hierdie teken is die seuntjie in die verbond met God, maar ook in die bondsvolk ingelyf.(28) In die Nuwe Testament word die teken van die Abrahamverbond die doop.

> " Ons het hier te doen met 'n vierde betekenis van die doop: dit lyf 'n mens in die verbond in. Net soos die eerste drie betekenisse van die doop, het ons ook hier te doen met die verenigende of inlywende betekenis van die doop" (König 1987 :33).

Die teken van die verbond het 'n tweeledige betekenis.

- Aan die een kant is dit die besondere teken wat die Here aan die mens gee. Op sy beurt het hierdie eerste betekenis ook verdere newe-betekenisse:

1) Die dopeling is die eiendom van Christus.

2) Die dopeling word verenig met die historiese Christus.

3) Die dopeling word ingelyf in die liggaam van Christus - die kerk.

4) Die dopeling word ingelyf in die verbond.

(Vgl. König 1986 :18-33).

-Aan die ander kant het die doop ook 'n appèl: as die doop God se seël op die verbond is, impliseer die doop ook dat die mens opgeroep word om te antwoord. Daarom word die ouers vermaan om hulle kinders hieroor te onderrig en te laat onderrig.

> "Intussen gaan die woord van die prediking en die oproep tot geloof en bekering die hele wêreld in. Almal word tot die heil geroep, en elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word. Vra ons na die verskil tussen die mense binne die verbondskring en diè daarbuite, dan moet ons sê dat dieselfde Woord en beloftes natuurlik tot albei groepe kom, maar dat in die geval van diegene binne die verbondskring die woord en beloftes bekragtig word met die sakrament van die doop waardeur aan hulle nog soveel duideliker, tasbaarder en persoonliker die heil van God toegesê word en die 'vir jou' soveel helderder uitgespel word. Hulle is werklik 'naby' in die sin waarin Ef. 2:17-19 en Rom. 9:4 of 11:21 daarvan praat. Oor hulle is Gods belofte opgerig dat Hy aan hulle sy Heilige Gees sal gee om

in hulle die geloof te werk. Hulle word omring van alle kante deur die getuienis van Gods liefde en in baie gevalle gaan hulle harte deur die werking van die Gees reeds op vroeë leeftyd oop in geloof en wederliefde tot God. Hulle groei by wyse van spreke op in die huis van die Here soos klein Samuel. Maar daarom is die raaisel van ongeloof by hulle soveel groter en die oordeel daaroor ook soveel swaarder as in die geval van andere" (Jonker 1991 :3).

Alhoewel daarop gelet moet word dat verbondskinders nie dieselfde is as heidense kinders nie, maak dit nog nie die kind los van die oproep tot gehoorsaamheid wat in die doop opgesluit is nie.

"Tussen hierdie kinders en God het daar 'n sekere band, 'n binding gekom deur die doop. Die Naam van die drie-enige God is genoem en uitgespreek saam met die naam van hierdie kinders.

Deur die doop is aan hierdie kinders die heil en die beloftes van God toegesê en verseker en selfs verseël. Ook is dit nie maar net leë beloftes nie, maar wat werksaam in hulle lewens ingryp.

Hoewel geweldige dinge aan die kinders toegesê is en daar iets met hulle in die doop gebeur, kan nooit gekonkludeer word dat almal reeds wedergebore is nie. Ook die leer van die veronderstelde wedergeboorte, waarin die weergeboorte van die bondeling veronderstel word totdat die teendeel blyk, kan nie aanvaar word nie. Die doop bewerk nie outomaties die wedergeboorte nie, maar stel die dopeling in die sfeer van die wederbarende genade van God.

Die doop is die magtige aanspreekpunt van die gedoopte om ag te gee op God se beloftes, op sy werk met die dopeling. Die verbondskinders kan aangespreek word op hulle doop, hulle kan opgeroep word om hulle doop te aanvaar en daaruit te lewe; op hulle doop kan by God gepleit word om hulle te bewaar en tot 'n lewende geloof te laat kom.

Ten opsigte van verbondskinders is daar twee ewe groot dwalinge, wat afgewys moet word:
Ten eerste die eensydigheid dat vergeet word wat God aan hierdie kinders gedoen het en dat Hy Homself reeds deur die doop met hulle verbind het. Dan word met hierdie kinders gewerk asof hulle heidene is. Dit is 'n vreeslike kwaad en miskenning.

Ten tweede is daar die ander eensydigheid en dwaling om alle verbondskinders as wedergeborenes te beskou en dat nagelaat word om hulle op te roep tot geloof en bekering juis op grond van die verbond" (Barnard 1989 :7,8).

Ook Berkhof sien die appèl van die doop in hierdie verband:

> "Terwijl bekering hier vooral aan het begin staat, wordt ze in MS 5, 2, III, 2 heel binnenkerkelijk als continu antwoord op de doopgenade, als 'Wieder-Zukehr' behandeld" (1985 :417,418).

---

Eindnotas:

1. Karl Barth maak die verbond ondergeskik aan die uitverkiesing. Vir hom is die uitverkiesing die vertrekpunt om die Bybel te verstaan. Net so kry ons dat Heyns die koninkryk as sentrale tema neem. Geeneen van hierdie vertrekpunte is in sigself foutief nie. Die verbond leen hom egter m.i. meer daartoe om hierdie vraagstuk eenvoudig te benader.

2. Dit lyk nie asof Luther veel van die verbond maak nie. Hy behandel bv. die Ou Testament redelik volledig in die "Preface to the Old Testament", sonder om enigsins na die verbond te verwys (1989 :123-154). In "Concerning Rebaptism", verwys hy net twee maal na die verbond (Ibid :341-374). Vir hom is die doop eerder 'n getuienis van die evangelie (Ibid :352). Ook in "Confession concerning Christ's Supper" (Ibid :375-404) verwys hy nooit na die nagmaal as verbondsmaal nie.

Tog hèt hy die verbond in ag geneem:

> "Die uitsprake van Luther oor die verbond toon dat hy direkte aansluiting by Augustinus gevind het. Ook vir hom is die verbond Gods vaste, testamentêre beskikking oor die uitverkorenes. Wesenlik kom die verbond vir hom neer op die belofte van Gods heil wat die mens suiwer uit genade en deur die geloof deelagtig word. Dit is Gods trou waarvolgens Hy aan elkeen wat glo, sy genade sonder verdienste skenk. Soos Augustinus verstaan Luther die *nuwe verbond* as Gods ewige heilsbelofte waaraan die gelowiges in die ou bedeling ewe goed as in die nuwe bedeling deel ontvang het. Die *ou verbond* is vir hom die wet van Moses en die weg van die wetswerke. Of 'n mens deel het aan die ou verbond of die nuwe is nie 'n kwessie van die tyd waarin hy lewe nie, maar die vraag hoe hy die woord van God ontvang. Wie dit as letter ontvang, is nog in die ou verbond, in die verbond as tweesydige verdrag met 'n kondisionele karakter. Wie dit ontvang as Gees, het deel aan die nuwe testament van God se liefde wat in die sakramente aan hom beseël word as die geregtigheid wat deur die geloof is" (Jonker 1989 :80).

3. Jonker meen dat die Arminiane (ook genoem *Remonstrante*) 'n baie sterk invloed op die denke van Wesley en Whitefield gehad het:

> "Oral waar die invloed van die Arminianisme ingang gevind het, tref ons hierdie tipe opvatting aan. Die bekendste voorbeeld is hier die *Metodisme*, waaraan veral die name van John Wesley (1703 - 1791) en George Whitefield (1714 - 1770) verbonde is. Hoewel hierdie twee predikers saamgewerk het in die magtige herlewing wat in Engeland en Skotland plaasgevind het en na Amerika uitgebrei het, het hulle tog met betrekking tot die uitverkiesing op 'n

dramatiese wyse teenoor mekaar te staan gekom. Wesley was 'n oortuigde Arminiaan, terwyl Whitefield 'n oortuigde Calvinis was, en hoewel hulle geesverwante was, kon hulle mekaar nie op hierdie belangrike standpunt vind nie" (Jonker 1989 :34.

4. 'n Mens sou by hierdie twee name ook die naam van O. Noordmans wou byvoeg. Dit blyk egter, ten spyte van die invloed wat hy op die teologie, en veral na die Tweede Wêreldoorlog gehad het, dat hy vir Barth ernstig kritiseer (Graafland 1987 :504). Ons vind ook dat hy nie 'n uitgewerkte verbondsiening het nie. Hy maak wel heelwat van die uitverkiesing (net soos Barth). Die ironie is dat die verbondsteoloë groot waardering vir sy werk het, en tog is die verbond nie by hom van groot belang nie.

5. Hierdie siening van Barth het baie wyd uitgekring:

> "Die teologiese kritiek teen Barth se uitverkiesingsleer het nie verhinder dat die universalisme as verskynsel mede deur sy toedoen wye ingang in die teologie en kerklike denke gevind het nie. Al wys hy die alversoeningsleer af, is die hele strekking van sy leer nog steeds universalisties, en dit het veel daartoe bygedra dat daar in ons tyd feitlik 'n algemene universalistiese klimaat heers" (Jonker 1989 :156).

Ons vind hierdie tendens van die universalisme redelik sterk in die verbondsteologie. Alhoewel die verbondsteoloë dit sal ontken is dit sekerlik die implikasie van die stelling dat 'n mens gered word sonder enige verantwoordelikheid van sy kant.

6. Alhoewel die meeste verbondsteoloë groot waardering vir die verbondsiening van Barth het, sou hulle hier van hom verskil. In die verbondsteologie is die verbond vir die bondeling altyd geldend, ten spyte van die verbondsontrou van die mens. Wetsonderhouding sal by hulle nie 'n bepalende faktor vir die voortgang van die verbond wees nie.

7. Ons vind hier 'n dualisme in die verbondsiening van Barth. Alhoewel daar sprake van 'n universalisme in sowel sy uitverkiesingsleer as sy verbondsleer is, het die mens tog 'n inspraak in die verbond. Hy moet dit onderhou.

8. James Barr gee in "Weerwoord" sy erkenning aan Berkhof vir hierdie insig:

> "The positive value attached by Berkhof to the 'interim period' between the Old and New Testaments. The interpretation of this period 'gained a part in the history of revelation' (p.86, cf. p. 68). Here again we have an insight which gives theological recognition to the worth of a great deal of essential exegetical work" (1974: 10).

9. Volgens König is die begrippe verbond en koninkryk baie na aan mekaar geleë:

> "Die verbond is die liefdesharmonie tussen God en die mense, en die koninkryk is die heerskappy van God oor sy hele skepping. In die verbond vervul God sy grootste

belofte: 'Ek sal vir jou 'n God wees en jy sal vir My 'n volk wees'. In die koninkryk maak God sy mag en sy reg bekend:alles wat daar is, kom uit sy hand voort. Daarom het Hy inderdaad die reg om oor alles te heers en 'alles in almal te wees' (1 Kor. 15:28).
Ons noem eerste die verbond omdat dit 'n sentrale woord in die Ou Testament is. Die koninkryk word tweede genoem omdat dit 'n sentrale woord in die Nuwe Testament is. En tog kom die verbond ook dikwels in die Nuwe Testament en die koninkryk in die Ou Testament voor. Trouens, verbond en koninkryk is begrippe wat baie nou aan mekaar verbonde is. 'n Mens sou hierdie begrippe kruis en munt (kop en stert) van dieselfde saak kon noem" (1983 :40).

10. Kônig sluit in 'n groot mate aan by die Duitse verbondsteologie. 'n Mens sien veral die invloed van H. Berkhof in sy denke.

11. Heyns maak baie van die eenheid van die verbond.
"As die verbond - nog heel in die algemeen en formeel gesproke - met die vaste struktuur van Gods omgang met die skepping te doen het, is die eerste vraag wat beantwoord moet word, of ons in die enkelvoud van die *verbond* - soos in die opskrif hierbo - moet praat, of in die meervoud van *verbonde*? Daar is teoloë wat meen dat hulle twee, drie, en selfs vier verbonde in die Skrif kan onderskei. Na ons mening gaan dit hier egter nie om 'n verskeidenheid van verbonde nie. Ons het te doen met èèn liefdes- en trouverbond van God met die mense, wat dateer van die begin van die skepping, tot aan die voleinding toe... Hoogstens kan ons praat van verskillende gestaltes, fasette of bedelinge wat die èèn verbond, in sy heilshistoriese ontwikkelingsgang, deurmaak. Soos daar èèn God, èèn verkiesing, èèn Middelaar, èèn Heiligmaker en èèn geloofsvolk is, so is daar èèn verbond. Ofskoon Calvyn nie 'n uitgewerkte verbondsleer nagelaat het nie, het hy die eenheid van die verbond baie ernstig beklemtoon, en slegs in die bediening (Administratio) daarvan, verskil gesien (Inst.2/10/2)" (1978 :200).

12. Berkhof meen dat die werkverbond die geldende verbond is:
"Even some reformed theologians speak of the abrogation of the legal covenant, and seek proof for this in such passages as Heb. 8:13. This naturally raised the question, whether, and in how far, the covenant of works can be considered as a thing of the past; or whether, and in how far, it must still be regarded as still in force. It is generally regarded that no change in the legal status of man can ever abrogate the authority of the law; that God's claim to the obedience of His creatures is not terminated by their fall in sin and its disabling effects; that the wages of sin continues to be death; and that a perfect obedience is always required to merit eternal life" (Berkhof L. 1959 :217).

13. Die aanname dat die ou verbond die Sinaïverbond is en die nuwe verbond die Abrahamsverbond, is nie 'n nuwe gedagte nie. Ons vind dit reeds in die vroeë ontwikkeling van die gereformeerde verbondsiening:

> "Die nuwe verbond is die verbond wat in die plek van die Sinaïtiese fase van die verbond gekom het. Dit gryp direk terug op die verbond met Abraham en is, na die tussenfase van die ou verbond, die vervulling van die belofte aan hom" (Jonker 1989 :86).

14. Kõnig koppel die siening van die twee verbonde aan die geldigheid van die doop:

> "Wat word verstaan onder hierdie twee verbonde met Abraham, een wat nog altyd van krag is en die ander een wat afgeskaf is? Uiteraard is daar heelwat verskille oor presies wat hierdie twee verbonde of die twee verskillende aspekte van die verbond is. Gewoonlik word die blywende verbond ongeveer so omskryf soos die Abrahamsverbond vroeër in hierdie paragraaf. Dit word dan op Gen 12 en 15 gebaseer. Daarteenoor word dan van die verbond van die besnydenis (en soms ook nog van die verbond van die wet) gepraat. Die verbond van die besnydenis is dan 'n tydelike, uiterlike, nasionale verbond teenoor die ewige, geestelike genadeverbond en word veral in Gen 17 gevind. Dit gaan in hierdie besnydenisverbond bloot om die letterlike nageslag van Abraham met as laaste doel die geboorte van die Messias. Sodra die Messias gekom het, verval hierdie verbond dan en net die genadeverbond met Abraham gaan voort. Daarteenoor gaan dit in die genadeverbond om die redding van almal wat glo en omdat klein kindertjies nie kan glo nie, het hulle nie deel aan die Abrahamsverbond nie en moet hulle eers opgroei en persoonlik tot geloof kom voordat hulle in die verbond opgeneem kan word. Deur die sg. besnydenisverbond as tydelik en natuurlik te beskou, word die kinderbesnydenis van die genadeverbond losgemaak en die hele gedagte dat kinders in die verbond opgeneem is, word beperk tot 'n bloot natuurlike volksverbond met Israel" (1986 :87).

15. Daar is sommige teoloë wat beweer dat die verbondsgedagte eers in die tyd van die ballingskap sy gestalte gekry het. In hierdie denke sou die volk eers in retrospeksie besef dat die gedagte van die verbond in hul verhouding met die Here bestaan. In hierdie geval sou ek saam met Heyns stem dat dit nie 'n oplossing bied nie. M.i. bring dit meer probleme as wat dit oplos.

Eichrodt stel dit so:

> "Nevertheless, it can be demonstrated that the covenant-union between Yahweh and Israel is an *original element* (my kursivering P.A.V.) in all the sources, despite their being in part in very fragementary form. Indeed, this is still true even of those passages where the word *berit* has disappeared altogether" (1961 :36).

16. Alhoewel dit nie sinonieme is nie, kry 'n mens van die

elemente van die supralapsarisme in die siening van die monopleuriese karakter van die verbond. Die supralapsarisme verabsoluteer die monopleuriese aard van die vebond, ten koste van die dupleuriese.

Die Dordtse leerreëls word dikwels (veral deur die verbondsteologie) gesien al sou dit die supralapsaristiese siening van die verbond voorstaan. Jonker sien dit egter anders:

> "Dit is 'n seën dat die infralapsaristiese gees by Dordt die uitsprake gevorm het. Waarskynlik het die invloed van ten minste sommige van die buitelandse teoloë daartoe meegewerk, veral diè uit Duitsland, wat oor die algemeen ten gunste daarvan was om meer gematigde uitdrukkings te gebruik en ten opsigte van die dekreteleer 'n bepaalde terughoudenheid te beoefen. Die supralapsariste by die sinode was wys om dit toe te laat. Daardeur is in elk geval die wind uit die seile van die Arminiane gehaal wat dit soms voorgestel het asof hulle dit eintlik maar net teen die supralapsariste gehad het en self maar net infralapsaristies wou dink. Die DL is wesenlik infralapsaries, maar daarom nie minder skerp in sy veroordeling van die Arminianisme as wat die supralapsarisme sou kon wees nie" (Jonker 1988 :66).

17. 'n Mens moet hierdie seëning in die verbond nie verwar met die sg. "voorspoedteologie" (prosperity teaching) nie. In hierdie teologie gaan dit daaroor dat die Here 'n mens seën met rykdom na mate van jou geloof. Indien jy die Here nie vertrou nie, of as jou geloof min is of wankel, straf Hy jou met mislukkings en finansiële teenspoed. Om jouself hiervan te vrywaar moet jy jou bydrae vir die kerk verhoog en sorg dat jy op 'n hoë geestelike vlak lewe. Die verbond waarborg 'n mens nie hierdie voorspoed nie.

18. Ek het in 'n persoonlike gesprek met W.S. Vosloo hierdie saak uitgeklaar.

19. König meen dat een van die groot verskille tussen die Ou- en Nuwe Testament die begrip van die ewige lewe is:

> "In die begrip die ewige lewe het ons een van die opvallendste verskille tussen die Ou Testament en die Nuwe Testament. In die ganse Ou Testament kom die begrip net een keer voor, in Dan. 12:2. Ons weet die boek Daniel behoort tot die oorgangsliteratuur tussen die Ou- en die Nuwe Testament waarin die heil in bonatuurlike beelde uitgedruk is" (1982 :32).

20. Luther is deur sommige as 'n marcionis beskryf, asof hy min respek vir die Ou Testament het. Tog is dit nie waar nie:

> "There are some who have little regard for the Old Testament. They think of it as a book that was given to the Jewish people only and is now out of date, containing only stories of past times. They think they have enough in the New Testament and assert that only a spiritual sense is to be sought in the Old Testament. Origen, Jerome, and many other distinguished people have held this view. But

Christ says in John 5(:39), "Search the Scriptures, for it is they that bear witness to me." St. Paul bids Timothy attend to the reading of the Scriptures (I Tim 4:13), and in Romans 1(:2) he declares that the gospel was promised by God in the Scriptures, while in I Corinthians 15 he says that in accordance with the Scriptures Christ came of the seed of David, died, and was raised from the dead. St. Peter, too, points us back, more than once, to the Scriptures. They do this in order to teach us that the Scriptures of the Old Testament are not to be despised, but diligently read" (Lull 1989 :118,119).

21. Die nuwe verbond in Hebreërs word in 'n besondere mate aan Christus verbind:

"Assosiatief is 'n eskatologiese perspektief ook duidelik te identifiseer. In die verbondsverhouding is die weg nie meer die tydelike aardse priesters nie, maar die Priester Jesus vir ewig. In die priesterskap van Jesus is dit duidelik dat daar ook 'n middelaarsfunksie aan te merk is. Die nuwe verbond word ten diepste met Christus en die kultus verbind en daarom kan ons sê dat die Christologie (sic) en die kultus ten grondslag van die nuwe verbond lê...Ten laaste moet ons ook die waarborg van die nuwe verbond vermeld. Ons wys daarop dat Christus assosiatief die borg van die beter verbond is. Die waarborg van die nuwe verbond is geleë in die Christologie" (Human 1988 :63).

22. Volgens Strauss is die indeling van die Bybel voor die hand liggend:

"Die Bybel is in twee groot afdelings verdeel: die Ou Testament en die Nuwe Testament. Wat diè benamings beteken, word duidelik as 'n mens in gedagte hou dat die Griekse woord vir 'verbond' ook met 'testament' vertaal kan word. Die 'Ou Testament' is dus in werklikheid die 39 boeke van die 'ou verbond', omdat dit hoofsaaklik handel oor die Here se ou verbond met Israel. Daarteenoor is die 'Nuwe Testament' die 27 boeke van die 'nuwe verbond' wat die Here Jesus Christus met sy kruisdood tot stand laat kom het. Dit beteken nie dat die 'nuwe verbond' iets heeltemal anders as die ou genadeverbond is nie. Ons het hier te doen met die twee bedelings van God se een genadeverbond" (1983 :23).

Ons kan nie hierdie siening van Strauss volkome onderskryf nie. Die ou verbond wat afgeskaf word, is nie die Ou Testament nie, maar die *Sinaïverbond*.

23. Christus as Priester word die uitstaande kenmerk:

"Die redes wat hy hier aanbied is die feit dat Christus se priesterskap 'n voortrefliker bediening is omdat dit op beter beloftes wetlik gegrond is. Hy is hier van mening dat Christus die Middelaar is omdat die nuwe verbond deur sy bediening tot stand gebring is soos die ou verbond deur Moses as middelaar. In sover as Hy die meerdere van Moses is, is ook sy verbond voortrefliker as die van Moses" (Ibid 1988 :75).

24. Vir König is Jesus nie net die Middelaar van die nuwe verbond nie, Hy *is* die Nuwe Verbond. Die skepping, die einde, alles is in Christus geborge. Net so is die nuwe verbond die verbond in Jesus Christus(1980 :76).

Op dieselfde manier word verwys na Jesus as die heil:

> "Jesus Christus bring nie net die heil nie, Hy is self die heil. Immers heil is nie iets nie, heil is daar waar Hy as koning heers en vrede op aarde bring (Luk.2:14). Daarom is 'n verhouding van geloof in Hom, oorgawe aan Hom en liefde vir Hom van beslissende betekenis. Wie Hom verwerp, word eenvoudig uit die heil uitgesluit. Maar om *in Hom* te wees, is vir Paulus die hele heil in 'n neutedop. Daarom sal dit in die heilsweg o.a. juis hieroor moet gaan: hoe kom 'n sondaar in Jesus, hoe word hy verenig met Hom? En veral: hoe kom 'n samelewing onder sy heerskappy, hoe leef mense wat 'in Hom' is?"
> (1983 :48).

25. MacArthur maak heelwat van Joh. 8:58: "Jesus het geantwoord: 'Dit verseker Ek julle: Voordat Abraham gebore is, was Ek al wat Ek is'". Hierdie term beteken, volgens hom, dat Jesus aanspraak maak op die verbondsnaam "Jahweh" (1992 :57).

26. Andrew Murray meen dat die werk van Jesus as Middelaar nog breër is:

> "Now comes the last, the simplest, and yet often the most difficult step. And here it is we need to know Jesus as Mediator of the Covenant. As we hear of the life of holiness, and obedience, and victory over sin, which the Covenant promises, and hear that it will be to us according to our faith, so that we claim it in faith it will surely be ours; the heart often fails for fear. I am willing, but have I the power to make, and, what is more, to maintain this full surrender? Have I the power, the strong faith, so to grasp and hold this offered blessing, that it shall indeed be and continue mine? How such questions perplex the soul until it finds the answer to them in one word: Jesus! He is the Mediator and Surety of the Covenant - He, the God-man, who has undertaken not only for all that God requires, but for all that we need too" (1898 :90).

27. Eichrodt meen dat daar in die verbondverbreking 'n oordeel kom wat ons universeel sowel as individueel kan interpreteer. Hierdie universele oordeel vind gestalte in die verwerping van Israel as verbondsvolk. Die enkeling (ingeslote in die verbondsvolk) wat die verbond nie nakom nie, word ook individueel aanspreeklik gehou vir die verbondsverbreking. (1961 :468).

28. Dit is belangrik om daarop te let dat die gebruik van 'n teken by 'n verbond nie net by die genadeverbond voorkom nie. By die Hittitiese verdrae is ook gebruik gemaak van wedersydse tekens. Ons herinner ons ook aan die teken van God aan Noag, nl. die reënboog, die teken van Dawid en Jonatan, die wedersydse uitruil van skoene tussen Boas en die nadere losser ens.

# 5 Die Verhouding: verbond en bekering.

## 5.1 Inleiding.

In die voorafgaande hoofstuk het ons gemerk dat die verbond 'n duidelike monopleuriese sowel as dupleuriese karakter het. Uit die dupleuriese karakter van die verbond het gevolg dat die mens die gevaar loop om uit die verbond uitgesluit te word as hy nie sy kant van die verbond verantwoord nie. 'n Verdere gevolgtrekking is dat daardie persone nie op die verbondsbeloftes aanspraak kan maak dat hulle gered word nie. Hierdie verantwoordelikheid van die mens kom ook na vore in die appèl van die verbond. Indien hierdie appèl verontagsaam word, hou die verbond nie 'n troos in nie, maar 'n oordeel. Ons het ook gemerk dat die verbondseise nie net in die Ou Testament voorkom nie, maar inderdaad ook in die Nuwe Testament. Dieselfde eise wat vir die verbond in die Ou Testament gegeld het, geld ook vir die verbond in die Nuwe Testament. Die soenverdienste van Christus het geensins die mens se verantwoordelikheid opgehef nie.

Manie Malan, as eksponent van die verbondsteologie, meen dat die verbond onvoorwaardelik is. Daarom is die verantwoordelikheid van mensekant ook nie voorwaardelik vir die mens se posisie in die verbond nie. Dit is 'n "belofte sonder teenprestasie" (SOW Julie 1987 :5). Die verbond is vir hom dus totaal eensydig. In 'n sekere mate meen hy dit is uit en uit 'n belofte in die eng sin van die woord. God het belowe, en die belofte sal, sonder enige aandeel van mensekant, deur God vervul word. Waar daar dus

van bekering in die verbondsteologie sprake is (ten minste t.o.v verbondskinders), is dit sonder uitsondering voortgaande bekering. Die grootste rede daarvoor is dat voortgaande bekering kan plaasvind omdat die verbondskind reeds sonder enige menslike inspraak gered is. Eerste bekering impliseer 'n bekering wat 'n antwoord op die verbond is. Vir verbondskinders is dit volgens hom nie nodig nie. Die verbondsteologie meen dus dat, omdat die kind in die verbond is, redding vanselfsprekend vir hom is. Hy kan volgens die verbondseise lewe of nie - dit maak geen verskil aan sy saligheid nie.

Ek meen egter dat dit selfs vir verbondskinders nodig is om hulle te bekeer as oproep vanuit die dupleuriese karakter van die verbond. Hierdie bekering is inderdaad voortgaande bekering. Waar daar egter, soos dit dikwels gebeur, 'n verbondsbreuk plaasvind, loop hierdie mens gevaar om mettertyd uit die verbond uitgesluit te word as hy hom nie bekeer nie. Ongelukkig kom hierdie tendens, dat mense lewe asof hulle God nie ken nie, binne die kerk, en dit wil sê binne die verbond, baie voor. Indien sò 'n mens tot sondebesef kom, moet hy hom bekeer, om weer aanspraak op die verbondsbeloftes te kan maak. Daarna moet hy hom voortdurend bekeer, nie om deel te kry aan die verbondsweldade van Jesus nie, maar uit dankbaarheid. As hy dit nie doen nie, verloor hy egter sy aanspraak op die verbondsbeloftes. Voortgaande bekering het dus inderdaad heilsbetekenis. Natuurlik moet ons onderskei tussen hierdie bekering binne die verbond as 'n terugkeer na God (Jes. 3:22), en die heidenbekering.

Die verbondsteoloë redeneer verder dat Die Heidelbergse Kategismus dit duidelik stel dat daar binne die verbond slegs sprake kan wees van voortgaande bekering. Hulle meen dat daar in die Heidelbergse Kategismus 'n chronologiese volgorde geïmpliseer word m.b.t. die verlossing van die mens. 'n Mens moet eers bewus wees van sy sonde en ellende (eerste deel), daarna vind hy sy verlossing in Jesus Christus (tweede deel), en uiteindelik leef hy in dankbaarheid (derde deel). Omdat die verlossing van die mens "plaasvind" in die tweede deel van die H.K., het die bekering niks daarmee te doen nie, aangesien dit eers in die derde deel, d.w.s. by dankbaarheid, ter sprake kom (P.J.Kriel in gesprek 1991).

Aanvanklik lyk dit asof hierdie argument aanneemlik kan wees. As die mens se verlossing in die tweede gedeelte behandel word, en die bekering in die derde deel voorkom, sou dit dan nie waar wees dat die bekering slegs die voortgaande bekering sou wees sonder enige heilsimplikasies nie? Dan is dit waar dat die bekering onnodig is vir verlossing. En aangesien daar in die tweede gedeelte glad nie gepraat word oor bekering nie, maar slegs oor geloof, kan dit tog lyk asof die verbondteologie reg is. Tog is hierdie argument, uit die inhoud van vr. en antw. 87, nie aanvaarbaar nie.

> "Vraag: Kan die mense dan nie salig word...wat hulle nie tot God bekeer nie? Antw.: Nee glad nie."

Uit hierdie vraag en antwoord is dit duidelik dat 'n mens nie gered kan word as hy hom nie bekeer nie. Die H.K. veroorsaak hier inderdaad vir die verbondsteologie 'n probleem. Om hierdie

probleem te probeer omseil meen die verbondsteoloë dat dit hier gaan om die voortgaande bekering. Tog sou dit dan beteken dat die voortgaande bekering nodig is vir verlossing. Anders gestel: al is ek reeds deur Christus gered, kan ek steeds verlore gaan as ek my nie voortdurend bekeer nie. Dit is 'n paradoks, en is in stryd met die DL, hoofstuk 5.

> "And again, there were always in Reformed circles those that emphasized the grace of free justification at the expense of the grace of sanctification and good works. This was not only the case with the followers of Kohlbrugge, that are often designated as Antinomians, but also in the Reformed churches in the past. Preachers delighted to dwell at length on the first part of the Heidelberg Catechism, and emphasize the fact that the sinner is totally incapable of doing any good. They also dwelt at great length on the salvation by sovereign grace alone. But when they preached the third part of the Heidelberg Catechism, they rather superficially skimmed over the material presented there, especially over the part that treats the law of God. But today Reformed people have turned away from this sickly Antinomianism. They see that there is work to do for the Christian. They must bring America back to God. And man is a responsible creature, not a stock and a block. He cannot inherit the kingdom of God if he coninues in his wicked and unconverted life" (Hoeksema 1972 :7).

Wanneer J. Bavinck die bekering in behandeling neem, meen hy dat

die weergeboorte juis hier, in die H.K vr. 88, ter sprake kom:

> "In tegenstelling van deze en alle dergelijke schijnbekeeringen, wordt in onzen Catechismus gevraagd naar de waarachtige bekeering of naar de bekeering, welke dien naam in waarheid kan en mag dragen. Aangaande deze bekeering vraagt de Onderwijzer in hoeveel stukken zij bestaat, en het antwoord, dat op deze vraag wordt gegeven luidt: *In twee stukken: in de afsterving des ouden en in de opstanding des nieuwen menschen.*
>
> Zien wij wel, Gel. dan blijkt uit de antwoord duidelijk, dat in onzen Catechismus de bekeering in een breeden zin wordt opgevat en verklaard, namelijk in den zin, dat ook de wedergeboorte er in begrepen is...Ja, de afsterving van den ouden mensch en de opstanding van den nieuwen mensch heeft eigenlijk in de wedergeboorte plaats. Doch deze samenvoegen van de wedergeboorte en van de bekeering met elkander, verwondere u niet, Gel. want beide stukken, te weten de wedergeboorte en bekeering werden in de dagen, waarin onze Catechismus opgesteld is, nog niet nauwkeurig van elkander onderscheiden en meestal in èènen naam samengevat" (1914 :589).

'n Mens kan hieruit aflei dat die bekering van vraag en antwoord 87 en 88 bekering met heilsimplikasies is.

## 5.2 Verskillende bekeringsvorme.

Soos reeds aangedui, is daar uiteenlopende sieninge oor bekering in die NG kerk. Die verbondsteoloë lê baie klem op die voortgaande bekering as dankbaarheidskenmerk van die reeds geredde bondeling. Hulle ontken egter dat dit enige heilswaarde bevat. Die mens word gered selfs ten spyte van die gebrek aan bekering. God hou, volgens hulle, die verbond sonder voorwaarde in stand, uit genade, en daarom word die bondeling gered. Inderwaarheid, meen hulle, word die kind reeds gered wanneer hy uit gelowige ouers gebore word. Hierdie redding is onvoorwaardelik en onafwendbaar.

Aan die ander kant is daar die bekeringsteoloë wat glo dat daar haas geen verskil is in die manier waarop 'n verbondskind of 'n heiden tot bekering moet kom nie (Kerkbode 22 Augustus 1994).

Derdens is daar die predikante en teoloë wat probeer om beide hierdie strominge te akkomodeer.

Ons moet dus onderskei tussen drie belangrike vorme van bekering wat tradisioneel in die NG Kerk voorkom. Daar is twee vorme van bekering in die verbond: In die eerste plek is daar die inisiële bekering, tweedens die voortgaande bekering. Derdens is daar die bekering wat nodig is om van buite af in die verbond in te kom, nl. die eerste bekering *buite* die verbond, dit wil sê, die heidenbekering.

Dit sal later blyk dat ek meen dit is nie nodig of wenslik om duidelik te onderskei tussen die twee vorme van bekering in die verbond nie.

-Conversio continua (binne die verbond).

Ons stel hierdie bekeringstipe eerste aan die orde, omdat dit, sowel as die heidenbekering, nie deur die verbondsteoloë ontken word nie. Hulle heg geen heilswaarde aan hierdie bekering nie, maar sien dit bloot as 'n dankbaarheidshandeling. Hierdie dankbaarheid is die bondeling se reaksie daarop dat hy sonder enige inspraak van sy kant deur God gered is.

Aan die ander kant bevat hierdie bekering vir die bekeringsteoloë ook geen heilswaarde nie. Hulle meen dat elke mens, binne of buite die verbond, hom radikaal moet bekeer om gered te kan word. Wanneer hy bekeer is, is die voortgaande bekering ook maar net dankbaarheid, en het geen heilswaarde nie. Eenvoudig gesien, is voortgaande bekering vir beide hierdie uiterste sieninge van dieselfde waarde. Uiteindelik verskil hulle dus net oor die fundamentele rede vir die redding van die mens: vir die verbondsteologie is dit God se onweerstaanbare genade, en vir die bekeringsteologie die bekering van die mens tot God. Die bekeringsteoloë beklemtoon uiteraard ook die genade van God, maar beklemtoon ook die mens se verantwoordelikheid.

Ek wil graag probeer aandui, dat alhoewel ek nie met die term werk nie, dankbaarheidsbekerings wel heilswaarde kan hê.

Die lewe in dankbaarheid bestaan inderdaad grotendeels uit die voortgaande bekering. Hiermee sal die verbondsteologie geen probleem hê nie. Vir hulle is dit die enigste en ware bekering (en dit het geen heilswaarde nie). Hierin is geen sprake van die aanvaarding van die heilsdade van Christus nie. Dit lê eerder op die vlak van sondebelydenis en skuldbesef as wat dit "aanneem van Christus" is (SOW Maart 1986 :11).

Dit is inderdaad so dat die plek van voortgaande bekering nie misken moet word in die lewe van die gelowige nie. Lewe in verbondenheid met Jesus veronderstel dat die bondeling volgens die lewenseis van die verbond moet lewe.

> "Die eerste bekering wat as 'n radikale koerswending beskou kan word, en 'n verandering bring aan die hele sondige toestand word in feite voortgesit wanneer voortdurend van bepaalde sondes soos liefdeloosheid, kettery, hebsug, seksuele oortreding, ens. afgesien word... is die bekering dus 'n voltooide en onvoltooide daad: 'n beslissing waarin eenmaal die lewe vir God oorgegee is, maar beslissinge waarin gedurig ook weer van sondes afskeid geneem word" (Heyns 1978 :317).

Voortgaande bekering hou ook voortdurende verandering in.

> "Die lewensheiliging is nie 'n proses wat eenmaal afgehandel is nie. Op die weg van lewensheiliging moet ons almeer word wat ons in Christus Jesus is. Met ander woorde, ons toestand en status moet meer gelyk word.
> Daarom is daar ook op hierdie weg sprake van voortgaande

bekering. Dit is iets wat voortgaan tot die einde toe. Wanneer hierdie gemeenskap met die Here 'n voortgaande bekering is en elke dag opnuut plaasvind, dan verstaan ons wat in 2 Kor. 3 geskryf word oor die verandering wat daar plaasvind in die lewe van die gelowige. Ons lees daar dat die sluier voor Gods heerlikheid weggeneem word deur Christus en dat 'n mens dan na die lewende heerlikheid in die geloof kan kyk om dan verander te word. Watter betekenis het dit dan vir ons? Dit beteken dat ons op die weg van die voortgaande bekering deur die Gees gebring word om in Jesus die heerlikheid te sien, dat ons verander word, en dat daar 'n toename in die heiligmaking is. Die belangrikheid om verander te word soos wat onse Here Christus is, word uitgespel. Daarom is die voorgaande bekering die gedurige gelowige opkyk na Hom waardeur die sluier op die heerlikheid weggeneem word, 'n noodsaaklikheid. Daarsonder kan dit nie" (De Klerk 1991 :3).

Die bekering is daarom nooit klaar en afgehandel nie:

> "Maar in die tweede sin van bekering sou 'n mens liewer van 'n *bekerende* mens praat, want 'n mens is voortdurend betrokke by die bekeringsbeweging wat jou wegneem van die sonde op die pad van God" (König 1983 :165).

Kierkegaard meen dat bekering daagliks voortgaan en nie vir later uitgestel moet word nie. Dit is die lewensasem van die gelowige. Alhoewel daar baie teenstand by Christene is om daagliks tot

bekering te kom, moet die gelowige voortdurend let op die struikelblokke in die weg van sondebelydenis en bekering, dit uit die weg ruim en hom tot God wend (1956 :39-52).

Ons besef dus dat die voortgaande bekering onmisbaar in die lewe van die Christen is. Die vraag ontstaan nou: het die voortgaande bekering enige heilswaarde? Hierop sal die verbondsteologie negatief antwoord. Ek glo dat die meeste bekeringsteoloë dit egter ook sal ontken. (1) Ons sal dus moet bepaal of dit àl soort bekering binne die verbond is, en of dit enige heilswaarde het.

-Die heidenbekering (bekering om in die verbond in te kom).
Die meeste verbondsteoloë het geen probleem met hierdie bekering nie. Hulle aanvaar dat daardie mense wat nog nooit die evangelie gehoor het nie, en buite die verbond staan, tot bekering moet kom. Hulle het egter 'n mate van beswaar teen die woord "bekeer" - hulle gebruik in hierdie verband eerder die term "tot geloof kom".

Dit is egter baie duidelik dat heidene tot bekering opgeroep moet word, om te kan deel in die heil.

> "Die woordjie 'nou' dui op die eindtyd wat deur Jesus se koms ingelui is. Vroeër was dit Israel, die verbondsvolk, wat hulle moes bekeer - gewoonlik van bepaalde sondes - maar nou dat die oordeel op hande is, het die tyd aangebreek dat dit veral die heidene is wat hulle moet bekeer - d.w.s. hulle gode laat vaar en in die enigste ware God begin glo" (König 1983 :158).

Hierdie bekering is grotendeels eie aan die Nuwe Testament.(2)

-Conversio actualis (eerste bekering binne die verbond).
Hierdie vorm van bekering is juis dit wat vir die verbondsteologie onaanvaarbaar is . Hulle ontken dat hierdie bekering die antwoord is op die appèl van die verbond (SOW Jan. 1987 :31, Kriel s.j. :27). Hulle ontken ook dat enige vorm van bekering, hetsy eerste of voortgaande, enige heilswaarde het, behalwe by heidene. Binne die verbond word 'n mens gered sonder dat bekering vir die redding nodig is:

> "Om te beweer dat 'n mens aan God se verbond kan deel - sonder om aan die belofte (Jesus sal inkom) te deel, is sinlose en deursigtige retoriek" (Kriel s.j. :27).

Juis dààrom, omdat hulle geen ruimte laat vir die feit dat 'n verbondsmens verlore kan gaan nie, kan hulle geen menslike aksie as heilsbeslissend aanvaar nie. Wanneer 'n kind gedoop is, en dus deel van die verbond is, is enige bekering wat te doen het met die heil, onnodig en selfs absurd.

Dit is dus vir hulle ondenkbaar dat 'n mens sò ver van God kan leef dat die verbond vir hom nie meer heilswaarde het nie.

Dit is, myns insiens, so dat 'n verbondskind homself heeltemal tuis in die verbond kan vind, en dat hy leef soos dit 'n kind van God betaam. Vir hom sal bekering 'n voordurende wegkeer van sekere sondes wees, en nie 'n radikale verandering nie.
Kõnig meen dat sò 'n verbondskind die bekering anders as 'n heidense kind behoort te ervaar. Vir so 'n kind is bekering

eerder 'n voortdurende bekering as 'n eerste een.

> "...is die taak van die gesin en die gemeente om die kind in 'n warm liefdesgemeenskap van Christene te laat opgroei waarin hy die liefde van God en die gemeente as deel van sy alledaagse lewe ervaar. Hy behoort gaandeweg al meer daarvan bewus gemaak te word dat hy deel van hierdie verbondsgemeenskap is en hom hoe langer hoe meer bewustelik moet identifiseer met die gemeente en daarom ook met God en Christus en met die Christelike lewenswyse. Bekering sal vir hierdie kind dus eerder herhaalde geestelike ervarings wees van dieper insig in die evangelie, dieper oorgawe aan die Here en herhaalde wegkeer van bepaalde sondes na 'n lewe van gehoorsame toewyding aan die Here, as wat dit noodwendig een enkele radikale breuk van die duisternis na die lig sou wees" (1986 :150).

Ek meen egter dat dit ook kan gebeur dat 'n verbondskind sò onverskillig kan lewe dat hy mettertyd uit die verbond uitgesny kan word. Dit kan gebeur omdat sy ouers nie hulle doopbelofte nagekom het, en die kind nooit van Christus en sy verlossingswerk geleer het nie. Dit kan wees dat 'n kind gewoon rebels is, en hom nie aan sy ouers of die kerk steur nie. Dit kan wees dat 'n kind net nie glo in Christus nie. Hy moet dan tot bekering kom om te verhoed dat hy mettertyd uit die verbond, en dus uit die heil uitgesluit kan word. Of dit 'n eerste of 'n voortgaande bekering is, is nie regtig ter sake nie - hy moet hom tot Christus wend, en ophou met sy sondige lewe, anders kan hy nie in die heil deel nie.

Omdat die Bybel, myns insiens, nie regtig onderskeid maak tussen eerste en voortgaande bekering binne die verbond nie, voel ek dat hierdie onderskeid uiteindelik gedwonge is, en meer probleme skep as wat dit oplos. Dit is vir my opmerklik dat Heyns, in 'n referaat gelewer by SEVTO, geen onderskeid maak tussen eerste en voortgaande bekering nie. Tog is bekering, as sodanig, vir hom deel van die verbond.

> "Wie dus die belofte van die verbond ontvang het, mag nie daarom aanvaar dat hy gevolglik ook die vervulling as 'n outomatiese besit ontvang nie. Dit is 'n kollektiwisties-objektiwistiese siening van die verbond, wat nie alleen die karakter van die verbondsbelofte in sy wese aantas nie, maar wat ook die basiese verhouding tussen God en mens grondig versteur. Daarbenewens lei dit tot 'n valse gerustheid wat die geestelike lewe van die mens kan aantas.
>
> Die vervulling van die belofte vind plaas langs die weg van 'n oproep tot bekering en 'n gehoorsame geloofsreaksie hierop.
>
> Die werklikheid van die verbond en die vervulling van die verbond is nooit vir 'n enkele oomblik los te dink van die mededelende, eisende, en skenkende God nie. Die verbondsbelofte is in die diepste en eintlike sin, die lewewekkende, altyd magtige, heilbrengende Woord van God, wat sy eie heilsinhoud realiseer by diegene wat daartoe bestem is, en daarom ook gewillig is om die heil in geloof te ontvang en die belofte in geloof te gehoorsaam" (s.j.

:11).

Bekering is daardie gebeurtenis wanneer die mens die beloftes van die verbond vir homself toe-eien. Soos reeds gemeld gaan dit gepaard met geloof en weergeboorte. Die woord epistrephòò gee die betekenis van 'n omdraai op 'n sekere tyd weer. Die radikaliteit daarvan word weerspieël in die woord metanoèoo.

> "Our Lord's point in relating that account was to demonstrate that repentance is at the core of saving faith. The Greek word for repentance, *metanoia,* literally means 'to think after'. It implies a change of mind, and some who oppose lordship salvation have tried to limit its meaning to that. But a definition of repentance cannot be drawn solely from the etymology of the Greek word.
>
> Repentance as Jesus characterized it in this incident involves a recognition of one's sinfulness and a turning from self and sin to God. Far from being human work, it is the inevitable result of God's work in a human heart. And it always represents the end of any human attempt to earn God's favor. It is much more than a mere change of mind - it involves a complete change of heart, attitude, interest, and direction. It is a conversion in every sense of the word" (Mc. Arthur 1988 :32).

Daar is uiteraard verskillende sieninge oor hierdie bekering. Heyns sê: "Bekering in die Skrif is geen weelde waarsonder die Christelike lewe desnoods ewe goed kan klaarkom nie" (1978 :315).

Hy gaan voort deur te sê dat diegene wat hulle nie bekeer nie, nie kan deel in die verlossing nie.

Calvyn meen dat dit juis die manier is waaarop die Here met die afgedwaalde verbondsmens werk: Hy wil hom tot bekering lei.

> "Maar de wijze waarop hij ze wil zalig maken, beschrijft de Heere: Als ze zich bekeeren van hun booze wegen" (1973 :519, 520).

Hieruit, en ook uit sy Institusie (soos vroeër reeds aangedui), is dit duidelik dat bekering volgens Calvyn vir die verbondsmens noodsaaklik is. Hy wys egter duidelik daarop dat dit slegs uit genade moontlik is.

## 5.3 Bekering in die Ou Testament.

In hoofstuk 4 het ons aangetoon dat die verbond inderdaad 'n dupleuriese karakter het. Alhoewel die verbond monopleuries van oorsprong is, is dit dupleuries in sy werking. As 'n bondeling nie sy verantwoordelikheid aanvaar en uitleef nie, kan hy gevaar loop om uit die verbond uitgesluit te word. Die eerste aspek wat ons moet ondersoek, is of die moontlikheid bestaan dat God die verbond nietig kan verklaar wanneer die mens sy verbondsverantwoordelikheid nie nakom nie. Die tweede aspek van die vraagstuk gaan oor bekering as middel tot verbondsherstel. Ons moet ook bepaal wat die Ou Testament onder bekering verstaan.

Bekering het in die Ou Testament gewoonlik die betekenis van "bekeer van sonde". Israel word in die meeste gevalle opgeroep

om hom te bekeer van sy dwalinge en om terug te keer na die Here as die enigste God.

> "It (repentance) was quite suitable when the prophets were calling Israel back to its God and his covenant" (Goppelt 1981 :77).

In hierdie betekenis van bekering gaan dit dus nie om 'n inisiële insluiting in 'n verhouding met God nie, maar om die herstel van 'n staande verhouding met die Here. Tog is daar ook 'n ander vorm van bekering. Veral by die groter profete word daar soms 'n oproep tot bekering aan die ander volke gedoen. Hierdie bekering sou dan tot gevolg hê dat die betrokke volk in 'n verbondsverhouding met die Here kom (Bv. Jesaja 19:1-25).

Die woord "bekeer" kom ten minste 66 maal in die Ou Testament voor. "Terugkeer", met die betekenis van bekering kom minstens 17 maal voor. Die woord "inkeer" kom 3 maal voor. Die woord "bekering" is feitlik deurgaans die Afrikaanse vertaling vir die Hebreeus "sjoeb". Die woord het die volgende betekenisse: "Gaan terug, keer terug, kom terug, verander, verander denke, draai terug, herstel, " (Holladay 1973 :213).

Wanneer 'n mens vanuit die verbond na die bekeringsoproepe in die Ou Testament gaan kyk, vind 'n mens dat hierdie twee sake, nl. die verbond en die bekering, dikwels hand aan hand loop. Uiteraard is God die Inisiëerder van die verbond. Hy hou ook die verbond in stand. Ten spyte hiervan, egter, is dit moontlik dat die Israeliete sò ver van God af verwyder raak, dat hulle buite die verbond val. Eichrodt stel dit duidelik dat die verbond in

sy wese impliseer dat daar 'n verbondsverbreking kàn plaasvind en die verbond so nietig verklaar kan word.

> "The idea of a covenant relationship based on a single free act of divine grace, and bound up with certain conditions, already implies *the possibility of annulment;* and this possibility is something of which men become more and more conscious as greater and greater emphasis is placed on the covenant demands" (1961 :457).

Vosloo meen dat die boek Hosea handel oor God se aanklag teen sy volk. In hierdie klag word die Israeliete nie maar net gewaarsku teen 'n moontlike verbondsverbreking nie, maar dat hulle die verbond reeds verbreek het en God die verbond nou nietig wil verklaar (1:9). Hierdie vers is uiters belangrik. Die feit dat die verbondsformule omgekeer word, spreek van 'n radikale verbondbreuk wat plaasvind. Omdat die volk nie meer volk van God is nie, is Hy ook nou nie meer hulle God nie (Wolff 1974 :22). Vosloo glo dat hierdie nie 'n ydele dreigement is nie. (3) Die eerste hoofstukke is chronologies laaste geskryf, daarom is hierdie uitspraak finaal. God breek nou met die volk Israel. Die aanbod van verbondsherstel is dus volgens hom nie meer van krag nie.

> "But Hosea's words had likewise been vindicated. He had announced the utter destruction of the northern Israelite nation because of its gross violation of its covenant with Yahweh" (Bright 1977 :123).

> "Yahweh's wrath is not threatened as a tactic in bringing

a stubborn people to repent. Rather, announcement is made of Yahweh's imminent intervention in human affairs to 'even the score' by inflicting stinging punishment on 'his adversaries' " (Hanson 1987 :80).

"The prophets further underscore this result of sin. Hosea described the broken relationship in terms of a divorce between God and Israel (Hos. 2:2-13)" (Cate 1982:170).

Die uiteinde van verbondsverbreking is selfs erger as die dood:

"There remains, however, something more serious than death itself: the fact that the unrepentant sinner is able to find no place of inheritance under the testament. His name is 'blotted out of the book of life, and not written with the righteous' (Ps. 69:28). Thus his 'beauty shall be for hell to consume' (49:14), where seperation from God is complete" (Payne 1962 :212,213).

"Worse than earthly misfortune is the loss of citizenship in the kingdom of God. Sinners are 'blotted out of the book of the living, are not inscribed with the just...are not inscribed in the book of the house of Israel'" (Heinisch-Heidt 1955 :263).

Dit is duidelik dat die verbond nie onverbreekbaar is nie; inteendeel, Hosea kondig aan dat die verbond *reeds* verbreek is, omdat die Israeliete volhardend die verbondseise verontagsaam het. Dit is nie 'n dreigement van iets wat *kan* gebeur nie, dit

*het* reeds gebeur. Daardie mens wat die verbondseise verontagsaam, loop werklik gevaar om uit die verbond uitgesluit te word. Alhoewel die verbond dus monopleuries van oorsprong is, is die dupleuriese werking daarvan inderdaad so ernstig dat die Here in die geval van Israel die verbond nietig verklaar. Die verbond word vir hulle 'n oordeel en nie 'n troos nie.

> "It has been suggested, with good reason, that Amos and the prophets who followed him foretold the destruction of the nation because they saw that Israel's repudiation of the covenant had activated the covenant curse. In any case, Amos does not appear to think that the destruction can be avoided: Israel has exhausted her opportunities for ammendment (Jensen 1982 :161).

Hier, meen ek, is die antwoord op die eerste deel van die vraagstuk duidelik: 'n mens kan inderdaad as gevolg van onverskilligheid of ongehoorsaamheid mettertyd uit die verbond uitgesluit word.

> "Maar: binne die verbond en die worsteling van God met sy ongehoorsame volk kan die verskriklike gebeur, naamlik dat die verbond van die kant van die mens verbreek kan word" (Jonker 1988 :183).

Indien ons aanvaar dat die verbond nie onverbreekbaar is nie, en die sondaar gevaar loop om uit die verbond uitgesny te word, ontstaan die vraag of dit finaal is. Dit wil sê, is daar 'n moontlikheid dat die verbond weer herstel kan word? Kan 'n mens weer in die verbond opgeneem word as hy tot inkeer kom?

Hier kom ons by die tweede aspek van die vraagstuk. Is verbondsherstel afhanklik van die mens se bekering? Ek meen dat dit so kan wees.

Cate meen dat bekering juis vanuit die verbond verstaan moet word. Vergifnis is vir hom ondenkbaar buite die verbond.

> "The covenant relation between God and Israel is absolutely at the center of all Old Testament thought about divine forgiveness. So much so, in fact, that it would appear that forgiveness can hardly be understood outside of the covenant context" (1982 :190).

Selfs die afvallige Israel word opgeroep tot bekering, om sodoende weer in die verbond met God hertel te word.

> "At the same time, as we have seen, his righteous demands must be met. Thus the covenant background made repentance necessary from Israel before forgiveness could come from God" (Ibid :191).

Hy toon verder aan dat die verbond nie weer tot sy reg kan kom voordat daar nie opregte bekering is nie.

> " Repentance and obedience on Israel's part were the only conditions which they needed to meet in order for the divine covenant to be restored (Isa. 1:16-20). But they had to be met. Unless there was repentance and obedience, God's forgiveness would not operate and the covenant would not be restored. So God pled with Israel to repent" (Ibid :191).

Dit beteken dat God vir Israel lief het. Israel word vergewe binne die kader van die verbond, maar slegs as daar bekering teenwoordig is. By gebrek hieraan, verval die verbondsvoorregte wat Israel geniet, en word hy nie vergewe nie.

Payne meen ook dat die verbond slegs tot sy reg kan kom indien daar by beide partye 'n verantwoordelike nakoming van die verbondseise is.

> "Though a testament is effectuated by grace, it may yet involve stipulations, requirements that are imposed upon the heirs and that must be met, if the latter are to qualify for the inheritance. God accordingly laid on Abraham, whom He had chosen by unconditional election, this general obligation: 'As for thee, thou shalt keep My testament, thou and thy seed after thee' (Gen. 17:9) Without any sence of incompatibility, the Old Testament asserts both the divine ordination of the testament (Ex. 6:7) and yet, at the same time, the human responsibility to accept its obligations and to fulfill them" (1962 :296).

Hierdie voorwaarde om die erfenis in besit te kan neem, meen hy, begin by bekering.

> "The fundamental requirement for inheritance under the testament is commitment to God: 'Commit thy way unto Yahweh, trust also in Him, and He will bring it to pass' (Ps. 37:5). Commitment, moreover, begins with the experience of conversion and then follows through into a life of progressive sanctification in obedience to God's

> law, both moral and ceremonial. Conversion, for its part, embraces two basic matters: repentance (this topic) and faith (the next). True repentance involves a man's admission of his sins, his feeling of sorrow, and his decision to turn from a life of sin to a life that is dedicated to God" (Ibid :297).

Vir hom gaan dit nie in die eerste plek om die herstel van 'n verhouding nie, (soos bv. by Cate), maar om die bevestiging van sy verhouding met God.

Om die gebroke verbond te herstel, meen hy, is dit nodig dat die mens hom aan die wil van God onderwerp.

> "What is involved is neither a private affair of the individual human being, nor a new order realized only in the realm of the Spirit; rather is it concerned with the nation and the world of the nations, and with the individual solely as a member of his nation. And this subjection of humanity to the sovereignty of God also implies a renewal of bodily life, a fact of the entire cosmos and its laws... The most powerful presentation of this attitude of humble submission to God's decrees, and one in which all protests against his Providence are reduced to silence, is to be found in the Book of Job; here a position is adopted which is decisive for Judaism's whole understanding of God's rule, and which makes it possible to overcome the many disappointments of hope of salvation" (Ibid :506,507).

Bright meen ook dat die verbroke verbond slegs herstel kan word deur die volk se onvoorwaardelike bekering.

> "This is how it *must* be; there is no other way! No excuses offered, no merit or works claimed - just abject confession of sin: *Peccavimus!* Under the law Israel has lost all claim upon her God; she can only receive his grace, and respond in penitance and trust.
>
> But did Jeremiah actually expect that Josiah's reform would produce such repentance? We do not know" (1977 :150).

Heinisch-Heidt meen dat die heidene opgeroep word tot bekering sodat hulle kan meewerk om Israel weer te versamel na die ballingskap.

> "Some day the conversion of the pagan world will come to pass...They would abandon their gods to worship the true God and integrate their faith with every act of daily life...These ideas receive further development in Is. 11:10-12: the root of Jesse, the Messiah, will take the position of standard bearer for the nations, calling and inviting them to assemble about Himself; and 'the nations shall seek Him'. Then 'Addonai once more will *lift up* his hand to redeem the remnant of his people' still in exile; He will 'raise a standard to the nations and assemble the dispersed of Israel and bring home the scattered of Judah from the four ends of the earth'. According to God's plan of salvation the nations must cooperate in the return of Israelites dwelling in distant places" (1955: 316).

"The exilic prophet, Ezekiel expressly identified himself as a watchman over Israel (Ezek. 33:7-9), warning the ungodly to repent and to turn from their evil ways (v. 11). In submission lies Israel's hope for divine forgiveness (v. 16); but without it, there could be no anticipation of repossessing the promised land. (v. 25). Perhaps even more distressing to Ezekiel than the openly ungodly were the 'church going' exilic hypocrites who were accustomed to sit before him: 'For with their mouth they show much love, but their heart goeth after their gain; for they hear Thy words, but they do them not!' (v. 31, 32). The need for both of these groups was to submit to God and to make them a new heart (18:31), though it would, at the same time, be God who whould give the new heart to them (36:26-29)" (Payne 1961 :303).

Calvyn maak 'n baie belangrike stelling oor die bekering en die daaropvolgende ewige lewe:

"Wanneer de goddelooze zich bekeert, hij zal gewisselijk leven. Nu blijft er geen verontschuldiging over, als zulk eene noodiging ons niet beweegt. Maar God eischt ook hier waarachtig berouw. Hij zecht:
*Als de goddelooze zich bekeert van alle zijne zonden, en Mijne inzettingen onderhoudt.* Want een half berouw en halve bekeering ziet men vaak. Velen mengen deugd en ondeugd dooreen, en meenen dat hunne zonden al worden teniet gedaan, als ze maar eens iets lofwaardigs verrichten.

Dat is alsof iemand wijn met droesem en onreinheid vermengd, zijnen heer aanbood, zoo is het doen van hen, die al hunne verdorven begeerten niet tegenstaan. Het begin der bekeering is, dat men zijne slechte begeerten af scheiden, het kwade laten, het goede doen. *Dat is de waarachtige bekeering. Wie zich zoo bekeert, dien is bij God het leven bereid.* (My kursivering, P.A.V). Zoodra wij tot berouw komen, zal Hij de zonden vergeven, dat is Gods wonderbare goedheid. *En die berouw hebben, gaan terstond uit den dood in het leven over, omdat God al hunne overtredingen uitdelgt"* (1973 :519).(4)

Calvyn meen dus dat bekering vir die afgedwaalde verbondsmens noodsaaklik is. Eers na sy bekering gaan die mens oor van die dood na die lewe.(5)

In hierdie aanhaling van Calvyn kom ons by 'n baie belangrike saak: die bekering is nie net kollektief, soos in die geval van die hele volk nie, maar ook individueel. Alhoewel die volk as gemeenskap op die ou end deur God as verbondsvolk verwerp word, is daar tog 'n oproep tot die individu tot bekering. Wie hom bekeer sal gered word. Ons vind dit veral by Esegiël.

"Among the prophets Ezechiel ranks first among those who stressed individual responsibility. The value of the individual before God is shown in the vision of the destruction of the temple in which the scribe-angel puts a mark upon the foreheads of the just to save them from the common destruction. Each soul is responsible to God, the

individual is punished for his sins, no one may depend upon the piety of another. Even if such saintly men as Noe, Daniel, and Job lived in a sinful city, the inhabitants of that city would perish if they did not repent" (Heinish-Heidt 1955 :260).

"Maar die apostel zegt niet, dat hun vergeving geweigerd wordt, wanneer zij zich tot den Heeren bekeeren. Hij ontkent, dat zij tot berouw en bekeering kunnen komen. Zij worden wegens hun ondankbaarheid door Gods rechtvaardig oordeel met eene eeuwige verblindheid geslagen. De profeet zecht duidelijk, dat wanneer de goddelose zich bekeert van al zijn zonden, zoo zal hij gewisselijk leven en niet sterven (Ez. 18:31)" (Calvyn Inst 3 III, 24).

Eichrodt meen dat ons die bekeringsappèl tot die individu ook by Jesaja vind:

"But at the same time this was raised on to a new plane with the emphasis on his function as mediator, through whom complete righteousness was assured to the nation and to each individual in it, and every man guaranteed a new relationship of covenant and peace between himself and his God. Because this mediatorial position was based on voluntary atoning suffering - even to the extent of the surrender of life itself - and achieved its purpose in the interior conquest and transformation of sinners by their acceptance in faith of the intercession made for them, the divine community of the called, perfected in history,

finally put paid to all ideas associated with physical magic, and was established as in the fullest sence a personal relation between God and man" (1961 :483).

Is hierdie bekering voortgaande bekering of eerste bekering? Cate meen dat dit nie net 'n algemene toestand is nie, maar dat dit 'n opdrag is.

"Perhaps the most important thing to note first about the Old Testament concept of repentance is that it is always referred to by a verb and never a noun. When the concept is dealt with, it is an action that is demanded and expected. The prophets never called upon Israel to exist in a condition of repentance. Rather they demanded that Israel repent" (1982 :192).

Ek meen dat dit nie belangrik is om aan te toon of dit voortgaande of eerste bekering is nie. Die feite spreek vanself: wie in die verbond is, moet besef dat hy weens 'n gebrek aan verbondsnakoming uit die verbond gelaat kan word. Die Here eis dat sò 'n mens hom sal bekeer om te kan deel in die weldade van God.

"Divine forgiveness is available to the one who turned to God. Hence He pleaded with them to turn from their evil ways and live. Persistence in persuing their course could only lead - as they now obviously realized - to physical death (and, of course, to ultimate banishment from God's presence)" (Tatford 1977 :198).

Unterman meen dat die oproep tot bekering in Hosea, Jesaja, Esegiël en Jeremia baie duidelik heelwat in gemeen het. Sonder hierdie bekering is die toorn van die Here onafwendbaar en finaal. Die feit van die bekering meen hy, net soos Wolff, is eie aan die Bybel (1987 :153-173).(6) Uit die Ou testament kan ons kan nie anders as om te besef dat die mens hom moet bekeer om in die verbond te kan deel nie. (7)

Konklusie.

Dit is vir my duidelik dat daar 'n moontlikheid bestaan dat die bondeling wel verlore kan gaan. As hy die eise van die verbond verontagsaam, is daar uiteindelik die kans dat hy uit die verbond uitgesluit kan word. Die feit dat hy in die verbond ingesluit is, maak nie *ipso facto* van hom 'n geredde mens nie. Hy moet sy verantwoordelikheid aanvaar en uitleef.

Wanneer die mens egter verbondsbreuk gepleeg het, is die enigste manier waarop hy weer kan seker wees dat hy deel in die verbond, om hom te bekeer.

Of hierdie bekering 'n inisiële of 'n voortgaande bekering is, maak uiteindelik nie regtig saak nie. Myns insiens is hierdie onderskeiding dikwels gedwonge, en veroorsaak heelwat onbeantwoorde vrae.

## 5.4 Bekering in die Nuwe Testament.

### 5.4.1 Inleiding.

Omdat dit nie in hierdie studie gaan oor die bekering van die heidene nie, maar bekering in verbondsperspektief, sal ons daardie gedeeltes wat oor die heidene handel vermy.

Aanvanklik het ek gepoog om aan te dui dat daar in die Nuwe Testament sekere gedeeltes is wat handel oor die eerste bekering van mense in die verbond, in teenstelling met die Ou Testament wat geen onderskeid maak tussen eerste en voortgaande bekering nie. Gaandeweg het ek egter besef dat die Nuwe Testament ook nie 'n duidelike onderskeid maak tussen eerste en voortgaande bekering binne die verbond nie. Wat ek egter wel poog, is om aan te dui dat daar, net soos in die geval van die Ou Testament, 'n helder en onweerlegbare waarskuwing in die Nuwe Testament is: die wat hulle nie bekeer nie loop gevaar om uit die verbond uitgelaat te word, en sodoende nie in die weldade van Jesus Christus te deel nie.

'n Mens moet ook in gedagte hou dat ek nie hier die verbondsteoloë gelyk gee nie. Hulle ontken inderdaad nie die waarde van voortgaande bekering binne die verbond nie. Hulle ontken net dat hierdie bekering enige *reddende* betekenis het. Ek wil graag aantoon dat hoewel die Bybel nie noodwendig 'n verskil maak tussen eerste en voortgaande bekering nie, die mens wat hom nie wil bekeer nie, uit die verbond uitgesny kan word.

> "In sy beloftes bied God werklik die volle heil onvoorwaardelik vir die mens aan. Maar die beloftes is wel *gerig op die geloof en kan alleen deur die geloof gesmaak word*. Daarom kan die woord van Luther in verband met alle beloftes van God volop geld: 'Glaubstu so hastu; glaubstu nit so hastu nit' (Bakker: 1972,80). Daarom kan NGB 35 sê dat goddeloses wel die sakramente ontvang, maar nie die waarheid van die sakramente nie" (Jonker 1988: 183).

Aan die ander kant meen ek ook dat daar sekere verbondskinders is wat inderdaad van kleins af as bekeerde mense lewe. Hulle word in die geloof groot, en aanvaar dan ook die verbondsbeloftes van Christus reeds vroeg in hulle lewe. Hulle leef hulle uit in die verbondseise. Vir sulke mense is dit onnodig om vir die eerste maal vir Christus aan te neem in 'n radikale bekering. König stel dit so:

> "Ek meen dat ons hier met die ideaal te doen het - alhoewel dit lank nie in die praktyk die geval met alle gemeentekinders sal wees nie. ... is die taak van die gesin en die gemeente om die kind in 'n warm liefdesgemeenskap van Christene te laat opgroei waarin hy die liefde van God en van die gemeente as deel van sy alledaagse lewe ervaar. Hy behoort gaandeweg al meer daarvan bewus gemaak te word dat hy deel van hierdie verbondsgemeenskap is en hom hoe langer hoe meer bewustelik moet identifiseer met die gemeente en daarom ook met God en Christus en met die Christelike lewenswyse. Bekering sal vir hierdie kind eerder herhaalde geestelike ervarings wees van dieper insig in die evangelie, dieper oorgawe aan die Here, as wat dit noodwendig een enkele radikale breuk van die duisternis na die lig sal wees" (1986:150).

Wanneer verbondsmense hulle egter teen die verbondseise en die evangelie versit, is dit wel nodig dat hulle hulle sal bekeer. Dit is myns insiens eerder 'n kwessie van terminologie om hier te praat van 'n eerste of 'n voortgaande bekering.

### 5.4.2 Vergelykende gedagtes oor bekering in die Ou Testament en in die Nuwe Testament.

In die Nuwe Testament kom die woord of begrip "bekering" ten minste 41 maal voor. Die Griekse woorde wat gebruik word vir bekering is: strephoo, epistrephoo, metanoeoo, en metanoia. In die Nuwe Testament word die woord metanoia feitlik deurgaans met

"bekering" vertaal, terwyl epistrephoo meer betekenisse het. "Epistrephoo" beteken letterlik om om te draai. "Metanoia" beteken om 'n verandering van denke (gedagte) te hê.

Die volgende wyses van gebruik kan onderskei word:

- Omkeer deur 'n persoon na 'n posisie wat in kontras met die vorige posisie staan.

-'n Persoonsomvattende heilsomkeer na God weg van afgode en verwante praktyke. In die gebruiksgevalle word die omkeer weg van die godsdienstig negatiewe na die godsdienstig positiewe aangedui. Die hele persoon op al sy vlakke van eksistensie word betrek.

> "As die woord 'bekering' dus in Hand. 15:3 gebruik word, wil Paulus daarmee sê dat die mense na God gekom het en ervaar wat daarmee saamgaan. 'n Mens sou dit as ekwivalent kon sien van: 'hulle het Christene geword'. Die gedagte van omkeer is duidelik, maar implisiet behels dit meer" (V.d. Watt J.G. 1988 :3).

- Kontrasterende omkeer deur 'n persoon met verwysing na die gevolge.

-Omkeer weg van die slegte na die goeie met soteriologiese effekte (Ibid :4).

> "In die beskrywing van Paulus se Damaskuspadervaring in Hand. 26:18 sê Jesus aan Paulus dat Hy hom stuur om die heidene se oë oop te maaak. In sy sendingsoptrede moet Paulus die heidene dus op die punt bring waar hulle werklik kan "sien". Dit sal dan tot bekering lei. Die oopmaak van die oë maak hier nie donatief deel uit van dit wat met

behulp van epistrephoo beskryf word nie, maar wel deel uit van die assosiatiewe agtergrond waarteen die woord gebruik word" (Ibid :5).

Goppelt meen dat daar 'n radikale verskil tussen die bekeringsoproepe van die Ou Testament, en die oproepe van die Nuwe Testament is. Waar die bekering in die Ou Testament grootliks 'n terugwerkende funksie gehad het, werk dit in die Nuwe Testament vooruit:

> "It must be asked, however, if 'repentance' is an appropriate term here. It was quite suitable when the prophets were calling Israel back to its God and his covenant. But the coming kingdom requires a forward, rather than a backward orientation!" (1981:78).

Alhoewel hierdie verskil bestaan, is bekering tog een van die raakpunte tussen die werking van God in die Ou Testament en die optrede van Jesus in die Nuwe Testament. (8)

Hierdie gedagte word deur Von Rad ondersteun:

> "As we have seen, however, the Old Testament too has its contribution to make to the question just posed; for the passages which interpret the various events which took place within the Old Testament sometimes look away from their own standpoint in time and forward to Jesus Christ, to be subsumed in him as their final fulfilment.
>
> So far, and regarded simply in the sense of an historical

sequence, the New Testament saving appears as the prolongation and conclusion of Israel's history with God which the Old Testament records. This is in fact the way in which the simple historical summaries in the New Testament also represent it, for they produce the line of Old Testament history to connect with the New Testament saving event" (1965 :382).

Dit blyk egter dat, alhoewel 'n mens Goppelt en Von Rad gelyk moet gee dat daar verskille is in die oproepe , daar ook 'n besliste ooreenkoms is in die bekeringsoproepe van beide Testamente. Die verbondsverbreking van die Jode in die Ou Testament word deur Paulus in die Nuwe Testament aan die orde gestel, in Rom. 9-11.

"Paul turns then in 9-11 to the question of the basis of the Jews' unbelief in the dawning time of salvation. The inconceivable fact of the present rejection of Israel is contrasted with her redemptive benefits (9:1-5); but in rejecting the Jews God has not gone back on his promise to Israel, and He has the freedom to reject (9:6-29); human guilt is the real cause of the rejection" (Kümmel 1975 :307)

Hy roep hulle vervolgens op om hulle te bekeer.

Soos reeds vroeër opgemerk, word die bekering en die verbond herhaaldelik aan mekaar gekoppel. Ons vind dit veral by Jeremia (4:1, 18:8, 25:5, 31:18) en by Hosea, waar die hele boek handel oor die ontrouheid van die volk teenoor die Here en die herstel

van die verbond deur die bekering van die volk tot God.

Ten spyte van die ballingskap volhard die volk in hulle ontrouheid aan die Here. Daarom word die verbond finaal verbreek. Paulus spreek dan juis in Rom. 11 die onbekeerde volk van die Ou Testament aan. Omdat hulle in hulle sondes volhard het, en hulle nie tot God gewend het nie, is hulle uitgekap .

Die teendeel ondersteun ook die feit dat bekering vir verbondsherstel nodig is. Soos reeds vroeër genoem, meen Vosloo dat Hosea 1:9 'n ingrypende verbondsbreuk inhou, omdat die bekeringsoproep deur die profeet aan die ontrou volk verontagsaam was. God maak Hom inderdaad los uit 'n verbondsverhouding met Israel. Net so kondig Jeremia in hfst. 31 'n nuwe verbond aan, omdat die volk vanweë hardkoppige volharding in afgodery die verbond verbreek het. Omdat hulle hulle nie tot God bekeer het nie, word hulle as verbondsvolk verwerp. Tog word daar reeds in 24:7 'n troos aangekondig. Die Here sê dat dit tot hulle eie beswil is dat Hy hulle in ballingskap wegstuur. Wanneer hulle terugkom sal Hy hulle tot Hom bekeer. Hulle sal na God terugkeer en dan sal hulle sy volk wees en Hy hulle God. Net soos in die geval van Hosea 1:9, word die normale volgorde van die twee frases van die verbondsformule (waarin God eers genoem word, en daarna die volk) omgeruil met besondere betekenis: in Hosea gaan dit oor die sondes van die volk, en daarom word die verbond verbreek. Die Here sê: "hulle is nie My volk nie, en Ek is nie hulle God nie". In Jeremia sê die Here: "Hulle sal my volk wees, en Ek sal hulle God wees, want hulle sal heelhartig na My toe

terugkom" (v.17-19). Die bekering van die volk word hier dus as oorsaak gestel dat die verbond herstel word.

In Rom. 11:22 word verlossing aangekondig vir daardie Jode wat hulle bekeer en in God glo:

> "If the Gentile Christian can believe that God has actually grafted him in that holy stem to which he does not naturally belong, how much more readily ought he to believe that God is able and willing to do what is less wonderful - to restore to their own native stock the unbelieving Jews, *when they repent and believe!"* (Cranfield 1979 :572).

In wese verskil die Ou Testamentiese verbondsbekering dus nie van die oproep in die Nuwe Testament nie. Dieselfde Israel wat hulle verbondsverpligtinge in die Ou Testament verwaarloos het, en sò uit die verbond uitgesluit is, word in Romeine 11 opgeroep om hulle te bekeer om te kan deel in die verbond.

5.4.3 Enkele gedeeltes wat handel oor bekering.

Net soos in die Ou Testament, is dit nie sinvol om elke teks waarin die woord "bekering" voorkom te ondersoek nie, maar eerder daardie tekste wat die meeste teologiese waarde het.

-Markus 1:15 In hierdie gedeelte gaan dit om die "intreerede" van Jesus. Christus roep die mense op om te glo en hulle te bekeer, ter wille van die koninkryk van God. Hy begin preek en sê: "Die tyd het aangebreek en die koninkryk van God het naby

gekom. Bekeer julle en glo die evangelie." Die woord "*metanoeite*" staan in die imperatief. Dit wil sê, hier word 'n opdrag gegee.

> "'Repentance' is a collective term used by the evangelists primarily to summarize what Jesus wanted people to do" (Goppelt 1983 :77).

Net so word die opdrag om die evangelie te glo in die imperatief gestel. Geloof en bekering word hier nie naas of teenoor mekaar gestel nie. Hierdie twee sake moet verband hou met mekaar.

> "The alternation between the two terms was, nevertheless, possible only because they approximately corresponded to one another in terms of their substance" (Ibid :133).

Omdat die evangelie 'n nuwe boodskap is, moet die mens begin glo. Hy moet dus 'n begin maak in sy nuwe lewe, verbonde aan Christus. Die bekering is dus vir party mense van voortgaande aard, maar duidelik 'n eerste bekering vir andere. Jesus preek hier in Galilea, en daarom is dit logies dat die meeste van sy hoorders Jode, dit wil sê, verbondsmense was. Wanneer hier dus 'n oproep tot bekering is, is dit gerig op die bondeling. Ons het hier dus 'n oproep tot bekering binne die verbond.

-Lukas 13 :1-5. Jeremias gebruik hierdie gedeelte om die bekeringsoproep van Jesus te verduidelik:

> "Jesus proclaims to his audience: Unless you repent, you will all, without exception, perish, like those killed by Pilate's legionaries and those who were buried under the tower of Siloah. The urgency of this appeal shows that in

the catastrophe that threatended, Jesus does not have in mind a misfortune lying in the far distance, but a danger which immediately threatens the people standing before Him. For the flood is at hand (Matt. 24.37-39 par.; cf. 7.24-27), the axe is laid to the root of the unfruitful tree (Luke 13.6-9) and the great supper (sic) (Luke 14.15-24 par. Matt. 22.1-10). Then the doors to the banquetting hall will finally be closed. The parables of the journey to the judge (Matt.25f. par 5. Luke 12.57-59), the unjust steward (Luke 16.1-8) and many others have the same note. Act immediately! There is still one final chance of reprieve" (1971 :134,135).

Uit hierdie aanhaling is dit duidelik dat die bekeringsoproep in Lukas geen uitsondering maak vir enige mens nie. Dit het te doen met die bondelinge, sowel as heidene. Tog is dit meer logies om te aanvaar dat die mense wat met Jesus kom praat het, mense uit die volk was, omdat hulle juis ontsteld was omdat die vermoorde mense besig was om te offer. Hulle was dus besig met verbondsvoorskrifte. As Jesus dus onomwonde hierdie klaers tot bekering oproep, is dit met die waarskuwing dat wie hom nie bekeer nie, sekerlik sal sterwe.

"Two words in Lk. 13:1-5 said as much: Pilate had Galilean pilgrims put to death in the temple, probably during the sacrifice of the Passover lambs, in reprisal perhaps for Zealot intrigues. And Jesus declared to the Galilean populace: 'Do you think that these Galileans were worse sinners than the other Galileans...? I tell you, No; but unless you repent you will all likwise perish!' " (Goppelt

1983 :123).

Dit is dus uit hierdie gedeelte duidelik dat hier, net soos in die Ou Testament, 'n oproep tot bekering binne die verbond is. In der waarheid maak dit nie werklik saak of ons hier te doen het met 'n eerste of 'n voortgaande bekering nie: die feit is dat wie hom nie bekeer nie, sal sterwe.

-Joh. 12:40. Hierdie gedeelte is 'n direkte aanhaling uit Jesaja. Jesaja sê: "...en hulle bekeer en Ek hulle gesond maak nie." Jesus self gebruik dit as uitgangspunt en roep die mense op om in Hom te glo. Daaruit kan ons aflei dat om in Jesus te glo, ooreenstem met bekering. Hendriksen maak die volgende afleiding:

> "The terrible consequence of hardening ourselves against the solemn admonitions and warnings that come to us is here pointed out. Again, as made clear in the discussion of vese 38, *the fault lies not in any sence with God!* He is the God of love. He is not a cruel monster who deliberately and with inward delight prepares people for everlasting damnation. On the contrary, he earnestly warns, proclaims the Gospel, and states - as Jesus did repeatedly during his earthly ministry - what will happen if people believe, also what will happen if they do not. He even *urges* them to walk in the light. But when people, of their own accord and after repeated threats and promises, reject Him and spurn his messages, then - and not until then - he hardens them, *in order* that those who were

*not willing to repent may not be able to repent* (1954 :212).

Hierdie is 'n uiters belangrike uitspraak van Hendriksen. Indien die bondeling nie erns maak met die oproep om die verbondseise na te kom nie, dan word hy mettertyd uit die verbond uitgesny. Volgens Hendriksen raak dit trouens vir hom onmoontlik om hom te bekeer. Na die volgehoue oproep tot bekering verhard God nou die hart van die onbekeerde bondeling.

> "The hardening process provides an inpenetrable casing which removes all sensitivity to the pleadings of the Spirit. *There comes a point of no return,* when restoration is impossible" (Guthrie 1983 :150).

-Hand. 2:37-39. Die aanhoorders van Petrus se toespraak vra:

> "Wat moet ons doen (om gered te word), broers?"

Petrus antwoord: "Bekeer julle...". Nadat die indikatief van die verlossingswerk van Jesus in die voorafgaande gedeelte gestel is, kom die imperatief nou in die vorm van die opdrag tot bekering. Wat uiters belangrik vir hierdie studie is, is vers 39:

> "Wat God belowe het, is vir julle en vir julle kinders en vir almal wat daar ver is, vir almal wat die Here ons God na Hom toe sal roep".

Hierdie vier objekte van die belofte staan telkens in die datief. Daarom moet ons aanvaar dat die belofte vir elkeen van hierdie vier partye is. Die vraag is egter wat God hier belowe. Somige meen dit gaan oor die belofte dat 'n mens gered word as hy hom bekeer en gedoop word, en die Heilige Gees ontvang het. (9)

König meen egter dat ons hier te doen het met die Abrahambelofte of Abrahamverbond. Hierdie term kom nog vyf maal in Handelinge voor (7:17; 13:23; 32, 23:21, 26:6), asook in Rom. 4 en Gal. 3 en 4. Telkens is dit 'n wisselterm vir die Abrahamverbond. Daarom is die doop 'n verbondsteken (1986 :38). Ons het hier te doen met die verbond, en die verlossing word in verband met sowel die verbond as met bekering gebring. Weereens maak dit nie saak of ons hier 'n eerste of voortgaande bekering het nie. Wie wil deel in die verlossing en die verbond moet hom bekeer.

-Hand. 3:19. Weereens stel Petrus die indikatief in die voorafgaande vers: "...God het aangekondig dat die Christus sou ly. Dit het nou gebeur". Dan volg die imperatief: Bekeer julle en bekeer julle! (metanoesate sun kai epistrepsate). Alhoewel die Nuwe Afrikaanse vertaling dit effens sagter stel met "bekeer julle en kom tot inkeer", stel die Grieks dit baie sterk: bekeer julle en bekeer julle. Petrus lê dus dubbele klem op die bekering as verantwoordelikheid van die mens. Hy stel nie net die heilsmoontlikheid in die werke van Chistus nie, maar roep die mens ondubbelsinnig op tot bekering. Hierna volg die belofte (uitvloeisel) :

"Dan sal God julle sondes uitwis."

In vers 25 koppel hy dit weer aan die verbond:

> "Die dinge waarvan die profete gepraat het, is vir julle bedoel, en julle het deel aan die verbond wat God met julle aartsvaders gesluit het. Hy het vir Abraham gesê: 'Jou nakomelinge sal vir al die volke van die aarde tot 'n seën wees' ".

Weereens het ons hier te doen met 'n appél tot bekering binne die verbond. Wie hom nie bekeer nie, word nie gered nie, en kan dan uiteraard nie in die verlossing deel nie.

-2 Kor. 5:20. Paulus skryf aan die gelowige mense in Korinte oor die bediening van die versoening. In verse 18 en 19 stel hy die verlossingswerk van Christus aan die orde. God het die versoening bewerk deur die sterwe en opstanding van Christus. Nadat hy egter hierdie feite in die indikatief gestel het, gee hy op tipies Pauliniese wyse die imperatief, nl. "versoen julle dus met God!" (my vertaling P.A.V.). (10) Hy smeek hulle "namens Christus" om dit te doen. Die mens moet optree en die verlossing syne maak. In 6:1 doen hy 'n beroep op hulle om te sorg dat hulle "die genade van God nie tevergeefs ontvang het nie".

Alhoewel hy hier met die gemeente praat, spreek Paulus die mense ernstig aan om selfondersoek te doen oor hulle verhouding met God. Omdat ons verantwoording voor God sal doen (5:10), moet elke mens besef dat hy slegs met God versoen sal wees as hy die versoening wat God bewerk het, vir homself toe-eien (V.d. Watt J.G.) (11) Alhoewel hy nie hier in soveel woorde sê dat die mens deur bekering hierdie versoening vir homself toe-eien nie, is dit wel by implikasie, en gaan dit die bekeringsoproep in 6:17 vooraf.

-2 Kor. 6:16-20. Paulus vermaan teen heidense invloed. Hy wys daarop dat 'n gelowige en ongelowige nie in dieselfde juk mag

trek nie. Hy wys ook op die verskil tussen God en die afgode. In vers 16 haal hy die verbond aan. In vers 17 kom die opdrag:

> "Gaan van hulle af weg en sonder julle af,".

(Letterlik : "bekeer julle weg uit hulle midde...")
Daarna volg die belofte:

> "<u>Dan</u> sal Ek julle aanneem, en Ek sal vir julle 'n Vader wees en julle sal vir My seuns en dogters wees."

Die toepassing van hierdie gedeelte kom in 7:1. Weereens is "hierdie belofte" duidelik 'n verwysing na die verbond. Omdat hulle in die verbond deel, moet die gemeente sorg dat hulle hulle bekeer en heilig lewe. Die bekering word dus as voorwaarde vir die toe-eiening van die verbondsbeloftes gestel.

-Openbaring 3:19. In die boodskap aan Laodisea blyk dit dat hierdie mense 'n skyn van godsdiens gehad het. Hulle word daaroor aangespreek en hierdie gedeelte kulmineer in vers 19 met die oproep :

> "Laat dit dan vir julle erns wees en bekeer julle!"

En dan volg die belofte van die vreugdevolle feesmaal.

Beasley-Murray meen dat ons hier te doen het met beide bekeringsvorme, nl. 'n eerste sowel as voortgaande bekering.

> "In the light of so great a love, it is fitting that the Laodiceans respond with a zeal such as they have not yet manifested (*be zealous* - a continuous present) and repentance for their lack of love (*repent* - a single act of turning)" (1981 :106).

Ons vind hierdie selfde sienswyse ook by Swete (1977 :60).

5.4.4 Samevatting:

Dit is duidelik dat bekering in die Nuwe Testament 'n kernbegrip is. Paulus stel dit onomwonde dat die genade van God tevergeefs ontvang kan word (2 Kor.6:1). Ons het hier te doen met die onontbeerlikheid van die bekering binne die verbond.

> "Een van die brandende vraagstukke wat agter hierdie gedeelte lê, is of kerklidmate tot bekering kan of moet kom. Die Nuwe Testament bevat riglyne daaroor, maar 'n mens kom nouliks daarby uit as jy jou ondersoek tot die woorde bekering en wedergeboorte beperk...God se wil is dat alle kerklidmate verloste mense moet wees. Kinders het nog nie 'n volwasse geloof nie, maar Paulus beskou hulle tog as deel van die verloste gemeente...Die Here se wil is dus dat lidmate groot en klein in die magsfeer van die genade lewe en daardeur gevorm word. As 'n lidmaat nog tot bekering moet kom, beteken dit dat God se wil voor die tyd jammerlik weerstaan is, en nou moet deurbreek...die bekering word deurgaans as 'n uiters radikale gebeurtenis gesien. Daar is geen sprake van dat 'n onverloste lidmaat homself net aanpas om 'n aktiewer gemeentelid of beter mens te word nie. Die Gees wil sulke gemeentelede radikaal tot bekering bring. Sy deurbraak kan geleidelik of momenteel plaasvind" (Nicol 1987 :10).

Dit is ook duidelik dat bekering in die Nuwe Testament 'n

radikale element bevat. Jesus sowel as Johannes die Doper roep mense op om hulle te bekeer sodat hulle kan deel in die koninkryk van God (Mat. 3:2, 4:17). Daar is egter 'n duidelike verskil in die twee oproepe. Johannes kondig die dreigende oordeel van God oor die sondes van die volk aan (Luk. 2:9). Hierby sluit hy in 'n groot mate aan by die profete van die Ou Testament (Luk. 3:4-6). Die oproep tot bekering is dan juis om hierdie dreigende oordeel af te weer.

> "Julle slange, wie het julle wysgemaak dat julle die dreigende oordeel kan ontvlug? Dra liewers die vrugte wat bewys dat julle bekeer is" (Luk. 3:8).

Jesus roep ook die mense op tot bekering, en verwys ook na Jesaja, maar in teenstelling met Johannes, is dit 'n vreugdeboodskap oor die bevryding van die gevangenes, die herstel van die blindes se gesig, die vryheid van die onderdruktes en die genadejaar van die Here (Luk. 4:18, 19). Waar Johannes se bekeringsoproep geklee is in donker terme, is Jesus se oproep geklee in die lig. Volgens Matteus haal Jesus aan uit Jesaja 8:23 ev:

> "Die volk wat in duisternis woon, het 'n groot lig gesien; hulle wat in die skemerland van die dood lewe, vir hulle het die lig opgegaan" (Mat. 4:16).

Paulus stel die saak onomwonde:

> "God is ryk in goedheid, verdraagsaamheid en geduld! Sê dit vir jou niks nie? Besef jy nie dat God jou deur sy goedheid tot bekering wil lei nie? Maar deur jou

volharding en jou onbekeerlike hart is jy besig om vir jouself straf op te gaar vir die oordeelsdag, wanneer God sy regverdige oordeel sal uitspreek" (Rom. 2:4,5).

Goppelt meen dat daar geen verskil is in die bekeringsoproepe van Jesus teenoor hetsy die bondelinge of die heidene nie. Albei moet hulle bekeer (1983 :136,137). Daar is egter 'n verskil in die wyse waarop dit gebeur:

> "Thus Jesus' offer of salvation also encompassed the righteous. This we find in the Beatitudes as well as in his personal involvement with individuals. But the path he offered them was none other than their joining the ranks of the 'sinners' - repentance - even if in a different form from the 'sinners'" (Ibid :139).

Die dupleuriese karakter van die verbond impliseer dat die (B)bondelinge wedersydse verantwoordelikheid teenoor mekaar het. In Jesus Christus word die verbond wel vernuwe. Hy onthef egter nie die mens daarvan om sy verantwoordelikheid na te kom nie.

> "Christus het wel al die eise van die verbond volbring, maar daardeur is die mens nie van sy verantwoordelikheid onthef nie. Die gelowige moet die volbragte werk van Christus nog gelowig aanvaar, en steeds gelowig bly aanvaar, om sodoende steeds volle deel te kry aan die heiliging. Voortdurend word dan ook in die verbondsprediking op die mens se verantwoordelikheidsbesef geappelleer, want alleen langs die weg van geloof en bekering word die weldade van die verbond toegeëien en

persoonlik verwerf. Opname in die verbond is nie identies met die besit van geloof en saligheid nie...die appèl van die verbond word dus na binne gerig: nie almal wat in die verbond is, is gelowiges of lewe as gelowiges nie" (Heyns 1978 :220).

Wat Heyns hier sê is geweldig belangrik. Hier word gepraat van verbondsmense. Nie almal wat bondelinge is, is gelowiges nie. Nie almal wat gedoop is, sal gered word nie. Die weldade word deur "geloof en bekering" persoonlik verwerf.

"Let daarop dat ons hier twee elemente met mekaar verbind: (a) Gods *selfverpligting*, sy *inisiatief*, sy *vrye liefde en genade* aan die een kant, en (b) sy wil dat die mens van sy kant af in *vryheid en dankbaarheid, in wederliefde* daarop moet reageer. Dit is wat ons bedoel as ons sê dat Gods verbond met sy volk tegelyk *monopleuries en dupleuries* is: dit gaan heeltemal van Hom uit en is die vrug van sy onverdiende guns, maar dit is terselfdertyd bestem om in die vorm van 'n wedersydse persoonsverhouding te bestaan waarin die mens deur *bekering en geloof* in vryheid met God wandel" (Jonker 1991 :1).

"Die Bybel waarsku teen die vreeslike werklikheid van veragting van Gods genade wat, gegewe die verbondsbeloftes, tog eintlik 'n onmoontlikheid moes gewees het. Seker, ons weet dat dit alles nie buite Gods raad omgaan nie. Die soewereine genade van God hef nie die mens se verantwoordelikheid op of skakel die erns van sy

geloofskeuse uit nie, maar omvat dit. God roep deur sy belofte 'n keuse by die mens op wat op geen manier sy sedelike karakter ophef nie, maar wat tog op 'n volmaakte wyse gesinkroniseer is met, en geïntergreer is in Gods raad. (A.C.de Jong: 1954, 106)" (Jonker 1988 :185).

Die vraag kom nou hier ter sprake of die kind van God seker kan wees dat hy nooit verlore sal gaan nie. Anders gestel: is dit waar dat as 'n mens eenmaal 'n kind van God is, hy dit altyd sal wees. Dit kan uit die feit dat die verbond nie onverbreekbaar is nie, blyk dat hierdie stelling nie so eenvoudig is nie. Daarom wil ek probeer aantoon dat die stelling: "eenmaal kind van God, altyd kind van God" slegs gekwalifiseerd korrek is.

Berkouwer stel ook hierdie vraagstuk (of 'n Christen verlore kan gaan) aan die orde:

> "Wordt hier en in viele andere soortgelijke woorden niet een *spanning*, men zou kunne zeggen: een *existentiële* spanning merkbaar, die moeilijk in overeenstemming te brengen is met de belijdenis van de volharding? Is er niet een element van *risico*, van onophefbare spanning, van ònzekerheid des geloofs?" (1949 :8).

Ek dink dat beide die verbondsteoloë en die bekeringsteoloë dit sal onderskryf dat 'n mens eenmaal vir altyd 'n kind van God is. Hulle kom net op verskillende maniere daarby uit. Die verbondsteoloë meen dat die mens van sy saligheid seker kan wees omdat die Here sonder enige menslike bydrae die verbond van krag

maak en hou. Dààrom is dit selfs onmoontlik vir 'n verbondskind om nié gered te word nie, wat staan nog om weer verlore te gaan. Die bekeringsteoloë meen egter dat die mens sy versekering vind in die feit dat hy na sy bekering gered is, en niks kan die bekering en redding ongedaan maak nie.

Daarenteen skryf Heyns:

> "Daarom sal die gelowige ook gewillig moet wees - gewillig gemaak moet word - om tot die stryd toe te tree. Die wedloop wat voorlê sal met volharding geloop moet word (Hebr. 12:1), en daarvoor sal alles wat agter lê vergeet moet word, en saam met Paulus sal ons moet sê 'ek strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus' (Fil. 3:14). Daarvoor sal ons deur die Gees moet wandel en die begeerlikhede van die vlees nie mag volbring nie (Gal. 5:16), want wie dit wél doen sal die koninkryk van God nie beërwe nie (Gal. 5:21). Jesus self het gesê: 'alleen wie tot die einde toe volhard, sal gered word' (Mat. 24:13), en dit is konkreet 'n volharding in goeie werke (Rom. 2:7)" (1978 :327).

Mc Arthur meen dat die moderne prediking in vele kerke vir mense 'n valse gerusstelling bied. Aan die mense word gesê dat hulle hulle moet bekeer, sonder dat die eis tot gehoorsaamheid verduidelik word. Hiersonder, meen hy, beteken die bekeringsgebeure nie veel nie:

> "The gospel in vogue today holds forth a false hope to

> sinners. It promises them they can have eternal life yet continue to live in rebellion against God. Indeed, it *encourages* people to claim Jesus as Savior yet defer until later the commitment to obey Him as Lord. It promises salvation from hell but not necessarily freedom from iniquity. It offers false security to people who revel in the sins of the flesh and spurn the way of holiness. By seperating faith from faithfulness, it leaves the impression that intellectual assent is as valid as wholehearted obedience to the truth" (1988 :15, 16).

Wanneer 'n mens teksgedeeltes soos Mat 24:13 en Heb. 6:4-8 in aanmerking neem, lyk dit asof die moontlikheid dat 'n bekeerde mens wel verlore kan gaan 'n werklikheid kan word.

Mat. 24:13.

"Maar wie tot die einde volhard, sal gered word".

In hierdie profetiese rede van Jesus, wat handel oor die rampe en vervolging, sê Jesus dat sommige mense van die geloof afvallig sal word (v. 10), party sal mislei word deur valse profete (v. 11), ander sal die wet van God minag (v. 12), en ander se liefde sal verkoel (vs 12). In teenstelling met hierdie afvallige mense sal diegene wat volhard in die geloof gered word (v. 13). Die moontlikheid bestaan dus dat daar gelowiges kan wees wat weens misleiding of vervolging sal ophou om in die geloof te lewe, en nie gered sal word nie.

Hebr. 6: 4-8. Alhoewel dit moontlik is om hierdie gedeelte te verklaar as sou die mense van wie hier gepraat word, nooit

werklik gelowiges was nie (hulle het slegs die lig gesien, hulle is deur die Gees bemoedig om te glo, hulle het 'n kennis van die Woord van God ontvang, en hulle het gesien hoe God werk), is daar 'n enkele woordjie wat 'n probleem veroorsaak: die woordjie "weer" (Grieks: palin). Dit impliseer dat die mense wel tot bekering gekom het, maar hulle het van die geloof afvallig geword. Nou kàn hulle nie weer tot bekering kom nie, en kan hulle nie gered word nie. Theron meen dat die komma in 6:6 twee plekke teruggskuif moet word. Dan lui die gedeelte:

> "Want dit is onmoontlik om, met die oog op boetedoening, die Seun van God weer te kruisig, dit wil sê openlik tot skande te maak om die saak weer reg te stel..." (1983 :36).

In hierdie voorstel word die onmoontlikheid verskuif vanaf die bekering na die herkruising van Jesus. Tog stuit hierdie voorstel teen tekste soos 10:26-31 en 12:17 (V.d. Watt J.G 1983 :2).

Berkouwer maak erns met hierdie Skrifgedeelte. Hy toon aan hoe dit in die vroeë kerk (veral by Tertullianus) gelei het tot die uitsluiting uit die kerk van sekere sondaars (1949 :105-109).

Luther het self so ver gegaan as om op grond van hierdie sg "harde uitsprake" in Hebreërs, die boek uit die kanon te laat (Theron 1983:34).

Uit bogenoemde gedeeltes lyk dit asof 'n mens nie volle sekerheid kan hê van jou redding nie. Hierteenoor vind ons teksgedeeltes

soos I Kor. 1:8:

"Dit is Hy wat julle ook end-uit sal laat vas staan, sodat daar geen aanklag teen julle sal wees op die dag dat ons Here Jesus Christus kom nie".

Pop meen dat die Christene reeds rein voor God verklaar is, en daarom is hulle volharding geborge in die trou van God en nie in die prestasie van die mens nie. Daarom sal God nie toelaat dat hulle niè volhard nie (1978 :18).

In Fil. 1:6 vind ons grotendeels dieselfde boodskap. God het die "goeie werk" in hulle begin, en Hy sal dit tot die weerkoms volvoer.

Hierdie probleem is uiteraard dwarsdeur die geskiedenis van die kerk by vele geleenhede aan die orde gestel. Daarom is dit ook vanuit verskeie oogpunte benader. Afhangende van 'n teoloog se hermeneutiese sleutel, kan hy die oplossing vind in die uitverkiesingsleer, die genade van God, gehoorsaamheid ens. Omdat ons in hierdie studie egter met die verbond as uitgangspunt werk, is dit voor die hand liggend dat ons ook hierdie vraagstuk vanuit die verbond moet probeer beantwoord. Ek aanvaar ook dat ek slegs 'n oplossing kan voorstel, en dat dit nie noodwendig 'n uitgemaakte saak is nie.

Ek meen dat die oplossing vir hierdie probleem (uiteraard vanuit verbondsperspektief) geleë is in twee sake:

1. Die sg "onmoontlike moontlikheid" en,
2. Die monopleuriese oorsprong en die dupleuriese karakter van

die verbond.

1. Die "moontlike" van die "onmoontlike moontlikheid" bestaan daarin dat daar 'n teoretiese moontlikheid aanvaar moet word dat 'n mens verlore kan gaan as hy hom so ver van God verwyder dat hy alle bande met God en die verbond verbreek. Dit gaan saam met 'n bewustelike verwerping van Jesus as Verlosser. Net soos geloof en bekering 'n bewustelike aanneming van die weldade van Christus is, om sodoende die mens se kant van die verbondsvoorwaardes na te kom, sò is hierdie afvalligheid 'n bewuste verwerping daarvan.

Die "onmoontlike" is geleë in die trou van die Here. Omdat dit 'n gewilde, doelbewuste en daadwerklike verwerping van Christus moet wees, hoef dit nie vir die Christen 'n voortdurende verskrikking in te hou nie. Hy hoef nie heeltyd bekommerd te wees dat hy dalk uit die verbond geval het nie, en daarom nie gered sal word nie.

Omdat 'n gelowige hom op God se genade verlaat het, meen ek ook dat God deur sy Gees die mens grootliks hiervan sal weerhou.

> "Dàt die gelowige sy kant van die ooreenkoms sal kàn nakom, danksy die voortgaande arbeid van die Gees wat in hom woon en werk, is die heerlike eskatologiese uitsig wat die gelowige troos gee en hom bemoediging, hoop en krag gee om te kan vooruitgaan" (Heyns 1978 :327).

Hierdie is ook die gevolgtrekking van Berkouwer. Hy aanvaar die

"onmoontlike moontlikheid" (1949 :107), maar meen dat die bondeling wat deur sy bekering hom op die genade van die Here verlaat, nie toegelaat word om verlore te gaan nie. Uiteindelik sê hy die volhardende mens staan verwonderd oor die genade en trou van die Here (Ibid.:210).

2. Uit die verbond is dit duidelik dat juis die monopleuriese karakter van die verbond bepaal dat God die verbond in stand hou met die Christen. Daarom sal hy nie toelaat dat die teoretiese "moontlikheid" 'n praktiese werklikheid word nie. Ek glo ook dat dit nie in stryd is met dit wat die Dordtse Leerreëls oor die volharding van die heiliges sê nie. DL 5, 6 sê juis dat die Christene nie sò ver kan afdwaal dat hulle uit die genade van God val nie. Die rede daarvoor is die barmhartigheid van God, en die uitverkiesing. Daarom bly hulle regverdig, selfs in 'n toestand van erge sonde.

In DL 5, 8 vind ons egter dat die "onmoontlike moontlike" van Berkouwer geimpliseer word:

> "As dit van hulle afgehang het, kon dit nie alleen maklik gebeur het nie, maar sou dit ook ongetwyfeld gebeur het".

Indien 'n mens dus nie deur God hiervan bewaar word nie, sou bg. aanhaling kon impliseer dat 'n mens wat na sy bekering vir Christus verwerp, uit die verbond kon val, en dus nie meer regverdig sou wees nie.

Kortliks kan ons dus sê dat die teoretiese moontlikheid bestaan dat 'n verbondsmens, wat deur erge sondes afdwaal, en enduit

daarin volhard, sonder om hom weer tot Christus te bekeer, die gevaar loop om uit die verbond uitgesny te word. Omdat hy egter die verbondsbeloftes deur geloof persoonlik toege-eien het, weerhou die Here hom as sy eiendom daarvan.

Wat dan van mense wat wel die verbondsbeloftes persoonlik toege-eien het, maar deur hulle leer en wandel toon dat hulle die Here verloën? Die antwoord lê op een van twee vlakke: a) hulle het nooit werklik tot geloof gekom nie (DL 5B, 7), of b) hulle het slegs tydelik (soos die verlore seun) die pad byster geraak, en God sal hulle tot inkeer bring (DL 5,7).

### 5.4.5 Konklusie.

In die eerste hoofstuk het ons tot die gevolgtrekking gekom dat daar 'n wesenlike teologiese probleem in die NG Kerk is. Hierdie probleem is die botsende sieninge aangaande die verlossingsgebeure: hoe en wanneer word die mens gered? Die probleem konsentreer op die aandeel van die mens in die verlossingsgebeure: het die mens 'n aandeel in sy verlossing, of anders gestel: het die mens 'n verantwoordelikheid t.o.v. die verlossing?

Aan die een kant van die teologiese spektrum is daar die verbondsteologie wat die verlossing totaal los maak van die mens se verantwoordelikheid. Aan die ander kant is daar die bekeringsteologie wat op arminiaanse wyse die bekering van die mens afhanklik maak.

As oplossing het ons aan die hand gedoen dat 'n mens die balans tussen God se werk en die mens se verantwoordelikheid in die verbond gaan soek. Dit blyk 'n werkbare vertrekpunt te wees, aangesien die verbond nie net in die Ou en Nuwe Testament voorkom nie, maar ook deur die geskiedenis van die kerk, veral vanaf die hervorming tot en met die hede.

Die verbond is in sy oorsprong monopleuries maar in sy werking dupleuries van aard. Hiermee gaan ook die begrippe infralapsarisme en supralapsarisme gepaard. In wese beteken dit dat <u>God</u> die verbond instel, maar dat dit nie net 'n eensydige belofte is nie. Die mens het inderdaad 'n verantwoordelikheid. Hierdie verantwoordelikheid is die toe-eiening van die verbondsbeloftes.

Dit is vir my duidelik dat die Ou Testament sowel as die Nuwe Testament veronderstel dat die bondeling wat nie die verbondseise nakom nie, uiteindelik uit die verbond uitgesny kan word. Die mens kan dus slegs in die weldade van Christus deel as hy hom bekeer. Dit is ook waar dat die Bybel nie 'n duidelike onderskeid maak tussen eerste en voortgaande bekering binne die verbond nie. Partymaal kan 'n mens wel die een of die ander een veronderstel. Op die ou end maak dit egter nie saak nie; daardie mense wat nie in die verbond lewe en hulle bekeer nie, word mettertyd uit die verbond uitgesny. Daardie bondelinge wat egter in die verbond lewe en hulle voortdurend tot Christus wend, het volle aanspraak op die beloftes van die verbond. Die verbondsbeloftes geld dus uiteindelik slegs vir daardie mense wat dit bewustelik hulle eie maak.

> "Die verbondsperspektief in verband met geloof en bekering beteken dat ons as gelowige ouers wat ons kinders ten doop gebring het, hulle van kleins af moet opvoed in die kennis en die vrees van die Here. Dit moet die voorreg en eer van 'n ouer wees om self sy kindertjies tot geloof in Jesus te lei. Hulle is reeds naby. In die doop is dit reeds aan hulle beseël dat God hulle van al hulle sonde reinig en hulle tot sy kinders en erfgename aanneem. Hulle is reeds omvat deur die genade. Hulle moet dit net leer sien en hulleself daaraan oorgee. Daar moet by hulle 'n moment van bewuste aanvaarding van die heil wees. Die hulp wat die kerk aan die ouers lewer, is dat die kerk self deur sy werk by die kinders die noodsaaklikheid van 'n egte persoonlike bekering moet inskerp en die kind daarin moet opbou" (Jonker 1991 :7).

Ook by Calvyn kry ons hierdie perspektief:

> " I trust I have now sufficiently shown how man's only resource for escaping from the curse of the law, and recovering salvation, lies in faith; and also what the nature of faith is, what the benefits which it confers, and the fruits which it produces. The whole may be thus summed up: Christ given to us by the kindness of God is apprehended and possessed by faith" (Inst. 3, XI,1).

Vir daardie verbondsmense egter, wat nie die verbondseise nakom nie, is dit nodig om hulle te bekeer om te voldoen aan die eise van die verbond, om in die verbond en die verlossing in Christus

te deel.

In hoofstuk 4 het ons bepaal dat die mens 'n verantwoordelikheid het as bondeling. Die dupleuriese karakter van die verbond appelleer op die mens se verantwoordelikheid om hom te bekeer. Wie nie sy verantwoordelikheid nakom nie, kan nie op die verbondsbeloftes aanspraak maak nie.

Slot.

Alles in ag genome, kan 'n mens nie anders as om in totale verwondering terug te staan en die heerlikheid van die genade van God te aanskou nie. Want die verbond is genade. En die bemoeienis van God met die mens is genade. Selfs die bekering is uit genade. Daarom kan ons inderdaad saam met die hervorming bely:

Sola gratia

Sola fide

Sola Scriptura

Solus Christus

Soli Deo gloria.

Eindnotas:

1. Bekeringsteoloë soos Murray en Marais ontken nie die waarde van die verbond nie. Tog lê hulle geweldig klem op die eerste bekering. Dit sluit elemente soos sondebelydenis, berou, aanneem van Christus ens. in. Op die ou end maak hulle nie wesenlik verskil tussen die bekering van heidene of verbondsmense nie.

2. Eerste bekering in heidense konteks kom selde in die Ou Testament voor. Die twee bekendste gedeeltes is die oproep tot bekering van die stad Nineve en tot Egipte in Jes. 19.

3. Ek het met W.S. Vosloo hieroor in geprek getree. Wat genoem is, is sy mening.

4. Calvyn meen dat hierdie bekering die hele mens omvat, en dat die hele mens hom van die afgode moet bekeer na God toe:

> " Keert uwe aangezichten af van uwe gruwelen. Er is synecdoche (als een deel wordt genomen voor het geheel) in de woorden van den profeet. Het aangezicht beteekent hier alle gedachten, den geheelen mensch. Omdat ze als 't ware vasgehecht waren aan hunne drekgoden moesten ze het aangezicht afkeeren, dat is: ze vaarwel zeggen" (1973 :372).

5. Calvyn maak hier vir ons 'n baie belangrike stelling: wie hom waaragtig bekeer, d.w.s. wie hom in sy hele wese bekeer en berou het oor sy sondes, gaan oor uit die dood na die lewe. Die belangrikheid is daarin geleë dat die Here die ewige lewe slegs aan diegene skenk wat hulle waarlik bekeer. 'n Mens het dus nie sonder meer deel aan die ewige lewe nie, selfs al is jy in die verbond.

6. Wolff vat die boodskap van Hosea sò saam:

> "The book's theme is stated unequivocally by the fourfold 'to love' in v1. This underscores Yahwe's love as a model for Hosea's love; it stands in contrast to the fickle lovers for whom His love remains true. Its overpowering strength first becomes recognizable as it is reflected in the prophet's symbolic action...Now, however, the love which represents Yahwe's love is to bring home an adultress who had legally come into another's possesion! God does what is impossible according tot the law. A Pauline concept becomes visible here. Jeremiah was the first after Hosea to thoroughly reflect upon this problem, and then Ezekiel (1974 :63).

Hierdie siening strook nie met dié van Vosloo nie. Vosloo meen dat die verbond onherroepelik deur die Israeliete verbreek is. Ek stem hiermee saam.

7. Vosloo in gesprek.

8. Die verskil tussen Ou- en Nuwe Testamentiese bekering hang dikwels af van die perspektiewe uit die konteks.

> "Die wyse waarop bekering in die Bybel gebruik word, open meer perspektiewe as waarvan ons gewoonlik bewus is. In die Ou Testament word bekering byna uitsluitlik vir die volk van God gebruik, en baie selde vir die heidene. Een van die min uitsonderings is die Nineviete wat hulle op Jona se prediking bekeer (Jona 3:8, 10). Normaalweg is dit egter die volk van die Here wat tot bekering geroep word. Hulle word oor bepaalde sondes aangespreek (soos afgodediens of sosiale onreg of vertroue op die hulp van die heidense bondgenote) en die oproep tot bekering beteken dan dat hulle met hierdie sondes moet ophou. Bekering beteken in hierdie verband nie om in God te glo nie, maar eerder om die implikasies van jou geloof in God te aanvaar: om net op Hom te vertrou, net Hom te gehoorsaam, en daarom nie ander gode te dien of dinge te doen wat teen sy wil is nie. Bekering beteken in hierdie sin dus eerder die oproep aan die gelowiges om reg te lewe, as wat dit 'n oproep aan ongelowiges is om tot geloof te kom. Dit is 'n oproep aan gelowiges om hulle van bepaalde sondes te bekeer" (König 1983 :155).

9. Ek het met beide Ds. J Odendaal van die Afrikaanse Baptiste Kerk en Past. R Maree van Die AGS hieroor in gesprek getree, en hulle aanvaar dat die belofte die belofte van redding is. Daarom aanvaar hulle dat die doop 'n teken van die bekering en nie van die verbond is nie.

10. Dit is interesant hoedat die Afrikaanse Bybelvertalings hierdie vers vertaal: "Ons smeek julle namens Christus: Aanvaar die versoening met God wat Hy bewerk het! (1983-uitgawe). Die Proefvertaling (1979) het dit sò vertaal: "Ons smeek julle namens Christus: Versoen julle met God!". 1954: "Ons bid julle om Christus wil: Laat julle met God versoen". Ek glo dat die 1979-vertaling en die 1954-vertaling die oorpronklike korrek weergee. 'n Mens sou ook die 1983-vertaling kon interpreteer asof 'n mens die versoening met God jou eie moet maak. Indien die bedoeling egter sou wees om te aanvaar dat jy met God versoen *is*, en jy die feit moet aanvaar, gee dit nie die Grieks korrek weer nie. Die bekende King James-vertaling gee dit soos volg weer: "we pray you in Christ's stead, be ye reconciled to God". Die New International Version: "We implore you on Christ's behalf: Be reconciled to God". Hierdie twee Engelse vertalings is ook in wese dieselfde as dit wat m.i. korrek is.

11. V.d. Watt in gesprek.

# Bibliografie.

Aalders, G.C.H. 1939. *Het Verbond Gods.* Kampen: Kok

Algemene Sinode van die NG Kerk. 1988. *Handboek by die Erediens.* Bloemfontein

Andersson, B.J.K. 1979. *'n Kritiese ontleding van die soteriologiese teologie van Andrew Murray.* (DTh. Proefskrif. UNISA).

Barnard, A.C. 1989. *Begeleiding van verbondskinders tot belydenis van geloof.* Pretoria. (Referaat SEVTO)

Barrett, C.K. 1962. *The Epistle to the Romans.* London: A&C Black.

Barth, K. 1960. *Church Dogmatics: The Doctrine of Creation.* Volume 3, IV. Edinburgh: T&T Clark.

Barth, K. 1962. *Church Dogmatics: The Doctrine of reconciliation.* Volume 4, III, 2. Edinburgh: T&T Clark.

Barth, K. 1963. *Evangelical Theology. An Introduction.* Grand Rapids: Eerdmans.

Barth, K. 1972. *Protestant Theology in the Nineteenth Century. It's Background & History.* London: SCM

Battles, F.L. 1980. *Analysis of the Institutes of the Christain Religion of John Calvin.* Grand Rapids: Baker Book House.

Bauer. Arndt. Gingrich. 1952. *Lexicon* Grand Rapids: Zondervan.

Bavinck, H. 1956. *Our Reasonable Faith.* Grand Rapids: Eerdmans.

Bavinck, H. Sonder Jaar. *De Zekerheid des Geloofs.* Kampen: Kok.

Bavinck, J. 1914. *De Heidelbergsche Catechismus in 60 leerreden verklaard.* Kampen: Kok.

Beasley-Murray, G.R. 1962. *Baptism in the New Testament.* Grand Rapids: Eerdmans.

Beasley-Murray, G.R. 1981. *The Book of Revelation.* Grand Rapids: Eerdmans.

Berkhof, H. 1985. *Christelijk Geloof.* Nijkerk: Callenbach.

Berkhof, H. 1974. *Weerwoord.* Nijkerk: Callenbach.

Berkhof, L. 1959. *Systematic Theology.* London: The Banner Of Truth Trust.

Berkouwer, G.C. 1949 *Dogmatische Studiën - Geloof en volharding.* Kampen: Kok.

Berkouwer, G.C. 1955. *Dogmatische Studiën - De Verkiezing Gods*. Kampen: Kok.

Berkouwer, G.C. 1975. *Dogmatische Studiën - Geloof en Rechtvaardiging*. Kampen: Kok.

Beveridge, H. 1962. *Institutes of The Christian Religion*. London: James Clarke.

Blaauw, H.M.J.P. 1986. *Verbond en Doop - Die betekenis van die Abrahamsverbond vir die Gereformeerde Doopbeskouing*. (DTh. Proefskrif UNISA).

Bright, B. 1970. *Come help change the world*. New Jersey: Fleming H. Revel.

Bright, J. 1977. *Covenant and promise*. London: Westminister.

Brunner, E. 1937. *The Philosophy of Religion from the standpoint of Protestant Theology*. London: James Clarke .

Calvyn, J. 1936. *Institutie* Verkort weergegeven door B. Wielenga. Kampen: Kok.

Calvyn, J. 1973. *De Profetien van Ezechiel*. Vertaal deur J.Lugtigheid. Goudriaan: De Groot.

Cate, R.L. 1982. *Old Testament Roots for New Testament Faith.* Nashville: Broadman Press.

Clements, R.E. 1980. *Isiah.* Grand Rapids: Eerdmans.

Craigie, P.C. 1983. *Ezekiel.* Philadelphia: Westminister Press.

Cranfield, C.E.B. 1979. *The Epsitle to the Romans.* Edinburgh: T&T Clark.

Cullmann, O. 1961. *Baptism in the New Testament.* London: SCM

Custance, A.C. 1979. *The Sovereignty of Grace.* New Jersey: P&R Publishing.

De Greef, W. 1984. *Calvijn en het Oude Testament.* Groningen: Ton Bolland.

De Groot, K. 1955. *Kohlbrugge en Kuyper.* Baarn: Bosch en Keuning

De Klerk, J.J. 1991. *Die Geheiligde lewe.* Transvaal: NGKB.

De Vos, W.H. 1991. *Die kulties-appelerende dimensie van die verbond in Hebreërs.* (BD- Skripsie U.P.).

De Weerdt N.L. 1991. *Understanding Ursinus and Olevianus.* Philadelphia: John Campbell Press.

Delitzsch F. 1969. *Commentary on the Old Testament in ten volumes. Volume VII Isaiah.* Grand Rapids: Eerdmans.

Dumbrell, W.J. 1985. *Covenant and Creation.* Leicester: Baker Book House.

Dumbrell, W.J. 1989. *The Faith of Israel.* Leicester: Baker Book House.

Eichrodt, W. 1961. *Theology of the Old Testament. Vol I.* Vertaal deur JA Baker. London: SCM.

Eichrodt, W. 1969. *Theology of the Old Testament. Vol.II.* Vertaal deur JA Baker. London: SCM.

Forde, G.O. 1982. *Justification by faith - a matter of death and life.* Philadelphia: Fortress Press.

Fuhrmann, P.T. 1949. *Instruction in Faith (1537) John Calvin.* London: Lutterworth.

Goppelt, L. 1983. *Theology of the New Testament Vol. II.* Göttingen: Vandenhoek & Ruprecht.

Graafland, C. 1987. *Van Calvijn Tot Barth - Oorsprong en ontwikkeling van de leer der verkiezing in het Gereformeerd Protestantisme.* Gravenhage: Uitgeverij Boekencentrum B.V.

Guthrie, D. 1983. *De brief aan de Hebreeëren en de brief van Jakobus*. Kampen: Kok.

Hanson, P.D. 1987. *Old Testament Apocaliptic*. Nashville: Abingdon.

Harrington, W.J. 1966. *Record of the Promise. The Old Testament*. Dublin: Helicon.

Heinisch, P. 1952. *Theology of the Old Testament*. Minnesota: Liturgical Press.

Hendricks, W.L. 1980. *A Theology of children*. Nashville: Broadman.

Hendriksen, W. 1954. *John*. Pennsylvania: The Banner Of Truth.

Heyns, J.A. 1976. *Brug tussen God en mens*. Pretoria: NGKB.

Heyns, J.A. 1978. *Dogmatiek*. Transvaal: NGKB.

Heyns, J.A. 1989. *Wedergeboorte en bekering in verbondsperspektief*. Referaat SEVTO

Heyns, J.A. S.j. *Die appèl tot bekering in verbondsperspektief*. Pretoria: Referaat gelewer.

Heyns, J.A. 1972. *Lewende Christendom. 'n Teologie van gehoorsaamheid*. Elsiesrivier: Tafelberg Uitgewers.

Heyst, D. 1913. *Herman Friedrich Kohlbrugge (1803-1875): zijn leven, zijn prediking*. Franeker: T Wever.

Hoeksema, H. 1971. *The Triple Knowledge: an Exposition of the Heidelberg Catechism. Volume I*. Grand Rapids: Reformed Free Publishing.

Hoeksema, H. 1972. *The Triple Knowledge: an Exposition of the Heidelberg Catechism. Volume III*. Grand Rapids: Reformed Free Publishing.

Human, F.P. 1988. *'n Teologiese eksegetiese studie van die begrip verbond in die boek Hebreërs*. (BD-skripsie UP).

Ironside, H.A. 1937. *Except Ye Repent*. Grand Rapids: Zondervan.

Janson, M. 1970. *Sodat julle kan weet*. Kaapstad: NG Kerk uitgewers.

Jensen, J. 1982. *God's Word to Israel*. Wilmington: Michael Glazier.

Jeremias, J. 1966. *The Eucharistic Words of Jesus*. London: SCM.

Jeremias, J. 1971. *New Testament Theology*. London: SCM.

Jonker, W.D. 1989. *Uit vrye guns alleen*. Transvaal: NGKB.

Jonker, W.D. 1991. *Geloof en bekering in verbondsperspektief.* (Broederlike onderhoud, Sinode Suid-Tvl.)

Kaylor, R.D. 1988. *Paul's Covenant Community. Jew and Gentile in Romans*. Atlanta: John Knox Press.

Kerr, H.T. 1983. *Conversions: The Christian Experience.* Grand Rapids: Eerdmans.

Kierkegaard, S. 1956. *Purity of Heart is to will One Thing: Spiritual Preparation for the Office of Confession*. New York: Harper & Row.

Kohlbrugge, H.F. 1988 *Waartoe het Oude Testament?* Kampen: De Groot.

Kohlbrugge, H.F. 1873 *Handelinge der Apostelen*. Frankener: T.Wever.

Kohlbrugge, H.F. 1840 *Het zevende kapitel van der brief van Paulus aan de Romeinen*. Amsterdam: J.Ruysendaal.

Kohlbrugge, H.F. Sonder Jaar. *De eenvoudige heidelberger - Catechismuspreken*. Franeker: T. Wever.

König, A. 1980. *Jesus Die Laaste*. Pretoria: NGKB.

König, A. 1986. *Die Doop as Kinderdoop en Grootdoop.* Pretoria: NGKB.

König, A. 1983. *Heil en Heilsweg.* Pretoria: NGKB.

Kriel, P.J. 1991. *Ringsbroederkring: Ring van Louis Trichardt Nov. 1991.* (Voorlegging van standpunt.)

Kruger, J.C. 1980. *Kerkvereniging in die lig van Uitverkiesing en bekering.* Pretoria: NGKB.

Kruger, J.C. 1981. *Die verhouding van Uitverkiesing tot Bekering met spesiale verwysing na die Dordtse Leerreëls.* Pretoria: NGKB.

Kung, H. 1957. *Justification.* London: Burns & Oates.

Le Roux, P.J. 1991. *Verbond en Gemeente - die betekenis van Verbond vir Kerk en Kosmos.* (DTh. Proefskrif UNISA).

Lohfink, N. 1966. *De actualiteit van het Oude Testament.* Antwerpen: Paul Brand.

Lohfink, N. 1991. *The Covenant never revoked.* New Jersey: Paulist Press.

Lovelace, R.F. 1979. *The American Pietism Of Cotton Mather - Origins of American Evangelism.* Grand Rapids: Eerdmans.

Lull, T.F. 1989. *Martin Luther's Basic Theological Writings.* Minneapolis: Fortress Press.

Marais, P.W. 1978. *Moet elkeen 'n datum hê?* Pretoria: NGKB.

Marais, P.W. Sonder Jaar.(2) *Hy wat siele win is wys.* Pretoria: Hartuitgewers.

Marais, P.W. Sonder Jaar. (1) Pretoria: NGKB.

Mc. Arthur, J. 1988. *The Gospel According To Jesus.* Grand Rapids: Eerdmans.

Mc. Arthur, J. 1991. *Our Sufficiency in Christ.* Foreshore: Struik Christian Books.

Mc.Kim, D.K. 1984. *Readings in Calvin's Theology.* Grand Rapids: Baker Book House.

Murray, A. 1965. *Die volle Pinksterseën.* Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

Murray, A. 1944. *Versamelde Werke Deel VII.* Bloemfontein: ACSV.

Murray, A. 1898. *The two Covenants and the Second Blessing.* London: James Nisbet.

Nicol, W. 1987. *Wedergeboorte en bekering in die Nuwe Testament.* (Kursus :SEVTO)

Niesel, W. 1980. *The Theology of Calvin.* Grand Rapids: Baker Book House.

Noordmans, O. 1939. *Geestelijke Perspectieven.* Amsterdam: H.J.Paris.

Noordmans, O. 1956. *Gestalte en Geest.* Amsterdam: Holland Uitgeversmaatschappij.

Noordmans, O. 1934. *Herschepping.* Nederlandsche Christen-Studenten-Vereeniging.

Noordmans, O. 1949. *Het Koninkrijk der Hemelen.* Nijkerk: Callenbach.

Nürnberger, K. 1975. *Sistematiese Teologie.* S.W.A.: Verenigde Lutherse Seminarie.

Op 't Hof, W.J. 1987. *Engelse Piëtstische geschriften in het Nederlands, 1598 - 1622.* Rotterdam: Lindenberg Boeken en Muziek.

Osterhaven, M.E. 1982. *The faith of the Church - a reformed perspective on its historical development.* Grand Rapids: Eerdmans.

Packer, J.I. 1959. *Introductory essay*. Pennsylvania: Banner Of Truth Trust.

Payne, J.B. 1962. *The Theology of the Older Testament*. Grand Rapids: Zondervan.

Pop, F.J. 1976. *Commentary on II Corinthians*. Pennsylvania: Banner Of Truth Trust.

Pop, F.J. 1978. *De eerste brief van Paulus aan de Corinthiers*. Nijkerk: Callenbach .

Radio Kansel. 1991. Amptelike brosjure. Pretoria.

Rahner, K. 1984. *The Practice of Faith*. New York: Crossroads.

Raitt, T.M. 1977. *A Theology of Exile*. Philadelphia: Fortress Press.

Rust, E.C. 1972. *Covenant and Hope: a study in the theology of the prophets*. Waco: Word Inc.

Smith, T.L. 1986. *Whitefield & Wesley on the New Birth*. Grand Rapids: Francis Ashbury.

Steele, D.N. 1963 *The five points of Calvinism*. Phillipsburg: Presbyterian & Reformed Publishing Co.

Strauss, S.A. 1986. *Alles of niks K Schilder oor die verbond.* Bloemfontein: Patmos.

Swete, H.B. 1977. *Commentary on Revelation.* Grand Rapids: Kregel.

Tattford, F.A. 1977. *Dead Bones Live, An Exposition of Ezekiel's Prophesy*. East Sussex: Prophetic Witness Publishing.

Theron, P.F. 1983. *Vreemde Geregtigheid. Oor die regverdiging uit genade alleen*. Bloemfontein: NG Kerk Uitgewers.

Theron, P.F. 1983. *Onbegrensde genade.* Kaapstad: NG Kerk Uitgewers.

Unterman, J. 1987. *From Repentance to Redemption. Jeremiah's Thought in Transition*. Sheffield: Journal for the Study of the Old Testament.

V.D. Watt, J.G. 1989. *Wedergeboorte en bekering in verbondsperspektief*. Referaat SEVTO.

V.D. Watt, J.G. 1983. *Die boodskap van Hebreërs.* Klasaantekeninge UP.

V.D. Watt, P.B. 1980. *Die Ned. Geref Kerk 1824-1905.* Pretoria: NGKB.

Van Genderen, J. 1983. *Verbond en Verkiezing.* Kampen: Kok.

Van Niekerk, D.L. 1991. *Geloof as Cognitio en Fiducia by Calvyn en die Na-Reformatoriese ontwikkeling.* Stellenbosch. (DTh. Proefskrif).

Van Rensburg, F.J. 1977. *Semantiek.* Potchefstroom: P.U. vir C.H.O.

Von Rad, G. 1965. *Old Testament Theology V.II.* Edinburgh: Oliver and Boyd.

Vosloo, W.S. 1993. (In gesprek, 13/08/1993) Pretoria.

Wesley, J. 1984. *Sermons.* Nashville: Abingdon Press.

Wielenga, B. 1934. *Johannes Calvijn's Institutie of onderwijzing in den Christelijken Godsdienst.* Kok. Kampen.

Wolff, H.W. 1965. *Hosea.* Philedelphia: Fortress Press.

Wright, N.T. 1991. *The Climax of the Covenant.* Edinburgh: T&T Clark.

Zwingli, H. 1984. *Writings: The Defense of the Reformed Faith. Volume 1.* Vertaal deur E.J. Furcha. Pennsylvania: Pickwick Publications.

Zwingli, H. 1984. *Writings: The Defense of the Reformed Faith. Volume 2*. Vertaal deur E.J. Furch. Pennsylvania: Pickwick Publications.

<u>Tydskrifte:</u>

Kerkbode : Verskeie jaaruitgawes.

N.G. Teologiese Tydskrif : 24 April 1983
4 Desember 1990

Swart Op Wit : 1985 tot Julie 1988

VDM : Junie 1992.